

**DIE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING
VAN JONG WERKENDE EGPARE**

deur

ANNA MARIA ELIZABETH SLABBERT

**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling
van die vereistes vir die graad**

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in die

**DEPARTEMENT SIELKUNDE
FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT
(Bloemfontein)**

**STUDIELEIER: DR. M.C. FOURIE
MEDE-STUDIELEIER: DR. S.M. NIEMANN**

NOVEMBER 1999

ERKENNING: STUDIELEIERS

Erkenning word hiermee gegee aan drs. Miemie Fourie en Rita Niemann vir hul gewaardeerde aandeel aan hierdie navorsing.

'n Entoesiastiese houding

- wat spreek van 'n verbintenis tot effektiewe studieleiding, maar ook van
- begrip, ondersteuning en buitengewone diensbereidheid is deurentyd openbaar.

'n Ryke bron van kennis,

- Dr Fourie oor egpare se funksionering en
- Dr Niemann oor kwalitatiewe navorsing is ruimskoots beskikbaar gestel.

Op besonder vaardige wyse

- is die navorsingsproses gerig,
- is voorgelegde pogings deeglik en sonder versuim ontleed
- het hulle onderling saamgewerk ten einde my verwarring te spaar,
- is rigtinggewende, stimulerende terugvoer gegee en
- is die finale fases uiters flink afgehandel!

Hulle het deurentyd my geloof in die projek en my toewyding tot die proses met hul houding, insette en hulp in stand gehou!

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

DEEL EEN INLEIDING

HOOFSTUK EEN		
ORIËNTERING TOT DIE NAVORSING	2	
1.1	AKTUALITEIT VAN DIE NAVORSING	2
1.2	OMSKRYWING VAN DIE KERNKONSEPTE	4
1.2.1	Affektiewe funksionering	4
1.2.1.1	Affek en gedrag	4
1.2.1.2	Affek en kennisie	5
1.2.1.3	Affek en die biologiese prosesse	5
1.2.1.4	Definisie van effektiewe funksionering	5
1.2.2	Jong werkende egpare	6
1.3	AARD VAN DIE NAVORSINGSPROSES	7
1.4	VOORGESTELDE MODEL VIR EGPAAR-FUNKSIONERING	8
1.5	HOOFSTUKINDELING	9

DEEL TWEE LITERATUUROORSIG

HOOFSTUK TWEE		
DIE ROL VAN JONG EGPAAR SE HUIDIGE SOSIALE KONTEKS IN HULLE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING		13
2.1	DIE ROL VAN TEGNOLOGIESE ONTWIKKELINGE IN JONG EGPAAR SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING	14
2.2	DIE ROL VAN DIE HEERSENDE SOSIO-KULTURELE PARADIGMAS IN JONG EGPAAR SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING	15
2.2.1	Ingesteldheid op werkswerrigting en taak-georiënteerdheid	15

	Bladsy
2.2.2 Oorbeklemtoning van individuele behoeftes	16
2.2.3 Verheerliking van seksuele bevrediging	16
2.2.4 Romantisering van die verhouding	17
2.3 DIE ROL VAN VROUE SE BEROEPSBETROKKENHEID IN JONG EGPARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING	17
2.3.1 Die omvang van en oorsake vir vroue se beroepsarbeid	18
2.3.2 Die negatiewe effek van vroue se beroepsarbeid	19
2.3.2.1 Oorbelading	19
2.3.2.2 Te min tyd	20
2.3.2.3 Rolkonflik	20
2.3.2.4 Stresoordrag van werk na gesin	21
2.3.2.5 Swakker fisieke en geestesgesondheid	21
2.3.2.6 Verhoudingsdilemmas	22
2.3.3 "Tussenkomende veranderlikes" wat die negatiewe effek van vroue se beroepsarbeid kan beïnvloed	22
2.3.3.1 Persoons- en gesinsverwante veranderlikes	23
2.3.3.2 Beroepsverwante veranderlikes	24
2.3.3.3 Biografiese veranderlikes	25
2.3.4 Die positiewe effek van vroue se beroepsarbeid	26
2.3.4.1 Positiewe effek vir vroue	27
2.3.4.2 Positiewe effek vir mans	27
2.3.4.3 Positiewe effek vir egpaarfunksionering	27
2.4 DIE ROL VAN OUERSKAP IN JONG EGPARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING	28
2.4.1 Die aard van ouerskap in die huidige sosiale konteks	28
2.4.1.1 'n Kleiner kindertal	28
2.4.1.2 Betekenis wat aan ouerskap geheg word	29
2.4.1.3 Klem op behoeftebevrediging en aangewesendheid op mekaar	29
2.4.2 Negatiewe effek van ouerskap	30
2.4.2.1 Negatiewe effek op man	30
2.4.2.2 Negatiewe effek op vroue	30
2.4.2.3 Negatiewe effek op egpaarfunksionering	31
2.4.3 "Tussenkomende veranderlikes" wat die effek van ouerskap kan beïnvloed	33
2.4.3.1 Verhoudingsverwante veranderlikes	33
2.4.3.2 Persoonsverwante veranderlikes	33
2.4.3.3 Kinderverwante veranderlikes	34
2.4.4 Die positiewe effek van ouerskap	34
2.4.4.1 Positiewe effek op mans en vroue	34
2.4.4.2 Positiewe effek op egpaarfunksionering	35

	Bladsy
2.5 DIE ROL VAN DIE EGALITÊRE HUWELIKSISTEEM IN JONG EGPARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING	36
2.5.1 Die aard van veranderinge in die gesinstruktuur	36
2.5.1.1 Uitgestelde huwelike en ouerskap	36
2.5.1.2 Kortstondigheid van huwelik	36
2.5.1.3 Gewysigde gesinsvorme	37
2.5.1.4 Emosionele aangewesenheid op mekaar	37
2.5.1.5 Nuwe rolverdeling	37
2.5.1 Omskrywing van 'n egalitêre huweliksisteem	38
2.5.3 Verwagtinge eie aan die egalitêre stelsel	38
2.5.3.1 Verwagtinge in terme van geslagsrolle	39
2.5.3.2 Verwagtinge van die verhouding	40
2.5.4 Effektiwiteit van die egalitêre stelsel	40
2.5.4.1 Aanvanklike probleme	40
2.5.4.2 Tevredenheid met die stelsel	41
2.5.4.3 Ontevredenheid met die stelsel	41
2.5.5 Aanbevelings vir egpaarfunksionering binne die egalitêre stelsel	42
2.6 'N SAMEVATTING VAN DIE ROL VAN JONG EGPARE SE SOSIALE KONTEKS IN HUL AFFEKTIEWE FUNK- SIONERING IN 'N BIOPSIGOSOSIALE MODEL VIR EGPAARFUNKSIONERING	43
 HOOFSTUK DRIE	
DIE ROL VAN JONG EGPARE SE BIOLOGIESE FUNK- SIONERING IN HUL AFFEKTIEWE FUNKSIONERING	47
 3.1. ASPEKTE VAN JONG EGPARE SE NEUROFISIOLO- GIESE FUNKSIONERING WAT HUL AFFEKTIEWE FUNKSIONERING KAN AFFEKTEER	 47
3.2 MOONTLIKE VERSKILLE TUSSEN MANS EN VROUE WAT JONG EGPARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONE- RING KAN AFFEKTEER	 51
3.2.1 Standpunte oor sogenaamde verskille tussen die geslagte	51
3.2.1.1 Erkenning van verskille	51
3.2.1.2 Ontkenning van verskille	53
3.2.2 Verskille tussen mans en vroue met betrekking tot affek- tiewe funksionering	54
3.2.2.1 Oriëntasie tot die lewe	54
3.2.2.2 Ekspressiwiteit	56
3.2.2.3 Behoeftes aan seksuele interaksie	58

3.2.3	Die effek van die verskille tussen die geslagte in egpare se affektiewe funksionering	58
3.3	'N SAMEVATTING VAN DIE ROL VAN JONG EGPARE SE BIOLOGIESE FUNKSIONERING IN HUL AFFEKTIEWE FUNKSIONERING IN 'N BIOPSIGOSOSIALE MODEL VIR EGPAARFUNKSIONERING	60
HOOFSTUK VIER DIE ROL VAN SEKERE KOMPONENTE VAN EGPARE SE PSIGOLOGIESE FUNKSIONERING IN HUL AFFEKTIEWE FUNKSIONERING		63
4.1	PSIGOANALITIES-GEORIËNTEERDE BENADERINGS EN EGPARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING	64
4.1.1	Persoonlike behoeftes van egliede	64
4.1.2	Perspektief op egpaarfunksionering	65
4.1.3	Bevestigende gegewens	65
4.2	ERIKSON SE PSIGOSOSIALE BENADERING EN EGPARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING	66
4.3	BEHAVIORISTIESE BENADERINGS EN AFFEKTIEWE FUNKSIONERING BINNE EGPAARVERBAND	67
4.3.1	Persoonlike behoeftes van egliede	68
4.3.2	Perspektief op egpaarfunksionering	68
4.3.3	Bevestigende gegewens	68
4.4	HUMANISTIESE BENADERINGS EN EGPARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING	69
4.4.1	Persoonlike behoeftes van egliede	69
4.4.2	Perspektief op egpaarfunksionering	69
4.4.3	Bevestigende gegewens	70
4.5	KOGNITIEWE BENADERINGS EN EGPARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING	70
4.5.1	Persoonlike behoeftes van egliede	70
4.5.2	Perspektief op egpaarinteraksie	71
4.5.3	Bevestigende gegewens	71
4.6	WILLIAM GLASSER SE REALITEITSTERAPEUTIESE BENADERING TOT EGPARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING	72

4.7	GESINSTERAPEUTIESE BENADERINGS EN EGPAARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING	73
4.7.1	Perspektief op egpaarinteraksie	74
4.8	SAMEVATTING VAN DIE ROL VAN SEKERE KOMPONENTE VAN PSIGOLOGIESE FUNKSIONERING IN DIE BIOPSIGOSOSIALE MODEL VIR EGPAAR-FUNKSIONERING	75

HOOFSTUK 5 DIE SAMEVATTING VAN DIE LITERATUURGEGEWENS OOR JONG WERKENDE EGPAARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

5.1	OMSKRYWING VAN BEGRIPPE	79
5.2	JONG EGPAARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING	80
5.2.1	Die aard van affektiewe funksionering	80
5.2.1.1	Elemente van liefde	81
5.2.1.2	Verband tussen kameraadskap en hartstog	82
5.2.1.3	Verband tussen liefde en intimiteit	83
5.2.2	Die aard van emosionele intimiteit	84
5.2.2.1	Omskrywing van emosionele intimiteit	84
5.2.2.2	Belangrikheid van emosionele intimiteit	87
5.2.2.3	Probleme om emosionele intimiteit te laat realiseer	88
5.2.3	Egpare se hantering van emosionele intimiteit	92
5.2.3.1	Die rol van die houdingskomponent in emosionele intimiteit	92
5.2.3.2	Die rol van die kognitiewe komponent in emosionele intimiteit	95
5.2.3.3	Die rol van die gedragskomponent in emosionele intimiteit	97
5.2.4	Die aard van seksuele intimiteit	106
5.2.4.1	Omskrywing van seksuele intimiteit	107
5.2.4.2	Die waarde van seksuele intimiteit en die wisselwerking daarvan met emosionele intimiteit	107
5.2.4.3	Probleme met fisiese intimiteit	109
5.2.5	Jong egpare se hantering van seksuele intimiteit	112
5.2.5.1	Die rol van die biologiese komponent in jong egpare se seksuele intimiteit	112
5.2.5.2	Die rol van die houdingskomponent in jong egpare seksuele intimiteit	113
5.2.5.3	Die rol van die kognitiewe komponent in jong egpare se seksuele intimiteit	114
5.2.5.4	Die rol van die gedragskomponent in jong egpare se seksuele intimiteit	117

	Bladsy
5.3 JONG EGPAAR SE ONAANGENAME AFFEKTIEWE FUNKSIONERING	123
5.3.1 Die aard van onaangename affektiewe funksionering	123
5.3.2 Die aard van konflik	125
5.3.2.1 Omskrywing van die konflik	125
5.3.2.2 Die noodsaak van die effektiewe hantering van konflik	126
5.3.2.3 Redes vir konflik	127
5.3.2.4 Faktore wat die verklaringshipoteses beïnvloed	132
5.3.3 Jong egpare se hantering van konflik	137
5.3.3.1 Die rol van egpare se houding in konflikhantering	138
5.3.3.2 Die rol van egpare se kognitiewe funksionering in konflikhantering	140
5.3.3.3 Die rol van egpare se gedrag in konflikhantering	143
5.4 SAMEVATTING EN INTEGRASIE VAN DIE LITERATUUR- GEGEWENS IN DIE BIOPSIGOSOSIALE MODEL VIR EGPAARFUNKSIONERING	149
 DEEL 3 KWALITATIEWE ONDERSOEK	 153
 HOOFSTUK SES MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN 'N KWALITATIEWE NAVORSINGSMETODE	 154
6.1 INSIDENSIE VAN KWALITATIEWE NAVORSINGS- METODES	154
6.2 OMSKRYWING VAN KWALITATIEWE METODOLOGIE	155
6.2.1 Probleme met definiëring	155
6.2.2 Bevraagtekening van digotomiese terminologie	156
6.3 REDES VIR 'N KWALITATIEWE METODOLOGIE	157
6.3.1 Die rol van die navorser	157
6.3.2 Doel en studieobjek	158
6.3.3 Data-insameling	159
6.3.4 Data-analise	161
6.4 KRITERIA WAARAAN KWALITATIEWE NAVORSING MOET VOLDOEN	163
6.4.1 Objektiviteit	164
6.4.2 Betroubaarheid	165
6.4.3 Geldigheid	166

HOOFSTUK SEWE IMPLIMENTERING VAN 'N KWALITATIEWE NAVORSINGSMETODE

7.1	DATA-INSAMELING	168
7.1.1	Aktiwiteite voor die onderhoude	168
7.1.2	Aktiwiteite tydens die onderhoude	170
7.1.3	Aktiwiteite na afloop van die onderhoude	172
7.2	DATA-ANALISE	172
7.2.1	Transkribering	173
7.2.2	Analiseproses	173
7.3	DOKUMENTERING VAN NAVORSINGSPROSES	175

HOOFSTUK AGT DEELNEMERBESONDERHEDE EN NAVORSINGS- BEVINDINGE

8.1	DEELNEMERBESONDERHEDE	176
8.1.1	Seleksiekriteria	176
8.1.2	Besonderhede	177
8.2	DIE AARD VAN EGPARE SE ALGEMENE GEVOELENS JEENS MEKAAR	178
8.3	EGPARE SE BELEWING VAN HUL SOSIALE KONTEKS	179
8.3.1	Aspekte van die egpare se sosiale konteks wat as negatief beleef word	181
8.3.1.1	Oorbelading	181
8.3.1.2	Te min tyd vir interaksie	182
8.3.1.3	Werk-gesin-stresoordrag	183
8.3.1.4	Vermeerderde konflik	
8.3.2	Aspekte van die egpare se sosiale konteks wat as positief beleef word	183
8.3.2.1	Aspekte met betrekking tot dubbelloopbaansituasie	183
8.3.2.2	Aspekte met betrekking tot voorskoolse kinders	184

	Bladsy
8.4 EGPARE SE HANTERING VAN AANGENAME GEVOELENS	184
8.4.1 Egpere se hantering van emosionele intimiteit	185
8.4.1.1 Die rol van egpere se algemene houding ten opsigte van die hantering van hul emosionele intimiteit	185
8.4.1.2 Die rol van egpere se kognitiewe funksionering ten opsigte van die hantering van hul emosionele intimiteit	189
8.4.1.3 Die rol van egpere se gedrag ten opsigte van die hantering van hul emosionele intimiteit	191
8.4.2 Egpere se hantering van hul seksuele intimiteit	197
8.4.2.1 Die rol van egpere se algemene houding ten opsigte van die hantering van hul seksuele intimiteit	198
8.4.2.2 Die rol van egpere se kognitiewe funksionering ten opsigte van die hantering van hul seksuele intimiteit	199
8.4.2.3 Die rol van egpere se gedrag ten opsigte van die hantering van hul seksuele intimiteit	200
8.5 HANTERING VAN ONAANGENAME GEVOELENS	205
8.5.1 Die rol van egpere se algemene houding ten opsigte van hul konflikhantering	205
8.5.2 Die rol van egpere se kognitiewe funksionering ten opsigte van hul konflikhantering	208
8.5.3 Die rol van egpere se gedrag ten opsigte van hul konflikhantering	210
8.5.3.1 Konflikstyle	210
8.5.3.2 Stappe in konflikhantering	214
8.5.3.3 Konflikbeheer of -voorkoming	217
8.6 SAMEVATTING OOR DIE VERBAND TUSSEN DIE HANTERING VAN AANGENAME EN ONAANGENAME GEVOELENS	218
8.6.1 Die verband tussen die egpere se sosiale konteks en die hantering van gevoelens	218
8.6.2 Verband tussen egpere se mate van geluk en die hantering van hul gevoelens	219
8.6.2.1 Ooreenkomste tussen die verskillende groepe egpere	219
8.6.2.2 Verskille tussen die verskillende groepe egpere	219
8.6.2.3 Verskille tussen mans en vroue se hantering van hulle gevoelens	221

	Bladsy
HOOFSTUK NEGE	
GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	224
9.1 TENDENSE IN JONG WERKENDE EGPAIRE SE	
 AFFEKTIEWE FUNKSIONERING	224
9.1.1 Die rol van jong werkende egpare se sosiale konteks in hul affektiewe funksionering	227
9.1.2 Die rol van jong werkende egpare se biologiese funksionering in hul affektiewe funksionering	229
9.1.3 Die rol van komponente van egpare se psigologiese funksionering in hul affektiewe funksionering	232
9.1.3.1 Die rol van jong werkende egpare se houdings in hul affektiewe funksionering	233
9.1.3.2 Die rol van jong werkende egpare se kennisies in hul affektiewe funksionering	236
9.1.3.3 Die rol van jong werkende egpare se gedrag in hul affektiewe funksionering	239
9.1.3.4 Wisselwerking tussen die komponente van jong egpare se psigologiese funksionering met betrekking tot hul affektiewe funksionering	247
9.2 KRITIESE BEOORDELING VAN DIE NAVORSING	249
9.2.1 Beoordeling van die waarde van die navorsingsbevindinge	249
9.2.2 Beoordeling van die navorsingsprosedure	252
9.2.3 Aanbevelings vir die benutting van die navorsing en vir verdere navorsing	253
OPSOMMING	255
SUMMARY	258
BRONNELYS	261
BYLAE	
Bylae A: Fokusverskille by Gesinsterapeute vanuit verskillende benaderings	303
Bylae B: Riglyne vir konflikthantering	305
Bylae C: Gottman en sy medewerkers se siening van geslaagde en ongeslaagde konflikstyle	315
LYS VAN FIGURE	x
LYS VAN TABELLE	xi

Lys van Figure

		Bladsy
Figuur 1.1	Vloeidiagram van die navorsingsproses se verloop	10
Figuur 1.2	Voorgestelde Biopsigososiale Model vir Egpaar-funksionering (Geen spesifisering van detail nie)	11
Figuur 2.1	Voorstelling van die Biopsigososiale Model vir Egpaar-funksionering met spesifisering van slegs die "Sosiale Konteks"	46
Figuur 3.1	Voorstelling van die Biopsigososiale Model vir Egpaar-funksionering met spesifisering van slegs die "Biologiese Funksionering"	62
Figuur 4.1	Voorstelling van die Biopsigososiale Model vir Egpaar-funksionering met spesifisering van slegs die "Psigologiese Funksionering"	78
Figuur 5.1	Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering soos benut vir die voorstelling van jong werkende egpare se affektiewe funksionering	152
Figuur 9.1	Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering soos benut vir die voorstelling van jong werkende egpare se affektiewe funksionering	226

Lys van Tabele

		Bladsy
Tabel 5.1	Elemente van liefde	81
Tabel 5.2	Verskille tussen mans en vroue met betrekking tot selfopenbaring	100
Tabel 5.3	Verskille tussen mans en vroue met betrekking tot die behoefte aan ondersteuning	102
Tabel 5.4	Verskille tussen mans en vroue met betrekking tot die gee van ondersteuning	102
Tabel 5.5	Konflikstyle	145
Tabel 8.1	Egpare se belewing van hul sosiale konteks	180
Tabel 8.2	Die rol van egpare se algemene houding ten opsigte van die hantering van hul emosionele intimiteit.	188
Tabel 8.3	Die rol van egpare se kognitiewe funksionering ten opsigte van hul emosionele intimiteit.	190
Tabel 8.4	Die rol van egpare se gedrag ten opsigte van die hantering van hul emosionele intimiteit.	191
Tabel 8.5	Die rol van egpare se algemene houding ten opsigte van die hantering hul seksuele intimiteit.	198
Tabel 8.6	Die rol van egpare se kognitiewe funksionering ten opsigte van hul seksuele intimiteit.	199

	Bladsy
Tabel 8.7 Die rol van egpare se gedrag ten opsigte van hul seksuele intimiteit.	201
Tabel 8.8 Die rol van egpare se algemene houding ten opsigte van hul konflikthantering.	207
Tabel 8.9 Die rol van egpare se kognitiewe funksionering ten opsigte van hul konflikthantering	209
Tabel 8.10 Die rol van egpare se gedrag ten opsigte van hul konflikthantering	211
Tabel 9.1 Tendense in jong egpare se affektiewe funksionering met betrekking tot hul houdings	234
Tabel 9.2 Verskille tussen die mans en vroue se affektiewe funksionering met betrekking tot hul houdings	236
Tabel 9.3 Tendense in jong egpare se affektiewe funksionering met betrekking tot hul kennisies	237
Tabel 9.4 Verskille tussen mans en vroue se affektiewe funksionering met betrekking tot hul kennisies	239
Tabel 9.5 Tendense in jong egpare se affektiewe funksionering met betrekking tot hul gedrag	240
Tabel 9.6 Verskille tussen mans en vroue se affektiewe funksionering met betrekking tot hul gedrag	245

DEEL EEN INLEIDING

HOOFSTUK EEN ORIËNTERING TOT DIE NAVORSING

1.1 AKTUALITEIT VAN DIE NAVORSING

1.2 OMSKRYWING VAN DIE KERNKONSEPTE

1.3 AARD VAN DIE NAVORSINGSPROSES

1.4 VOORGESTELDE MODEL VIR EGPAARFUNKSIONERING

1.5 HOOFSTUKINDELING

HOOFSTUK EEN

ORIËNTERING TOT DIE NAVORSING

1.1 AKTUALITEIT VAN DIE NAVORSING

In Suid-Afrika vind 33% van alle egskeidings by blankes plaas gedurende die eerste vier jaar van hulle huwelike (Central Statistical Service, 1998). Daar was 17 566 minderjarige kinders by dié egskeidings betrokke. Hierdie statistiese gegewens, gegrond op die mees onlangse sensusopname van 1996 in Suid-Afrika, stem ooreen met die tendense wat in Amerika waargeneem is (Benokraitis, 1996; Bray & Jouriles, 1995; Gottman & Silver, 1994; Wolf, 1996). Die nadelige effek van egskeiding op die betrokkenes se beroepsfunksionering en op hul kinders word verder ook allerweë bevestig (Bah, 1996; Forthofer, Markman, Cox, Stanley & Kessler, 1996; Matthews, Conger & Wickrama, 1996; Strijdom, 1987; Wallerstein, 1991). Die onberekenbare skade aan menseverhoudings en kinderontwikkeling en die samelewingswanbalans as gevolg van egskeiding is onbetwisbaar. Onder leiding van Steyn (1987) het verskillende medewerkers navorsingsvoorstelle gedoen met betrekking tot die huidige situasie in Suid-Afrika. Sy beveel aan dat beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing oor huweliks- en gesinsverhoudinge gedoen moet word.

Hierdie navorsing poog om, deur die soeklig te plaas op die effektiewe funksionering van egpare, 'n bydrae te lewer tot 'n moontlike verbetering van die huidige ontstellende bevindinge oor jong huwelike. Die noodsaak van die navorsing hang verder saam met die gewildheid wat die huwelikstaat steeds geniet. Ten spyte van die hoë voorkoms van egskeiding gedurende die eerste jare van die huwelik, tree die meeste mense steeds in die huwelik en bly die soeke na liefde een van die hoogste prioriteite (Brown, 1995; Cahn, 1992; Dandeneau & Johnson, 1994; Davis, 1985; Erickson, 1993; Gray, 1992;

Johnson & Talitman, 1997; Kolb & Brodie, 1982; Pistole, 1994; Roughan & Jenkins, 1990a; Stone, 1985; Swenson, 1985; Willi, 1997; Wolf, 1996).

Hoewel daar diegene is wat meen dat die huwelik nie noodwendig voordelig is vir veral die vroue nie (Bernard, 1982; White, 1992; Wolf, 1996), word dit meestal aanvaar dat getroudes se fisiese en geestestoestand, meer as dié van ongetroudes, wel geassosieer word met algemene welwees (Bah, 1996; Doherty, Su, Needle, 1989; Fehr & Perlman, 1985; Horwitz, White & Howell-White, 1996). Dit blyk dat getroudes met betrekking tot beide hul lewensduur en hul lewenskwaliteit baat vind by bevredigende langtermyn huweliksverhoudings.

In die lig van die waarde wat mettertyd geheg is aan die **bevredigende interaksie** tussen egpare, is daar toenemend op die rol hiervan, eerder as op sosiologiese faktore by egskedding gefokus (Du Toit, 1987; Fitzpatrick, 1988a, 1988b, 1988c; Gottman, 1994a, 1994b; Gottman & Levenson, 1999a, 1999b; Gottman & Silver, 1994; Noller, 1984, 1988). Noller en Gallois (1988, p.52) stel hul doelwit met hul navorsing soos volg: "To understand marriage and to provide marital therapy, we must understand the stuff of marriage - namely, the interaction that takes place between the participants."

Ten spyte van bogenoemde navorsing is daar steeds min bekend oor egpare se bevredigende hantering van veral hul aangename, maar ook hul onaangename gevoelens. Dus is die verdere bestudering van egpare se gevoelsmatige (affektiewe) funksionering steeds nodig (Davis, 1985a, 1985c; Gottman, 1994b; Gross & Levenson, 1997; Grunebaum, 1990, 1997b; Matthews, Wickrama & Conger, 1996). Die onkunde oor egpare se affektiewe funksionering hou waarskynlik ook verband met die feit dat dit moeilik blyk te wees om affek as sodanig te omskryf (Izard, 1977; Jordaan, Jordaan & Nieuwoudt, 1975; Strongman, 1973).

Die aktualiteit van hierdie navorsing is dus daarin geleë dat:

- die skade as gevolg van die talle egskeddings navorsing ter voorkoming daarvan noodsaak,

- egpare in die huwelik tree hoofsaaklik ter wille van die bevrediging van hulle emosionele (affektiewe) behoeftes, maar dat daar juis oor hul affektiewe funksionering steeds nie genoeg bekend is nie, en
- die fokus veral op die huidige geslag jong egpare, wat toenemend gouer skei, se affektiewe funksionering gerig moet wees.

Vervolgens word aangedui wat met die konsepte **affektiewe funksionering** en **jong werkende egpare**, vir doeleindes van hierdie navorsing, bedoel word.

1.2 OMSKRYWING VAN DIE KERNKONSEPTE

1.2.1 AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

In *A Student's Dictionary of Psychology* (Stratton & Hayes, 1993, p.4) word die volgende definisie van affek gegee: "Broadly speaking, affect refers to any category of feeling, as distinct from cognition or behaviour.". In hierdie navorsing word dus gefokus op die gevoelaspekte van menslike funksionering. Daar sal egter deurgaans aangedui word hoe interverweef affek (gevoelens) met kennis en gedrag, sowel as met die gepaardgaande biologiese prosesse is.

1.2.1.1 Affek en gedrag

Plug, Meyer, Louw en Gouws (1988) gee in die *Psigologiewoordeboek* twee betekenisse vir affek aan. Affek is volgens hulle:

- 'n "versamelnaam vir gevoelens, emosies en stemmings" (p.8), en/of
- "emosie wat onmiddellik lei tot waarneembare gedrag" (p.7).

Die eerste definisie verklaar hoekom gevoel, emosie en affek dikwels as wissel terme aangetref word in die literatuur. In die tweede definisie onderskei hulle egter tussen

affek en emosie. Die implikasie hiervan is dat affek die betrokke gevoelens sowel as die daaruitvoortspruitende gedrag insluit. Ook Kolb en Brodie (1982) beklemtoon onderliggende affek as die motiveerder vir gedrag. Kaplan en Sadock (1988, p.288) onderskryf laasgenoemde definisie: affek is volgens hulle "the external expression of emotional content". Daarmee impliseer hulle dat egliede eintlik uit mekaar se gedrag kan aflei wat die ander se innerlike gevoelens is.

1.2.1.2 Affek en kognisie

In haar boek *Human emotions* beskryf Izard (1977, p.65) affek as "a general nonspecific term that includes all the foregoing motivational states and processes". Hierdie motiverende prosesse sluit vir haar die kognisies in wat aanleiding gee tot 'n bepaalde affek. In talle van die emosieteorieë wat Jordaan, Jordaan en Nieuwoudt (1975) en Strongman (1973) bespreek, word die deurslaggewende effek wat kognitiewe inhoude op die belewing van 'n bepaalde affek, as kernelement daarvan, aanvaar. In die lig daarvan dat kognisie gewysig kan word, glo Beck (1988), Izard (1977), sowel as Kolb en Brodie (1982) dat affek, en dus ook die voortspruitende gedrag, beheer kan word.

1.2.1.3 Affek en die biologiese prosesse

Izard (1977), maar ook al die formuleerders van emosieteorieë waarna hierbo verwys is, bespreek die gepaardgaande neuro-fisiologiese prosesse as onlosmaaklik deel van die affek wat beleef word.

1.2.1.4 Definisie van affektiewe funksionering

In die lig van die voorafgaande bespreking word affektiewe funksionering vir die doeleindes van hierdie navorsing soos volg gedefinieer:

Affektiewe funksionering is daardie deel van menslike funksionering wat te make het met:

- die belewing van **emosies** (affek) op grond van gepaardgaande fisiologiese prosesse en kognitiewe betekenisgewing, sowel as
- met die **gedrag** wat voortspruit uit die betrokke emosie.

Dit is dus duidelik dat beide die kovertse beleweniselement en die owerse gedragselement ingesluit word. Verder word geïmpliseer dat beide die aangename en onaangename belewenisse, sowel as die gedrag op grond daarvan, ingesluit word.

Wanneer affektiewe funksionering bespreek word, word ook rekening gehou met die aard van die betrokkenes se sosiale konteks, aangesien emosies en die ekspresie daarvan hierdeur beïnvloed word: "Although fundamental emotions are assumed to be innate, transcultural phenomena, it is recognized that idiosyncratic and sociocultural factors play a significant role in defining the antecedents and consequences of emotional expression" (Izard, 1977, p.84). Vervolgens word aangedui wat geïmpliseer word wanneer jong egpare ter sprake kom.

1.2.2 JONG WERKENDE EGPAAR

Daar is besluit om spesifiek ondersoek in te stel na die funksionering van jong **werkende** egpare, aangesien jong getroude vroue waarskynlik meestal deel uitmaak van die beroepsmark (Sentrale Statistiekdiens, 1992; Smit, 1995, 1996). 'n Verdere tipiese kenmerk is dat hierdie egpare waarskynlik een of meer voorskoolse kinders sal hê.

Hierdie jong-egpaar-met-voorskoolse-kindere-stadium word in terme van die ontwikkelingsraamwerke meestal gesien as die tweede, en 'n baie veeleisende gestadium in die siklus van ontwikkeling (Berger & Berger, 1985; Bigner, 1983; Duvall & Miller, 1985; McGoldrick & Carter, 1982; Nichols, 1988; Olson, McCubbin, Barnes, Larsen, Muxen & Wilson, 1983). Vanweë die omvangrykheid en moeilikheidsgraad van die egpare se take, word hierdie fase dikwels die "pressure

cooker phase" van die siklus genoem (McGoldrick & Carter, 1982, p.174). Nadat egpare se huwelikstevredenheid oor verskillende fases heen vergelyk is, kom Gerdes en Van Ede (1990, p.522) tot die gevolgtrekking dat daar in die eerste twee stadia "'baie gebeur' in terme van liefde en konflik". Beide hul aangename en onaangename affektiewe funksionering is dus intens in hierdie stadium.

Tipies van dié bepaalde fase is die feit dat die egpare, vanweë hul kinders en werksbetrokkenheid, meer sogenaamde "eksterne take", benewens hul "interne take", moet hanteer (Glick, Clarkin & Kessler, 1987; Goldenberg & Goldenberg, 1996; Nichols, 1988; Sade & Notarius, 1985). Eersgenoemde het te make met die daarstelling van relatief deurdringbare grense tussen die egpaarsisteem en dié se omgewing, sodat betekenisvolle kontak gemaak kan word met die persone en aktiwiteite rondom hulle, sonder om hul eie kenmerkende patroon omver te werp. Laasgenoemde het spesifiek met die egpaarinteraksie te doen. Nichols (1988, p.20) beskryf dit soos volg:

"Within their relationship marital partners need to deal with core issues of commitment, caring, communication, and conflict/compromise, as well as to attain and maintain an acceptable degree of intimacy and a workable balance of power".

Die konsep "jong werkende egpare" impliseer dat in die navorsing rekening gehou sal word met die rol van die belangrikste elemente van die sosiale konteks waarin die betrokke egpare hulle bevind, soos onder andere hul ouerskap en hul werksbetrokkenheid.

1.3 AARD VAN DIE NAVORSINGSPROSES

Die navorser se aanvanklike belangstelling in die daarstelling van 'n model vir huweliksterapie, het gelei tot gesprekke met verskeie terapeute en navorsers in die betrokke veld, naamlik proff. L. Gerdes en G. Rademeyer (Unisa), R. van Vuuren (UP),

A. Weyers (EPOG, UOVS); dr. A. Greeff (US), E. Luttig (Opleiding van Famsa-beraders), H. G. Pretorius (RAU), C. Venter (PU vir CHO), M. Fourie (UOVS), en L. Olivier (RGN-Kliniek). Uit hierdie gesprekke het dit geblyk dat "primêre navorsing" allereers nodig was: dit was nie duidelik hoe die jong egpare van die negentigerjare werklik funksioneer nie.

'n Voorlopige literatuurstudie het bevestig dat dit nodig is om sonder die beperking van vooraf geformuleerde hipoteses die betrokkenes, wat ook goed aangepasde egpare moes insluit, te vra na hul huidige interaksie (Ball, Cowan & Cowan, 1995; Gerdes, 1987; Gottman & Silver, 1994; Melby, Ge, Conger & Warner, 1995). Daar is op 'n kwalitatiewe navorsingsprosedure besluit aangesien dié moontlik meer geskik is vir "primêre navorsing" en dus beter daarin sou kon slaag om die betrokke navorsingspopulasie se innerlike belewenisse te peil (Mouton, 1988; Niemann, 1994; Patton, 1990; Polkinghorne, 1989; Smaling, 1994; Strauss & Corbin, 1994; Van Vuuren, 1992). 'n Voorlopige loodsstudie met twee egpare het bevestig dat gefokus moes word op spesifiek werkende egpare, aangesien dié egpare met baie stres van 'n bepaalde aard te doen gehad het.

Die navorsingsresponse is, in die lig van die eise waaraan kwalitatiewe navorsing tradisioneel moet voldoen, sonder die verdere bestudering van relevante literatuur, van die deelnemers verkry. Die navorsingsproses word visueel voorgestel in Figuur 1.1.

1.4 VOORGESTELDE MODEL VIR EGPAARFUNKSIONERING

As deel van die oriëntering tot hierdie navorsingsproses word die Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering, waartoe gekom word aan die einde van die literatuuroorsig, hier weergegee (sien Figuur 1.2, na 1.5). Soos die visuele voorstelling van die navorsingsproses en die uiteensetting van die hoofstukindeling hierna bydra tot die verkryging van 'n geheelbeeld van die navorsingsproses, kan die model ook 'n beeld bied van die

wyse waarop die literatuurgegewens geïntegreer word. In die model sal gepoog word om die wisselwerking tussen jong egpare se sosiale konteks, hul biologiese funksionering en sekere komponente van hul psigologiese funksionering, met betrekking tot hul affektiewe funksionering aan te dui.

1.5 HOOFSTUKINDELING

Daar word verslag gedoen oor die navorsing aan die hand van die volgende indeling:

Deel een, die **Inleiding**, met hoofstuk **een**, is gewy aan die oriëntering tot die navorsing.

Deel twee bestaan uit die **Literatuuroorsig**:

In hoofstuk **twee** word die rol van jong egpare se **sosiale** konteks in hul **affektiewe** funksionering ontleed.

In hoofstuk **drie** word die rol van die egpare se **biologiese funksionering** in hul affektiewe funksionering bespeek.

In hoofstuk **vier** word die rol van die egpare se **psigologiese funksionering** in hul affektiewe funksionering opgesom.

In hoofstuk **vyf** word al die literatuurgegewens oor jong egpare se affektiewe funksionering **saamgevat** in die Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering.

Deel drie omsluit die **Kwalitatiewe Navorsing**:


In hoofstuk **ses** word die benutting van 'n kwalitatiewe navorsingsproses **gemotiveer**.

In hoofstuk **sewe** word aangedui hoe hierdie proses **toegepas** is in die onderhawige navorsing.

Hoofstuk **aght** word gewy aan die uiteensetting van die **navorsingsbevindinge**.


In **deel vier** word 'n **Slotperspektief** weergegee:

In hoofstuk **nege** word die literatuurgegewens en die navorsingsbevindinge met mekaar geïntegreer en word aanbevelings gemaak.

VERLOOP VAN DIE NAVORSINGSPROSES

Figuur 1.1 Vloeiagram van die navorsingsproses se verloop

BIOPSIGOSOSIALE MODEL VIR EGPAARFUNKSIONERING



Figuur 1.2 Voorgetelde Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering (geen spesifisering van detail nie)

DEEL TWEE LITERATUUROORSIG

HOOFSTUK 2

**DIE ROL VAN JONG EGPARE SE SOSIALE
KONTEKS IN HUL AFFEKTIEWE FUNKSIONERING**

HOOFSTUK 3

**DIE ROL VAN JONG EGPARE SE BIOLOGIESE
FUNKSIONERING IN HUL AFFEKTIEWE
FUNKSIONERING**

HOOFSTUK 4

**DIE ROL VAN SEKERE KOMPONENTE VAN JONG
EGPARE SE PSIGOLOGIESE FUNKSIONERING IN
HUL AFFEKTIEWE FUNKSIONERING**

HOOFSTUK 5

**DIE SAMEVATTING VAN LITERATUURGEGEWENS
OOR JONG WERKENDE EGPARE SE AFFEKTIEWE
FUNKSIONERING**

HOOFSTUK TWEE

DIE ROL VAN JONG EGPAARE SE HUIDIGE SOSIALE KONTEKS IN HULLE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

Die huidige geslag jong egpare se sosiale konteks is anders as dié van jong egpare van 'n paar dekades gelede. Volgens die Algemene Sisteembenadering het die konteks waarbinne mense bestaan 'n betekenisvolle effek op hulle funksionering. In terme van dié benadering is daar 'n wisselwerking en wedersydse beïnvloeding tussen 'n huweliksisteem en die breë gemeenskap of suprasisteem, waarvan dit deel uitmaak (Goldenberg & Goldenberg, 1996; Schoeman, Nel & Wessels, 1983). Die sosio-ekonomiese en kulturele veranderinge in die gemeenskap sal dus enersyds die huwelikstruktureel en funksioneel beïnvloed, maar die veranderinge in egpare sal ook neerslag vind in die breë sosiale bestel. Spanier (1985) is van mening dat die wisselwerking tussen die interne behoeftes (van elke lid van die egpaar) en die eksterne druk (van die sosiale konteks) dus gesamentlik vir die veranderinge in die patrone van huweliksinteraksie verantwoordelik is. In die volgende hoofstukke sal aandag aan die invloed van interne aspekte gegee word. In hierdie gedeelte word die effek van die belangrikste kenmerkende aspekte van die huidige sosiale konteks waarbinne jong egpare leef, bespreek. Die volgende indeling word gebruik:

- 2.1 Die rol van tegnologiese ontwikkelinge in jong egpare se affektiewe funksionering.
 - 2.2 Die rol van die heersende sosio-kulturele paradigmas in jong egpare se affektiewe funksionering.
 - 2.3 Die rol van vroue se beroepsbetrokkenheid in jong egpare se affektiewe funksionering.
 - 2.4 Die rol van ouerskap op jong egpare se affektiewe funksionering.
 - 2.5 Die rol van die egalitêre huweliksisteem in jong egpare se affektiewe funksionering.
-

- 2.6 'n Samevatting van die rol van jong egpare se sosiale konteks in hul affektiewe funksionering in 'n biopsigososiale model vir egpaarfunksionering.

2.1 DIE ROL VAN TEGNOLOGIESE ONTWIKKELINGE IN JONG EGPAAR SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

Industrialisasie het 'n ingrypende uitwerking gehad op die bevolkingsverspreiding en lewensomstandighede in nywerheidslande. In Suid-Afrika was 87% van die wit bevolking in 1970 reeds verstedelik en het sodoende deel geword van 'n tegnologies-georiënteerde bestaan (Gerdes, 1981b). Verskillende tegnologiese ontwikkelinge het vroue se beroepstoetreding bevorder. Sedert hul indiensneming tydens die industrialisasieperiode het tegnologiese verfyning tot al meer "sagte" poste gelei wat geredelik deur vroue gevul kon word (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972; Van der Walt, 1986; Wolf, 1996). Verder het die beskikbaarheid van huishoudelike apparaat en meer effektiewe geboortebeperingmiddels besteding van tyd aan huis- en kinderversorging verminder (Benokraitis, 1996; McGoldrick & Carter, 1982; Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1973; Spanier, 1985; Van der Walt, 1986; Wolf, 1996).

Die noodwendige verhuising na nuwe werksterreine veroorsaak dikwels vervreemding van die familie sowel as probleme om voldoende sosiale netwerke daar te stel (Bigner, 1983; Gerdes 1981b; Le Roux & De Beer, 1994). Hierdie dikwels swak sosiale inskakeling en ontoereikende ondersteuning kan aanleiding gee tot 'n groter mate van wedersydse aangewesenheid op mekaar, gepaard met onrealistiese eise met betrekking tot emosionele bevrediging (Anderson, 1982; Hareven 1982; Olson *et al.*, 1983). Verder kan 'n versnelde lewenstempo en die verhoogde klem op produksie en effektiwiteit stedelike egpare se stres en gepaardgaande konflik verhoog en hul aandag aan bevredigende emosionele interaksie inhibeer (Barling, 1990; Mook, 1986; Rapoport & Rapoport, 1969, 1972, 1990).

Die tegnologie het egter ook hulpmiddels soos televisie en videofasiliteite daargestel waarmee gesinne tuis kan ontspan, maar wat aan die ander kant terselfdertyd egpaarkommunikasie kan laat afneem. Rekenaars kan eweneens bydra tot ontspanning en meer bevredigende kommunikasie met veraf familieledede. Te veel betrokkenheid daarby kan egter ook te min tyd en toewyding aan betekenisvolle egpaarfunksionering meebring (Benokraitis, 1996).

Die tegnologiese ontwikkelinge kan dus 'n positiewe en/of negatiewe effek hê op egpaarfunksionering en dit bring bepaalde paradigmaskuiwe, met eweneens uiteenlopende gevolge mee.

2.2 DIE ROL VAN DIE HEERSENDE SOSIO-KULTURELE PARADIGMAS IN JONG EGPARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

2.2.1 INGESTELDHEID OP WERKSVERRIGTING EN TAAK-GEORIËNTEERDHEID

Die versnelde lewenstempo stel hoë eise aan jong egpare se vermoë om hul veelvuldige huistake effektief te hanteer en hul gevolglike taakgeoriënteerdheid kan hul emosionele en seksuele interaksie benadeel (Gerdes, 1981b; Johnson, 1983; Mook, 1986). Die beleid van regstellende aksie, wat onsekerheid en buitengewone toewyding aan 'n loopbaan impliseer, dra by tot minder akkommodering van mekaar se emosionele behoeftes (Kinnunen & Mauno, 1998). Navorsing dui op 'n sterk verband tussen mans se werksverlies en huweliksprobleme (Forthofer, Markman, Cox, Stanley & Kessler, 1996). Beide mans en vroue sal egter waarskynlik tans in Suid-Afrika in die lig van regstellende aksie besonder hard moet werk om 'n inkomste te verseker. Die vroue sal

gevolglik huiwer om selfs tydelik tuis te bly ten einde die werkslading wat voorskoolse kinders meebring, te verlig. Verder dra die huidige funksionele ingesteldheid volgens Louw (1983a) enersyds by tot die beskouing van die huwelik as 'n vervangbare kommoditeit, terwyl die veeleisendheid van die beroepswêreld boonop sterk verwagtinge aan wedersydse ondersteuning by egpare meebring.

2.2.2 OORBEEKLEMTONG VAN INDIVIDUELE BEHOEFTE

In die lig van die voorafgaande stel beide egliede tans 'n hoër premie op persoonlike behoeftebevrediging en selfaktualisering as op die heilige of sosiale betekenis van die huwelik: "the demands of marriage and family life are subordinate to the well-being and happiness of the individual" (Guerin, Fay, Burden & Kautto, 1987, p.16). Die huwelik moet tans 'n vesting van persoonlike geluk wees, maar dit moet nie te veel vereis nie. Dit gaan dus tans meestal oor 'n pragmatiese, selfgesentreerde houding om huweliksgeluk te bekom en nie om mee te werk tot huwelikstabiliteit met gepaardgaande verbintenisse nie (Boshoff, 1981; De Waal, 1992; Louw, 1983a, 1983b; Prochaska & Prochaska, 1978; Steyn, 1996; Willi, 1997). Volgens Stone (1985) koester jongmense 'n dubbele stel verwagtinge: enersyds moet die huweliksverhouding geluk verseker, maar hulle glo dat dit onmoontlik is en verwag dus egskeiding. Die huidige "tegemoetkomende" egskeidingswette reflekteer boonop volgens Weitzman (1985) die hoë prioriteit wat verleen word aan persoonlike behoeftebevrediging. Buitengewone eise word dus gestel aan egpare om hul emosionele en seksuele interaksie bevredigend te hou.

2.2.3 VERHEERLIKING VAN SEKSUELE BEVREDIGING

Die perfekte bevrediging van een van die behoeftes, naamlik dié van seksuele aard, word dus tans oorbeklemtoon (Bjorksten & Stewart, 1987; Comfort, 1994; Crenshaw, 1983; Renshaw, 1978b; Stone, 1985). Effektiewe geboortebeperking, die genoemde prestasie-oriëntasie, verval van sedelike waardes en 'n hedonistiese plesiersoekende houding hiermee verband (Benokraitis, 1996; Gerdes, 1981b; Louw, 1983b). Volgens

Grunebaum (1990) mag die vrees vir VIGS seksuele kontak terugplaas in huweliksverband, maar dit kan egpare se genoemde verwagtinge van besondere seksuele funksionering nog verder verhoog.

2.2.4 ROMANTISERING VAN DIE VERHOUDING

Saam met die voorafgaande word 'n hoë premie tans op ook die romantiese aspekte van die huwelik gestel (Grunebaum, 1997a, 1997b; Willi, 1997; Wolf, 1996). Dit bring volgens Louw (1983a) 'n welkome verhoogde fokus op intimiteit mee, maar hy en Pittman (1997) vrees dat gevoelsbevrediging egter sodoende oorbeklemtoon kan word ten koste van verbintenis en trou.

Samevattend kan dus gesê word dat die jong egpare waarskynlik tans vanweë die eise aan buitengewone effektiwiteit betekenisvolle affektiewe funksionering herwaardeer en begeer. Terselfdertyd bemoeilik die genoemde paradigmas egter jong egpare se tevredenheid met hul affektiewe funksionering: hulle eis naamlik perfekte emosionele en seksuele bevrediging, maar openbaar swak verbintenis tot volharding om sodanige verhouding te bewerkstellig. Jong egpare se huidige omstandighede word vervolgens bespreek en die verband tussen hul leefwyse en die heersende paradigmas sal deurentyd blyk.

2.3 DIE ROL VAN VROUE SE BEROEPSBETROKKENHEID IN JONG EGPARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

Die eerste kenmerkende aspek van jong egpare se leefwyse wat bespreek word, is dié van vroue se beroepsbetrokkenheid en die verskillende standpunte oor die effek daarvan op die individuele egliede en op hul egpaarfunksionering.

2.3.1 DIE OMVANG VAN EN OORSAKE VIR VROUE SE BEROEPSARBEID

Volgens Barnett en Rivers (in Hyde, 1998), sowel as Elloy en Anderson (1990) was daar 'n beduidende toename in vrouearbeid sedert die industrialisasieproses. Dieselfde tendens as elders in die wêreld kan in Suid-Afrika waargeneem word: in 1980 was 32% van die werkende populasie reeds vroue (Van der Walt, 1986), terwyl 49% van die totale aantal blanke getroude vroue in 1991 in die arbeidsmark betrokke was (Sentrale Statistiekdiens, 1992; Smit, 1995).

Sosiale, werks- en persoonsverwante redes vir vroue se beroepstoetrede:

- Die mans se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog het ruimte in 'n tegnologie meer verfynde arbeidsmark gelaat vir die vroue wat intussen beter opgelei is (Brown, Graves & Williams, 1997; Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972; Van der Walt, 1986; Wolf, 1996).
- Die Vrouebeweging het daartoe bygedra dat vroue se werksomstandighede verbeter het en dat hul beroepsrolle erken is (Bjorksten & Stewart, 1987; Gerdes, 1981b; Guerin *et al.*, 1987; RGN-Nuusbrief, 1972). Ekonomiese omstandighede, wat in Suid-Afrika saamhang met die huidige beleid van regstellende aksie, kan ook vroue se werksbetrokkenheid noodsaak (Benokraitis, 1996; Hyde, 1998; Ochse, 1981).
- Afgesien van die reeds bespreekte tegnologiese hulpmiddels se rol (sien 2.1), vergemaklik die beskikbaarheid van redelik bekostigbare huishulpe in Suid-Afrika beroepsbetrokkenheid (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972).
- Vroue se verlengde lewensverwagting ná hul kinders grootgemaak is en hul verbeterde opleiding fasiliteer verder ook dikwels vroue se behoefte aan en moontlikheid van selfaktualisering in beroepsverband (Bird & Melville, 1994; Burke & Greenglass, 1987; Du Toit, 1993; Hyde, 1998; Rosin, 1990; Ocshe, 1981; Walker & Wallston, 1985).

Die beroepsbetrokkenheid van jong vroue met tersiêre opleiding is, en word soms nog, verantwoordelik gehou vir die deteriorasie van die huwelik (Benokraitis, 1996; Bernard,

1982; Espenshade, 1985; Hyde, 1998; Low, 1990; Smit & Steyn, 1996; Wolf, 1996). Volgens Steinmetz, Clavan en Stein (1990) is die aanvanklik sterk negatiewe houding teen vrouearbeid egter vervang met die meer konflikterende menings in die tagtigerjare. Tans het 'n derde mening, naamlik dié van 'n sogenaamde mediasiehipotese, bygekom en moet die effek van sogenaamde "tussenkomende veranderlikes" verreken word (Smit, 1995, 1996). Vervolgens word die uiteenlopende moontlike gevolge van vroue se beroepsbetrokkenheid bespreek.

2.3.2 DIE NEGATIEWE EFFEK VAN VROUE SE BEROEPSARBEID

'n Wisselwerking tussen eksterne stressore (druk van buite) en interne stressore (egpare se hantering van eise) kan onderskei word in die ontleding van die moontlike negatiewe gevolge van vroue se beroepsbetrokkenheid (Brown *et al.*, 1997).

2.3.2.1 Oorbelading

Juis die egpare in dubbelloopbaanhuwelike se sterk emosionele investering van meer tyd en emosionele betrokkenheid by hul loopbane, impliseer rolorbelading vir beide egliede. Hulle moet beide tans aspekte van mekaar se tradisionele rolle bykomend tot hul eie hanteer en beide moet dus prakties, kognitief en emosioneel by hul werk en gesinne betrokke raak (Bird & Melville, 1994; Brown *et al.*, 1997; Burke & Greenglass, 1987; Hyde, 1998; Olson *et al.*, 1983; Rapoport & Rapoport, 1969, 1972, 1990; Rosin, 1990; Smit, 1995, 1996; Walker & Wallston, 1985).

Heelwat ouer, sowel as resente gegewens, dui daarop dat veral die vroue oorbelading beleef vanweë die mans se ontoereikende medeverantwoordelikheid vir die huisverpligtinge (Giddens, 1992; Hyde, 1998; Low, 1990; Rapoport & Rapoport, 1990; Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972; Shelton, 1990; Smit, 1995; Smith, 1994; Walker & Wallston, 1985). Mans laat in hul huwelike die take wat hul voorheen self verrig het, aan hul vroue oor en dus bestee laasgenoemde steeds 32 uur teenoor die mans se sewe uur per week aan huiswerk en verrig hulle steeds 80% van die

huistake (Lott, 1997). Hoewel mans dink hulle help baie, het hul deelname aan die take vanaf 1965 tot 1985 met slegs twee ure per week toegeneem (Benokraitis, 1996). Verder verrig hulle meestal die sogenaamde "lekkerder" take (Coltrane, 1990; Louw & Louw, 1990). Hierteenoor verwag vroue spontane medeverantwoordelikheid en emosionele betrokkenheid en vind hulle dit frustrerend dat hulle alle take moet "uitwys" en mettertyd as *naggers* geetiketteer word (Wolf, 1996). Beide geslagte - selfs gelukkig getroude vroue (Rosin, 1990) en die mans oor die algemeen (Van Staden, 1991) ervaar egter voortdurend moegheid en 'n tekort aan genoeg tyd.

2.3.2.2 Te min tyd

Hoe meer die huistake en die werksverpligtinge toeneem, hoe minder tyd is beskikbaar vir individuele en egpaarbehoeftes (Brown *et al.*, 1997; Burke & Greenglass, 1987; Du Toit, 1993; Pienaar, 1991; Smith, 1994). Daar is dikwels te min geleentheid vir die nodige ontspanning en stresontlading (Fehr & Perlman, 1985). Jong dubbelloopbaangesinne benodig familie en vriende se ondersteuning, maar vanweë hul beperkte beskikbare tyd kan hulle toenemend eensaam raak (Le Roux & De Beer, 1994; Smit, 1995, 1996).

2.3.2.3 Rolkonflik

Rolkonflik verwys hier na die egpare se intrapsigiese stryd oor hul eie rolsvervulling, sowel as na hul interpersoonlike konflik oor die allokering van huishoudelike verpligtinge en ook hul maats se emosionele rolinskleding. Identiteitsdilemmas kom méér voor wanneer die huidige geslag jong egpare in loopbane steeds ook met die tradisionele geslagsrolle wil identifiseer of nie weet hoe om die "nuwes" te vul nie (Bird & Melville, 1994; Elloy & Anderson, 1990; Gerdes & Van Ede, 1990; Pina & Bengtson, 1993; Smit, 1995, 1996). Volgens Kroska (1997) kan egpare wel nie-tradisionele gedrag aanvaar indien hulle dit betekenisvol kan inkorporeer by hulle eie siening van hul rolle.

Sodanige wysiging is uiteraard makliker indien egpare moontlike gemeenskapsafkeur oor hul nie-tipiese rolgedrag kan negeer (Papalia & Olds, 1981; Steinmetz *et al.*, 1990).

Daar word egter ook getuigenis aangevoer dat mans eweneens nadelig geraak word deur vroue se buitenshuise arbeid. Volgens Guerin *et al.* (1987) kla mans omdat hul vroue nie hul huislike en seksuele verpligtinge nakom nie en dat hulle boonop uiters veeleisend en negatief is oor die mans se mate van betrokkenheid, terwyl Walker en Wallston (1985) se navorsing dui op meer depressie en 'n swakker selfbeeld by die mans van werkende vroue. Dit wil voorkom asof die mans oor die algemeen vroeër (Burke & Weir, 1976), maar ook tot meer onlangs (Barling, 1990; Giddens, 1992; Lott, 1997), moeiliker as die vroue die nodige rolaanpassings gemaak het. Volgens Gerdes (1987) het die mans waarskynlik ook nie soseer meer androgenies geraak in hul rolvervulling, of veral persoonlikheidsgewys nie, maar eerder meestal die veranderinge in hul vroue passief aanvaar (Gerdes, 1987).

2.3.2.4 Stresoordrag van werk na gesin

Die vestiging van 'n loopbaan is in dubbelloopbaanhuwelike vir beide egliede "hectic, demeaning, demanding, manipulative, and even corrupt" (Stone, 1985, p.398) en beide kan dus, veral in Suid-Afrika stres "oordra" van die werkplek na die gesin. Daar is veral vroeër aanvaar dat die vroue 'n onvermoë het om te verhoed dat werk-huis-stres na weerskante toe oorspoel (Du Toit, 1993; Hyde, 1998; Rapoport & Rapoport, 1969, 1972; Smit & Steyn, 1996). Volgens Burke en Greenglass (1987) kan die verwagting dat mans terwille van gesinsbehoefte minder "oortyd" moet werk ook hul stres oor onafgehandelde werk verhoog.

2.3.2.5 Swakker fisieke en geestesgesondheid

Teenstanders van vroue-arbeid beweer dat getroude werkende vroue hul eie fisieke gesondheid en dié van hul gesin op die spel plaas (Hyde, 1998). Volgens Smit (1995) mag vroue met baie rolkonflik meer stres en uitbranding beleef, en min hulp met die

huishouding kan ook verband hou met vroue se depressie (Gottman (1994a). Alhoewel daar verwys is na mans wat meer depressie beleef as hulle vroue werk, word meestal aanvaar dat die vroue noodwendig beide rolle vertolk en gevolglik die duurste prys betaal (Bernard, 1982; Lott, 1997; Papalia & Olds, 1991).

2.3.2.6 Verhoudingsdilemmas

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die negatiewe effek van die dubbelloopbaan-huwelik op die individuele funksionering van die eggenote, naamlik uitputting, verhoogde stres en depressie hulle interaksie as egpare kan benadeel. Dit blyk dat kompetisie en 'n magstryd tussen eggenote kan ontstaan (Bird & Melville, 1994; Low, 1990), dat daar vyandigheid kan wees oor rolbekleding (Burke & Greenglass, 1987; Matthews, Conger & Wickrama, 1996) en dat pare se emosionele en seksuele intimiteit daaronder kan ly (Brown, et al., 1997; Du Toit, 1983a; Gerdes, 1987; Schwartz, 1994). Johnson (1983) meen dat vroue, as gevolg van die hoë premie wat geplaas word op hul taakgerigtheid, hul tipies vroulike waardes van gevoel, verbintenis en sielsbetrokkenheid te min kan openbaar. As uiterste gevolg kan vroue se nuwe finansiële en emosionele onafhanklikheid makliker tot egskeiding lei (Davis, 1985a; Espenshade, 1985; Louw, 1990).

2.3.3 "TUSSENKOMENDE VERANDERLIKES" WAT DIE NEGATIEWE EFFEK VAN VROUE SE BEROEPSARBEID KAN BEÏNVLOED

Smit (1995) toon aan dat resente navorsing oor die gevolge van die dubbelloopbaan huwelik vir egpare gelei het tot 'n mediasiehipotese: "tussenkomende veranderlikes verminder nie net die moontlike werk-gesin-stremming nie, maar kan selfs tot 'n positiewe verhouding tussen die vrou se beroepsdeelname en die ervaring van huweliksintegrasie aanleiding gee" (Smit, 1995, p.137). Smit grond haar afleidings op onlangse navorsing met proefpersone wat groot ooreenkomste toon met die vroue wat by hierdie studie betrek is (Smit, 1996). Vervolgens word die

veranderlikes wat sy bepaal het gelys en word aangedui waar ander outeurs dieselde mening toegedaan is.

2.3.3.1 Persoons- en gesinsverwante veranderlikes

- ♦ Uit navorsing blyk dit dat beide 'n positiewe houding oor die vrou se werk en die effektiewe hantering van huisverpligtinge goeie interaksie fasiliteer. Die volgende veranderlikes kan daartoe bydra dat beide egliede minder stres beleef en selfs 'n sterker ervaring van huweliksintegrasie kan hê (De Waal, 1992; Du Toit, 1993; Smit, 1996): die man se positiwiteit en ondersteuning vir sy vrou se werksaamheid, sy bereidheid om 'n regverdige deel van die huishoudelike take te verrig, sowel as beide egliede se betrokkenheid by die sogenaamde emosionele werk in die gesin (verskaffing van onder andere ondersteuning en warmte), goeie tydsorganisasie en/of voltydse huishulpe en beide egliede se sterk verbintenis tot sukses in 'n twee-inkomste-huwelik.
- ♦ Verskillende rolverwagtinge by die egliede skep die grootste probleme (Gerdes, 1987; Pina & Bengtson, 1993; Walker & Wallston, 1985). Enersyds lyk dit asof die wedersydse aanvaarding van mekaar se tradisionele rolle vir sommige egpare nodig is vir huwelikstevredenheid (Lueptow, Guss & Hyden, 1989). Sommige vroue verwag inderdaad slegs emosionele ondersteuning (Bird & Melville, 1994; Van der Walt, 1986; Wolf, 1996). Trouens, 'n nasionale opname gedoen in Amerika in 1990 dui daarop dat 47% van die vrouerespondente verkies het om "homemakers" te bly en meestal geglo het dat net hulle dit goed kan doen (Benokraitis, 1996). Tog blyk dit dat 'n groter mate van androgeniteit egalitêre rolvervulling in 'n dubbelloopbaanhuwelik fasiliteer (Benokraitis, 1996; Chusmir & Koberg, 1990; Du Toit, 1993; Hyde, 1998). Chusmir en Koberg (1990) het gevind dat egpare van ongeveer 28 jaar oud beide meer vroulike eienskappe tuis en meer manlike eienskappe by die werk openbaar en dat dié feit nie enige van die partye se selfkonsepte negatief geraak het nie. Selfs as die vrou 'n hoër posisie bereik as die man, kan die situasie gemaklik aanvaar word as beide 'n nie-tradisionele siening het van hulle rolle (Hiller & Philliber, 1982). Gemeenskapseise, soos vergestalt in ouers en vriende se siening (Gerdes, 1987) en albei se vermoë om

nuwe rolle te akkommodeer (Kroska, 1997), is egter van deurslaggewende belang vir pare se huwelikstevredenheid.

♦ Die persoonlikheidseienskappe van die paar kan ook die mate van hul aanpassing beïnvloed. Uit navorsing oor die effek van 'n Tipe A-persoonlikheid, gekenmerk deur 'n ongeduldige, prestasiegeoriënteerdheid, blyk dit dat Tipe A-gedrag by beide egliede gepaard gaan met toewyding aan hulle werk, sowel as met meer begrip en realistiese verwagtinge van mekaar, maar dat hulle minder tyd aan die huwelikslewe bestee. 'n Tipe A-man- en Tipe B-vrou-kombinasie beleef egter die meeste probleme met hul kommunikasie en ontspanning (Barling, 1990; Burke & Greenglass, 1987). Latere navorsing wys die ongeduld-geïrriteerdheidsindeks, meer as die prestasiebehoefte, uit as dié struikelblok in huwelikstevredenheid (Barling, 1990; MacEwen & Barling, 1993). Aansluitend hierby is daar 'n positiewe verband tussen egliede se vermoë tot streshantering en goeie kommunikasie in belang van probleemoplossing en die oordrag van warmte en ondersteuning aan mekaar (Cowan & Cowan, 1988; Matthews *et al.*, 1996).

2.3.3.2 Beroepsverwante veranderlikes

Daar is volgens Smit (1996) ook faktore intrinsiek aan die beroep en werksmilieu van die vrou wat 'n positiewe impak kan hê op die belewenis van huwelikskwaliteit: die vrywillige (teenoor gedwonge) betrokkenheid van die vrou by haar werk, hoë beroepsambisie gekombineer met 'n sterk verbintenis tot die huwelik, minder werksure (verkieslik 20-35 uur per week), werksatisfaksie, bevorderingsgeleenthede, afwesigheid van diskriminasie op grond van geslag, en 'n meer positiewe gesindheid ten opsigte van afwesighede tydens gesinskrisisse, of jeens kraamverlof, kan die impak van die dubbele rol verminder. Mans met hoë beroepsambisie mag die "nuwe" eise tuis egter meer beklemmend vind as diegene wat minder betrokke is by hul werk (Walker & Wallston, 1985). Daarenteen het Barling (1990) bevind dat beroepsbevrediging by beide egliede verband hou met meer huwelikstevredenheid.

2.3.3.3 Biografiese veranderlikes

Smit en Steyn (1996) berig dat 'n aantal biografiese faktore ook as tussenkomende veranderlikes gesien kan word.

Hoër opleiding en behoefte aan beroepsvervulling

Ten spyte van die feit dat goed opgeleide vroue vanweë hul beter inkomste makliker kan skei, meen Walker en Wallston (1985) dat professionele vroue minder probleme het met rolkonflik as hulle hul werk geniet. Verder dui De Waal (1992) en Du Toit (1993) se navorsing daarop dat persone met 'n nagraadse kwalifikasie meer geneig is tot 'n sterk verbintenis tot die huwelik. In die huwelike waar beide egliede oor tersiêre opleiding beskik, het die vroue beleef dat hul mans meer emosionele ondersteuning en/of praktiese hulp bied (Bird & Melville, 1994; Smit & Steyn, 1996). Burke en Greenglass (1987) haal navorsing aan wat daarop dui dat beide die vroue en mans in dubbelloopbaanhuwelike neig om na verloop van tyd gelukkiger te wees met hul huwelike as die eggenote van die nie-werkende vroue.

Ouderdom en duur van huwelikslewe

Vroue wat ouer en langer getroud is, hanteer hul dubbele eise makliker (Olson *et al.*, 1983) en ervaar gevolglik hoër beroepsatisfaksie en oënskynlik 'n sterker beleving van huweliksintegrasie (Smit & Steyn, 1996). Uitgestelde ouerskap korreleer met meer emosionele betrokkenheid by die kinders (Coltrane, 1990) en by vaders met die beter hantering van hulle ouerskapseise en meer huwelikstevredenheid as hulle die afskaling van tyd aan hul loopbane kan aanvaar (Cooney, Pedersen, Indelicato & Palkovitz, 1993).

Aantal en ouderdom van kinders

Hoe ouer haar jongste kind is, hoe minder lei die vrou onder die stres wat die twee rolle meebring (Benokraitis, 1996; Smit & Steyn, 1996; Walker & Wallston, 1985). Dieselfde geld vir 'n kleiner getal kinders (Kinnunen & Mauno, 1998).

Die omvang van sosiale aanvaarding en praktiese steun

Die aanvaarding, fisiese hulp en emosionele ondersteuning wat die sisteem geniet, dra ook grootliks by tot die egpare se mate van stres en effektiwiteit van hul funksionering (Anderson, 1982; Olson *et al.*, 1983; Steinmetz *et al.*, 1990). Die beskikbaarheid van huishulpe blyk in Suid-Afrika van deurslaggewende belang te wees (Gerdes, 1981b; Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972).

Dit blyk dus dat jonger vroue nog heelwat probleme kan hê met rolstres, maar dat 'n langer tyd in die beroepsmark, hul mans se emosionele en instrumentele hulp en beide se hoër opleiding die situasie kan verbeter. Verder mag mans met 'n hoër opleiding en/of 'n minder tradisionele rolsiening tans meer rolstres ervaar: hulle aanvaar waarskynlik medeverantwoordelikheid vir die huishoudelike en kinderversorgingspligte, maar sou waarskynlik terselfdertyd vinniger wou vorder op die beroepsleer.

2.3.4 DIE POSITIEWE EFFEK VAN VROU SE BEROEPSARBEID

Uit die bespreking van die mediasie-hipotese het dit geblyk dat die negatiewe invloed van die vrou se buitenshuise arbeid besweer kan word onder sekere omstandighede. Vervolgens sal aangedui word dat 'n dubbelloopbaanhuwelik voordele kan inhou vir beide egliede en dat dit die huweliksverhouding selfs kan versterk.

2.3.4.1 Positiewe effek vir vroue

- Ekstra inkomste met meer gelykheid en mede-besluitnemingsmag word verkry (Bird & Melville, 1994; Gerdes, 1981a; Papalia & Olds, 1981). In Suid-Afrika, waar mans heelwat werksonsekerheid beleef, kan vroue se inkomste 'n bron van sekuriteit wees.
- Werksbevrediging en/of persoonlike ontwikkeling is moontlik (Hyde, 1998; Louw, 1983a; Wolf, 1996). Ten spyte van hul groter finansiële onafhanklikheid en dus die potensiaal van egskedding (Davis, 1985a; Espenshade, 1985), dui navorsing eerder op 'n positiewe verband tussen werksbevrediging en huweliksverbintenis (Barling, 1990; Du Toit, 1993).

- Daar is aanduidings van fisiese en geestesgesondheid wat goed vergelyk met dié van hul eggenote en met dié van nie-werkende vroue indien hulle nie ernstige rolkonflik beleef nie (Bird & Melville, 1994; Elloy & Anderson, 1990; Hyde, 1998; Kinnunen & Mauno, 1998; Smit, 1995).
- Barnett en Rivers (in Hyde, 1998) skryf die huidige meer positiewe invloed van die vroue se buitenshuise werk toe aan die tendens dat die mans oënskynlik toenemend meer (34-50%) van die huishoudelike take uitvoer en dus die vroue se lading verminder.

2.3.4.2 Positiewe effek vir mans

- Mans beleef meer vryheid om interne werksbevreëding na te streef, opinies uit te spreek of om van werk te verander omdat daar mede-broodwinners is (Bird & Melville, 1994; Rosin, 1990; Wolf, 1996). Hierdie voordeel mag tot 'n mindere mate waar wees in die huidige regstellende situasie in Suid-Afrika.
- Beroepsvroue kan 'n bron van ondersteuning en motivering wees vanweë hul begrip vir die eise van 'n beroep (Elloy & Anderson, 1990; Rosin, 1990).
- Pa-kind-verhoudings word beter uitgebou en as verrykend beleef (Bird & Melville, 1994; Papalia & Olds, 1981; Rosin 1990; Wolf, 1996).

2.3.4.3 Positiewe effek vir egpaarfunksionering

Ten spyte van die feit dat egpare in dubbelloopbaanhuwelike waarskynlik veral vroeër meer rolkonflik beleef het, en tans meer dubbelrol-stres beleef as waar die vroue nie buitenshuis werk nie, blyk dit dat vroue se buitenshuise arbeid nie meer noodwendig huwelikstabieleit bedreig nie (De Waal, 1992; Du Toit, 1993; Glick *et al.*, 1987; Pendleton, Poloma & Garland, 1982; Smit & Steyn, 1996). Dubbelloopbaanegpare se mede-betrokkenheid by beide werks- en huis-verpligtinge kan bydra tot meer betekenisvolle interaksie (Elloy & Anderson, 1990; Gerdes, 1981b; Schwartz, 1994).

Doelbewuste aanpassing is egter nodig om goeie egpaarinteraksie te verseker (Glick *et al.*, 1987; Pendleton *et al.*, 1982).

Dit blyk dus dat daar uiteenlopende menings is oor die rol wat die vrou se beroepsarbeid in die egpare se affektiewe funksionering speel. Daar is selfs tans nog diegene wat glo dat dit 'n negatiewe, moeilik veranderbare effek het. Daarenteen wys andere op die voordele daarvan vir beide die vroue en die mans en word geglo dat sekere tussenkomende veranderlikes die effek beïnvloed en dus doelbewus in werking gestel kan word om goeie affektiewe funksionering te fasiliteer. Egpare sal egter doelbewus aandag moet gee aan die effektiewe hantering van beide hul instrumentele en affektiewe take.

2.4 DIE ROL VAN OUERSKAP IN JONG EGPARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

2.4.1 DIE AARD VAN OUERSKAP IN DIE HUIDIGE SOSIALE KONTEKS

Daar is verskillende standpunte oor die effek van ouerskap op egpaarfunksionering. Die beklemtoning van die negatiewe en die positiewe effek, sowel as die rol van 'n moontlike mediasiehipotese met betrekking tot die effek van ouerskap op die betrokke individuele egliede en hul egpaarfunksionering, kry vervolgens aandag. Die aard van ouerskap, soos wat jong werkende egpare dit waarskynlik in die huidige sosiale konteks beleef, word ten aanvang kortliks bespreek.

2.4.1.1 'n Kleiner kindertal

Ouerskap kan tans met behulp van tegniese ontwikkelinge gereël word en effektiewe geboortebeperking bring meestal minder kinders, en eers op 'n later stadium in die

huwelik mee. 'n Doelbewuste besluit kan dus dikwels met betrekking tot die wenslikheid en tydstip van ouerskap geneem word en beter finansiële en emosionele voorbereiding kan gedoen word vir kinders (Coltrane, 1990; Cooney *et al.*, 1993; Van Ede, 1981).

2.4.1.2 Betekenis wat aan ouerskap geheg word

Vroue se beroepsbetrokkenheid bied aan hulle bykomende geleenthede om hul identiteite uit te bou en dus kan moederskap meer in belang van die kind wees. Van vaders word mede-betrokkenheid by die kinders se versorging verwag. Volgens Entwisle (1985) is vaders toenemend teenwoordig by hul kinders se geboortes en stel hulle 'n hoër premie op kontak met hul kinders.

2.4.1.3 Klem op behoeftebevrediging en aangewesendheid op mekaar

Kinders kan as beperkend gesien word vir die vrye uitlewing van ouers se individuele strewes (Guerin *et al.*, 1987; Prochaska & Prochaska, 1978). Terselfdertyd het daar volgens Van Ede (1981) 'n kindgesentreerdheid ontwikkel en word 'n hoër premie gestel op ook die kinders se emosionele welwees. Gesinslede is in die huidige nukleêregesinne grootliks op mekaar aangewese vir die bevrediging van hierdie emosionele behoeftes (Anderson, 1982; Gerdes & Philips, 1976; Hareven, 1982; Low, 1990).

Daar kan nie onomwonde positief of negatief gereageer word op die vraag of ouerskap tans noodwendig die jonger egpare se huwelikstabiliteit en/of -geluk bedreig nie. Sedert 'n nasionale opname in Amerika in die sewentigerjare is geglo dat daar nie 'n simplistiese antwoord gegee kan word nie, dat velerlei faktore 'n rol speel en dat meer navorsing in dié verband nodig is (Hoffman & Manis, 1978; Lamb, 1978). Na 'n dekade se navorsing oor die vraag kom Nichols in 1988 tot die slotsom dat: "It does and it doesn't; it all depends" (p.32). Smit (1995) beaam dit met die voorheen genoemde sogenaamde mediasiehipotese wat impliseer dat daar bepaalde tussenkomende faktore is wat die effek van ouerskap kan beïnvloed. Vervolgens word daar eers aandag gegee

aan die negatiewe impak wat ouerskap tans op jonger vaders en moeders as individue, maar ook op hul egpaarfunksionering, kan hê.

2.4.2 NEGATIEWE EFFEK VAN OUERSKAP

Sedert die werk van LeMasters (1957) tot in die middel-sestigerjare is geglo dat egpare, as individue en as huweliksmaats, 'n sogenaamde krisis beleef met die koms van die eerste kind (Bigner, 1983; Nichols, 1988; Olson, House, Mero & Webster., 1983; Orbuch *et al.*, 1996; Rollins & Feldman, 1970; Rollins & Galligan, 1978).

2.4.2.1 Negatiewe effek op mans

Vaders het in die vroeë sewentigerjare probleme ondervind met die rusverstoring, grootouers se inmenging en met die finansiële en arbeidsimplikasies wat 'n nuweling meegebring het (Van Ede, 1981). Voorheen is vaders veral betrek by die versorging van die tweede kind, terwyl hulp en emosionele betrokkenheid tans reeds met die geboorte van die eersteling verwag word (Benokraitis, 1996; Goldenberg & Goldenberg, 1996; Kreppner, 1988; Lamb, 1978; Wolf, 1996). Hulle beleef dus tans meer dikwels saam met hul vrouens die groter werkslading en die noodwendige onsekerheid oor die regte hantering van kinders. Terselfdertyd vind hulle die afname in seksuele intimiteit dikwels meer onaanvaarbaar as die vroue (Crenshaw, 1983; Mackey & O'Brien, 1995). Soos vroeër aangedui is, kan die meerdere tuisbetrokkenheid die huidige eis om 'n sterker betrokkenheid by hulle loopbane benadeel en mag hulle hul vroue verkwalik daarvoor en minder huwelikstevredenheid ervaar (Cooney *et al.*, 1993).

2.4.2.2 Negatiewe effek op vroue

Wanneer meer beroepsgeoriënteerde moeders met die koms van hul kinders in 'n meer tradisionele versorgersrol (die sogenaamde "mommy track", wat alle aspekte van die fisiese en emosionele versorging insluit) geplaas word, kan hul rolkonflik oor werks- en versorgingseise verhoog. Hulle mag gevolglik hul ouerskap negatief beleef en minder

huwelikstevredenheid hê (Feldman, 1982; Goldenberg & Goldenberg, 1996; Olson *et al.*, 1983; Smit, 1995, 1996; Van Ede, 1981). Die feit dat die mans volgens 'n hele aantal outeurs meestal meer in die ko-ouerrol bly as wat hulle mede-verantwoordelikheid neem vir die kinders se fisiese en emosionele versorging, frustreer die vroue (Coltrane, 1990; Palm & Palkovitz, 1988; Rollins & Feldman, 1970). Dit blyk dat die mans vier tot vyf keer meer met hul kinders speel as wat hulle hul versorg (Louw & Louw, 1990) en dat vroue omtrent twee keer soveel take as mans verrig totdat die kinders 12 jaar oud is, terwyl die mans meer geredelik betrokke raak by die dissiplinering van hul kinders (Gerdes & Van Ede, 1990).

Dieselfde uiteenlopende sienings ten opsigte van huishoudelike take geld ook met betrekking tot kinderversorging. Volgens Bird en Melville (1994) wil vroue nie net emosionele ondersteuning hê nie, hulle wil ook fisiese hulp hê. Andere meen egter dat daar heelwat vroue is wat glo dat mans nie so bevoeg is soos vroue om kinders te versorg nie (Palm & Palkovitz, 1988), dat hulle dus nie hul mans "toelaat" om as versorgers op te tree nie en eerder die beskerming van die tradisionele rolle wil hê (Cowan & Cowan, 1988; Gerdes & Van Ede, 1990). Outeurs is dit egter meestal eens dat die vroue se oorbelading hulle dikwels emosioneel en fisies oorweldig en dat dit ontevredenheid met die onregverdige taakverdeling en gevolglike vyandigheid jeens die mans meebring (Benokraitis, 1996; Bird & Melville, 1994; Brown *et al.*, 1997; Mackey & O'Brien, 1995).

2.4.2.3 Negatiewe effek op egpaarfunksionering

Dit blyk dat egpare op beide die funksionele vlak (met betrekking tot huishoudelike, bestuurs- en administratiewe take) en die affektiewe vlak (met betrekking tot emosionele versorging) probleme ondervind.

Instrumentele aanpassing

Instrumentele aanpassing ten opsigte van die versorging van voorskoolse kinders is op die volgende terreine nodig:

- Werkslading: Voortdurende werk en die ontwikkeling van nuwe vaardighede met betrekking tot organisasie- en probleemoplossing;
- Tyd: Doelbewuste skedulering vir egpaarinteraksie;
- Finansies: Die generering van meer fondse en effektiewe begroting ;
- Familie, vriende en ontspanning: Spesiale reëlins vir die akkommodering van die uitgebreide familie sodat wedersydse grense gerespekteer word, en die egpaar tyd het om te ontspan en met vriende om te gaan (Bigner, 1983; Cowan & Cowan, 1988; Entwisle, 1985; Fehr & Perlman, 1985; Fischer, 1988; Gerdes & Van Ede, 1990; Hoffman & Manis, 1978; Hoffman & Manis, 1978; Nichols, 1988; Rollins & Galligan, 1978; Spanier *et al.*, 1978):

Affektiewe aanpassing

Met betrekking tot hul affektiewe funksionering het jong egpare te kampe met die volgende aanpassings om hul ouerskap, maar ook hulle egpaarinteraksie in stand te hou:

- Streshantering: Aanleer van nuwe tegnieke om die groter werkslading, uitklaring van rolle, finansiële kommer tesame met minder ontspanning en meer onsekerheid oor die nuwe verpligtinge te hanteer
- Konflikhantering: Selfkontrole, die behoud van goeie gesindhede te midde van hoë werkslading en ontwikkeling van effektiewe kommunikasievaardighede
- Akkommodering in emosionele driehoek: Probleme om emosioneel naby die kind te wees en mekaar se nabyheid te behou
- Behoud van eie intimiteit: Spesiale pogings moet aangewend word om emosionele en seksuele intimiteit te fasiliteer, aangesien kinderversorging min tyd, energie, privaatheid en spontaneïteit laat vir die interaksie (Ball *et al.*, 1995; Cahn, 1992; Clinebell & Clinebell, 1970; Cowan & Cowan, 1988; Crenshaw, 1983; Entwisle, 1985; Haley, 1973; Lamb, 1978; Mackey & O'Brien, 1995; Nichols, 1988; Spanier *et al.*, 1978; Van Ede, 1990).

Die proses van aanpassing en "stryd" word bemoeilik deur die feit dat dit volgens Entwisle (1985) 'n jaar kan neem na die eersteling se geboorte voor die situasie

stabiliseer en omdat jong gesinne se funksionering net nog meer kompleks raak na die geboorte van 'n tweede kind (Kreppner, 1988). Alhoewel dit negatief kan wees vir egpaarfunksionering, hoef die geboorte van 'n eerste kind egter nie 'n traumatiese, onoorkomelike huwelikskrisis mee te bring nie. Die outeurs wat hiermee saamstem, dui ook aan dat die betrokke egpare gekonfronteer word met ingrypende nuwe eise wat doelbewuste pogings tot aanpassing verg (Belsky & Pensky, 1988; Bigner, 1983; Gerdes & Van Ede, 1990; Mackey & O'Brien, 1995; Moss, Abramowitz & Racusin, 1985; Rollins & Galligan, 1978; Vaillant & Vaillant, 1993). Die tussenkomende veranderlikes wat die effek van ouerskap op egpaarfunksionering beïnvloed, word vervolgens bespreek.

2.4.3 "TUSSENKOMENDE" VERANDERLIKES WAT DIE EFFEK VAN OUESKAP KAN BEÏNVLOED

Die veranderlikes wat die effek van ouerskap op egliede se individuele en hul egpaarfunksionering beïnvloed, kan verdeel word in drie groepe. Daar word kortliks verwys na dié veranderlikes wat te make het met die verhouding, dié wat persoonsverwant is en dié wat meer te doen het met die kinders as sodanig.

2.4.3.1 Verhoudingsverwante veranderlikes

Egpare wat voor die kinders se geboorte goed aangepas is by 'n egalitêre rolverdeling, effektiewe kommunikasie het en huwelikstevredenheid beleef, word minder ontwig deur ouerskap (Cowan & Cowan, 1988; Entwisle, 1985; Goldenberg & Goldenberg, 1996; Mackey & O'Brien, 1995; Rollins & Galligan, 1978; Van Ede, 1981).

2.4.3.2 Persoonsverwante veranderlikes

'n Gebalanseerde persoonlikheid, goeie selfbeeld en positiewe verwagtinge van die huwelik op grond van aangename kindertydse ervarings kan bydra tot die beter

hantering van ouerskapseise (Belsky & Pensky, 1988). Naskoolse opleiding, 'n hoër ouderdom met die geboorte van die eersteling, beter organisasievermoëns en die persepsie dat die vroue se beroep ook positief kan wees vir die kinders, lei tot minder stremming op die dubbelloopbaanegpare se interaksie (Cooney *et al.*, 1993; Hoffman & Manis, 1978; Smit, 1995; Van Ede, 1981). O'Neil en Greenberger (1994) se ondersoek dui egter daarop dat pa's wat lae werk- en hoë ouerskapverbintenis het, die minste rolstres beleef en dat pa's met hoë werk- en ouerskapverbintenis die kombinerende van die rolle moeiliker vind. Intimiteit word gefasiliteer as die vroue nie toelaat dat hul moederskapsrolle hulle "partner"-rolle oorskadu nie en die vroue se goeie gesindheid word behou as die mans hulle genoeg help (Benokraitis, 1996; Cowan & Cowan, 1988; Goldenberg & Goldenberg, 1996; Smit, 1995; Wolf, 1996).

2.4.3.3 Kinderverwante veranderlikes

'n Kleiner aantal kinders, wat beplan is, en wat as welkom beskou word, kan selfs 'n positiewe effek hê op egpaarinteraksie (Entwistle, 1985; Hoffman & Manis, 1978; Rollins & Galligan, 1978; Smit, 1995; Van Ede, 1981). Katzev, Warner en Acock (1994) het bevind dat vaders meer betrokke is by seuns en dat daar dus meer egskeidings is wanneer daar net dogters in die gesin is.

2.4.4 DIE POSITIEWE EFFEK VAN OUERSKAP

Al is daar volgens Belsky en Pensky (1988) minder studies gedoen oor die goeie effek van ouerskap op egpaarfunksionering, verwys Hoffman en Manis (1978) na 'n landswye opname in Amerika wat in 1975 reeds gedui het op die positiewe gevolge van ouerskap vir die ouers, as individue en as egpare.

2.4.4.1 Positiewe effek op mans en vroue

Aangesien daar nie in die literatuur veel onderskeid getref word met betrekking tot geslag nie, word die positiewe effek wat kinders op hul ouers kan hê, bespreek. Klem

word gelê op die persoonlike verryking wat beide ouers as volwasse en vervulde mense beleef terwyl hul voldoen aan die kinders se behoefte aan ouerlike versorging. Hulle ontwikkel wysheid en vaardigheid om hul kinders fisies en psigies te versorg. In die proses beleef hulle gevoelens van verantwoordelikheid, betekenisvolheid, en vreugde omdat hulle liefde en leiding gee, maar ook deel in kindergenot (Benokraitis, 1996; Fawcett, 1988; Hoffman & Manis, 1978; Moss *et al.*, 1985; Newman & Newman, 1988; Olson *et al.*, 1983; Wolf, 1996). Alhoewel egpare, volgens Willi (1997), 'n afname in huwelikstevredenheid kan beleef na die geboorte van hul kinders, kan hulle oor die algemeen meer lewenstevredenheid beleef en kan dit weer dividende lewer vir die egpaarverhouding.

2.4.4.2 Positiewe effek op egpaarfunksionering

Indien die ouers individueel bevrediging put uit hul ouerrolle en boonop in die proses oor die algemeen meer empaties en sorgsaam word, kan hulle eie interaksie daarby baat (Gerdes & Van Ede, 1990). Verder mag die versorging meer samewerking fasiliteer en kan die pret wat met kleingoed geassosieer word, tot vrolikheid en gevoelens van gesinwees en vervulling lei (Benokraitis, 1996; Bird & Melville, 1994; Fawcett, 1988). Familiewaardes word ook versterk vanweë die hernude kontak met grootouers en die res van die familie (Benokraitis, 1996; Fischer, 1988; Moss *et al.*, 1985).

Dit wil dus voorkom asof die koms van kinders egpare se funksionering onder sterk druk plaas, maar dat dit ook daarby kan baat. Terwyl daar algemeen aanvaar word dat veral die vroue meer oorbelading beleef en dus groter aanpassings moet maak as die mans, word daar ook berig dat laasgenoemde toenemend meer betrokke raak by kinderversorging. Dis egter duidelik dat die egpare se vermoëns tot funksionele en affektiewe funksionering met die aanvang van ouerskap uitgebou moet word ten einde die moontlik negatiewe effek van die kinders te minimaliseer.

2.5 DIE ROL VAN DIE EGALITÊRE HUWELIKSISTEEM IN JONG EGPARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

2.5.1 DIE AARD VAN VERANDERINGE IN DIE GESINSTRUKTUUR

2.5.1.1 Uitgestelde huwelike en ouerskap

Verdere opleiding en saamwony bring dikwels mee dat egpare later trou en kinders het (Benokraitis, 1996; Bird & Melville, 1994; Bjorksten & Stewart, 1987; Spanier, 1985). Gepaard hiermee is daar elders en ook plaaslik 'n tendens om kleiner gesinne as ekonomies meer aanvaarbaar te beskou (Davis, 1985a; Espenshade, 1985; Gerdes, 1981b; Spanier, 1985).

2.5.1.2 Kortstondigheid van die huwelik

'n 1994-Verslag van 'n sensusopname in die Verenigde State van Amerika dui daarop dat meer as die helfte van die huwelike aldaar in egskeiding eindig (Wolf, 1996). Dat daar verder 'n volgehoue toename in die egskeidingskoers is, word algemeen aanvaar (Bjorksten & Stewart, 1987; Davis, 1985a; Espenshade, 1985). Soos reeds genoem sluit 'n sensusopname in Suid-Afrika wat daarop dui dat 33% van die huwelike in die witgemeenskap binne die eerste vier jaar in egskeiding eindig hierby aan (Central Statistical Service, 1998).

2.5.1.3 Gewysigde gesinsvorme

Daar kan eintlik nie meer van 'n "tipiese" gesin gepraat word nie aangesien daar so 'n groot toename in enkelouer- en hersaamgestelde gesinne is (Davis, 1985b; Goldenberg & Goldenberg, 1996). Afgesien van homoseksuele pare, is daar ook talle pare wat

ongetroud saamwoon en is eerste huwelike dikwels nie die eerste ervaring van sodanige verhoudings nie (Aidala, 1989; Wolf, 1996).

2.5.1.4 Emosionele aangewesenheid op mekaar

Grootliks as gevolg van industrialisasie en verstedeliking, soos reeds aangedui, is die tradisionele uitgebreide gesin vervang met die sogenaamde nukleêre- of kerngesin en is egliede op hulself aangewese (en eien hulle hul die reg toe) om emosioneel en andersins in die veel kleiner gesinne op hul eie te oorleef (Anderson, 1982; Gerdes & Philips, 1976; Hareven, 1982; Low, 1990).

2.5.1.5 Nuwe rolverdeling

Die tradisionele rolverdeling, met die man as hoof van die gesin en die vrou as ondergeskikte, is grootliks as gevolg van die vrou se beroepstoetreding vervang met 'n nuwe vorm wat meestal bekend staan as die kameraadskapshuwelik (Benokraitis, 1996; Feldman, 1982; Nicol, 1989; Pollock, Die & Marriott, 1990; Steinmetz *et al.*, 1990).

Dit blyk dus dat die huidige jong huwelike struktureel oor die algemeen gekenmerk kan word deur twee ouers wat sonder ander familieleden 'n wooneenheid bewoon, wat later as in vorige dekades getroud is, en een of twee kinders insluit, wat eweneens op 'n later stadium in die huwelik gebore is. Die ouers sal waarskynlik beide werk en hulle sal gevolglik 'n egalitêre rolvervulling meer funksioneel vind.

2.5.2 OMSKRYWING VAN 'N EGALITÊRE HUWELIKSISTEEM

In die bespreking van die twee stelsels en die aard van die verskuiwing van die tradisionele na die egalitêre stelsel, is veral gebruik gemaak van Gerdes (1981b) en Nicol (1989) se uiteensettings. Ander outeurs word, waar relevant, aangedui.

Die tradisionele patriargiale of gesagshuwelik is gekenmerk deur 'n hiërargiese struktuur met die man as gesagsfiguur, duidelik gedifferensieërde rolle wat, vanweë die voorspelbare taakindeling, sekuriteit gebied het. Algemeen geldende gemeenskapsnorme en verantwoordelikheid het hierdie tipe huwelik in stand gehou (Bjorksten & Stewart, 1987; Mace & Mace, 1974). Teenoor die man se broodwinnersrol, leierskap en min gevoelsekspressie, moes die vrou, as voltydse huisvrou, konformeer en omsien na die gesin se fisieke en psigiese behoeftes. Die vrou het dus 'n sterker ekspressiewe rol vertolk en omgesien na die kwaliteit van die gesinsverhoudinge (Pollock *et al.*, 1990). Volgens Du Toit (1987) is die verhouding gekenmerk deur formele interaksiepatrone met 'n lae vlak van emosionele intimiteit en het konflik waarskynlik meestal gehandel oor funksionele aspekte en nie soseer oor onbevredigende affektiewe uitruiling nie.

Die egalitêre stelsel, wat geassosieer word met 'n kameraad- of vennootskapshuwelik, kom toenemend voor. Volgens Du Toit (1987) en Mace en Mace (1974) het die sosioloog Burgess en Locke in 1945 al hierdie term die eerste keer gebruik en het hulle toe reeds 'n toenemende fokus op kameradie en simpatieke betrokkenheid bepleit. Die nuwe gelykheid en gepaardgaande rolverdeling het egter aanvanklik rolkonflik en verwarring oor gesag en elkeen se verantwoordelikheid meegebring. Verder berus die verbintenis op interne kohesie, wat verkry word deur behoeftebevrediging en persoonlike vervulling. Daar word dus op grond van elkeen se behoeftes besluit oor die beste rolverdeling en huisreëls (Bjorksten & Stewart, 1987; Mace & Mace, 1974). Hierdie huweliksisteem het uiteraard implikasies vir die verwagtinge wat egpare in terme van hul affektiewe funksionering koester.

2.5.3 VERWAGTINGE EIE AAN DIE EGALITÊRE STELSEL

2.5.3.1 Verwagtinge in terme van geslagsrolle

"Recently gender roles have changed to encompass greater androgyny and equality" (Wolf, 1996, p.70). Androgeniteit verwys na die tendens om rolle te kies en gedrag te kombineer wat met beide tradisionele manlike en vroulike rolle geassosieer word. Die

nuwe kameraadskapshuwelik vereis toenemend 'n integrasie van beide rolle in beide egliede: van die man word verwag dat hy meer betrokke sal raak by huistake, by die versorging van die kinders en dat hy sy vrou emosioneel sal kan akkommodeer, terwyl die vrou met minder skuldgevoelens ook meer funksionele take van manlike aard sal moet vervul. Die hantering van albei tipes rolle impliseer in werklikheid ook 'n groter mate van androgeniteit met betrekking tot die eienskappe wat met dié van teenoorgestelde geslag geassosieer word (Feldman, 1982; Gerdes, 1981b, 1987; Wolf, 1996). Die man moet dus meer tuis raak op die emosionele vlak, en die vrou op die rasionele vlak (sien verskille tussen die geslagte in 3.2.2 en die implikasies daarvan vir egpaarfunksionering in hoofstuk 5).

Bjorksten en Stewart (1987), Guerin *et al.* (1987), sowel as Jacobson en Margolin (1979) meen dat veral die vroue toenemend veeleisend geword het met betrekking tot die affektiewe betekenisvolheid van die verhouding. Giddens (1992), Mackey en O'Brien (1995), Pina en Bengtson (1993) en Steyn (1996) dui egter aan dat die vroue ook instrumentele betrokkenheid by tipies vroulike take eis. Nicol (1989) dui aan dat egpare soms verstrik raak in hul verwagtinge van mekaar. Hulle kan geneig wees om terselfdertyd verwagtinge te koester aan tradisionele en egalitêre gedrag en aan mekaar verwarrende dubbelboodskappe gee.

2.5.3.2 Verwagtinge van die verhouding

Weitzman (1985, p.344) beweer in sy bespreking van wat nodig is vir die oorlewing van die egalitêre huwelik dat, anders as in die tradisionele huwelik waar sosiale kragte die verbintenis beskerm het, "the importance of marriage will rest increasingly on its ability to provide individuals with psychic and emotional sustenance." Hierdie siening, naamlik dat die huwelik steeds die enigste plek is wat, te midde van die eise van 'n burokratiese en tegnologiese wêreld, verantwoordelik is vir die sogenaamde "humanization" van die lede, gee aanleiding tot besonder hoë verwagtinge van die huweliksverhouding (Davis, 1985a; Mook, 1986; Stone, 1985; Wolf, 1996). Daar moet sekuriteit gevind word in voortgesette liefde, terwyl beide maats die geleentheid tot eie groei moet hê. Mace en

Mace (1974) som dit goed op wanneer hulle meen dat **maksimum intimiteit vir die egpaar in maksimum ruimte vir die individue verwag word**. Daar is dan ook talle verwysings na die eis wat in terme van beide die aspekte gestel word: intimiteit (kameraadskap, wedersydse liefde, met emosionele versorging en seksuele genieting) is van kardinale belang, sowel as volop ruimte vir eie menswees en vir verdere geleentheid tot selfverwesenliking (Bird & Melville, 1994; Du Toit, 1987; Erickson, 1993; Guthrie & Snyder, 1988; Mace & Mace, 1974; Mook, 1986; Pollock *et al.*, 1990; Schwartz, 1994; Steinmetz *et al.*, 1990; Swensen, 1985).

2.5.4 EFFEKTIWITEIT VAN DIE EGALITÊRE STELSEL

Die vraag is of die egalitêre stelsel gevestig is en of egpare daarby baat. Daar bestaan uiteenlopende menings oor die saak.

2.5.4.1 Aanvanklike probleme

Egpare het nog in die sewentigerjare groot emosionele en praktiese probleme gehad om die "nuwe" stelsel te laat werk. Verskillende redes is hiervoor aangevoer: Die egpare se psigologiese wêreld op grond waarvan behoeftes beredeneer is, het op daardie stadium nog indringend van mekaar verskil en die egpare het die nodige kennis en vaardighede kortgekom om die afstande te oorbrug (Gerdes & Philips, 1976; Gerdes, 1981b; Rapoport & Rapoport, 1972). As familie en vriende nie die veranderde geslagsrolle gekondoneer het nie en die betrokke egpare se selfkonsepte dus benadeel is, is die egalitêre stelsel moeilik geïmplementeer (Nicol, 1989; Wood, Christensen, Hebl & Rothgerber, 1997).

2.5.4.2 Tevredenheid met die stelsel

Sedert die tagtigerjare dui navorsing daarop dat die stelsel wel gevestig is in sekere sektore van die samelewing. Die jong egpare wat deel uitgemaak het van Olson en sy mede-navorsers se ondersoek het byvoorbeeld in 1983 reeds groot tevredenheid

uitgespreek met die egalitêre stelsel. Ook Steinmetz *et al.* (1990) en Pollock *et al.* (1990) is eweneens oortuig daarvan dat daar beter huwelikskommunikasie en meer geluk is in die vennootskapshuwelike. Die stelsel blyk tans ook in Suid-Afrika, ten minste vir wit egpare, aanvaarbaar te wees (Steyn, 1996). Die mate van bevrediging hou volgens Erickson (1993) verband met die wyse waarop albei egliede betrokke is by beide die instrumentele hulpverlening en die sogenaamde "emotion work". Egpare se mate van androgeniteit en beter begrip vir mekaar se werkswêreld, sowel as hul ongeïnhibeerde seksuele vrymoedigheid, fasiliteer die egalitêre stelsel (Bird & Melville, 1994; Schwartz, 1994).

2.5.4.3 Ontevredenheid met die stelsel

Jesse Bernard (1982) se siening, wat sy in die eerste uitgawe van haar boek in 1972 bespreek het, naamlik dat die vroue steeds te na gekom word in die huwelik, word tans ook deur sekere outeurs onderskryf. McGoldrick en Carter (1982) en Vaillant en Vaillant (1993) glo dat vroue oor die algemeen meer verwag van die huwelik en dan ook oor die algemeen meer teleurgesteld en minder tevrede is daarmee. Alhoewel die rolverwagtinge tans duideliker uitgeklaar is, integreer die vroue tot dusver die rolle beter en is hulle ontnugter en ongelukkig oor die mans se swak vermoë om emosioneel en funksioneel te voldoen aan die dubbele eise (Bigner, 1983; Bird & Melville, 1994; Giddens, 1992; Pina & Bengtson, 1993). Uit navorsing blyk dit dat vroue glo dat mans die nodige rolle kan aanleer en verwag hulle om alle take te deel, terwyl die mans glo dat hulle 'n "bietjie sal uithelp" en sekere goed glad nie sal doen nie (Bird & Melville, 1994). Teenoor die vroue se algemene siening in 1970, naamlik dat die mans basies "kind, gentle and thoughtful" (Bird en Melville, 1994, p.53) was, het net 51% in 1990 nog so positief gedink oor mans. Waar hulle waarskynlik aanvanklik verheug was dat hul mans hul "toegelaat" het om te gaan werk, was hulle twee dekades later teleurgesteld in die mans se aanpassing by die nuwe huweliksisteem. Volgens Wolf (1996) verkies jong ongetroude dames toenemend om ongebonde te bly omdat hulle klaarblyklik nie glo dat 'n ware egalitêre stelsel kan realiseer nie.

Alhoewel daar dus skynbaar tans meer duidelikheid is oor die aard van die egalitêre huwelik as twintig jaar gelede en 'n aantal egpare dit effektief implementeer, funksioneer die stelsel nie volgens almal goed nie. Afgesien van die meer algemene siening dat die mans se aanpassing nie na wense is nie, blyk dit dat konflikte oor 'n breër terrein sal voorkom omdat beide egliede gesamentlik betrokke is by die meeste aspekte van hul bestaan. Verder kan dit moeilik wees om die nodige funksionele samewerking in stand te hou, tesame met voldoende emosionele ondersteuning en bevredigende seksuele verkeer.

2.5.5 AANBEVELINGS VIR EGPAARFUNKSIONERING BINNE DIE EGALITÊRE STELSEL

Uit die bespreking tot dusver het dit duidelik geblyk dat egpare wat 'n egalitêre stelsel implementeer, met betrekking tot beide die funksionele en die emosionele vlakke aanpassings moet maak as hulle 'n bevredigende verhouding wil hê. Uit die ingrepe van terapeute blyk dit dat albei aspekte deurentyd aandag moet kry:

- Talle vraelyste diagnoseer egpare se interaksie in terme van hul vaardighede om hul probleemoplossing en hul nabyheid te fasiliteer (Badenhorst, 1978; Epstein, Baldwin & Bishop, 1983; Epstein, Bishop & Baldwin, 1982; Fredman & Sherman, 1987; Forman & Hagan, 1984; Olson *et al.*, 1983; Spanier, 1976).
- Huweliksprogramme en "-handleidings" gee eweneens aan die hantering van beide aspekte (instrumentele en affektiewe take) aandag. Daar word egter toenemend meer gefokus op die uitbouing van egpare se wedersydse aanvaarding en hul intieme samesyn (Du Toit, 1987; Louw, 1983a, 1983b, 1993; Maartens, 1990; Mol, 1981; Nicol, 1989; Pretorius, 1986, 1988; Stanley, Markman, St. Peters & Leber, 1995; Venter, 1988; Worthington, Buston & Hammonds, 1989).

Ten einde al die instrumentele take in 'n dubbelloopbaanhuwelik te kan uitvoer, is 'n vars, regverdige rolsverdeling, wat uniek kan wees vir elke egpaar, maar wat waarskynlik oor die algemeen van meer androgeniteit sal spreek, toenemend nodig

(Giddens, 1992; Pollock *et al.*, 1990; Schwartz, 1994; Steyn, 1996; Van Staden 1991). As daar aan die ander kant aan hoë verwagtinge met betrekking tot ware kameraadskap en volgehoue seksuele genieting voldoen moet word, meen Schwartz (1994) dat die egpare doelbewuste aandag sal moet gee aan hul affektiewe take, sodat hulle vennootskapsrolle nie hul romantiese betrokkenheid benadeel nie. Die belangrikheid van goeie affektiewe wisselwerking, ook in belang van groter verdraagsaamheid ten opsigte van instrumentele verpligtinge word deurentyd in die literatuur beklemtoon (Beck, 1988; Du Toit, 1987; Gottman, 1993, 1994a, 1994b; Guthrie & Snyder, 1988; Mace & Mace, 1974; Miller, Nunnally & Wackman, 1975; Nicol, 1989; Pollock *et al.*, 1990; Schwartz, 1994; Steinmetz *et al.*, 1990; Steyn, 1996; Stone, 1985).

2.6 'N SAMEVATTING VAN DIE ROL VAN JONG EGPARE SE SOSIALE KONTEKS IN HUL AFFEKTIEWE FUNKSIONERING IN 'N BIOPSIGOSOSIALE MODEL VIR EGPAARFUNKSIONERING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die aard van die betrokke sosiale konteks waarbinne jong egpare hulself bevind en is bepaal dat die volgende aspekte daarvan waarskynlik die egpare se affektiewe funksionering sal kan beïnvloed:

Met betrekking tot die strukturele aspekte van die sosiale konteks is daar aangedui dat die jong egpare waaroor dit hier handel, waarskynlik voorskoolse kinders het, dat beide die man en die vrou dikwels 'n loopbaan wil volg en dat die egpare oënskynlik gevolglik meestal poog om 'n egalitêre huwelikstelsel te implementeer. Hoewel jong egpare hul ouerskap en die hantering van twee loopbane nie as net negatief hoef te beleef nie, dui die steeds hoë egskeidingsyfer daarop dat die pare in hierdie fase (en oënskynlik veral die vroue) die besondere instrumentele en affektiewe eise wat aan hul gestel word, tog moeilik en soms onhoudbaar, vind. Die bespreekte aspekte van die sosiale konteks wat

jong egpare se affektiewe interaksie kan beïnvloed, maak dus deel uit van die "ontluikende" model vir egpaarfunksionering wat voorgestel is in die inleidende hoofstuk (sien Figuur 1.1). Die betrokke aspekte word gevolglik aangebring op die visuele voorstelling van die Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering in Figuur 2.1.

Die funksionele implikasies van hierdie veranderde struktuur is dat die egpaarfunksionering gekenmerk word deur 'n groter behoefte aan meer androgene en regverdige rolvervulling. Twee paradigmas, naamlik dié van eise aan buitengewoon hoë effektiwiteit, en perfekte individuele behoeftebevrediging, beide met betrekking tot hul loopbane en hul huwelike, bemoeilik egpare se interaksie op beide hierdie vlakke.

- As egpare hul affektiewe funksionering bevredigend wil vind, is die effektiwe hantering van die funksionele eise wat die huidige konteks stel enersyds noodsaaklik, maar moet hulle ook aandag gee aan hul emosionele en seksuele interaksie, sowel as aan goeie probleemoplossing.
- Sekere individuele en verhoudingsaspekte - wat as tussenkomende veranderlikes gesien kan word, skyn van deurslaggewende belang te wees vir huwelikstevredenheid en dus vir aanpassing by die besondere eise wat aan jong egpare gestel word.

Die **individuele veranderlikes** wat blykbaar daartoe kan bydra dat die effek van hul kenmerkende saamleefpatroon minder negatief kan wees, is onder andere die volgende:

- meer gebalanseerde, stres-weerbare persoonlikhede;
 - hoër akademiese opleiding;
 - beide se verbintenis tot, goeie aanpassing by en bevrediging ten opsigte van werks- en gesinseise;
 - die gevolglike aanvaarding van 'n meer androgene rolvervulling;
 - matiger werkseise, veral meer tyd vir jong moeders en minder druk op beide vir vroeë prestasie
 - later ouerskap as die huwelik meer gevestig is;
-

- minder en ouer kindertjies;
- genoegsame hulpbronne om hul dubbele werkslading te verlig;
- sosiale aanvaarding van hul "nuwe" stelsel, beide deur werkgewers en ander betekenisvolle persone in hul bestaansmilieu.


Verhoudingsveranderlikes wat belangrik blyk te wees vir meer huwelikstevredenheid, is die volgende:

- wedersydse aanvaarding van beide se behoeftes aan ontwikkeling en werksbevrediging;
- beide se vermoë om mekaar se pogings tot androgene rolsvervulling te akkommodeer;
- goeie kindertydse verhoudinge met eie ouers;
- 'n basies goeie egpaarverhouding voor hul ouerskap begin;
- 'n balans tussen aandag aan die "nuweling", aan mekaar en hul egpaarinteraksie;
- besondere moeite om hul affektiewe interaksie op 'n bevredigende vlak te hou ten einde te onderhandel oor hul talle instrumentele verpligtinge en om die noodwendig negatiewe aspekte te balanseer met aangename interaksie.

Aangesien sosiale kragte, soos byvoorbeeld algemene openbare afkeer van egskedding en vroue se afhanklikheid van mans se versorging, nie meer die huwelik in stand hou nie en daar terselfdertyd besondere funksionele eise gestel word aan egpare se interaksie, is Goleman (1995, p.129) se gevolgtrekking relevant en betekenisvol: "the emotional forces between wife and husband are that much more crucial if their union is to survive."

Uit die bestudering van die rol wat die jong egpare se sosiale konteks tans speel, blyk dus dat hantering van hul affektiewe funksionering van deurslaggewende belang is vir die voortbestaan en geluk van hul huwelike. In die volgende hoofstuk word die fokus verskuif van die rol van die eksterne werklikheid na die rol wat die egpare se intrinsieke biologiese funksionering speel in hul affektiewe funksionering.

BIOPSIGOSOSIALE MODEL VIR EGPAARFUNKSIONERING



Figuur 2.1 Voorstelling van die Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering met spesifisering van slegs die "Sosiale Konteks".

HOOFSTUK DRIE

DIE ROL VAN JONG EGPAAR SE BIOLOGIESE FUNKSIONERING IN HUL AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan:

- 3.1 Aspekte van jong egpare se neurofisiologiese funksionering wat hul affektiewe funksionering kan affekteer
- 3.2 Moontlike verskille tussen mans en vroue wat jong egpare se affektiewe funksionering kan affekteer
- 3.3 'n Samevatting van die rol wat jong egpare se biologiese funksionering speel in hul affektiewe funksionering in 'n Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering.

3.1 ASPEKTE VAN JONG EGPAAR SE NEUROFISIOLOGIESE FUNKSIONERING WAT HUL AFFEKTIEWE FUNKSIONERING KAN AFFEKTEER.

Die belangrikheid van die fisiologiese basis van affektiewe gedrag word goed opgesom in Lott (1997, p.280) se woorde: "culture is made possible only because of the enormous biological capacity of human beings for learning." Die neurofisiologiese basis van emosie word gewoonlik as vanselfsprekend erken en bespreek in emosieteorieë (Izard, 1977; Jordaan, *et al.*, 1975; Strongman, 1973). Izard (1977, p.64) verklaar in dié verband: "An emotion is a complex phenomenon having neurophysiological, motor-expressive, and experiential components." Sy meen dat die neurofisiologiese onderbou van die emosiesisteem die primêre voorsiener van die bloudrukke vir kognisie, besluitneming en aksie is.

Die neurofisiologiese stappe en prosesse wat betrokke is by jong egpare se affektiewe funksionering kan soos volg opgesom word:

- Sintuiglike waarneming en kortikale ontvangs van 'n stimulus.
- Kortikale verwerking in die lig van geheue-inhoude in die amigdala.
- Gevolglike liggaamlike reaksie, soos beïnvloed deur temperament en hormone (Berscheid, Gangestad & Kulakowski, 1984; Goleman, 1995; Jordaan *et al.*, 1975; Strongman, 1973)

By implikasie word affektiewe funksionering dus in die eerste plek beïnvloed deur die man en die vrou se sintuiglike waarneming, wat veral in kommunikasie 'n belangrike rol speel. Egpere se fisiologiese vermoë om boodskappe te sein en te ontvang is dus van deurslaggewende belang.

Egpere se interaksie word geaffekteer deur die geheue-inhoude wat in die amigdala gestoor is, onder andere met betrekking tot interaksie met 'n "betekenisvolle ander persoon" in die verlede. Veral dié ervarings wat intense emosionele reaksies uitgelok het, kan aanleiding gee tot dieselfde outomatiese reaksies wanneer die man of vrou hulle in soortgelyke situasies bevind (Goleman, 1995). Die mens is veral in ontwrigtende omstandighede minder geneig om reaksies wat met kalmer tye geassosieer word, te herroep en te herhaal.

Verwerping as kind kan dan, volgens Goleman (1995), daartoe bydra dat 'n vrou fisiologies met buitensporige vrees reageer op die nuus dat haar man vir 'n tyd lank weg sal wees. Ongeag of die redes vir hierdie reaksie bewustelik of onbewustelik is, reageer die vrou se liggaam op die boodskap wat sy as bedreigend vertolk (Berscheid *et al.*, 1984). Of die koverte reaksie oort sal word, word bepaal deur onder ander die mate van doelbewuste beheer wat toegepas word (Beck, 1988; Izard, 1977). Afsien daarvan dat die sosialiseringproses 'n rol speel by die mate waartoe die egliede toegee aan hul impulse, word hul reaksies geaffekteer deur twee ander aspekte van biologiese funksionering, naamlik hul temperamente en hul hormonale balanse.

Beide egliede se oorgeërfde temperamente beïnvloed die mate van emosionele opwekking en geneigdheid tot liggaamlike reaksie (Botha, Van Ede & Piek, 1990; Louw & Louw, 1990; Goleman, 1995; Kaplan & Sadock, 1988). In sy bespreking van Gottman (1994a) se "flooding"-konsep, sê Goleman (1995, p.139): "Some people have high thresholds for flooding, easily enduring anger and contempt, while others may be triggered the moment their spouse makes a mild criticism." 'n Tegnie se beskrywing van "flooding" (of emosionele oorspoeling) word in terme van die styging van die hartslag vanaf die kalm staat gegee: wanneer die harttempo té vinnig is, voel dit asof die persoon emosioneel "ontvoer" is en word hy/sy tot so 'n mate oorweldig deur onaangename emosies dat rasonale denke feitlik onmoontlik is. As een van die maats in die reël meer geneig is om so sterk te reageer tydens konflikte is dit uiters destruktief vir konfliktoplossing. Gottman en sy medewerkers (Gottman, 1993, 1994a, 1994b; Gottman & Levenson, 1988; Gottman & Silver, 1994) het bevind dat mans meer geneig as vroue is tot oorfloeiing deur onaangename emosies.

Daar kan egter aanvaar word dat sosialisering ook met betrekking tot hierdie reaksie 'n rol speel. Gottman (1994a) meen dat vroue se vrymoedigheid om te verbaliseer hulle vrywaar teen te veel oorfloeiing. Dit blyk egter uit Izard (1977) se siening en uit latere navorsing wat deur van Gottman se medewerkers (Gross & Levenson, 1997) gedoen is, en dat vroue inderdaad dieselfde mate van ongemak beleef wanneer hulle nie uiting gee aan hul gevoelens nie. Dit is waarskynlik sosiaal minder aanvaarbaar dat vroue hul woede uitspreek, terwyl mans die ongemak anders mag hanteer (sien 3.2.2.2). Elkeen se vermoë tot beheer word egter telkens beklemtoon: "The overexcitable amygdala can be tamed, with the right experiences" (Goleman, 1995, p.221). Egliede hoef dus nie slagoffers van mekaar se oënskynlik onbeheersde reaksies te wees nie.

In die geraadpleegde literatuur word deurgaans ook verwys na hormoonsiklusse en die uitwerking daarvan op emosies en gedrag. Gerdes (1981a) en Papalia en Olds (1981) dui aan dat die siklusse by beide mans en vroue voorkom, maar dat daar tans duideliker omlynde inligting beskikbaar is oor die effek van vroue se hormonale wisselinge as oor dié van mans. Die sogenaamde premenstruele sindroom (PMS) kom so algemeen voor

dat dit tans as 'n disforiese afwyking, met kenmerkende kriteria, opgeneem is in die erkende *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders* (American Psychiatric Association, 1994). 'n Moontlike toename in depressie, angstigheid en buierigheid, algemene emosionele labiliteit, 'n afname in belangstelling in aangename aktiwiteite en allerlei onaangename fisiologiese probleme affekteer beide die vrou en haar interaksie met haar man. Welthagen (1994) se ondersoek na die invloed van premenstruele simptome (PMS) op die huwelikskommunikasie van vroue tussen 23 en 30 jaar, dui daarop dat albei egliede die kommunikasie van beide die aangename en onaangename gevoelens gedurende die premenstruele fase onbevredigend gevind het. Afgesien van meer stryery, vyandigheid en blamering het die vroue swakker luistervermoëns, minder warmte en sensitiwiteit, sowel as minder behoefte of meelewing met betrekking tot seksuele verkeer, berig.

Hierdie tendens word ook bevestig deur Gray (1992) en Renshaw (1978b) met betrekking tot beide emosionele en seksuele intimiteit. Alhoewel psigologiese faktore die effek van hormonale wisselinge in sommige gevalle mag verhoog en die vroue ook in hierdie verband dikwels ten minste tot 'n mate beheer kan uitoefen oor hulle affektiewe reaksies op die fenomeen, kan aanvaar word dat sommige probleme met pare se affektiewe funksionering soms verklaar kan word in terme van hormonale skommeling (Renshaw, 1978b).

In die bespreking van egpare se hantering van hul affektiewe funksionering (hoofstuk vyf), sal aangedui word dat sekere siektetoestande en die gepaardgaande medikasie 'n effek kan hê op jong egpare se interaksie. Só byvoorbeeld kan die geboortebeperkende medikasie wat jonger vroue meestal neem, gemoedskommeling en gepaardgaande interaksieprobleme meebring (Cronje, 1999; Renshaw, 1978b). Egpare se hormonale samestellings het uiteraard te doen met verskille tussen die twee geslagte wat hul interaksie kan beïnvloed. Vervolgens word dus aandag gegee aan die effek daarvan op egpare se affektiewe funksionering.

3.2 MOONTLIKE VERSKILLE TUSSEN MANS EN VROUE WAT JONG EGPAIRE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING KAN AFFEKTEER

In die vorige hoofstuk is aangedui dat die huidige sosiale konteks waarin jong egpare bestaan, vra om 'n groter mate van androgeniteit by beide egliede. Dit was egter ook duidelik dat nie alle egpare daarin slaag om aan te pas by die dubbele stel eise wat in terme van hul rolvervulling en eienskappe gestel word nie. In hierdie gedeelte oor egpare se biologiese funksionering word breedvoeriger gefokus op die uiteenlopende standpunte oor die bestaan van verskille tussen mans en vroue, die waarde van die inagneming daarvan en op die effek wat dit moontlik op egpare se affektiewe funksionering kan hê.

3.2.1 STANDPUNTE OOR SOGENAAMDE VERSKILLE TUSSEN DIE GESLAGTE

Daar bestaan twee gedagtes oor die huidige verskille tussen mans en vroue met betrekking tot huweliksinteraksie en oor die wenslikheid van die beklemtoning daarvan. Enersyds word die verskille erken en word die bewusmaking daarvan as positief gesien, maar andersyds word verskille deur ander outeurs ontken en word gewys op die negatiewe gevolge van sodanige aannames.

3.2.1.1 Erkenning van verskille

James (1997, p.214) wys daarop dat gedurende die afgelope 20 jaar "sex difference research has dominated several fields within social science, especially psychology and women's studies." Volgens haar is die talle voorbladberigte in belangrike blaaie soos die *Time* aanduidend van die publiek se geokkupeerdheid met verskille tussen die

geslagte (dikwels ook "geslagsverskille" genoem), terwyl die Vrouebeweging ook gesorg het vir 'n stroom publikasies daaroor.

Psigologiese verskille word sterk beklemtoon deur veral die feministe of sogenaamde geslagsensitiewe terapeute soos Jean Baker Miller, Nancy Chodorow en Carol Gilligan (Bernard, 1982; Gilligan, 1982; Goldenberg & Goldenberg, 1996; James, 1997; Marks, 1986; Rice & Brown, 1995). Volgens James (1997) het hierdie skrywes oor die vrou se uniekheid bygedra tot 'n herwaardering van die vrou se rol in die gesin en die samelewing. Die feministe bepleit die akkommodering van die vrou se tipiese oriëntasie omdat dit ewe belangrik is as dié van die mans (Bernard, 1982; Gilligan, 1982; Low, 1990; Marks, 1986). Daar is, benewens die populêre leesstof oor geslagsverskille, ook terapeute en navorsers wat glo dat egpare baat by die bewusmaking van die redelik tipiese verskille, aangesien dit bydra tot 'n mate van kategorisering wat groter begrip vir mekaar en die beter hantering van hul tipiese behoeftes meebring (Beck, 1988; Bernard, 1982; Brown, 1995; Cahn, 1992; Christensen & Heavey, 1990; Comfort, 1994; Crenshaw, 1983; Du Toit, 1987; Fitzpatrick, 1988a; Gerdes, 1981c; Gilligan, 1982; Gottman, 1994a, 1994b; Gottman en Krokoff, 1989; Gottman & Levenson, 1988; Guthrie & Snyder, 1988; Heller & Wood, 1998; Kring & Gordon, 1998; Lott, 1997; Nicol, 1989; Noller & Gallois, 1988; O'Donohue, Crouch, 1996; Sade & Notarius, 1985).

Terwyl die *psigologiese andersheid* aanvaar word, verwerp die feministe die feit dat daar steeds verskillende *sosiologiese realiteite* en gepaardgaande rolverwagtinge bestaan vir mans en vroue in dubbelloopbaanhuwelike. In hierdie verband verwys Benokraitis (1996), Bird en Melville (1994), Goleman (1995) en Steinmetz *et al.* (1990) na veral Jessie Bernard se werk wat gefokus het op die onregverdige werksverdeling. Haar bekende uitspraak lui: "There are two marriages, ... his and hers" (Bernard, 1982, p.14). Tog is daar volgens Hart (1996) ook vroue wat steeds geneig mag wees om nie saam te veg vir hulle "regte" nie, omdat hulle moontlik bang is dat te veel vroulike gedrag in hul mans se repetoire laasgenoemdes se vermoë om sekuriteit te verskaf, mag inperk.

Nie net die vroue maak egter lank reeds kapsie teen ontoepaslike rolverwagtinge nie. In dieselfde tyd as wat Bernard beskryf het oor die vroue se posisie, het Corey (1978) die sogenaamde "All-American Male"-konsep bespreek. Hy was toe reeds van mening dat sommige mans die "tipies manlike rol" as veeleisend, beperkend en tot 'n redelike mate as uitgedien beleef, en dat dit dikwels persoonlike belewenis in verhoudings en individuele optrede onnodiglik verhinder.

3.2.1.2 Ontkenning van verskille

Teenoor die aanvaarding van wesentlike verskille, merk Gerdes (1981c, p.107) op: "In terme van die gees van ons tyd word dit as oudmodies beskou om die sielkundige verskille tussen die man en die vrou op die voorgrond te bring, aangesien die klem tans hoofsaaklik op hul ooreenkomste val." James (1997, p.228) glo dat die uitwissing van verskille verband hou met egpare se soortgelyke rolbekleding: "as men's and women's lives become more similar, there are fewer psychological differences between them." Veral die psigologiese uniekhede met betrekking tot affektiewe funksionering word dan toenemend ontken of geminimaliseer, terwyl die ooreenkomste tussen mans en vroue se psigies liefse beklemtoon word.

Mans se groter mate van emosionele betrokkenheid by hul vroue in die vroeë tagtigerjare, toenemend soortgelyke beroepsidentiteite by adolessente van beide geslagte, ooreenstemmende waardes en selfs sterk ooreenkomste spesifiek met betrekking tot affektiewe interaksie kan in dié verband genoem word (Bigner, 1983; Mackey & O'Brien, 1995; Prince-Gibson & Schwartz, 1998; Sprecher, Metts, Burleson, Hatfield & Thompson, 1995; Thom, 1990). Selfs van die reeds genoemde navorsers wat besonder omvangryke bevestiging gevind het vir kenmerkende verskille in mans en vroue se kommunikasie, waarsku dat veralgemenings gevaarlik is omdat geslagstipiese gedrag nie by alle egpare waargeneem is nie (Gottman & Silver, 1994; Guthrie & Snyder, 1988). Verdere onlangse navorsing bevestig die feit dat ooreenkomste toenemend beklemtoon word (Brody, 1997; James, 1997; Lott, 1997). Heller en Wood (1998, p.276) vat die resente tendens wat sy ontstaan in die laat tagtigerjare het, goed

saam wanneer hulle beweer dat: "The essentialist view of gender, that one can make assumptions about all men and women across generations and cultures, is certainly challenged by recently changing roles and the postmodern perspective that gender is a social construct."

Die nadele van die beklemtoning van die verskille tussen die geslagte word reeds deur Gerdes (1981d), maar ook in ander onlangse navorsing toegelig. Afgesien daarvan dat sommige aannames met betrekking tot die verskille tussen die geslagte volgens Brody (1997) en Lott (1997) ongegrond is, kan stereotipering van gedrag verkeerdelik op grond van dié aannames plaasvind. Negatiewe polarisering kan meebring dat vaste tradisionele rolvervulling met betrekking tot take en interaksie verwag word (Brown, 1995; Lott, 1997), terwyl aanpassing by elkeen se unieke menswees en behoeftes verkieslik is. Lott (1997, p.295) bepleit 'n benadering tot mekaar as **mense**: "so that we can appreciate our commonalities as equal members of the human family."

Dit blyk dus dat daar wel diegene is wat oortuig is daarvan dat die beweerde psigologiese verskille tussen mans en vroue saam met die tradisionele roltoeskrywing verdwyn het. Meer dikwels egter word daar tog op verskille gewys wat, ten spyte van die huidige sosiologiese gelykshakeling en gepaardgaande androgene rolbekleding, steeds bestaan. Vervolgens word dié algemeen aanvaarde verskille, sowel as die moontlike implikasies wat dit op egpare se affektiewe egpaarfunksionering kan hê, bespreek.

3.2.2 VERSKILLE TUSSEN MANS EN VROUE MET BETREKKING TOT AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

3.2.2.1 Oriëntasie tot die lewe

Verskille in mans en vroue se benadering tot die lewe kan op twee vlakke lê: afgesien van verskille oor prioriteite, sal daar waarskynlik verskil word oor die beste hanteringsstrategieë. Verskille in mans en vroue se breinfunksionering, sowel as

sosialiseringverskille, word hiermee in verband gebring (Crenshaw, 1983; Gerdes, 1981a; Papalia & Olds, 1981; Wolf, 1996).

Navorsing dui daarop dat mans ruimtelik bilateraal funksioneer, terwyl vroue verbaal bilateraal funksioneer (Crenshaw, 1983; Gerdes, 1981a). Aansluitend hierby word daar gereeld in die literatuur verwys na die verskil in mans en vroue se oriëntasie tot die wêreld (Benokraitis, 1996; Bird & Melville, 1994; Bringle & Byers, 1997; Corey, 1978; Crenshaw, 1983; Fitzpatrick, 1988a; Gerdes, 1981a, 1981d; Givelber, 1990; Goleman, 1995; Gray, 1992; Low, 1990; Marks, 1986; Noller, 1984; Rice & Brown, 1995; Sexton & Sexton, 1982; Wood *et al.*, 1997).

Mans se oriëntasie

Mans is meer gerig op lewelose dinge as op aktiwiteite wat primêr mense en hul verhoudings betrek en hulle benut hoofsaaklik die LOGOS-beginsel (of logika-beginsel) om die objekte van hul belangstelling rasioneel te ontleed. In die lig van hul taakgeoriënteerdheid ontwikkel mans 'n kragdadigheid, magsbewussyn en dus 'n outoritêre houding, en heg hulle veral waarde aan regverdigheid en gelykheid. Mans kan dus minder bewus wees van hul eie of ander se emosionele behoeftes en enige gevoelens van weerloosheid minimaliseer. Hulle is ingestel op inligting wat na probleemoplossing kan lei en verkies terugvoer wat handel oor hul prestasies. Uiteraard mag mans dan hul onafhanklikheid om te eksploreer en hul outonomie oor wat hulle as hul terrein toe-eien, as hoë prioriteit beskou en sal hulle dit ten alle koste wil beskerm.

Hierdie ingesteldheid bring mee dat die afleiding selfs soms gemaak word dat mans nie in staat is tot emosionele intimiteit nie (Heller & Wood, 1998)! Die feministe is verder oortuig dat die mans steeds as volwassenes glo dat hulle moet waak teen te veel betrokkenheid by vroue. Chodorow (in Marks, 1995, p.5) meen in dié verband dat die mans "emerge with a repressed affective capacity and a strong need to prove themselves as separate and independent, particularly from that female fusion that antedated and appeared to forestall their selfidentification as males."

Vroue se oriëntasie

Vroue funksioneer hoofsaaklik volgens die *EROS*-beginsel (of liefdes-beginsel) wat hulle ingestel maak op psigiese verbondenheid en versorging. Hulle is dus moontlik meer persoon-georiënteerd, refleksief en waarnemend; ingestel op 'n begrip vir mense se behoeftes, en om onderlinge verhoudings te ontwikkel. 'n Groter bewustheid van ook hul eie gevoelens met 'n gerigtheid op die wedersydse bevrediging van emosionele behoeftes volg hieruit. Vroue verkies dan ook meesal terugvoer wat hoofsaaklik handel oor hulle betekenisvolheid in andere se lewens. Hulle word bedreig deur enigiets wat hul verhoudings kan skaad en vrees immer isolasie en uitsluiting. Chodorow (in Rice & Brown 1995, p.22) sê in hierdie verband: "The womans' self is more grounded in relations and connection, rather than difference, and men are more grounded in separation and denial of connection of difference." Gevolglik is die mans waarskynlik volgens Bird en Melville (1994) geokkupeerd met die vrae: Wie het die mag? Wie is bo en wie is onder? Hierteenoor vra die vroue waarskynlik: Hoe ver is ons van mekaar af? Is ons verwyderd of verbind? Nietemin is beide partye op hul eie wyse betrokke by die voortsetting van die verbintenis. Benokraitis (1996, pp.85-86) som die verskil in hul oriëntasies tot die verhouding soos volg op: "A real man is a procreator, a protector, and a provider", maar vroue "provide the emotional support and nurturing qualities."

3.2.2.2 Ekspressiwiteit

Daar mag verskille tussen die geslagte bestaan met betrekking tot die uitspreek van veral die sogenaamde "sagter" gevoelens en aggressie. Hierdie verskille kan eweneens teruggevoer word na beide die aangebore aard van mans en vroue se hormonale funksionering, sowel as na hul sosialisering (Benokraitis, 1996; Bird & Melville, 1994; Brown, 1995; Goleman, 1995; Louw, Schoeman, Van Ede & Wait, 1990).

Uitspreek van hartseer en deernis

- Mans spreek normaalweg moeilik hul weerloosheid uit, vermy liefs gesprekke oor hul eie, maar ook oor ander se gevoelens en verwag dat ander ook hul gevoelens

innerlik sal verwerk. Persoonlike ontsteltenis word hoogstens geopper ten einde met logiese redenasies 'n oplossing te kry.

- Van vroue word verwag om vrylik al hul gevoelens te verbaliseer. Met behulp van gevoelsuitruiling word 'n verhouding ontwikkel en dus doen sy gemaklik selfopenbaring en verwag sy dieselfde van ander. Selfs die bespreking van probleme het ondersteunende interaksie en nie noodwendig oplossing nie, ten doel (Brown, 1995; Christensen, 1988; Corey, 1978; Crenshaw, 1983; Gerdes, 1981a; Goleman, 1995; Gray, 1992; Heller & Wood, 1998; Louw *et al.*, 1990; Low, 1990; Rice & Brown, 1995).

Crenshaw (1983, p.55) som die verskil soos volg op: "Sy dink hardop, hy dink stilletjies. Sy druk haar gevoelens uit. Hy druk sy gevolgtrekkings uit."

Uitspraak van aggressie

- Dit is oënskynlik wel aanvaarbaar vir mans, maar nie altyd in dieselfde mate en in alle omstandighede as vir vroue nie, om onomwonde en in sommige situasies op gewelddadige wyse, uiting te gee aan die intense gevoelens wat hul beleef as hulle kwaad word. Hul doel is dikwels om met hul aggressie 'n vorm van mag te verkry. Mans kan egter in situasies waar hulle nie fisies kan optree nie, geneig wees om eerder kalm en logies te bly of om selfs konflik te vermy.
- Dit word geredelik aanvaar dat vroue, wanneer hulle veiligheid, en gevolglik ook hul sekuriteit in verhoudingsverband, bedreig word, dieselfde intense gevoelens beleef en verbaal aggressief kan raak. Langdurige en intense emosionele reaksies kan dus dikwels kenmerkend wees van vroue se woede. Hul toenemend meer ekspres-siewe gedrag het dan te make met die feit dat hulle daarmee steeds 'n vorm van interaksie wil behou (Benokraitis, 1996; Brody, 1997; Christensen & Heavey, 1990; Gerdes, 1981a; Goleman, 1995; Gottman, 1994a; Gottman & Levenson, 1988; Gottman & Silver, 1994; Gross & Levenson, 1997; Guthrie & Snyder, 1988; Izard, 1977; Kring & Gordon, 1998; Sade & Notarius, 1985; Schaap, Buunk & Kerkstra, 1988; Wood, Christensen *et al.*, 1997).

Beck (1988, p.83) som die verskil soos volg op: "A boy's conversation revolves around dominance and competitiveness, whereas a girl looks for intimacy and equality."

3.2.2.3 Behoefte aan seksuele interaksie

Daar bestaan uiteraard definitiewe verskille tussen mans en vroue se fisiologiese funksionering op die seksuele terrein, maar ook hier speel sosialisering en die heersende seksuele rolsverwagtinge by beide mans en vroue 'n rol.

- Daar word algemeen verwys na mans se sterker seksuele behoeftes wat moontlik deur meer gereelde seksuele verkeer in die jong getroude fase, sowel as 'n groter fisieke dringendheid, as by die jong vroue, gekenmerk word. Ook in hierdie interaksie blyk die mans meer taakgeoriënteerd te wees.
- Met betrekking tot die vroue word verwys na hul wisselende behoeftes aan geslagsverkeer, wat deur meer faktore beïnvloed word. Afgesien van hul hormoon-siklusse se rol, speel die mate van inhibisie en hul fisiese omstandighede onder andere ook 'n rol. Die hoë premie op emosionele intimiteit en effektiewe, bevredigende seksuele opwekking word sterk beklemtoon as voorwaarde (Christensen, 1988; Comfort, 1994; Corey, 1978; Crenshaw, 1983; Cronje, 1999; Fourie, 1984; Fogarty, 1976; Gerdes, 1981e; Giddens, 1992; Gottman & Silver, 1994; Gray, 1992; Izard, 1977; Kaplan & Sadock, 1988; Mackey & O'Brien, 1995; Nicol, 1989; Talmadge, 1985b; Renshaw, 1978b; 1984a 1989; Roughan & Jenkins, 1990a; Treadway, 1993; Wolf, 1996).

3.2.3 DIE EFFEK VAN DIE VERSKILLE TUSSEN DIE GESLAGTE IN EGPARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

Outeurs verwag dat hierdie verskille in ingesteldheid, wanneer dit sterk figureer, 'n belangrike effek sal hê op veral egalitêre egpare se pogings om funksioneel en affektief saam te leef.

Populêre werke soos dié van Gray (1992), *Men are from Mars, Women are from Venus* en Tannen se 1990-"best-seller", *You Just Don't Understand* (Wood *et al.*, 1997), beklemtoon veral egpare se probleme om mekaar se behoeftes en hanteringswyses te begryp en daarby aan te pas. Die verskille in hul hantering van beide hul eie en hul gades se weerloosheid, asook hul aggressie, word uitgewys. Die besondere vreugde wat die akkommodering van mekaar se uiteenlopende behoeftes veroorsaak, word egter ook gestel. O'Donohue en Crouch (1996) wys in dié verband op die waarde daarvan as egliede die verskille in mekaar se kommunikasiestyle begryp.

Vir ander outeurs is die gevolge van die verskille meer as net onbegrip: dit kristalliseer uit in wedersydse frustrerende gedrag. In dié verband word veral verwys na die sogenaamde "pursuer/distancer"-patroon wat dikwels ontstaan. Alhoewel Christensen (1988) bevind het dat die patroon minder voorkom by gelukkige pare en dat mans ook in die "pursuer"-rol kan wees, is dit dikwels só dat die vroue hul mans voortdurend opsoek en in 'n sin "agtervolg", terwyl die mans aanhoudend onttrek en eintlik toenemend 'n groter emosionele afstand tussen hulle skep. Terselfdertyd kan egpare se seksuele intimiteit ook daaronder lei as hulle nie die mans se taakgeoriënteerdheid en meer psigobiologiese ingesteldheid kan balanseer met die vroue se verbintenissoeke en meer psigoaffeksionele oriëntasie nie. Teenoor dié probleme staan egter weer eens die vervulling wat egpare smaak as hulle die betrokke verskillende invalshoeke effektief aanvullend kan hanteer (Bird & Melville, 1994; Brown, 1995; Crenshaw, 1983; Giddens, 1992; Heller & Wood, 1998; Renshaw, 1984a; Thom, 1990; Treadway, 1993; Wolf, 1996).

Die genoemde frustrasie oor onder andere vroue se soeke na emosionele betrokkenheid en mans se taakgeoriënteerdheid kan tot 'n magstryd oor die waarde van elkeen se bydrae en selfs oor hul menswaardigheid, aanleiding gee. Trouens, Low (1990, p.255) sê in hierdie verband: "This conflict between men and women is so basic that only a rare couple does not deal with it at some level." Mans kan vanuit hul groter magsposisie (meer liggaamskrag en groter inkomste), die vroue se emosionele ingesteldheid en prioriteit op die versorging van ander as 'n tweederangse taak en

vermoë sien in vergelyking met wat hulle as mans doen "om die wêreld te laat draai" (Bringle & Byers, 1997; Low, 1990). Brown (1995, p.52) wys daarop dat mans se sosiale oorheersing vroue se beheer in die gesin kan uitlok: "When men engage in macromanipulation women often react with micromanipulation." Selfs hierdie oënskynlik onversoembare invalshoeke kan egter bevredigend benut word in die egpaarsisteem en -interaksie as aanvaar word dat mans en vroue se sienings oor verhoudings kan verskil, maar dat beide s'n van waarde is (Bird & Melville, 1994; Heller & Wood, 1998; Wolf, 1996).


3.3 'N SAMEVATTING VAN DIE ROL VAN JONG EGPAAR SE BIOLOGIESE FUNKSIONERING IN HUL AFFEKTIEWE FUNKSIONERING IN 'N BIOPSIGOSOSIALE MODEL VIR EGPAARFUNKSIONERING

Samevattend kan gesê word dat beide egliede se neurofisiologiese funksionering, sowel as die mate waarin daar sogenaamde "geslagsverskille" voorkom, egpare se affektiewe funksionering positief en/of negatief kan beïnvloed. In die lig daarvan dat nie net genetiese determinasie gedrag bepaal nie, maar dat gedrag ook aangeleer word, kan moontlike ontoepaslike stereotipiese gedrag waarskynlik ook afgeleer word en kan meer androgeniteit geopenbaar word as dit tot voordeel van hulle affektiewe funksionering as egpaar sal wees (Brody, 1997; Brown, 1995; Gerdes, 1981a; Hart, 1996; Lott, 1997; Wolf, 1996). Corey het trouens al in 1978 (p.190) in hierdie verband gesê dat "it seems critically important that each of us choose what we want for ourselves." Hoewel beide egliede se neurofisiologiese funksionering dus in 'n sin die basis vorm van die res van hul funksionering, is daar 'n vorm van wedersydse beïnvloeding.

Egpare se biologiese funksionering is dus in die Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering struktureel aan die onderpunt van die figure wat die egliede

simboliseer, geplaas (sien Figuur 3.1). Verder is daar stippellyne rondom die biologiese funksionering aangebring om aan te dui dat daar 'n vorm van wedersydse beïnvloeding is tussen hierdie aspek van die egpaar se funksionering en die sosiale konteks waarin hulle bestaan, maar ook tussen hul biologiese funksionering en hul psigologiese funksionering wat vervolgens bespreek sal word.

BIOPSIGOSOSIALE MODEL VIR EGPAARFUNKSIONERING



Figuur 3.1 Voorstelling van die Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering met spesifisering van slegs die "Biologiese Funksionering".

HOOFSTUK VIER

DIE ROL VAN SEKERE KOMPONENTE VAN EGPAARE SE PSIGOLOGIESE FUNKSIONERING IN HUL AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

In hierdie hoofstuk word gefokus op die psigologiese benaderings tot die bestudering van menslike gedrag wat betekenisvolle bydraes maak tot die verstaan van egpare se affektiewe funksionering. Daar sal aangedui word hoe die verskillende benaderings fokus op die rol van een of meer van die komponente van psigologiese funksionering, naamlik op affek, gedrag, kognisie, maar ook houdings. In die proses word gewys op die behoeftes wat beide die man en die vrou in terme van die betrokke raamwerk individueel bevredig sal wil sien, sowel as na wat blyk nodig te wees vir bevredigende affektiewe funksionering binne egpaarverband. Die bydraes van die raamwerke as geheel word aangebied en dus word die belangrikste verteenwoordigers van elke benadering se werk gekombineer. Telkens sal verwys word na literatuurgegewens wat aansluit by die betrokke benaderings en wat aspekte daarvan ondersteun. Die hoofstuk sien soos volg daaruit:

- 4.1 Psigoanalities-georiënteerde benaderings en egpare se affektiewe funksionering
 - 4.2 Erikson se psigososiale benadering en egpare se affektiewe funksionering
 - 4.3 Behavioristiese benaderings en egpare se affektiewe funksionering
 - 4.4 Humanistiese benaderings en egpare se affektiewe funksionering
 - 4.5 Kognitiewe benaderings en egpare se affektiewe funksionering
 - 4.6 Glasser se realiteitsbenadering en egpare se affektiewe funksionering
 - 4.7 Gesinsterapeutiese benaderings en egpare se affektiewe funksionering
 - 4.8 Samevatting van benaderings in die Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering.
-

4.1 PSIGOANALITIES-GEORIËNTEERDE BENADERINGS EN EGPARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

Die lig wat hierdie benaderings op egpaarfunksionering kan werp, is opgesom nadat relevante literatuur uit die volgende bronne oor die betrokke verteenwoordigers bestudeer is:

- **Sigmund Freud:** Arlow (1979), Brown (1995), Corey (1978), Crenshaw (1983), Goldenberg en Goldenberg (1996), Gurman (1978), Kaplan en Sadock (1988), Meissner (1978), Nadelson en Paolino (1978), Phares (1984), Salkind (1981), Segraves (1982), Tydeman (1989) en Venter (1988).
- **Carl Jung:** Gerdes (1981e), Hollis (1998), Kast (1986), Kaufmann (1979), Johnson (1983), Sloan en L'Abate (1985), Stevens (1990).
- **Melanie Klein:** Corey (1978), Foley (1979), Gabbard (1994), Glick, Clarkin en Kessler (1987), Goldenberg en Goldenberg (1996), Grunebaum (1990), Jacobson (1988), Jacobson en Margolin (1979), Kwawer (1982), Meissner (1978), Nadelson en Paolino (1978), Rice en Brown (1995) en Segraves (1982).
- **Harry Sullivan:** Newirth (1982) en Phares (1984).
- **Alfred Adler:** Adler (1980a, 1980b, 1980c), Mosak (1979) en Phares (1984).
- **Nathan Ackerman:** Ackerman (1958), Goldenberg en Goldenberg (1996), Hansen en L'Abate (1982) en Meissner (1978).
- **James Framo:** Framo (1990), Goldenberg en Goldenberg (1996) en Gurman (1978).

4.1.1 PERSOONLIKE BEHOEFTES VAN EGLIEDE

Dit blyk dat albei lede van die egpare volgens hierdie benaderings die volgende persoonlike behoeftes het en dat ruimte vir die bevrediging daarvan hul egpaarinteraksie kan fasiliteer:

- Plesier (onder andere van seksuele aard) word gesoek en pyn word sover moontlik vermy.
- Ruimte is nodig vir die strewe na die ontwikkeling van eie potensiaal, individuasie, outonomie en sekuriteit, maar op só 'n wyse dat 'n betekenisvolle verhouding tussen individue moontlik is sonder om individualiteit prys te gee.

4.1.2 PERSPEKTIEF OP EGPAARFUNKSIONERING

Volgens hierdie benaderings word egpare se affektiewe interaksie beïnvloed deur 'n aantal faktore:

- Gesonde persoonlikhede, vry van konflik met betrekking tot onder andere seks en aggressie, gekenmerk deur integrasie van die teenoorgestelde pole, soos elke egliede se animus en anima, is nodig vir effektiewe affektiewe funksionering.
- Gesonde kindertydse objekrelasies (met betrekking tot ouers, sibbe en portuurgroepe) kan die projeksie van onbevredigde behoeftes verhoed, die korrekte waarneming van egliede fasiliteer en dus egte interaksie in die hand werk.
- Aanvaarding en selfs vergiffenis is nodig as egliede in gebreke bly om te voldoen aan die argetipiese verwagtinge aan 'n eggenoot of aan dié wat gevorm is as gevolg van onbevredigde versorgingsbehoefte as kind.
- Differensiasie van die gesin van herkoms maak nuwe geslaagde gesinsverhoudinge moontlik.
- Dienslewering aan mekaar en aanpassing by die eise wat intern en ekstern aan die egpaarsisteem gestel word, kan huweliksbevrediging verhoog.

4.1.3 BEVESTIGENDE GEGEWENS

Uit die volgende blyk dat hierdie benadering betekenisvolle lig werp op die aard van egpaarinteraksie:

- Navorsing onderskryf die konsep dat volwasse, goed funksionerende persoonlikhede affektiewe funksionering in egpaarverband fasiliteer (Karney & Bradbury, 1997; Kelly

& Conley, 1987; Luttig, 1993; Mackey & O'Brien, 1995; Taljaard, 1985). Die gedagte word verder aanvaar deur Beck (1988), wat vanuit 'n *kognitiewe raamwerk* terapeutiese ingrepe maak, sowel as deur ander beraders en outeurs wat 'n Christelike raamwerk volg (Louw, 1983a, 1983b, 1993; Maartens, 1990; Mol, 1981; Nicol, 1989).

- Die bepalende effek van vroeëre verhoudings met "betekenisvolle persone" op die egpaarverhouding is dikwels na aanleiding van navorsing bevestig (Cohn, Silver, Cowan, Cowan, & Pearson, 1992; Morrison, Goodlin-Jones & Urquiza, 1997; Sinclair & McCluskey, 1996).
- Effektiewe terapie word gedoen en huweliksprogramme en -handleidings word aangebied deur gevoelens te ontlok en deur insig te bewerkstellig (Bray & Jouriles, 1995; Baucom, Shoham, Mueser, Diauto & Stickle, 1998; Du Toit, 1987; Jacobson, 1988; Jacobson & Margolin, 1979; Pretorius, 1986; Segraves, 1982; Venter, 1988).

4.2 ERIKSON SE PSIGOSOSIALE BENADERING EN EGPAAR SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

Erik Erikson se siening van hoe egpare se psigologiese funksionering hul affektiewe interaksie sal beïnvloed, kan soos volg opgesom word (Kaplan & Sadock, 1988; Phares, 1984; Salkind, 1981):

- Egpare moet in staat wees om met die oog op hul algemene aanpassing hul ontwikkelingstake te voltooi. As jong egpare is die realisering van bevredigende intimiteit noodsaaklik om persoonlike geluk en verdere ontwikkeling te realiseer.
- Met die oog op bevredigende affektiewe egpaarinteraksie is die suksesvolle afhandeling van vorige fases se ontwikkelingstake 'n voorwaarde: basiese vertroue in andere, selfvertroue, effektiewe beheer oor eie gedrag (onder andere oor interaksie met ander) en die vorming van 'n eie identiteit is dus nodig om 'n intieme verhouding aan te gaan.

Daar bestaan meningsverskil oor die mate waartoe Erikson se teorie geld vir beide mans en vroue. Alhoewel die navorsing van onder andere Marcia (Papalia & Olds, 1981) die gedagte van 'n eie identiteit as voorwaarde vir intimiteit bevestig, haal Sloan en L'Abate (1985) Matteson se standpunt aan dat 'n deel van die mens se identiteit ook in verhoudingsverband ontwikkel. Hierdie siening sluit nou aan by die feministiese standpunt oor veral vroue se identiteitsvorming-in-relasie (Brown, 1995; Marks, 1986; Rice & Brown, 1995).

4.3 BEHAVIORISTIESE BENADERINGS EN AFFEKTIEWE FUNKSIONERING BINNE EGPAARVERBAND

Die behavioriste se siening oor egliede se individuele behoeftes wat hul in egpaarverband bevredig wil sien en oor wat in terme van egpaarinteraksie nodig is, word kortliks bespreek. Die volgende medewerkers tot die behavioristiese teorie se bydraes word gesamentlik bespreek:

- Die **leergebaserde** benaderings (Pavlov, Skinner en Wolpe) wat die basis gelê het van die kondisioneringsbeginsels,
 - die **sosiale leerteorie** (Dollard en Miller),
 - die **kognitiewe-sosiale leerteorie** (Albert Bandura), asook
 - latere **behavioristiese gesinsterapie**, wat later dieselfde beginsels toegepas het op huweliksterapie (Alexander, Liberman, Patterson en Stuart).
- (Botha *et al.*, 1990; Chambless & Goldstein, 1979; Corey, 1978; Gerson, Hoffman, Sauls & Ulrici, 1993; Goldenberg & Goldenberg, 1996; Gurman, 1978; Hansen & L'Abate, 1982; Izard, 1977; Jacobson & Margolin, 1979; Kaplan & Sadock, 1988; Liberman, Wheeler, de Visser, Kuehnel & Kuehnel, 1980; Phares, 1984; Salkind, 1981; Schaap *et al.*, 1988; Segraves, 1982; Venter, 1988; Weiss, 1978; Wolf, 1996).

4.3.1 PERSOONLIKE BEHOEFTE VAN EGLIEDE

Beide lede van die egpare sal graag in terme van hierdie raamwerke ruimte wil hê om gedrag te herhaal wat beloning uitlok, terwyl hulle enige vorm van straf sal wil uitskakel.

4.3.2 PERSPEKTIEF OP EGPAARFUNKSIONERING

- Interaksiepatrone word aangeleer en egpare betree die huwelik met 'n bestaande repertoire van gedragpatrone. Uitrustingsbeginsels impliseer dat wedersydse reaksies uitgelok word.
- Gesonde interaksiepatrone wat affektiewe bevrediging kan verhoog, word vermeerder deur versterking, terwyl min versterking dit laat vervaag. Dwangmetodes (soos kritiek of onttrekking) is "aansteeklik": egliede neem oneffektiewe patrone maklik bymekaar oor.
- Bevredigende interaksie kan verkry word as egliede toenemend met aangename belewenisse geassosieer word: effektiewe kommunikasie moet beoefen word en kontrakte met betrekking tot werksverrigting en oor die uitrusting van "pleases" kan opgestel word.

4.3.3 BEVESTIGENDE GEGEWENS

- Bray en Jouriles (1995, p.462) meen dat *Behavioral Marital Therapy* "the most researched form of marital therapy" is en dat die onderliggende rasionaal aldus besing is as 'n uiters effektiewe verklaringsmodel. Daar is omvattende bevestiging, veral vir die hipotese dat hul aangename interaksie hul onaangename interaksie moet oorskry (Follette & Jacobson, 1990; Gottman, 1979, 1993, 1994a; Gottman, et al., 1976; Gottman & Levenson, 1988, 1999b; Gottman & Silver, 1994; Jacobson & Margolin, 1979; Lebow, 1999).
- Die effektiwiteit van gedragsverandering, hetsy as outonome benadering of addisioneel tot ander benaderings vir doeleindes van huweliksterapie of -verryking,

word by herhaling beklemtoon (Beach & O'Leary, 1985; Beck, 1988; Corey, 1978; Du Toit, 1987; Glasser, 1995; Louw, 1993; Maartens, 1990; Mol, 1981; Nicol, 1989; Segraves, 1982).

4.4 HUMANISTIESE BENADERINGS EN EGPAAR SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

Die volgende verteenwoordigers van hierdie benadering se sienings word van toepassing gemaak op egpare se affektiewe funksionering. Dit word aan die hand van die genoemde bronne bespreek:

- **Carl Rogers:** Corey (1978), Denes, 1982; Meador en Rogers (1979) en Phares (1984).
- **Eric Berne:** Dusay en Dusay (1979), Pitman (1984) en Van Staden (1991).
- **Virginia Satir:** Goldenberg en Goldenberg (1996), Hansen en L'Abate, 1982; Segraves (1982) en Van Staden (1991).

4.4.1 PERSOONLIKE BEHOEFTE VAN EGLIEDE

- Ruimte is nodig vir selfaktualisering en -aanvaarding en dit moet moontlik wees binne egpaarverband.
- Beide egliede moet dus die geleentheid hê om aktiwiteite te beoefen wat aan hulle die respek van hul medemens, eggoedende terugvoer en die verhoging van hul eiewaarde sal besorg.

4.4.2 PERSPEKTIEF OP EGPAARFUNKSIONERING

- Elke lid van die egpaar betree die verhouding met 'n bepaalde mate van selfaanvaarding en vermoëns tot kongruensie en respektbetoning teenoor ander.

- Hierdie houdings, sowel as daaruit voortspruitende kommunikasie en gedrag (wat liefdevolle aanraking insluit) bevorder bevredigende affektiewe funksionering.
- Egliede wat hul energie gebalanseerd versprei tussen hul verskillende egostate, is gelukkiger in egpaarinteraksie, omdat hul vanuit meer posisies kan interreageer.
- Egliede moet nietemin elkeen self verantwoordelikheid aanvaar vir eie en verhoudingsgroei. Kongruente selfopenbaring oor behoeftes is dus nodig.

4.4.3 BEVESTIGENDE GEGEWENS

Die deurlopende oproep, ook in ander benaderings, om die openbaring van die genoemde houding en die validering van gevoelens, bevestig die algemene aanvaarding van die sinvolheid van die humanistiese beginsels vir doeleindes van huweliksterapie, -programme en verhoudingshandleidings (Beck, 1988; Bray & Jouriles, 1995; Du Toit, 1987; Guernsey, 1977; Gottman, 1994a, 1994b; Jacobson & Margolin 1979; Johnson, 1981; Louw, 1993; Maartens, 1990; Mol, 1981; Nicol, 1989; Peck, 1978).

4.5 KOGNITIEWE BENADERINGS EN EGPAAR SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

Die sienings van Aaron Beck en Albert Ellis oor wat die individuele egliede nodig het en hoe egpaar se funksionering daar moet uitsien ten einde goeie affektiewe interaksie te hê, word kortliks bespreek. Dit geskied aan die hand van die volgende bronne:

Beck (1988); Ellis (1979), Ellis en Harper (1975), Goldenberg en Goldenberg (1996), Möller (1989), Möller en Van Zyl (1991).

4.5.1 PERSOONLIKE BEHOEFTE VAN EGLIEDE

- Beide egliede behoort geleentheid te hê om hulle lewens in te rig volgens realistiese eise en vry van voorskriftelike *moete en moenies* ("shoulds").

- Anders as by ander benaderings meen Ellis dat liefde en aanvaarding deur ander nie 'n absolute voorwaarde is vir mense se emosionele oorlewing nie.

4.5.2. PERSPEKTIEF OP EGPAARINTERAKSIE

- "How we think determines to a large extent whether we will succeed and enjoy life" (Beck, 1988, p.2). Egpare betree die huwelik met paradigmas oor die aard van rolvervulling en huweliksinteraksie, maar ook met bepaalde denkpatrone wat dikwels deurspek is met sogenaamde "denkfoute".
- Negatiewe persepsies, outomatiese gedagtes en verkeerde denkpatrone gee aanleiding tot selfdestruktiewe en afbrekende gedrag, terwyl positiewe verwagtinge en realistiese denke bevredigende affektiewe interaksie fasiliteer.
- Egliede is nie magtelose slagoffers van 'n onaangename situasie nie of in so 'n mate afhanklik van deurlopende aanvaarding nie. Hulle kan hul gevoel en gedrag wysig deur anders te dink oor die situasie en deur hul afleidings te verifieer.

4.5.3 BEVESTIGENDE GEGEWENS

- Die hipotese dat kognisies egpare se affektiewe interaksie beïnvloed, word algemeen aanvaar deur 'n wye reeks huweliksterapeute en aanbieders van huweliksprogramme en -handleidings (Bird & Melville, 1994; Eckhardt, Barbour & Davison, 1998; Hansen & L'Abate, 1982; Izard, 1977; Louw, 1993; Marks, 1986; Mol, 1981; Nicol, 1989; Goleman, 1995; Segraves, 1982). Die latere Narratiewe gesinsterapeutiese benaderings belig eweneens die feit dat egpare onder andere, meer konstruktiewe "stories" kan formuleer oor hul interaksie (Goldenberg & Goldenberg, 1996; Zimmerman & Dickerson, 1993).
- Navorsing dui op die bruikbaarheid van die vertrekpunte van hierdie benadering (Benson, Arditti, Regucro & Smith, 1992; Deal, Wampler & Halverson, 1992; De Waal, 1992; Eckhardt *et al.*, 1998; Fitzpatrick, 1988b; Goleman, 1995; Gottman, 1993, 1994a; Gottman & Silver, 1994; Gerson *et al.*, 1993; Guthrie & Noller, 1988;

Hareven, 1982; Markman, Silvern, Clements & Kraft-Hanak, 1993; Möller & Van Zyl, 1991; Mook, 1986; Olson *et al.*, 1983; Taljaard, 1985; Wolf, 1996).

4.6 WILLIAM GLASSER SE REALITEITSTERAPEUTIESE BENADERING EN EGPAIRE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

Enkele aspekte van Glasser se benadering wat lig kan werp op egpaire se affektiewe funksionering word hier benut (Corey, 1996; Glasser, 1995; Glasser & Wubbolding, 1995; Glasser & Zunin, 1979; Gouws, 1989).

- Glasser se aanvanklike standpunt, naamlik dat alle mense sukses en liefde nodig het, is uitgebrei met die gedagte dat elkeen vier basiese psigologiese behoeftes moet bevredig. Egliede wil beide voel dat hulle *behoort*, en dat hulle *vryheid*, *mag* en *genoeg genot* beleef.
- By implikasie moet egpaire in terme van Glasser se benadering mekaar ruimte laat vir die bevrediging van bogenoemde behoeftes. Andersyds moet beide egter ook verantwoordelikheid aanvaar vir die realiteit van hul bestaan en moet hulle ooreenkomstig hul waardes toepaslik optree in belang van hul huweliksverhouding.
- Die waarde van hierdie benadering lê daarin dat beide die genoemde twee beginsels wyd onderskryf word. Bevredigende affektiewe interaksie word gekenmerk deur die betoning van liefde en waardering (sien veral die psigoanalitiese, humanistiese en strukturele benaderings; Benokraitis, 1996; Borello & Thompson, 1990; Davis, 1985a; Gray, 1992; Louw, 1983a, 1993; Grunebaum, 1997a, 1997b; Peck, 1978; Steyn, 1996; Stone, 1985; Weitzman, 1985; Willi, 1997; Wolf, 1996). Die eis dat huweliksmaats verantwoordelikheid moet aanvaar vir hul omstandighede en vir hul interaksie word eweneens sterk ondersteun. Navorsing bevestig 'n sterk positiewe verband tussen verbintenis en huweliksatisfaksie (Adams & Jones, 1997; Beck 1988; Benokraitis, 1996; Bird & Melville, 1994; Brown *et al.*, 1997; De Waal, 1992;

Giddens, 1992; Goldenberg & Goldenberg, 1996; Grunebaum, 1990; Mackey & O'Brien, 1995; Peck, 1978; Pollock *et al.*, 1990; Smit, 1995; Sprecher *et al.*, 1995; Steyn, 1996; Wolf, 1996).

- Outeurs wat die rol van godsdiens in egpare se affektiewe funksionering bespreek, onderskryf Glasser se konsepte van behoefte aan liefde en verbintenis wanneer hulle dit klee in Christelike terme van naasteliefde en gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif wat egskeiding verbied (Butler & Harper, 1994; Davis, 1985a; De Waal, 1992; Du Toit, 1987; Fisher, Giblin & Hoopes, 1982; Heaton & Pratt, 1990; Heavey, Layne & Christensen, 1993; Louw, 1993; Maartens, 1990; Mol, 1981, Olson *et al.*, 1983; Wineberg, 1994).

4.7 GESINSTERAPEUTIESE BENADERINGS EN EGPARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

Afgesien van die bydraes van die belangrikste strominge binne die benadering wat as gesinsterapie bekend staan, word dié van die Algemene Sisteemteorie kortliks saamgevat. Inligting is verkry uit die volgende bronne:

- **Algemene Sisteemteorie**, met kommunikasiebeginsels: Goldenberg en Goldenberg (1996), Gurman (1978), Hansen en L'Abate (1982), Schaap *et al.* (1988), Segraves (1982), Steinglass (1978), Schoeman *et al.* (1983) en Venter (1988).
 - **Murray Bowen se Sistemiese Benadering**: Bowen (1978), Foley (1979), Goldenberg en Goldenberg (1996), Gabbard (1994), Guerin *et al.* (1987), Gurman (1978), Kaplan en Sadock (1988), Kerr (1988), Rice en Brown (1995), Steinglass (1978), Van Staden (1991) en Venter (1988).
 - **Salvador Minuchin se Strukturele Benadering**: Foley (1979), Green en Werner (1996), Hansen en L'Abate (1982), Minuchin (1974), Rademeyer (1989), Steinglass (1978), Van Staden (1991) en Venter (1988).
-

- **Jay Haley se Strategiese Intervensie:** Goldenberg en Goldenberg (1996), Haley (1973, 1976), Papp (1990), Rademeyer (1989), Segraves (1982) en Steinglass (1978).
- **Post-modernistiese benaderings** (van onder andere Steve de Shazer, William O'Hanlon, Wiener-Davis, Harry Goolishian, Harlene Anderson, Michael White en Tom Andersen): Goldenberg en Goldenberg (1996) en Zimmerman en Dickerson (1993).

In Bylae A word fyner onderskei tussen die verskillende verteenwoordigers van hierdie benaderings se bydraes.

4.7.1 PERSPEKTIEF OP EGPAARINTERAKSIE

Elke lid van die egpare (in hierdie geval gesien as subsisteme) het outonome funksionering en **individuele** behoeftebevrediging nodig, maar **effektiewe sisteem-funksionering** is ook nodig. Aspekte hiervan word toegelig:

- Egpare se affektiewe interaksie word deur terugvoerprosesse reguleer en dus impliseer die sirkulêre aard daarvan dat egliede wedersyds mekaar se gedrag uitlok.
- Die sogenaamde oortolligheidsbeginsel impliseer dat minder gebruikte alternatiewe as oortollig beskou word en dat gehou word by geykte patrone van interaksie - ongeag die effektiwiteit daarvan.
- Egpare vorm mettertyd 'n beeld van hul interaksie en tree dan dienooreenkomstig op.
- Ten einde 'n vorm van homeostase te handhaaf, geld 'n stel vaste overte, maar ook kovertes, onbewustelike reëls vir interaksie wat groei of degenerasie kan impliseer.
- Die groeibehoeftes van die verskillende subsisteme (die individuele egliede), maar ook dié van die sisteem (die gesin as geheel) moet gebalanseer word.
- Te veel eise om verandering kan destruktiewe disekwilibrium tot gevolg hê, terwyl te min behoefte aan aanpassing tot stagnasie van die sisteem (en verhouding) kan lei.
- Alle kommunikasie simboliseer die egliede se posisie en houding, wat dikwels gedurende hierdie jong-egpaar-stadium deur 'n magstryd gekenmerk word.

- Korrekte kommunikasietegnieke, wat emosionele ekspressie en die benutting van logika insluit, is nodig vir beide die oordrag van aangename en onaangename affek. Duidelike onderskeid is nodig tussen noodsaaklike "caregiving enmeshment" en die ongesonde "intrusive enmeshment" (Green & Werner, 1996, p.121).
- Effektiewe self-differensiasie van hul gesinne van herkoms fasiliteer gesonde affektiewe verbondenheid tussen eggenote.
- Selektief deurlaatbare grense impliseer dat jong egpare kinders, en gevolglik die res van die familie ook, affektief kan akkommodeer sonder om hul eie huweliksisteem skade te berokken.

Die besondere bydrae van die gesinsterapeute tot begrip van egpare se affektiewe funksionering lê enersyds in die beklemtoning van die sistemiese veranderlikes wat 'n rol speel in die egpare se funksionering en andersyds in die navorsing en riglyne oor effektiewe kommunikasie (Beach & O'Leary, 1985; Follette & Jacobson, 1990; Jacobson, 1978; Rademeyer (1989). Aspekte soos kongruensie tussen verbale en nie-verbale boodskappe, "ek-boodsappe", weerhouding van "mindreading" en die benutting van reflektering en validering is deur veral die Palo Alto groep beklemtoon. Goldenberg en Goldenberg (1996, p.361) sê in hierdie verband: "Increasing a couple's communication skills, however achieved, is the essence of effective marital therapy."

4.8 SAMEVATTING VAN DIE ROL VAN SEKERE KOMPO-NENTE VAN PSIGOLOGIESE FUNKSIONERING IN DIE BIOPSIGOSOSIALE MODEL VIR EGPAARFUNKSIONERING

Samevattend kan gestel word dat elke benadering in die besonder fokus op 'n bepaalde komponent van die egpare se psigologiese funksionering in soverre dit hul affektiewe interaksie kan beïnvloed. Glick, Clarkin en Kessler (1987, p.267) kom in die verband tot

die volgende slotsom: "None of these theories is totally adequate, but from them come some guiding notions and hypotheses of dysfunction (en *per sé*, ook van goeie funksionering) in marital dyads that are clinically useful." Navorsing dui dan ook daarop dat verskillende aspekte van egpare se psigologiese funksionering, soos beklemtoon deur die uiteenlopende benaderings, **gesamentlik** hul affektiewe funksionering beïnvloed (Baucom et al., 1998; Beach & O'Leary, 1985; Christensen, Russell, Miller & Peterson, 1998; Karney & Bradbury, 1997).

Resente navorsing oor die effektiwiteit van huweliksterapie (Christensen *et al.*, 1998) bevestig dat verskillende komponente van hul psigologiese funksionering verband hou met egpare se verbeterde interaksie:

- hul **kognisies** wat hulle oor mekaar en die verhouding gehad het, is gewysig;
- die vlak en effektiwiteit van hul kommunikasie en algemene **gedrag** jeens mekaar het verbeter, en
- die **gevoelens** wat hulle jeens mekaar en die verhouding gekoester het, was veel aangenameer.
- Uit die response wat die navorsers gekry het, blyk dit egter dat die egpare se algemene **houding** jeens mekaar ook verander het. In hoofstuk twee is aangedui dat die egpare se algemene houding jeens mekaar en die verhouding 'n betekenisvolle invloed op hul interaksie het. "Houding" word dus hier gesien as 'n basiese ingesteldheid jeens hulself, mekaar en die verhouding.

Al hierdie komponente van egpare se psigologiese funksionering word vervolgens verreken in die uitbouing van die Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering waarna in hoofstuk een verwys is. Op die visuele voorstellings van die betrokke model is die verband tussen egpare se affektiewe funksionering en hul sosiale konteks (sien Figuur 2.1), sowel as die verband met hul biologiese funksionering (sien Figuur 3.1) reeds aangedui. In Figuur 4.1 word die verband tussen egpare se interaksie en elkeen se individuele psigologiese funksionering nou aangedui. Die wisselwerking tussen egpare se **sosiale konteks**, hul **biologiese funksionering** en die kognitiewe, emosionele,

gedrags- en houdingskomponente van die elke eglied se **psigologiese funksionering** word weer met stippellyne voorgestel.

Verder word die volgende simbole gebruik om die verskillende komponente van hul psigologiese funksionering aan te dui:

- "K" verwys na die kennisies en denkpatrone oor hulself, hul maats en die huwelik, waarmee beide egliede hul huwelik betree.
- "G" verwys na die gedrag wat elke eglied openbaar.
- "A" verwys na elke eglied se affek en het te make met die gevoelens wat hulle jeens hulself, mekaar en die huwelik koester en die wyse waarop hulle dit koort hanteer.
- "H" verwys na egpare se algemene houding jeens hulself, mekaar en die huwelik.


Die interaksie tussen egliede word dus onder andere beïnvloed deur:

- egpare se sosiale konteks,
- hul biologiese funksionering, en
- bogenoemde komponente van hul psigologiese funksionering (naamlik die gedrags-, die kognitiewe en die affektiewe- en houdingskomponente).

Die fokus is vervolgens op die egpare se affektiewe funksionering, dit wil sê op:

- elke eglied se affek, en op
- dié deel van hul interaksie wat voortspruit uit hul affek.

BIOPSIGOSOSIALE MODEL VIR EGPAARFUNKSIONERING



Figuur 4.1 Voorstelling van die Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering met spesifisering van slegs die "Psigologiese Funksionering"

HOOFSTUK 5

DIE SAMEVATTING VAN DIE LITERATUUR- GEGEWENS OOR JONG WERKENDE EGPAAR SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

In hoofstuk twee is bepaal dat die huidige geslag jong egpare waarskynlik hul tipiese omvattende instrumentele take beter sal hanteer indien hulle affektiewe funksionering bevredigend is. In hoofstuk drie en vier is aangedui watter rol elke eglied se biologiese en psigologiese funksionering speel in hierdie groep egpare se affektiewe funksionering. In hierdie hoofstuk word gefokus op die aard van die betrokke egpare se affektiewe funksionering en hoe hulle beide die aangename en die onaangename aspekte daarvan hanteer. Al die literatuurgegewens word dan in die Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering geïnkorporeer. Die inligting word onder die volgende opskrifte aangebied:

- 5.1 Die omskrywing van begrippe
- 5.2 Aangename affektiewe funksionering
- 5.3 Onaangename affektiewe funksionering
- 5.4 Samevatting en integrasie van literatuurgegewens in die Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering.

5.1 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Kolb en Brodie (1982), in hul bespreking van affek, dui aan dat daar basies twee tipes affek is, dit kan naamlik aangenaam en positief van aard wees, of dit kan onaangenaam en negatief wees. In die lig hiervan en in aansluiting by die definisie wat in hoofstuk een

vir individue se affektiewe funksionering aangebied is (sien 1.2.1), kan egpare se affektiewe funksionering soos volg beskryf word:

- Aangename affektiewe funksionering verwys na hul aangename gevoelens wat hulle innerlik met betrekking tot mekaar beleef, sowel as na die daaruit voortspruitende optrede jeens mekaar, en
- onaangename affektiewe funksionering verwys na hul onaangename gevoelens en hul gepaardgaande gedrag jeens mekaar.

Die aangename gevoelens wat egpare jeens mekaar beleef, sal onder die oorkoepelende term, liefde, bespreek word, terwyl hul gepaardgaande optrede jeens mekaar, wat as **emosionele en seksuele intimiteit** gesien word, daarna bespreek word. Hul onaangename gevoelens, wat kan wissel van ontevredenheid tot ekstreme woede, sowel as die daaruit voortspruitende interaksie, naamlik hul **konflikhantering**, word daarna bespreek.

5.2 JONG EGPARE SE AANGENAME AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

5.2.1 DIE AARD VAN AANGENAME AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

Ten spyte van die besondere waarde wat aan liefde geheg word (sien hoofstuk 2), is daar volgens Du Toit (1987), Gottman (1994b) en Willi (1997) relatief min navorsing oor die konsep gedoen en is dit dus moeilik definieerbaar. Steinmetz *et al.* (1990, p.166) meen dat "even the experts who study love have difficulty identifying what love is."

Dit wil voorkom asof dit vir ondersoekers makliker is om aspekte van die liefde of verskillende tipes liefde, eerder as die fenomeen liefde, te definieer. Die meeste wetenskaplikes stem egter met Hatfield en Walster saam dat daar ten minste onderskei moet word tussen twee tipes, naamlik tussen hartstog ("passionate love") en

kameraadskap ("companionable love") (Bird en Melville, 1994). Een van die verdere onderverdelings in elemente, naamlik dié van Louw (1983b) word vir doeleindes van hierdie bespreking benut. Dié vierledige model van liefde, waar die vier elemente volgens hom "saam 'n integrerende geheel vorm" (p.50) word in Tabel 5.1 weergegee.

Tabel 5.1 Elemente van liefde

Kameraadskap		Hartstog	
Naasteliefde (Agapé)	Vriendskap (Philia)	Romantiek (Eros)	Seks (Sexus)

(Louw, 1983 b)

5.2.1.1 Elemente van liefde

Louw (1983b) se beskrywing van die elemente van liefde word aangevul deur die sienings van ander outeurs.

Kameraadskap

Kameraadskap word eerstens onderskei van die meer hartstogtelike liefde. Eersgenoemde is "a strong and enduring affection that is more peaceful and comfortable than romantic love" (Wolf, 1996, p.98). Verder word daar onderskei tussen die naasteliefde- en vriendskapselemente van kameraadskap:

- **Naasteliefde** herinner aan die Bybelse opdrag tot *agapé*-liefde: onbaatsugtige, opofferende liefde soos dié van Christus vir die mens (Du Toit, 1987; Louw, 1983b), of dit word vergelyk met die affeksie tussen ouer en kind (Grunebaum, 1990). Dit impliseer selfverloëning, genade en empatiese betrokkenheid (Du Toit, 1987; Louw, 1983b; Sprecher *et al.*, 1995).
- **Vriendskap** word gesien as *philia* (Louw, 1983b) en impliseer gereelde affiliasie rondom gedeelde belange en deur gevoelens en gedagtes uit te ruil (Brown, 1995; Grunebaum, 1990; Pittman, 1997; Sprecher *et al.*, 1995). Dis "iemand met wie jy

jouself kan deel, iemand wat jou aanvaar soos jy is en selfs nadat hy jou deeglik leer ken het, nog lief is vir jou" (Du Toit, 1987, p.278).

Hartstog

Teenoor kameraadskap word hartstog beskryf as fisies, nie-rasioneel, emosioneel intens en dus onstabiel (Bird & Melville, 1994; Brown, 1995). Dit is "an intense, erotic attraction and yearning that idealizes the partner" (Wolf, 1996, p.98) en "an absurd, albeit delicious, crisis-induced escape from sanity" (Pittman, 1997, p.309). Alhoewel die twee aspekte van hartstog, naamlik romantiek en seks dikwels gekombineer word, kan dit ook onderskei word van mekaar:

- **Romantiek**, deur Louw (1983b) genoem *eros*, word geassosieer met 'n vorm van idealisering van die maat as die persoon wat die lewe volledig sal maak en met 'n voortdurende hunkering na die persoon se liefkosing (nie noodwendig seksueel van aard nie). Dié aspek verseker sprankel en opwinding in die verhouding (Giddens, 1982; Louw, 1983b; Sprecher *et al.*, 1995).
- Die **seksuele** aspek, of *sexus*, word gesien as die aspek wat fokus op die uitruiling van seksuele plesier (Giddens, 1992; Louw, 1983b).

5.2.1.2 Verband tussen kameraadskap en hartstog

Uit bogenoemde opmerkings oor kameraadskap en hartstog kan afgelei word dat laasgenoemde gesien word as van verbygaande en minder betekenisvolle aard. Volgens Benokraitis (1996) dui navorsing van 1994 daarop dat kameraadskaplike liefde inderdaad goed korreleer met huwelikstabiliteit. Pittman (1997), in sy reaksie op Grunebaum (1997b) se artikel oor die noodsaak van romantiese liefde, wys op die opofferings wat liefde vra en meen dat die "maniese" gevoelens noodwendig moet plek maak vir verantwoordelike omgang met dié gesin wat gevorm is op grond van die aanvanklike romantiese liefde. Peck (1978, p.85) meen dat die "sex-linked erotic experience" moet plek maak vir "the will to extend one's self for the purpose of nurturing one's own or another's spiritual growth." Daar word aanvaar dat "companionate" liefde wel voorafgegaan sal word deur "passionate" liefde, wat meer kentekenend is van die beginfase van die huwelik (Brown, 1995; Pittman, 1997). Hierdie Ek-gesentreerde

liefde moet vervang word met volwasse Ander-gesentreerde liefde om volgehoue huwelikstevredenheid te verseker (Benokraitis, 1996; Brown, 1995).

Die egpaar se toenemende fokus op kameraadskap wis egter nie hul hartstog uit nie. Borrello en Thompson (1990) het in terme van Lee se bekende tipologie van liefdestyle (Benokraitis, 1996; Bigner, 1983; Steinmetz *et al.*, 1990) bepaal hoe die liefde van jongmense daar uitsien. Hiervolgens is dit veral drie primêre style wat aanvanklik in 'n paar se verhouding belangrik is, naamlik *eros* (romantiese of hartstogtelike liefde), *ludus* ("game-playing love") en *storge* (hegte, lewenslange vriendskap). Willi (1997) ondersteun Grunebaum (1990) se beklemtoning van romantiese liefde. Sy onlangse navorsing dui daarop dat egpare van alle ouderdomme romantiese liefde as van deurslaggewende belang beskou het vir huwelikstevredenheid: "Those who were married to their great love described themselves as significantly happier than the other married respondents" (Willi, 1991, p.175). Kameraadskap groei weliswaar stadiger as hartstog, maar is noodsaaklik vir die behoud van die verhouding (Brown, 1995; Bird & Melville, 1994; Pittman, 1997; Wolf, 1996).

5.2.1.3 Verband tussen liefde en intimiteit

Liefde en intimiteit word dikwels in een asem genoem (Beck, 1988; Gerdes, 1981b; Wolf, 1982). Brown (1995, p.68) sê in dié verband: "Genuine love has been described as a rare expression of optimal functioning that involves active caring for a partner's needs and a desire to experience the other at an intimate level without masks and roles." Davitz (1969) het navorsing gedoen oor die belewing van liefdevolle emosies by mans en vroue wat meestal tussen 20 en 30 jaar oud was. Sy bevindinge dui daarop dat liefde enersyds 'n intrapsigiese element, naamlik 'n bepaalde gevoel of belewenis behels, maar ook dat dit gepaard gaan met 'n vorm van interpersoonlike interaksie en betrokkenheid wat as intimiteit gesien kan word.

Volgens Wolf (1982) verwys die woord intimiteit vir leke dikwels bloot na die seksuele sy van 'n verhouding. Daar word egter meestal deur wetenskaplikes onderskei tussen seksuele intimiteit, wat met wedersydse fisiese affeksie gepaard gaan en emosionele

intimiteit wat wedersydse "psigiese" affeksie impliseer (Du Toit, 1987; Gerdes, 1981b; Mackey & O'Brien, 1995). Daar is verder ook diegene wat talle soorte intimiteit of vlakke waarop intimiteit kan voorkom, uitwys (Bigner, 1983; Clinebell & Clinebell, 1970; Finnegan & Brown, 1995; Heller & Wood, 1998; Renshaw, 1984a). Vir doeleindes van hierdie navorsing word onderskei tussen seksuele intimiteit wat in 5.2.4 en 5.2.5 bespreek word en emosionele intimiteit en die hantering daarvan wat vervolgens aandag geniet.

5.2.2 DIE AARD VAN EMOSIONELE INTIMITEIT

5.2.2.1 Omskrywing van emosionele intimiteit

Wolf (1982) wys daarop dat dit moeilik is om intimiteit te definieer. Mackey en O'Brien (1995) sowel as Sexton en Sexton (1982) skryf dit toe aan die feit dat almal nie die konsep dieselfde sien nie. Twee "dubbeldoor"-elemente wat oënskynlik teenoor mekaar staan, maar wat terselfdertyd deel uitmaak van die begrip emosionele intimiteit, is nabyheid/betrokkenheid en afstand/afsonderlikheid.

Nabyheid/Betrokkenheid

Lerner (1989, p.9), wat breedvoerig skryf oor intimiteit, gebruik "closeness", "togetherness" en "connectedness" as wissel terme om die "we"-aspek van intimiteit te beskryf: "All of us develop through our emotional connectedness to others, and we continue to need close relationships throughout our lives." Verskillende outeurs fokus dan ook meestal meer op een van die aspekte, maar impliseer tog dikwels ook die ander een.

Sexton en Sexton (1982) dui aan dat die fenomeen vir eeue reeds bestudeer word en dat die woord afgelei is van die Latynse woord *intimus*, wat "inner or inmost" beteken. Daaruit lei hulle af dat: "to be intimate with another is to have access to, and to comprehend, his/her inmost character" (Sexton & Sexton, 1982, p.1). Hiermee verwys hulle na die mate van gekoppeldheid met die ware menswees van die ander persoon, maar impliseer hulle ook dat die besondere wedersydse kennis nabyheid meebring. Die eksistensiële raamwerk onderskryf die gedagte. Intimiteit is "an intentional action

between like creatures whose will it is to bridge the echoless silence of the universe" (Denes, 1982, p.136). Hierdie intieme betrokkenheid veronderstel wedersydse deling van mekaar se diepste menswees en word geassosieer met die emosionele intensiteit en wedersydse afhanklikheid wat gehegtheid en nabyheid meebring (Cahn, 1992; Douvan, 1981; Givels, 1990; Newirth, 1982; Sexton & Sexton, 1982). Vanuit 'n humanistiese perspektief, gaan Mahrer (1982, p.142) selfs verder: dis "a substantial fusion into a single self."

Ook Clinebell en Clinebell (1970) onderskei tussen 'n spesifieke moment of periode van intense nabyheid en die voortgaande besondere betrokkenheid bymekaar. Hulle verwerp egter bogenoemde standpunt van Mahrer met hul standpunt dat "the degree of mutual need-satisfaction within the relationship" (p.1) bepalend sal wees vir egpare se mate van tevredenheid met hulle intimiteit. Dit moet dus vir beide egliede betekenisvol en verrykend wees, maar hulle sal waarskynlik volgens Erikson (Salkind, 1981) en Lerner (1989) onderling en in vergelyking met ander egpare verskillende behoeftes in terme van die aard daarvan hê. In hierdie verband wys Green en Werner (1996) daarop dat 'n gesinsterapeut soos Minuchin se konsep van deurlaatbare grense 'n balans tussen die nodige "versorgende" betrokkenheid en die noodsaaklike afsonderlikheid veronderstel. Sodra betrokkenheid volgens Minuchin gepaard gaan met psigologiese kontrole, besitlikheid en interpersoonlike projeksie, sal die nabyheid van selfs 'n liefdevolle ander persoon toenemend benouend word.

Afstand/Afsonderlikheid

Afgesien daarvan dat egpare volgens Finnegan en Brown (1995) nie in alle areas van hul lewe ewe veel intimiteit beleef nie, word allerweë aanvaar dat daar 'n wisselwerking tussen nabyheid en afsonderlikheid sal wees. Egliede kan "verswelg" voel indien die verhouding hulle nie 'n eie identiteit, sowel as genoeg ruimte vir eie emosionele verwerking en/of "alleentyd" gun nie (Corey, 1978; Du Toit, 1987; Green & Werner, 1996; Lerner, 1989; Marks, 1986; Olson, *et al.*, 1983; Sloan & L'Abate, 1985).

Alhoewel daar diegene is wat amper 'n onvoorwaardelike nabyheid as voorwaarde vir intimiteit impliseer (Cahn, 1992; Mahrer, 1982), terwyl ander soos Ellis (1982), so ver

gaan om te sê dat intimiteit nie 'n voorwaarde is vir 'n gelukkige bestaan-nie; word meestal aanvaar dat egpare 'n balans tussen nabyheid en afsonderlikheid moet vind: "the challenge is to move toward a connectedness that preserves the dignity of the self and the other, allowing for the creation of real intimacy" (Lerner, 1989, p.214).

Balans tussen nabyheid en afsonderlikheid

Givels (1990, p.171) wys op die probleme van veral jong egpare in dié verband: "The basic developmental task of marriage is to learn to resolve conflicts around intimacy." Elke volwassene poog volgens hom om 'n balans te handhaaf tussen gemeenskaplikheid en "individueelheid": tussen die behoefte om deel te wees van iets groter as die self en die behoefte om outonoom te wees. Ware gemeenskaplikheid is egter volgens hom net moontlik as dit nie oorgaan in *fusion* of totale ineenvloeiing of versmelting nie. Karpel (1977) verduidelik maats se pogings om nabyheid te reguleer aan die hand van die metafoor van twee magnete. Hy glo dat die doel is om 'n "emotional tug without fusing" (p.68) daar te stel. 'n Vorm van "dialogue" is dus nodig: 'n vorm van wedersyds ooreengekomde nabyheid van twee "geïndividueleerde" maats wat mekaar se verskillende persoonlikhede kan tolereer.

Huwelike kan onderling verskil met betrekking tot die mate van nabyheid wat die egliede benodig. Daar is huwelike wat meer dikwels óf in die middel óf na die ekstreme kante van die kontinuum tussen nabyheid en apartheid verkeer (Fitzpatrick, 1988c; Mackey & O'Brien, 1995). Volgens Fitzpatrick (1988c) sal die tradisionele egpare gekenmerk word deur persoonlike opofferings (ook van hul afsonderlikheid) ter wille van huwelikstabieliteit; die onafhanklikes deur soeke na individuele vryheid sowel as na nabyheid; terwyl die apartes min interafhanklikheid het en die verhouding op grond van ander aspekte in stand gehou moet word. Fitzpatrick (1988c, p.143) se standpunt is dus dat "seperateness can produce durable marriages even though the emotional intensity of this arrangement may be very subdued."

Marks (1986) wys dan ook daarop dat beide egliede dus tevrede kan wees met minder intimiteit. Hulle kan in só 'n geval dieselfde paradigmas huldig omtrent die verhouding. Vroue mag dan hulle behoefte aan betrokkenheid bevredig deur by iemand anders (soos

familielede) betrokke te raak, terwyl mans moontlik meer by iets anders (soos hul werk of stokperdjies) betrokke kan raak. Louw (1983b, p.83) glo ook dat die verskille tussen mans en vroue in hierdie verband nie net wrywing hoef te veroorsaak nie. Trouens "hulle eiesoortigheid kan juis verryking van die verhouding beteken", sodat verskillende soorte intimiteit uitgebou kan word en 'n balans tussen die nabyheid en afsonderlikheid verkry kan word.

5.2.2.2 Belangrikheid van emosionele intimiteit

By die bespreking van jong egpare se veeleisende leefpatrone in hoofstuk twee en hul psigologiese behoeftes (sien hoofstuk vier), het dit geblyk dat bevredigende intimiteit noodsaaklik is.

- Die psigoanaliste (4.1) beklemtoon beide 'n naby-verhouding met 'n betekenisvolle ander en ruimte vir persoonlike groei.
- Erikson (4.2) en bevestigende navorsing (Le Roux & De Beer, 1994) het intimiteit by jongmense beklemtoon ten einde isolasie en gepaardgaande gevoelens van lae eiewaarde en radeloosheid te vermy.
- Die humaniste (4.4) beklemtoon enersyds die noodsaak van die betuiging van liefde en warmte begrip, maar andersyds ook die reg tot eie ruimte met die oog op elkeen se selfaktualisasie.
- Selfs Beck, een van die kognitiewe terapeute (sien 4.5), heg besondere waarde aan huweliksmaats se vermoë om intimiteit te skep.
- Beter egpaarfunksionering kan ook in terme van leer- en sisteembeginsels verklaar word (sien 4.3 en 4.7): 'n Verhouding gekenmerk deur ware kennis van mekaar, wedersydse inagneming en meer aangename as onaangename uitruiling van affek, het volgens terapeute (Jacobson & Margolin, 1979; Liberman *et al.*, 1980), navorsers (Chatterjee, 1999; Gottman *et al.*, 1976; Gottman & Krokoff, 1989; Gottman & Levenson 1988, 1999b; Gottman & Silver, 1994; Guthrie & Snyder, 1988; Matthews *et al.*, 1996) en teoretici (Marks, 1986; Miller *et al.*, 1975) 'n veel beter kans op beide oorlewing en bevrediging.

Heller en Wood (1998, p.273) som die noodsaak van intimiteit soos volg op: "Intimacy is at the core of loving relationships and is a major bonding force in marriage." Soos blyk uit die voorafgaande bespreking is dit egter moeilik om die regte balans tussen nabyheid en afsonderlikheid te verkry. Vervolgens word die probleme in dié verband bespreek.

5.2.2.3 Probleme om emosionele intimiteit te laat realiseer

Afgesien daarvan dat 'n balans tussen nabyheid en afsonderlikheid gevind moet word, kan jong egpare se lewensomstandighede, sowel as hul persoonlikheids- en geslagsverskille hul intimiteit bedreig.

Lewensomstandighede

In die lig van jong egpare se omvangryke instrumentele take as gevolg van hul twee loopbane, 'n huishouding en voorskoolse kinders het hul min tyd en energie vir hul affektiewe take. Om aan die besondere emosionele verwagtinge wat deur die egalitêre stelsel geïmpliseer word, te voldoen, is die vermoë tot wedersyds bevredigende intimiteit nodig. Terselfdertyd dra die "gees van die tyd" daartoe by dat jong egpare enersyds nie verwag om te werk aan huweliksgeluk nie en andersyds geneig is om gou te glo dat verhoudings nie kan oorleef nie. Hulle mag verder geneig wees tot te veel selfgesentreerdheid en veeleisendheid, wat uiteraard intimiteit benadeel.

Balans tussen nabyheid en afsonderlikheid

Die stryd om egpare se verskillende behoeftes op verskillende tye te sinchroniseer kan dermate tot rusies aanleiding gee dat dit intimiteit mettergaan verwoes (Brown, 1995; Gray, 1992; Lerner, 1989). Verskille in die hoeveelheid tyd en energie bestee aan hul loopbaan- en persoonlike doelwitte, sowel as ontoereikende persoonlikhede en swak ontwikkelde vaardighede skep vir dubbelloopbaanegpare probleme om die regte hoeveelheid nabyheid te skep of in stand te hou (Beck, 1988; Gray, 1992; Green & Werner, 1996; Mackey & O'Brien, 1995; Marks, 1986; Sloan & L'Abate, 1985).

In terme van die uitruilingsteorie kan 'n volgehoue verskil in 'n egliede se behoeftes aan intimiteit daartoe aanleiding gee dat die bekende sogenaamde "pursuer/distancer" style,

wat normaalweg voorkom by egpare, problematies word (Christensen, 1988; Marks, 1986; Wolf, 1996). Dié verskille kan in terme van "alleentyd" versus gesamentlike tyd wees, of dit kan met betrekking tot ekspressie versus terughouding van persoonlike inligting wees. Normaalweg, in laestres-situasies, is die verskillende style komplimentêr tot mekaar: "The emotional personalism of the pursuer fills a perceived lack in the distancer's life, and the distancer's calm reasonableness is a reassuring check on the pursuer's impulsiveness" (Guerin *et al.*, 1987, p.46). Beide die egliede wat ervaar dat hulle deurentyd veel meer belê in die verhouding as hul maats en dié wat die maats se behoeftes veeleisend vind, sal uiteraard, veral in hoëstrestye, ontevrede raak. "Verwerping" of "agtervolging" word beleef met gepaardgaande konflikte.

Patologiese behoeftes

'n Hele aantal outeurs wys daarop dat beide egliede se gesonde psigologiese funksionering 'n voorwaarde is vir die bevredigende hantering van intimiteit:

- ♦ Douvan (1981) glo dat alleen diegene wat sonder "overriding neurotic conflict" is, in staat is tot ware selfopenbaring en nie-verdedigende, empatiese hantering van die noodwendige verskille en periodieke afstande tussen egpare.
- ♦ Ook Wolf (1982, p.75) dui aan dat 'n gesonde selfbelewenis nodig is om waarlik intimiteit te hê: "The mature intimacy sought by a relatively cohesive self is never demanded with such acute urgency and is not needed for giving basic life-sustaining structure to the self, but to give the self an expressive channel that enhances and enriches the possibilities for the creation of a more meaningful life." Hy wys in hierdie verband op die tipes patologie wat verband hou met die belewing van intimiteit: paranoïede-, skisoïede- en wat hy noem "merger-hunger"-persoonlikhede sal moeilik een of beide die elemente van intimiteit kan hanteer. Hierdie gedagtes word bevestig deur die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders* (American Psychiatric Association, 1994).
- ♦ Kelly en Conley (1987) se navorsing oor die persoonlikhede van 300 pare wat opgevolg is oor 'n tydperk van vyftig jaar, dui daarop dat "neurotisme" by beide die mans en vroue, tesame met gebrekkige impulsbeheer by mans, die sterkste negatiewe korrelasie getoon het met huwelikstabieleit.

- ◆ Hierteenoor dui Luttig (1993) se navorsing daarop dat ook gebrekkige empatie pare se huwelikstabieleit negatief beïnvloed.

Die effek van individuele wanfunksionering blyk uit die style wat Karpel (1976) onderskei het. Dit stem ooreen met die onderskeid van Fitzpatrick (1988c), maar die intensiteit daarvan is veel sterker:

- Nie-verwantheid impliseer die vermyding van hegte interaksie en nabyheid en dus die onvermoë tot betekenisvolle nabyheid. Givelber (1990) skryf dit aan selfbeskerming en/of selfsug toe.
- Algehele fusie veronderstel só 'n hegte emosionele verhouding tussen twee minimaal gedifferensieerde persone dat afsonderlikheid altyd as 'n bedreiging gesien word. Alle energie word belê in die soeke na liefde en aanvaarding, of in die aanvalle op mekaar omdat hulle die nodige behoeftebevrediging nie ontvang nie. Die doel hiervan is volgens Sinclair en McCluskey (1995) om hul eie angs te besweer.
- Ambivalente fusie kom baie meer algemeen voor as die algehele fusie en hou verband met egpare se enersyds voortdurende progressiewe tendens tot differensiasie en met hul andersyds regressiewe neiging tot fusie. Onvermoë tot gesonde dialoog loop uit op ongesonde interaksie.
- Die mees volwasse wyse van egpaarinteraksie, naamlik dié van dialoog, word alleen bereik deur goed-gedifferensieerde persone wat mekaar individualiteit gun en word gekenmerk deur die aanvaarding van mekaar as verskillende, unieke wesens, maar ook deur sensitiwiteit vir mekaar se behoeftes sodat 'n "onsheid" behoue bly.

Verskille tussen mans en vroue

Alhoewel in hoofstuk twee aangedui is dat daar gewaak moet word teen veralgemening in die lig van die toenemende androgeniteit met betrekking tot rolbekleding, is daar ook gewys op die moontlike probleme wanneer daar groot verskille is in die mans en vroue se psigologiese funksionering. Vroue se moontlik sterker gerigtheid op verhoudings, teenoor die mans se taakgeoriënteerdheid, kan uiteraard intimiteit bemoeilik.

Vroue kan tot hul eie en hul eggenote se irritasie hulself deurentyd in die "pursuer"-rol bevind met betrekking tot emosionele betrokkenheid in die lig van hul genoemde groter

aandrang op nabyheid en ekspressie van behoeftes (Brown, 1995; Du Toit, 1987; Fitzpatrick, 1988b; Gray, 1992; Marks, 1986; Sinclair & McCluskey, 1996). Daarenteen kan die mans geneig wees om weg te skram van te veel bespreking van hul emosionele interaksie (Du Toit, 1987; Givelber, 1990; Gottman & Silver, 1994; Gray, 1992; Sloan & L'Abate, 1985). Hulle mag ook meer ingestel wees tot 'n seksuele "pursuer"-rol (Benokraitis, 1996; Brown, 1995; Crenshaw, 1983; Fogarty, 1976; Roughan & Jenkins, 1990a, 1990b). Daar moet egter gewaak word teen die sogenaamde vervrouliking van liefdebetuiging (Bird & Melville, 1994; Wolf, 1996). Hierdie neiging om vroue se hoë premie op emosionele ekspressie en saamwees te verabsoluteer, terwyl mans se tipiese liefdesbetoning (wat hulpverlening en voorsiening insluit) geringskat word, vererger die stryd oor intimiteit tussen egpare (Heller & Wood, 1998).

Die effek van die bespreekte geslagsverskille blyk nie vir alle egpare dieselfde te wees nie. Wanneer egpare nie slaag om vroue se behoeftes aan emosionele intimiteit te sinchroniseer met die mans se behoeftes aan seksuele intimiteit nie, kan dit egter ontevredenheid en geleidelike onttrekking of aggressie meebring (Brown, 1995).

Ter ondersteuning van die standpunt dat hierdie geslagstipiese verskille minimaal is, word ooreenkomste met betrekking tot mans en vroue se intimiteitsbehoeftes ook aangedui. Sprecher et al. (1995, p.209) het bevind dat "men and women appear to value the same things in their intimate relationships": ondersteunende kommunikasie, kameraadskap en seksuele interaksie. Toenemende ooreenkomste met betrekking tot behoeftes (Mackey & O'Brien, 1995) en ten opsigte van die sogenaamde "pursuer/distancer"-rolle (Christensen, 1988; Fogarty, 1976; Guerin *et al.*, 1987; Marks, 1986) word aanvaar. Hierdie tendens kan met toenemende androgeniteit ten opsigte van rolvervulling en eienskappe te doen hê (Benokraitis, 1996; Bigner, 1983; Bird & Melville, 1994; Goleman, 1995). Andersins mag dit wees dat Guthrie en Snyder (1988) se siening, wat ondersteun word deur Gottman en Silver (1994, p.149) se bevinding, naamlik dat "in happy marriages there are no gender differences in emotional expression!" 'n verklaring bied.

Uit die voorafgaande blyk dit dat jong egpare se spesifieke lewensomstandighede, patologiese behoeftes en geslagstipiese voorkeure ten opsigte van intimiteit die realisering van intimiteit wel kan bemoeilik. Vervolgens word aangedui hoe egpare intimiteit hanteer.

5.2.3. EGPARE SE HANTERING VAN EMOSIONELE INTIMITEIT

Egpare se hantering van emosionele intimiteit word bespreek deur te fokus op die rol wat al die komponente van hulle biopsigososiale funksionering (sien Figuur 4.1) speel. Met inagneming van die betrokkenes se **sosiale konteks** en hul **biologiese funksionering**, word jong werkende egpare se algemene houdings, hul kennisies en hul gedrag (komponente van hul **psigologiese funksionering**) in die hantering van hul emosionele intimiteit vervolgens bespreek.

5.2.3.1 Die rol van die houdingskomponent in emosionele intimiteit

Soos aangedui in hoofstuk vier (4.8) het die houdingskomponent met betrekking tot egpaarfunksionering te make met die egliede se ingesteldheid jeens hulself as huweliksmaats, jeens mekaar en jeens die huwelik as instelling. Hul verantwoordelikheid vir en verbintenis tot die behoud van die verhouding, mekaar se welwees en hul eie diensbereidheid is dus hier ter sake.

Verbintenis

Dit was in hoofstuk twee (sien 2.3.3.1 en 2.4.3.1) duidelik dat verbintenis tot die voortgang van die huweliksverhouding geassosieer word met die affektiewe hantering van die huidige eise waaraan jong egpare moet voldoen. Bevestiging word verkry uit navorsing dat intimiteit gefasiliteer word deur die eie aanvaarding van verantwoordelikheid vir die verhouding en deur die wete dat die maat verbind is tot die behoud van die verhouding (Adams & Jones, 1997; Sprecher *et al.*, 1995). Verskeie outeurs spreek hul uit oor die noodsaak van verbintenis, benewens aangename gevoelens, tot die maat se welwees en tot die eise van die verhouding (Beck, 1988; Corey, 1978; Grunebaum, 1990; Peck, 1978). Du Toit (1987) en Louw (1983b)

bespreek toewyding, wat spruit uit 'n bepaalde Christelike ingesteldheid, en bevestig dat dit riglyne vir naasteliefde, sowel as respek vir die huwelik as instelling, bied.

Aanvaarding en erkenning van beide egliede

In die bespreking van die psigologiese benaderings (sien hoofstuk 4) en die elemente van intimiteit, word bepaal dat beide egliede ruimte moet hê vir persoonlike groei en ontwikkeling in die verhouding. Dis egter veral die humanistiese benadering (4.4) wat onvoorwaardelike aanvaarding van beide die self en die ander vir die daarstelling van 'n betekenisvolle verhouding en vir die groei van die lede beklemtoon het, terwyl Erikson (4.2) die vestiging van 'n eie identiteit as voorwaarde vir ware intimiteit gesien het. Peck (1978, p.98) glo dan ook in dié verband dat: "Ultimately, ... all couples learn that a true acceptance of their own and other's individuality and seperateness is the only foundation upon which a mature marriage can be based and real love can grow." Hiermee stem talle outeurs saam, terwyl daar ook gewys word op die feit dat die aanvaarding van ander berus op die aanvaarding van die self (Beck, 1988; Johnson, 1981; Johnson, 1983; Givelber, 1990; Glasser & Wubbolding, 1996; Grunebaum, 1990, Lerner, 1989; Miller *et al.*, 1975; Wolf, 1982). Aanvaarding gaan gepaard met erkenning en respek vir die eie en die ander se menswees, regte, denkraamwerk, optrede, sowel as vergiffenis van mekaar vir foute (Bird & Melville, 1994; Corey, 1978; Du Toit, 1987; Giddens, 1992; Johnson, 1981; Louw, 1983a, 1983b; Mackey & O'Brien, 1995; Newirth, 1982; Nicol, 1989). Giddens (1992) wys op navorsing wat daarop dui dat die jonggetroudes eers intimiteit kan beleef as daar demokrasie met betrekking tot regte en verpligtinge in hul verhouding is. Uiteraard word die aanvaarding van moontlike geslagsverskille met betrekking tot intimiteitsbehoeftes en die uitlewing daarvan, ook veronderstel (Beck, 1988; Bird & Melville, 1994; Brown, 1995; Wolf, 1996).

Diensbereidheid

Hierdie vereiste behels 'n bereidheid om betrokke te raak by die ander se strewes en doelwitte. Dis opvallend dat verteenwoordigers van so 'n groot aantal benaderings hierdie aspek in belang van 'n intieme liefdesverhouding beklemtoon:

- Psigoanaliste soos Jung, Adler en Fromm (sien 4.1) beklemtoon opregte besorgdheid en 'n bereidheid om opofferings te maak in belang van die maat.

- Erikson (4.2) beklemtoon 'n mate van selfopoffering as deel van intimiteit.
- Die behavioriste (4.3) vereis doelbewuste optrede in belang van die ander en die verhouding.
- Mahrer (1982), as humanis (sien ook 4.4), stel die eis baie sterk: die eie self moet getransendeer word in belang van die ander.
- Ellis (4.5), as kognitiewe terapeut, waarsku teen die irrasionele verwagting dat die mens ten alle koste selfbevrediging moet kry en dui aan dat egpare in hul eise om nabyheid immer moet onthou dat hulle wil bydra tot die verbetering van die ander se lewe.

Dis weer eens so dat intimiteit waarskynlik net moontlik is as beide maats oor diensbaarheid beskik en 'n sekere buigsaamheid openbaar ten einde mekaar tegemoet te kom (Givelber, 1990).

Empatiese sensitiwiteit

Veral die humaniste het nie net 'n empatiese houding as voorwaarde vir betekenisvolle interaksie gesien nie (sien 4.4) - hulle het goeie riglyne vir die oordra daarvan verskaf.

♦ Uit die geraadpleegde definisies van empatie blyk dit dat daar twee elemente onderskei word. Enersyds word kennis van die ander en begrip vir die ander se optrede onderskei. Dis "die vermoë om jouself in iemand anders se plek te stel, in sy verwysingsraamwerk te kom en sy gevoelens en gedrag objektief te verstaan" (Du Toit, 1987, p.318). Andersyds word die daaruitvoortspruitende warme betrokkenheid by die ander se behoeftes beklemtoon (Corey, 1978; Davitz, 1969; Givelber, 1990; Johnson, 1981; Miller *et al.*, 1975). Dit is dus "the ability to feel for the other, to anticipate the needs and tastes of the other" (Douvan, 1981, p.193).

♦ Geslagsverskille word in terme van empatie aangedui. Thomas, Fletcher en Lange (1997) het gevind dat hoër opleiding by veral mans, beter empatiese akkuraatheid meebring. Hulle is van mening dat mans waarskynlik die kompleksiteit van boodskappe beter verstaan, maar dat vroue oor die algemeen intuïtief sterker ingestel is op ander se behoeftes. Mackey en O'Brien (1995) het eweneens in hul kwalitatiewe ondersoek gevind dat die vroue, veral in die beginfase van die huwelik, veel meer sensitief en begrypend was as die mans.

Moed en vertroue

Om 'n intieme verhouding aan te gaan vereis moed en vertroue in die maat, aangesien beide hul vrees vir die verlies van hul eie self of identiteit moet oorkom (Corey, 1978; Davitz, 1969; Denes, 1982; Louw, 1983b; Peck, 1978; Pittman, 1997). Egpare moet dus in die proses in staat wees tot die volgende:

- Egpare moet hul diepste behoeftes, waardes en strewes openbaar op die gevaar af dat die ander dit volgens Erikson kan geringskat (Salkind, 1981), dit kan uitbuit, broodnodige ego-ondersteuning kan weerhou en dat daar te veel afhanklikheid vir sekuriteit en groei kan ontstaan (Cahn, 1992; Gerdes, 1981b; Givelber, 1990).
- Egpare moet self ook empaties wees en hulself verbind tot die deelneming in die ander se pyn en strewes sonder om oorweldig te word deur die ander se gevoelens of om hul ten koste van hul eie doelwitte geheel en al te onderwerp aan die ander se behoeftes (Corey, 1978; Givelber, 1990; Sloan & L'Abate, 1985).

Corey (1978), sowel as Mackey en O'Brien (1995) meen dat die diepte van egpare se intimiteit sterk saamhang met die mate waartoe hulle bereid is om hul eie behoeftes te openbaar. Albei moet dus die moed hê om 'n ander se lewe te deel en te gee wat nodig is, maar moet ook die vertroue hê dat die ander sensitief met die eie menswees sal omgaan en nie onbillike eise sal stel nie.

Samevattend kan gesê word dat 'n houding, gekenmerk deur verbintenis tot die behoud van die huweliksverhouding en die welwees van die self en die ander, die gevolglike aanvaarding en erkenning van die eie en die ander se behoeftes, diensbereidheid en empatiese sensitiwiteit, egpare se emosionele intimiteit kan fasiliteer.

5.2.3.2 Die rol van die kognitiewe komponent in emosionele intimiteit

Met betrekking tot die belewing van gevoel en die openbaarmaking daarvan is aangedui dat kognisies 'n belangrike rol speel: oortuigings oor intieme verhoudings en die gepaardgaande verwagtinge sal dus egpare se hantering van intimiteit volgens verskillende benaderings tot psigologiese funksionering beïnvloed [sien psigoanaliste (4.1); kognitiewe terapeute (4.5) en Bowen (4.7)]. Die rol van die inhoud van egpare se

kognisies, sowel as die aard van hul denkpatrone by die hantering van emosionele intimiteit word vervolgens bespreek.

Inhoud van kognisies

Teenoor die negatiewe effek wat die aanvaarding van mites oor die huwelik en die verskillende rolspelers se behoeftes en verwagtinge het; word die waarde van realistiese verwagtinge van die huwelik en dus 'n realistiese siening oor intimiteit, sterk voorgestaan (Gerdes, 1981b; Glick *et al.*, 1987; Gray, 1992; Guerin *et al.*, 1987; Kolb & Brodie, 1982; Louw, 1993; Nicol, 1989; Steinmetz *et al.*, 1990). Hareven (1982) wys byvoorbeeld op die ambivalensie van ongeloof in die houdbaarheid van die huwelik aan die een kant en onrealistiese idealisering daarvan as 'n emosionele hemel aan die ander kant. Mook (1982) verbind weer die onrealistiese hoë prestasieverwagting aan verhoogde stres en egskeiding. Hierteenoor kan selfkennis, die regte kennis oor die maat en ooreenstemming in maats se skemas, intimiteit fasiliteer.

♦ Selfkennis word as die basis van selfaanvaarding en -erkenning gesien en is nodig om suksesvol te onderhandel oor mens se eie behoeftes en begrip te ontwikkel vir wat in interaksie gebeur (Johnson, 1981; Miller *et al.*, 1975; Nicol, 1989; Wolf, 1982). Ten einde dit te bekom, is selfondersoek nodig wat volgens Johnson (1981) bereik kan word deur te luister na 'n mens se eie verbalisering oor gebeure, gevoelens en gedagtes, maar ook deur voortdurend terugvoer te vra van ander mense. Miller *et al.* (1975) het 'n besondere bydrae gelewer met betrekking tot wat hulle noem "self-awareness" deur die reeds genoemde bewuswordingswiel daar te stel.

♦ Verder word kennis van mekaar as voorwaarde vir intimiteit gestel (Denes, 1982; Pittman, 1997; Sexton & Sexton, 1982). Onlangse navorsing van Heller en Wood (1998) wys ook daarop dat veral jong egpare se akkurate kennis van mekaar se behoeftes en van mekaar se unieke belewing van intimiteit sterk korreleer met hoër vlakke van intimiteit. Douvan (1981) waarsku dat egliede nie hul eie behoeftes aan intimiteit op die maat moet projekteer nie. Verder word egpare aangeraai om hul eie idees oor die hul gades gereeld te verifieer (Beck, 1988; Guthrie & Noller, 1988; Miller *et al.* 1975). Gottman en Silver (1994) meen dat mans veral ook positiewe "skemas" (vaste idees) oor die verlede moet oproep ten einde hulle positief in te stel tot die verhouding.

♦ Wanneer maats se “skemas” oor die huweliksverhouding ooreenstem, het dit uit navorsing van Möller en Van Zyl (1991) geblyk dat huweliksaanpassing beter is. Gerdes (1981b) en Miller *et al.* (1975) dui die belangrikheid van ooreenstemmende waardes in die huwelik aan, terwyl Heller en Wood (1998) gevind het dat hoër vlakke van intimiteit verkry word waar egpare eners voel oor intimiteit.

Aard van denkpatriene

'n Onderliggende houding van vrees vir verwerping of vir te veel insluiting, kan aanleiding gee tot verkeerde denkpatriene soos veralgemening met betrekking tot die maat se motiewe en van waninterpretasies (Brown, 1995; Goleman, 1995; Gottman & Silver, 1994; Gray, 1992). Swak aangepaste egpare word volgens Möller en Van Zyl (1991) gekenmerk deur ekstreme evaluering van bedreigende situasies in die huwelik.

Realistiese verwagtinge oor die huwelik en affektiewe funksionering as sodanig, goeie selfkennis, die verkryging van akkurate kennis oor die maat, pogings om hul “skemas” oor huweliksinteraksie in ooreenstemming te bring en die vermyding van denkfoute, blyk dus in terme van die kognitiewe komponent van egpaarfunksionering emosionele intimiteit te fasiliteer.

5.2.3.3 Die rol van die gedragskomponent in emosionele intimiteit

In hoofstuk een is aangedui dat jong egpare se praktiese hulp aan mekaar betekenisvolle effek het op beide, maar veral op die vrou se huwelikstevredenheid. Verder is in hoofstuk twee aangedui dat gedrags- en kommunikasiebenaderings (sien 4.3 en 4.7), wat konsentreer op veranderde gedrag, besondere sukses behaal in huweliksterapie. Die benaderings het die waarde van veel meer aangename as onaangename interaksie beklemtoon. Die humaniste, en veral Berne (4.4) stel egter ook doelbewuste betoning van liefde voor, en Glasser, vereis benewens die godsdienstige raamwerke (4.6) verantwoordelike gedrag jeens mekaar. Hier word nou gefokus op wat pare kan doen om hulle intimiteit te verbeter, aangesien doelbewuste werk, benewens die regte houding en denke, algemeen onderskryf word as voorwaarde vir ware intimiteit

(Clinebell & Clinebell, 1970; Douvan, 1981; Givelber, 1990; Gottman, 1993, 1994a, 1994b; Johnson, 1981; Miller *et al.*, 1975; Peck, 1978).

Selfopenbaring

"Intimiteit en selfontsluiting gaan hand aan hand" (Du Toit, 1987, p.218). Die geraadpleegde bronne is dit eens dat selfopenbaring die bespreking van persoonlike inligting omtrent 'n mens self, insluitende gedagtes, gevoelens, en houdings, sowel as die verskaffing van relevante inligting oor situasies in die verlede is wat lig sal werp op die huidige situasie (Benokraitis, 1996; Corey, 1978; Johnson, 1981; Wolf, 1996). Die diepste vlak van intimiteit word volgens Brown (1995), Johnson (1981) en Miller *et al.* (1975) verkry wanneer egliede oor hul eie interaksie as egpaar praat en dus van metakommunikasie gebruik maak.

Die waarde van selfopenbaring, as die grondslag vir die res van die proses van emosionele en seksuele intimiteit, word deur 'n hele aantal outeurs onderskryf (Beck, 1988; Bigner, 1983; Corey, 1978; Giddens, 1992; Louw, 1983b; Maartens, 1990; Marks, 1986; Newirth, 1982; Sexton & Sexton, 1982). Noller (1984) wys op navorsing wat aantoon dat van die beste voorspellers van huwelikstevredenheid juis selfopenbaring is. Die feit dat intimiteit dermate gefasiliteer is deur die sogenaamde "Emosie-gefokusde Terapie", word deur Dandeneau en Johnson (1994) toegeskryf daaraan dat die wedersydse openbaring van weerloosheid die noodsaaklike empatie uitgelok het. Benokraitis (1996) skryf die positiewe effek daarvan toe aan die feit dat dit egliede se individuele spanning kan verlig en beide se eiewaarde kan verhoog, maar dat die verhouding ook gedien kan word omdat dit wedersydse vertroue verhoog en misverstande uit die weg ruim.

Afgesien van die regte houding en realistiese, positiewe verwagtinge by beide lede van die egpaar is dit met betrekking tot die wyse waarop selfopenbaring moet geskied, belangrik dat beide egliede oor effektiewe luister- en responderingsvaardighede moet beskik. Miller *et al.* (1975) beklemtoon dat elkeen vir hom/haarself moet praat en dat die bewuswordingswiel benut kan word om 'n duidelike, volledige openbaring te doen. Die luisteraar se reaksie behoort eerstens van so 'n aard te wees dat dit die spreker se

gevoelens valideer (sien humaniste (4.4) en behoort verkieslik gevolg te word deur die luisteraar se eie selfopenbarings in dié verband (Gottman & Silver, 1994; Johnson, 1981; Nicol, 1989). Alhoewel genoeg selfopenbaring met die oog op emosionele intimiteit, en dus vir behoud van die verhouding, gedoen moet word, moet daar egter ruimte wees vir die individuele verskille met betrekking tot die mate en tipe van selfopenbaring waarmee elke eglied gemaklik is (Bird & Melville, 1994; Gray, 1992; Green & Werner, 1996; Wolf, 1996). Du Toit (1987) bespreek byvoorbeeld die waarskuwings van etlike outeurs met betrekking tot onvoorwaardelike selfopenbaring en kom tot die gevolgtrekking dat dit nie net moet gaan oor eie bevrediging nie: "Selfontsluiting moet altyd die positiewe en konstruktiewe doel van die bevordering van huweliksintimiteit in gedagte hê" (Du Toit, 1987, p.222). Die "quid pro quo"-beginsel impliseer egter dat as maats nie wedersyds openbaar nie, die gewillige openbaarder mettertyd sal "opdroog" of ander hoorders sal vind (Du Toit, 1987; Wolf, 1996). Dit wil voorkom asof die mate en tipe van selfopenbaring dikwels verband kan hou met die geslag van die "openbaarder".

Die effek van tipiese verskille tussen mans en vroue met betrekking tot selfopenbaring (indien dit in ekstreme mate sou voorkom), word net na die bespreking van outeurs se "hanteringswenke" in kolomvorm weergegee in Tabel 5.2.

'n Paar voorstelle word gemaak oor hoe egpare hierdie verskille kan hanteer. Bird en Melville (1994), sowel as Wolf (1996) herinner aan Cancian se sogenaamde "feminization of love" wat lei tot die vroue se onrealistiese verwagtinge in dié verband en die mans se gevolglike negatiwiteit. Die vroue word aangeraai om sake meer rasioneel te bespreek, "dinge" saam met hulle mans te doen en meer dikwels seks en die take wat die mans verrig as hul vorm van liefdesbetoning te aanvaar. Die mans kan meer aandag gee aan hul eie en hul vroue se verbale selfopenbaring en hulle moet nie die vroue s'n hanteer asof hulle oplossings van die mans se kant af verwag nie. Sodoende sal hulle minder geneig wees tot gespannendheid en onttrekking wanneer die vroue oor hul eie sake praat (Beck, 1988; Bird & Melville, 1994; Gottman & Silver, 1994; Wolf, 1996). Gray (1992) skryf vir die populêre mark en vertolk in 'n sin waarskynlik huidige paradigmas oor samesyn. Hy aanvaar dat beide geslagte tye het waarin hulle minder

geneig is om na mekaar te luister en liefde te gee, maar herinner vroue daaraan dat die mans in hulle "wegtye" nie veel selfopenbaring sal doen nie. Die vroue moet in sulke tye eerder hul eie dinge doen, hul moenie hul mans verwyt oor hul "afwesigheid" nie en hulle moet eerder rasioneel daaroor praat wanneer hul mans "terug" is. Sy raad aan die man is om te sê wanneer hy weggaan en wanneer hy terug is, maar nie moet verwag dat die vrou onmiddellik gemaklik sal wees met die proses nie. Verder herinner hy die mans daaraan dat, wanneer vroue "af" is, hulle nietemin daaroor wil praat, al is hul minder in staat om liefde te gee. Hy beveel aan dat die mans aandagtig moet luister en hul vroue se gevoelens moet valideer, sonder om raad te gee. Dis belangrik om daarop te let dat persoonlikheidsverskille (soos intro- en ekstroverte trekke) ook 'n rol kan speel in hoe pare intimiteit hanteer en dat dieselfde tipe akkommodering van mekaar dan ook nodig is (Nicol, 1989).

Tabel 5.2 Verskille tussen mans en vroue met betrekking tot selfopenbaring

Selfopenbaring van mans	Selfopenbaring van vroue
Min introspeksie	Gereelde introspeksie
Wil min kere selfopenbaring hê	Wil gereeld selfopenbaring hê
Skram weg van vrou se selfopenbaring	Wil man se selfopenbaring hê
Stel kripties	Rek selfopenbaring uit
Wil meer saamdoen/seks hê	Kry so nabyheid
Selfopenbaring om 'n doel te bereik	Selfopenbaring doel op sigself
Stel daarmee in kennis	Verwerk gevoelens so
Praat oor werk, sake, dinge	Praat oor gevoelens/verhoudings
Is rasioneel	Is emosioneel
Wil vrou se redenasie hoor	Wil man se belewing hoor
Juis nie as ontsteld is	Doen selfopenbaring veral as ontsteld is
Gevoelens net aan vrou	Selfopenbaring teenoor vriendinne ook

(Beck, 1988; Benokraitis, 1996; Bird & Melville, 1994; Brown, 1995; Christensen, 1988; Fitzpatrick, 1988; Goleman, 1995; Gottman & Silver, 1994; Gray, 1992; Guthrie & Snyder, 1988; Wolf, 1996).

Ondersteuning

Jong egpare benodig en verwag baie ondersteuning van mekaar (sien hoofstuk 2). Gross en Levenson (1997) se navorsing dui daarop dat onaangename gevoelens soos hartseer nie verdwyn as dit nie op een of ander wyse hanteer word nie, en dat egliede op mekaar aangewese is vir ondersteuning wanneer hulle ontsteld is. Daar is dan ook heelwat getuienis dat ondersteuning in stresvolle tye aansienlik bydra tot egpare se vlak van intimiteit (Bird & Melville, 1994; Gottman, 1994a; Sprecher *et al.*, 1995) en dat dit veral 'n verskil maak wanneer die mans ook sogenaamde "emotion work" doen (Erickson, 1993). Hierdie metode om intimiteit te verbeter, het te make met die naasteliefdeaspek van intimiteit (sien 5.2.1.1). Vervolgens word die probleme met effektiewe ondersteuning, algemene riglyne daarvoor en die moontlike verskille wat tussen mans en vroue se behoeftes en hanteringswyse mag bestaan, kortliks bespreek. Guthrie en Noller (1988) se navorsing dui daarop dat egpare glo dat hulle normaalweg goeie ondersteuning verskaf. Tog skyn daar probleme te wees: Sloan en L'Abate (1985) meen dat dit een van die moeilikste vaardighede is om aan te leer om 'n gade se hartseer te hanteer sonder om self "ingetrek" te word en in die proses onwelkome reaksies te lewer. Johnson (1981) en Miller *et al.* (1975) wys daarop dat die aard van die luisterende maats se ondersteuningsmetodes dikwels meebring dat die klaers ontoereikend voel. Omdat die luisterende maats dus self ontwrig raak, word alles nou vererger.

Om op effektiewe wyse ondersteuning te bied, is die regte houding (sien 5.2.3.1: respek, diensbereidheid) en kennisies (5.2.3.2) nodig. Die vermoë om self nood te beleef en mee te leef met ander s'n mag volgens King (1998) daartoe bydra om ander se behoeftes beter te begryp en daarop te reageer. Goeie luister- en reflektierungsvaardighede bly nodig wanneer egliede wil praat oor hulle probleme. Johnson (1981) keur die volgende af: Die handhawing van 'n volgehoue stilte, indringende vraagstelling, kritiese analisering, 'n blote objektiewe interpretering van die situasie, onmiddellike advisering en oppervlakkige betrokkenheid deur die benutting van clichés of ritualistiese opmerkings om sogenaamde gerusstelling te gee. Hy stel parafrasering en die toon van begrip voor, sodat die klaer self insig kan kry en self kan besluit wat om te doen. Opmerkings om klaers se toereikendheid te bevestig en aanbiedinge van hulp,

blyk ook in orde te wees. 'n Samevatting van mans en vroue se verskillende behoeftes aan ondersteuning word in Tabel 5.3 gegee, terwyl daar in Tabel 5.4 aangedui word hoe die verskillende geslagte ondersteuning gee.

Tabel 5.3 Verskille tussen mans en vroue met betrekking tot die behoefte aan ondersteuning

Ondersteuningsbehoefte van mans	Ondersteuningsbehoefte van vroue
Praat min, wil op eie dink	Wil praat oor probleme
Wil nie emosionele reaksie hê nie	Wil gevoelens ontleed by man
Wil vertrou hê	Wil begrip en validering hê
Wil ontspannende dinge doen	Wil empatie en bemoediging hê
72% praat met vrou *	58% praat met man *

(Beck, 1988; Bird & Melville, 1994; Brown, 1995*; Gray, 1992; Guthrie & Snyder, 1988).

Tabel 5.4 Verskille tussen mans en vroue met betrekking tot die gee van ondersteuning

Ondersteuning wat mans gee	Ondersteuning wat vroue gee
Skram weg van vrou s'n	Wil man se probleme hoor
Wys op haar oorreaksie	Soek knaend na sy gevoel
Analiseer logies	Raak gevoelsmatig betrokke
Bly onbetrokke/valideer nie	Gee haar ervaringe weer
Voel self verantwoordelik	Voel verplig tot steun

(Beck, 1988; Bird & Melville, 1994; Brown, 1995; Gray, 1992; Guthrie & Snyder, 1988).

Alhoewel beide die mans en die vroue onmiddellike raad verwerp en geleentheid wil hê om self hulle probleme op te los, is beide partye geneig om sonder meer raad te gee (Beck, 1988; Gray, 1992; Guthrie & Snyder, 1988). Beck (1988) en Gray (1992) beveel aan dat die mans moet aandui wanneer hulle probleme ondervind en moet aandui dat hulle ruimte wil hê om dit self te verwerk. Vroue baat egter by die

reflektering en validering van hul gevoelens, troosvolle aanraking, die aanbieding van hulp, maar ook ruimte vir eie oplossing. Gray (1992, p.128) beveel egter ook ekstra ondersteunings-bronne vir vroue aan: "It puts too much pressure on a man to make him the only source of love and support." Die vroue kan eweneens hul bereidheid om na hul mans te luister aandui, maar ook vir hul mans ruimte laat vir hul eie probleemoplossings. Aanhoudende hulpaanbiedinge is volgens Gray (1992, p.19) kontra-produktief: "Offering help to a man can make him feel incompetent, weak, and even unloved." Sloan en L'Abate (1985) ondersteun Gray se siening dat vroue se neiging tot emosionele oorreaksie hul mans se selfopenbaring kan inhibeer en eerder hulle belewenis van hul probleme sal vererger.

Gesamentlike aktiwiteite

Egpare kan onder andere op twee maniere hulle vriendskap bevorder, naamlik deur saam aktiwiteite te beoefen en deur met mekaar te gesels.

Die noodsaak en waarde van beide fisiese aktiwiteite en gereelde gesprekke vir bevredigende egpaarfunksionering word deur talle navorsers en terapeute bevestig (Beck, 1988; Bird & Melville, 1994; Brown, 1995; Chatterjee, 1999; Fogarty, 1976; Glasser en Wubbolding, 1996; Gottman, 1994b; Gottman & Silver, 1994; Guthrie & Snyder, 1988; Maartens, 1990; Noller, 1984; Sprecher *et al.*, 1995). Jong egpare benodig ook baie ontspanning om hulle besondere druk te hanteer (Bird & Melville, 1994; Green & Werner, 1996; Liberman *et al.*, 1980) en, aangesien egpare se kommunikasie volgens Olson *et al.* (1983) op die laagste vlak is gedurende hierdie fase, moet ekstra aandag ook aan gesprekvoering bestee word.

In terme van riglyne vir die uitbouing van hierdie gedragsaspek van emosionele intimiteit, beveel Miller *et al.* (1975, p.270) enersyds aan dat egpare dit nie as nog harde werk moet sien nie: "Relationships are for living - playing, savoring, experiencing, and enjoying." Andersyds wys Mol (1981) daarop dat pare doelbewus moet beplan vir saamwees: behoorlike daaglikse "kontak", 'n maandelikse afspraak en 'n gereelde naweek weg van hul kinders, is nodig. Tydens gesprekke is gefokusde aandag nodig wanneer egpare mekaar groet (Liberman *et al.*, 1980), en behoort hulle doelbewus

aktiewe luisteraars te wees wat mekaar se opmerkings uit vorige gesprekke later opvolg (Gottman *et al.*, 1976). Gottman *et al.* (1976) en Mol (1981) glo dat alle vlakke van kommunikasie nodig is: Gewone cliché-gesprekke bied geleentheid om alledaagshede, snaakse insidente en humor te deel wat ontspanning bied; die uitruiling van feite, gebeure en nuus is stimulerend en die bespreking van menings gee toegang tot mekaar se waardes en innerlike lewe. Genoeg ligte "playfulness" en gereelde pogings om mekaar te amuseer en te vermaak, blyk belangrik te wees om die bespreking van ernstiger sake en probleme te balanseer (Beck, 1988; Douvan, 1981; Guthrie & Snyder, 1988; Marks, 1986; Miller *et al.*, 1975). O'Donohue en Crouch (1996, p.98) beveel aan dat egliede "gender empathy" moet ontwikkel met betrekking tot verskille tussen mans en vroue se kommunikasiestyle. Ten einde die persentasie aangename aktiwiteite te verhoog, stel Gottman *et al.* (1976) en Mol (1981) voor dat egpare meer dikwels positief moet reageer op mekaar se voorstelle om ongewone dinge te doen, sodat hulle doelbewus meer pret kan hê. Volgens Clinebell en Clinebell (1970) is dit nie noodwendig nodig dat egpare soveel as moontlik moet deel nie, maar die mate van bevrediging wat hulle uit hul gesamentlike aktiwiteite put, is belangrik vir hul belewing van intimiteit.

Verskillende outeurs fokus op een of meer van die volgende verskille tussen mans en vroue se voorkeure met betrekking tot gesprekke en aktiwiteite. Daar kan moontlik verwag word dat vroue meer dikwels gesprekke sal wil hê oor hulle gevoelens en hul verhoudings en dat hulle graag "romantiese dinge" saam wil doen. Hierteenoor gee die mans moeiliker vir hul eggenotes komplimente en hou hulle meer van sogenaamde "small talk". Mans sal moontlik ook meer kere aksie-georiënteerde aktiwiteite (soos sport) wil deel. Dit blyk dat hulle ook meer seksueel as romantis ingestel kan wees (Beck, 1988; Bigner, 1983; Bird & Melville, 1994; Brown, 1995; Fogarty, 1976; Givelber, 1990; Goleman, 1995; Gottman *et al.*, 1976; Gray, 1992; Grunebaum, 1990; Nicol, 1989; Noller, 1984; Wolf, 1996). Gesprekvoering en gedeelde aktiwiteite (of ten minste belangstelling in mekaar se aktiwiteite), is nodig vir die nabyheidselement van emosionele intimiteit, maar ruimte vir periodieke emosionele onttrekking en die beoefening van individuele aktiwiteite is nodig vir die afsonderlikheidselement van intimiteit (Gottman & Silver, 1994; Green & Werner, 1996; Marks, 1986; Mol, 1981).

Riglyne vir die verryking van egpare se emosionele intimiteit

Met verryking word letterlik bedoel dat pare doelbewus moet belê in buitengewone pogings om die verhouding so aangenaam as moontlik te maak vir mekaar ten einde 'n emosionele belegging op te bou vir moeiliker tye. Op grond van hierdie beginsel, wat veral deur die behavioriste gestel is (sien 4.3), het Gottman en sy medewerkers omvangryke navorsing gedoen oor die sogenaamde gunstige huweliksekologie. Hulle het 'n optimum verhouding tussen aangename en onaangename aspekte in die huweliksverhouding bepaal (Gottman, 1994a, 1994b, Gottman & Levenson, 1999b; Gottman & Silver, 1994; Lebow, 1999). Die bevinding is: "That magic ratio is 5 to 1" (Gottman & Silver, 1994, p.64). As daar dus vyf keer soveel aangename gevoelens en interaksie tussen die egliede is as wat daar onaangenames is, sal die huwelik waarskynlik stabiel bly, selfs wanneer die egpaar erge druk beleef. Matthews *et al.* (1996) het bevind dat hulle met meer as 80% sekerheid kan voorspel watter egpare op grond van die betrokke balans (naamlik vyf keer meer warmte as vyandigheid in die verhouding), sou skei en watter getroud sou bly. Nie net huwelikstabiliteit baat by doelbewuste pogings tot meer betekenisvolle emosionele intimiteit nie, die egpare neig ook om veel gelukkiger te wees.

'n Aantal voorstelle is gemaak oor hoe maats buitengewoon goed kan wees vir mekaar: Egpare moet mekaar gereeld bederf (Beck, 1988; Du Toit, 1987; Gottman & Silver, 1994). Hulle moet leer om "pleases" uit te ruil: "Pleases are defined simply as any word, expression, favor, routine, or action of one that pleases the other" (Liberman *et al.*, 1980, p.72).

- Egliede moet hul maats doelbewus goed laat voel oor hulself en oor die bydrae wat hulle maak tot die verhouding en die maat se welwees (Bird & Melville, 1994; Gottman & Silver, 1994).
- Liberman *et al.* (1980, p.72) beveel in dié verband Turner se konsep aan, naamlik "Catch your spouse doing something nice and let him/her know about it."
- Beide behoort volgens Gottman *et al.* (1976) en Mol (1981) onverwags buitengewone aktiwiteite voor te stel en hulle moet entoesiasies reageer op mekaar se voorstelle.

Die res van die voorstelle is meer toegespits op spesifiek die vrou of die man.. In belang van die **vroue** geld die volgende idees:

- "When a woman keeps score, no matter how big or small a gift of love is, it scores one point: each gift has equal value" (Gray, 1992, p.177). Vroue verkies volgens sy waarneming gereelde klein geskenkies.
- Vroue waardeer dit as daar spesiaal na hul emosies gevra word (Gray, 1992; Maartens, 1990; Mol, 1981).
- Vroue wil meer praktiese hulp hê met hul "huiswerk" (Giddens, 1992; Wolf, 1996).
- Vroue moet ervaar dat hul mans begrip het vir hul emosionele fluktuasies en hulle moet baie komplimente kry (Mol, 1981).

Ter wille van die **mans** geld ander voorstelle:

- Mans verkies volgens Gray (1992) een groot werklik begeerde geskenk.
- Mans reageer baie goed op gereelde dank, waardering en die versterking van die aangename dinge in plaas van klaery (Gottman & Levenson, 1988; Gray, 1992).
- Dit het vir mans besondere waarde as hul vroue hul vergewe sonder verwyte as hulle verbrou het (Gray, 1992).
- Vroue moenie ordelikheid hoër ag as hul mans se gerief nie en hulle moet spesiale disse vir hul mans maak (Mol, 1981).

In die voorafgaande gedeelte is gestel dat aangename affek, naamlik liefde, oorgedra word deur emosionele en seksuele intimiteit en tot dusver is aangedui hoe jong egpare beide die naasteliefde- en vriendskapselemente van hul **emosionele** intimiteit kan fasiliteer deur aandag te gee aan hul houding jeens mekaar, hul kennisies en hul gedrag. Vervolgens word gefokus op die rol wat hierdie komponente van psigologiese funksionering speel by die fasilitering van **seksuele** intimiteit.

5.2.4 DIE AARD VAN SEKSUELE INTIMITEIT

Soos wat emosionele intimiteit as die interaksionele uitvloeisel van kameraadskaplike liefde bespreek is, word seksuele intimiteit as uitlewing van die hartstogtelike komponent van liefde bespreek. Uit die bespreking van die elemente van liefde (sien 5.2.1.1), het

dit geblyk dat daar onderskei kan word tussen romantiese en seksuele liefde en dat beide te make het met 'n verskeidenheid behoeftes. In die lig van die response wat verkry is in hierdie navorsing, word veral gefokus op klagtes oor té min verbale bevestiging van liefde, te min fisiese, nie-seksueelgeoriënteerde aanraking, en oor te min seksuele verkeer.

Vervolgens word gefokus op 'n kort omskrywing van wat hier verstaan word met seksuele (teenoor emosionele) intimiteit, die waarde daarvan vir egpaarfunksionering, die probleme wat egpare beleef en die wyse waarop egpare die betrokke aspekte kan hanteer.

5.2.4.1 Omskrywing van seksuele intimiteit

Die woord intimiteit is volgens Wolf (1982) dikwels vir die algemene publiek 'n "mooi" manier om na seksuele verkeer te verwys, terwyl Renshaw (1984a, 1990) daarop wys dat selfs die bekende *Webster's Dictionary*-definisie van die woord bygedra het tot dié aanname. Seksuele intimiteit het hier te make met beide die genoemde romantiese en seksuele aspekte (sien 5.2.1.1) en sluit dus hoofsaaklik liggaamlike liefdesbetoning, maar ook die verbale verklaring van mekaar se liefde en terugvoer oor die ander se begeerlikheid as "liefdesmaat", in.

5.2.4.2 Die waarde van seksuele intimiteit en die wisselwerking daarvan met emosionele intimiteit

Die invloed van seksuele intimiteit vir beide die individue, sowel as vir die verhouding word wyd beklemtoon. Talmadge (1985a) sien dit as 'n besonder belangrike krag wat die mens se liggaam, maar ook die verstand en gees betrek en 'n mens dus in totaliteit geluk of ongeluk kan besorg. Renshaw (1984b, p.15) sê in dié verband: "Sexual love can be a source of constant renewal for each partner." terwyl Clinebell en Clinebell (1970), Grunebaum (1997a, 1997b), Nicol (1989) en Wolf (1996) seksuele intimiteit se effek op die betrokke individue se gevoelens van persoonlike waarde, fisieke aanvaarbaarheid en lewenstevredenheid toelig.

Die fasiliterende invloed van seksuele bevrediging op die huwelik word ook uitgewys (Clinebell & Clinebell, 1970; Du Toit, 1987; Fourie, 1984; Louw, 1983b; Maartens, 1990; Nicol, 1989; Talmadge, 1985b; Renshaw, 1984a, 1984b). In verskillende ondersoeke is seksuele probleme aangegee as een van die hoofredes vir huweliksverbrokkeling (Bird & Melville, 1994; Renshaw, 1983a; Van Staden, 1991). Dié feit hang waarskynlik saam met die hoë premie wat tans op wedersydse bevrediging van romantiese en seksuele behoeftes geplaas word (Comfort, 1994; Crenshaw, 1983; Du Toit, 1987; Gerdes, 1981b; Giddens, 1992; Grunebaum, 1997a; Pittman, 1997; Renshaw, 1978b, 1983a; Talmadge, 1985b).

Normaalweg word aanvaar dat emosionele en seksuele intimiteit mekaar wedersyds beïnvloed. Daar is seksterapeute wat glo dat 'n egpaar se seksuele interaksie - vanweë die eise aan die breë reeks interaksionele elemente soos kommunikasie, onderhandeling, empatie, teerheid, respek en wedersydse bevrediging, gesien kan word as 'n barometer vir die relatiewe gesondheid van die verhouding oor die algemeen (Brown, 1995; Sprecher *et al.*, 1995) en dat probleme met seksuele intimiteit dus dikwels probleme met emosionele intimiteit verraaï (Givelber, 1990; Grunebaum, 1997a, 1997b; Ladner, 1982; Mol, 1981; Louw, 1983a, 1983b; Papalia & Olds, 1981; Renshaw, 1984a; Talmadge, 1985b). Treadway (1993) sê in dié verband dat selfs terapeute geneig is om te dink dat terapeutiese winste in die area van nie-seksuele interaksie sonder meer seksuele intimiteit sal verhoog. Dit wil egter voorkom asof bevredigende emosionele intimiteit enersyds nie geslaagde seksuele intimiteit waarborg nie (Ladner, 1982; Renshaw, 1991b; Talmadge, 1985b; Treadway, 1993) en of daar andersyds ook egpare is wat nog betreklik geslaagde, hoewel "siellose" seksuele verkeer het, ten spyte van ontoereikende emosionele intimiteit (Ladner, 1982; Renshaw, 1983a, 1983b; Wolf, 1982). Dit blyk dus dat die twee vorme van intimiteit nie 'n vaste kousale verband toon nie.

Finnegan en Brown (1995) het bevind dat alle egpare nie noodwendig op 'n gegewe tydstop in al die moontlike areas wat hy noem dieselfde mate van intimiteit beleef nie, terwyl 'n hele paar outeurs aandui dat juis seksuele intimiteit vir jong getroudes van

besondere belang is en hulle huwelikstevredenheid in die lig daarvan erg benadeel kan word indien hulle in hierdie area probleme ondervind (Bird & Melville, 1994; Borrello & Thompson, 1990; Brown, 1995; Gerdes, 1981b; Grunebaum, 1990; Mackey & O'Brien, 1995).

5.2.4.3 Probleme met fisiese intimiteit

Die omvangrykheid van probleme met fisiese intimiteit blyk uit die groot persentasie mense wat wêreldwyd aanmeld met seksuele disfunksie soos onder andere by die Crenshaw- en Loyolaklinieke (Crenshaw, 1983; Renshaw, 1983a). Eersgenoemde is in San Diego en Theresa Crenshaw, 'n mediese dokter, opgelei deur die bekende seksioloë, Masters en Johnson, is die direkteur daarvan. Die Loyola Kliniek te Chicago word bestuur deur die bekende seksioloog, Domeena Renshaw. Verder blyk die behoefte aan inligting uit die besondere aandag wat die regte hantering van seksuele intimiteit geniet in populêre bronne wat oor verhoudingslewe oor die algemeen en seksuele interaksie in die besonder handel (Comfort, 1994; Crenshaw, 1983; Louw, 1983a, 1983b, 1993; Mol, 1981; Nicol, 1989). Meer recent dui die opspraakwekkendheid van 'n middel soos Viagra, wat impotensie kan beredder op die behoefte om seksuele intimiteit immer te verbeter (Trümpelmann, 1998).

Die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders IV* (American Psychiatric Association, 1994) bespreek 'n hele aantal probleme wat spesifiek met geslagsidentiteit en seksuele verkeer te make het en onderskei tussen dié wat met begeerte tot seks, opwekking en orgasme te doen het. Volgens Du Toit (1987) is min navorsing oor seks en seksualiteit in Suid-Afrika gedoen en kan daar nie duidelike uitsprake gemaak word oor die aard van plaaslike problematiek nie. Hy verwys egter in hierdie verband na Olivier se omvangryke studie van 1983 met 1856 proefpersone waarvan 13,29% seksuele disfunksie erken het. Hieruit het geblyk dat impotensie die belangrikste disfunksie by mans was en dat die inhibering van seksuele begeerte vroue se belangrikste disfunksie was. Dit wil egter voorkom asof jonger mans minder probleme het met impotensie (of eerder met erektiele disfunksie), terwyl jong vroue juis geneig kan wees tot minder seksuele deelname (Cronje, 1999). Volgens Fourie (1984) is

premature ejakulasie dié algemeenste probleem by Suid-Afrikaanse mans. Vervolgens word gefokus die neiging tot te min verbale bevestiging van liefde, te min aanraking buite konteks van seksuele verkeer en te min geslagsgemeenskap as sodanig. Die moontlike redes vir hierdie probleme word vervolgens gelys.

Persoonsverwante faktore

Beide fisiese en psigiese faktore mag meebring dat een of beide egliede seksueel minder betrokke is. Geslagsverskille word as deel van egpare se gedrag (5.2.5.4) bespreek. Outeurs lys 'n aantal fisiese faktore wat die meeste bydra tot verminderde seksuele betrokkenheid (American Psychiatric Association, 1994; Beck, 1988; Bird & Melville, 1994; Crenshaw, 1983; Comfort, 1994; Fourie, 1984; Gerdes, 1981b; Izard, 1977; Mackey & O'Brien, 1995; Morokoff, 1978; Nicol, 1989; Talmadge, 1985b; Theron, 1989; Renshaw, 1978a, 1979, 1982, 1983b, 1989, 1991a; Welthagen, 1994; Wolf, 1996):

- Seksuele disfunksies en siektes, soos byvoorbeeld hormonale versteurings wat ongemak en pyn kan meebring, sowel as sekere medikasie .
- Alkohol- of dwelmmiddelmisbruik.
- Fisiese moegheid.
- Algemene psigiese ongesteldhede soos depressie, angs en te veel stres.
- Probleme wat verband hou met die betrokkenes se basiese kennis, houding of kognisies (sien 5.2.5).
- Persoonlikheidsafwykings en -eienskappe (swak liggaamsbeeld, min bereidheid om te fantaseer of te waag, vrees vir verwerping of afkeur, luiheid) wat intimiteit benadeel.
- Seks-verwante faktore soos faalangs ("performance anxiety"), onnodige skuldgevoelens en vrees vir swangerskap.
- Ouderdom, en in die geval van die betrokke respondente, juis hul jeugdigheid wat met onervarenheid, moontlik 'n verskil tussen die mans en vroue se seksuele behoeftes en stresvolle lewensomstandighede saamhang.

Verhoudingsverwante faktore

Die verhouding oor die algemeen en aspekte van hul fisiese intimiteit as sodanig, kan volgens 'n hele aantal outeurs seksuele betrokkenheid inhibeer (American Psychiatric Association, 1994; Beck, 1988; Bird & Melville, 1994; Brown, 1995; Comfort, 1994; Corey, 1978; Crenshaw, 1983; Du Toit, 1987; Fourie, 1984; Gottman, 1994a, 1994b; Gottman & Silver, 1994; Guerin *et al.*, 1987; Liberman *et al.*, 1980; Louw, 1983a, 1983b; Mackey & O'Brien, 1995; Morokoff, 1978; Nicol, 1989; Papalia & Olds, 1981; Renshaw, 1978a, 1978b, 1979, 1983b, 1984a, 1989, 1990; Roughan & Jenkins, 1990a, 1990b; Sprecher *et al.*, 1995; Talmadge, 1985a, 1985b, 1985c; Theron, 1989; Treadway, 1993):

- Ontoereikende emosionele intimiteit.
- Swak kommunikasie oor die algemeen, spesifiek oor behoeftes aan intimiteit, sowel as oor konflik.
- Onopgeloste woede, ongelyke magsdeling en benutting van al die vorme van seksuele intimiteit vir straf en manipulasie.
- Onvermoë om balans tussen afstand en nabyheid, sowel as verskille in opvoeding en/of godsdienstige oortuigings oor intieme samesyn en die frekwensie daarvan te hanteer.
- Onvoldoende aangename gevoelens wat meegebring word deur te min ontspanning, ligtheid in die atmosfeer en versterkende terugvoer aan mekaar.
- Te hoë premie op buitengewone erotiese sensasie, behoeftebevrediging en vaardigheid, of gebrek aan vaardigheid met die totale hofmakery en seksuele interaksie, verveling, geroetineerdheid en belangstelling in iemand anders.

Situasieverwante faktore

Die huidige geslag jong egpare het waarskynlik te kampe met die volgende inhiberende omstandighede (Beck, 1988; Bird & Melville, 1994; Comfort, 1994; Crenshaw, 1983; Gottman & Silver, 1994; Grunebaum, 1990; Renshaw, 1978a, 1989, 1990; Schwartz, 1994; Theron, 1989; Wolf, 1996):

- Oorlading wat moegheid, konflik oor take en te min ontspanning meebring.
- Te min tyd vir samesyn en privaatheid as gevolg van voorskoolse kinders.

- Kameraadskapshuwelike met die klem op deling in alle aktiwiteite, kan volgens Schwartz (1994, p.58) gekenmerk word deur "becoming so familiar with each other that they felt more like siblings than lovers" as gevolg van die verlies aan "mystery and difference."

Dit is dus duidelik dat 'n wye verskeidenheid faktore inhiberend kan inwerk op jong egpare se seksuele intimiteit. Vervolgens word aandag geskenk aan hoe hulle dit hanteer in belang van hierdie belangrike element van hulle affektiewe funksionering.

5.2.5 JONG EGPARE SE HANTERING VAN SEKSUELE INTIMITEIT

Soos wat dit die geval is met emosionele intimiteit, speel al die biopsigososiale aspekte van egpaarfunksionering 'n rol by jong egpare se hantering van hul seksuele intimiteit. Teen die agtergrond van die jong egpare se huidige sosiale konteks, word die biologiese basis van hul seksuele intimiteit, hul houdings, hul gepaardgaande kennisies en hul gedrag vervolgens bespreek.

5.2.5.1 Die rol van die biologiese komponent in jong egpare se seksuele intimiteit

Die voorheen bespreekte biologiese faktore - en veral die moontlike geslagsverskille, wat intimiteit oor die algemeen kan beïnvloed (sien 3.2.2), word vervolgens in verband gebring met egpare se hantering van die verbale bevestiging van hul liefde, aanraking buite konteks van seksuele verkeer en met geslagsgemeenskap as sodanig.

Die rol van siekteverwante faktore

Siektes en medikasie is reeds genoem as potensiële inhibeerders van seksuele intimiteit, terwyl die premenstruele sindroom (PMS) en geboortebeperkende middels (sien 3.2.4.3) ook inhiberend kan inwerk op veral vroue se behoefte aan intimiteit. Renshaw (1978b) wys egter daarop dat daar vroue is wat PMS ook kan misbruik om seksuele verkeer te verhoed en dit dan as verskoning gebruik, terwyl ware probleme nie geopper word nie.

Die rol van geslagsverskille

In hoofstuk drie is aangedui dat daar waarskynlik 'n biopsigososiale basis is vir mans se rasionele inslag, hul groter taak- en doelgerigtheid en moontlik vir hul gepaardgaande sterker seksuele behoeftes, teenoor vroue se meer emosionele inslag en hul verhoudingsgerigtheid. Verder is dit met betrekking tot seksuele intimiteit belangrik om te let op die feit dat mans se totale liggaamlike opwekkings- en orgasmiese proses anders verloop as dié van die vroue. Ten spyte daarvan dat meer androgeniteit ook meer ooreenkomste met betrekking tot seksuele intimiteit gebring het (Bird & Melville, 1994; Wolf, 1996), glo Brown (1995, p.101) steeds: "Nowhere are the genderlects more dramatically different in both expression and meaning than in male and female sexuality." Hoe hierdie verskille manifesteer, word as deel van die egpare se gedrag in 5.2.5.4 bespreek.

5.2.5.2 Die rol van die houdingskomponent in jong egpare se seksuele intimiteit

Dieselfde houding wat geslaagde emosionele intimiteit kenmerk (sien 5.2.3.1), kan volgens die geraadpleegde bronne fisiese intimiteit fasiliteer.

Verbintenis

Sprecher *et al.* (1995) se navorsing dui daarop dat beide die mans en die vroue se sterk verbintenis tot die maat en die verhouding se welwees korreleer met geslaagde seksuele intimiteit. Ook Renshaw (1983b) ag verbintenis tot die huwelik as kardinaal en wys daarop dat dit soms vergifnis behels vir mekaar se foute (Renshaw, 1991b).

Aanvaarding en erkenning

Die aanvaarding van hul eie en mekaar se liggame en die erkenning van hul eie behoeftes en dié van die maat, sowel as 'n positiewe houding jeens mekaar se hantering van die liefdespel, sal egpare se hantering van hul seksuele intimiteit fasiliteer (Beck, 1988; Comfort, 1994; Crenshaw, 1983; Nicol, 1989; Renshaw, 1983b).

Diensbereidheid

Hierdie aspek behels die bereidheid om emosioneel en fisies doelbewus opofferings te maak sodat daar aangepas kan word by mekaar se behoeftes (Brown, 1995; Comfort, 1994; Nicol, 1989), nie bloot "regmatige eise" te stel nie en nie te verval in wat Renshaw (1979, p.24) "simple old-fashioned laziness" noem nie.

Moed en vertroue

Afgesien van die genoemde bereidheid om dit in 'n intieme verhouding te waag en mekaar met persoonlike inligting te vertrou en dus nie verwerping te vrees nie, is dit in die geval van fisiese toenaderings des te meer belangrik om te kan vertrou dat hulle nie mekaar se liggame sal afkraak of mekaar se pogings tot liefdesbetoning as verspot sal "aflag" nie (Comfort, 1994; Crenshaw, 1983).

Empatiese sensitiwiteit

Beck (1988), Comfort (1994) en Nicol (1989) glo dat kennis van die ander geslag se seksuele funksionering en die maat se spesifieke behoeftes op hierdie terrein empatie sal verbeter, terwyl Brown (1995), sowel as Roughan en Jenkins (1990a, 1990b) bevestig dat die vermoë tot empatie wel seksuele intimiteit fasiliteer omdat egpare dan positief ingestel is op mekaar se behoeftes.

Dit is dus duidelik dat 'n algemene positiewe houding egpare se vrymoedigheid en gemaklikheid met seksuele verkeer kan bevorder. Egpare se seksuele intimiteit word verder beïnvloed deur die inhoud van hul kennisies en die aard van hul denkpatrone.

5.2.5.3 Die rol van die kognitiewe komponent in jong egpare se seksuele intimiteit

Inhoud van skemas

Egpare se oortuigings en verwagtinge met betrekking tot seksuele intimiteit en elke eglied se rol in die interaksie, sal die verhouding indringend beïnvloed (Olivier, 1986; Roughan & Jenkins, 1990a). Die belangrikheid daarvan blyk onder andere uit die indringende navraag wat gedoen word in terapeutiese verband na egpare met seksuele

probleme se denkinhoude en uit die moeite wat gedoen word met die regstelling van verkeerde aannames en onrealistiese verwagtinge (Beck, 1988; Corey, 1978; Crenshaw, 1983; Du Toit, 1987; LoPiccolo & Heiman, 1978; Louw, 1983a; Olivier, 1986; Renshaw, 1991a, 1991b). Daar is dikwels verwys na die hoë premie wat tans op die noodsaak van langtermyn- en "elke-keer-'n-meesterstuk"-aard van seksuele intimiteit geplaas word en na die feit dat egpare glo dat probleme op die seksuele vlak onafwendbaar verrai dat die verhouding besig is om te misluk (Beck, 1988; Bird & Melville, 1994; Crenshaw, 1983; Du Toit, 1987; Gerdes, 1981b; Nicol, 1989; Talmadge, 1985b; Treadway, 1993). Roughan en Jenkins (1990a, p.129) wys op die nie-wetenskaplike basis van die mites: "The expectation of mutual long-term enjoyment is relatively recent and appears to be based more on a Mills & Boon ideology than on knowledge, history, or even biology."

Die aard van hierdie **irrasionele verwagtinge of "mites"** waarop egpare hulle seksuele interaksie bou, word vervolgens opgesom:

- **Buitengewoonheid van die ervaring:** By sommige mense is daar die verwagting dat seksuele intimiteit "glamorous, fantastic, breathless, or exciting as in movies and magazines calculated to sell fantasy as fact" (Renshaw, 1979, p.24) moet wees.
- **Vanselfsprekendheid en moeitevryheid:** Daar word verder verwag dat seksuele verkeer telkens spontaan en maklik tot wedersydse bevrediging van beide die egliede sal plaasvind (Crenshaw, 1983; Cronje, 1999; Talmadge, 1985b; Treadway, 1993).
- **Frekwensie van gemeenskap is deurslaggewend:** Daar is 'n eensydige beklemtoning van die frekwensie van gemeenskap as die hoofindikator van die kerngesondheid van die verhouding en die noodwendigheid van huweliksverbrokkeling as seksuele gemeenskap onbevredigend is (Bird & Melville, 1994; Talmadge, 1985b).
- **Maat se verantwoordelikheid:** Daar bestaan die onrealistiese idee dat beide altyd verantwoordelik bly vir mekaar se opwekking en bevrediging (Crenshaw, 1983; Renshaw, 1978b).
- **Mans se hoë gereedheidsvlak:** Mans is volgens hierdie mite te alle tye gereed vir seksuele gemeenskap (Crenshaw, 1983; Cronje, 1999; Renshaw, 1978b).

Teenoor die nadelige effek van hierdie mites, word die noodsaak van egpare se ingeligtheid beklemtoon. Ware kennis oor die eie en die maat se seksuele funksionering word telkens deur outeurs met die oog op bevredigende seksuele interaksie bepleit (Comfort, 1994; Crenshaw, 1983; Du Toit, 1987; Mol, 1981; Nicol, 1989; Renshaw, 1978b, 1979, 1982, 1983b, 1984a).

Alhoewel daar steeds geslagsverskille met betrekking tot intimiteit mag voorkom, is daar toenemende aanduidings van ooreenkomste. Corey (1978) het al gewys op die bydrae wat seksnavorsing maak om geslagsverskille oor seksuele behoeftes te bevraagteken en Talmadge (1985a) dui aan dat baie verandering plaasgevind het gedurende die laaste twee dekades ten opsigte van die sienings oor deelname aan en tevredenheid met seksuele intimiteit. Hy meen dat mans en vroue in 1985 al weinig in dié verband van mekaar verskil het. Schwartz (1994) glo dat die huidige kameraadskapshuwelike onder andere gekenmerk word deur bitter min inhibisies by beide geslagte, terwyl hy, Bird en Melville (1994) en Giddens (1992) wys op vroue se groter aandrang op fisiese bevrediging, maar ook op hul bereidheid en vrymoedigheid om meer verantwoordelikheid te neem vir die inisiëring en deurvoering van seksuele verkeer. Giddens (1992) en Liberman *et al.* (1980) wys verder daarop dat mans ook tans meer eksplisiet vra om meer "liefdevolheid" soos aanraking buite die konteks van seksuele verkeer as sodanig. Dit wil dus voorkom asof daar wel 'n neiging tot androgeniteit bestaan met betrekking tot "skemas" oor beide die belangrikheid en die aard van fisiese intimiteit.

Effektiewe denkpatrone

Ekstreme evaluasies van enkele potensieel-bedreigende situasies en onbevestigde aannames oor gades se voorkeure is negatief vir interaksie (Möller & Van Zyl, 1991) en kan ook vir egliede se seksuele vrymoedigheid sterk inperk. Só kan veralgemening en katastrofering na aanleiding van 'n enkele geleentheid wat die maat nie tot seksuele interaksie geneë of in staat was nie seksuele verkeer inhibeer omdat egliede mekaar dan benader met die oortuiging dat hul verwerp sal word of "onbekwaam" sal wees (Beck, 1988; Crenshaw, 1983).

5.2.5.4 Die rol van die gedragskomponent in jong egpare se seksuele intimiteit

Wedersydse selfopenbaring, wat nie net vir emosionele intimiteit nie, maar ook vir seksuele intimiteit van kardinale belang is, word eerste bespreek. Daarna sal die verbale en nie-verbale bevestiging van liefdesgevoelens buite konteks van geslagsgemeenskap en die verskil in egpare se frekwensiebehoeftes met betrekking tot geslagsgemeenskap bespreek word. Hierdie deel word ook afgesluit deur riglyne vir die verryking van seksuele intimiteit aan te bied.

Selfopenbaring

Masters en Johnson, bekende navorsers oor seksuele interaksie, was volgens Bird en Melville (1994), Crenshaw, (1983), Gottman *et al.* (1976) daarvan oortuig dat bevredigende seksuele verkeer afhang van egpare se vermoëns om hul behoeftes en die geslaagdheid van hulle pogings om mekaar te behaag, aan mekaar te kommunikeer. Talle outeurs ondersteun die gedagte dat goeie kommunikasie- en konflikthanteringsvaardighede seksuele intimiteit fasiliteer (Beck, 1988; Brown, 1995; Comfort, 1994; Corey, 1978; Crenshaw, 1983; Giddens, 1992; Louw, 1983a, 1983b; Mackey & O'Brien, 1995; Nicol, 1989; Papalia & Olds, 1981; Renshaw, 1983b, 1984a; Van Staden, 1991). Egpare behoort onder andere in staat te wees om geslagsverskille met betrekking tot elke eggenoot se voorkeure vir die volgende vorme van seksuele intimiteit openlik te bespreek.

Verbale en nie-verbale bevestiging van liefdesgevoelens buite die konteks van seksuele gemeenskap

Die noodsaak van albei hierdie vorme van nie-seksuele liefdeskommunikasie vir volgehoue seksuele intimiteit word sterk ondersteun (Beck, 1988; Brown, 1995; Comfort, 1994; Du Toit, 1987; Liberman *et al.*, 1980; Renshaw, 1983a). Langhinrichen-Rohling, Smutzler en Vivian (1994) se navorsing dui byvoorbeeld op 'n positiewe verband tussen huweliksgeluk en gereelde verbale liefdesbetuigings en liefdevolle aanraking.

Met **verbale bevestiging** van liefde word bedoel dat egpare gereeld hul liefde sal verklaar, mekaar sal komplimenteer en hul maats se begeerlikheid as verhoudingsmaats sal bevestig (Benokraitis, 1996; Gottman & Silver, 1994; Nicol, 1989). Guthrie en Noller (1988) se navorsing dui egter daarop dat egpare dit oor die algemeen moeilik vind om in 'n nie-seksuele konteks hul liefde te betuig en dat hulle dit dikwels eerder grappenderwys of ligtelik doen.

Nie-verbale bevestiging van liefde geskied deur liefdevolle aanraking (Du Toit, 1987; Liberman *et al.*, 1980; Mol, 1981), maar ook deur 'n stemtoon en gesigsuitdrukkings te gebruik om te flankeer en om liefde oor te dra (Brown, 1995; Gottman & Silver, 1994). Renshaw (1983a, p.215) bespreek verskillende wyses waarop egpare mekaar kan aanraak; naamlik versorgende aanraking ("bathing, cuddling, comforting"), spelerige aanraking ("from tickling to tumbling") en spesifiek affeksionele aanraking ("a hug, hand-holding, light kissing"). Sy dui aan dat sommige egpare nie genoegsaam onderskei tussen hierdie wyses om hul liefde te toon en spesifiek sensuele en seksuele aanraking nie, en dus onbevredigend vinnig beweeg van die eersgenoemde maniere na aanraking binne konteks van seksuele verkeer. Elders wys Renshaw (1984a, p.76) daarop dat: "Disentangling sexuality from touching may free many to exercise and enjoy needed human hugs, hand-holding, and hand-to-cheek rubs." Dit wil volgens haar voorkom asof egpare gou na die huweliksbevestiging aan mekaar 'n boodskap van "Stop being sentimental" (1984a, p.74) oordra. Ook Mackey en O'Brien (1995) het gevind dat slegs 50% van hul respondente hulself as fisies demonstratief beskryf het. Een van die vroue het byvoorbeeld gesê: "I'm not a mushy-mushy, huggy-huggy person" (p.93).

Verskille word dikwels met betrekking tot die wyse waarop vroue en mans verkies om liefde te ontvang, bespreek. Treadway (1993, p.35) beweer dat "the old clichè that women want intimacy and men want sex is simplistic and limiting" en dat "all of us yearn for the experience of trust, tenderness and acceptance that emerges when lovemaking flows from and is an expression of our love." Tog wys hy ook op die hoër premie wat vroue stel op emosionele intimiteit en verbale bevestiging van liefde voor hulle by seksuele verkeer betrokke kan raak, terwyl die mans versekering kry van hul vroue se liefde uit dié se reaksie op hul seksuele toenaderings. Hierdie gedagte word algemeen

aanvaar (Benokraitis, 1996; Bird & Melville, 1994; Brown, 1995; Cronje, 1999; Giddens, 1992; Gottman & Silver, 1994; Jacobson & Margolin, 1979; Mackey & O'Brien, 1995; Nicol, 1989; Renshaw, 1984a; Wolf, 1996). Alhoewel Du Toit (1987) meen dat vroue meer geneig is om spontaan hul liefde te verbaliseer en hul mans aan te raak, meen Crenshaw (1983) en Liberman *et al.* (1980) dat dit nie die geval is nie. Die vroue het volgens laasgenoemde outeur aangevoer dat hul mans alle aanrakings as uitnodigings tot seksuele verkeer vertolk en dat hulle dit nie noodwendig só gereeld wil hê nie.

Verskil in frekwensie van behoefte aan seksuele verkeer

Die verskynsel dat maats se behoefte aan seksuele verkeer verskil, word as baie algemeen en as normaal beskou (Beck, 1988; Comfort, 1994; Cronje, 1999; Gerdes, 1981b; Nicol, 1989; Renshaw, 1989). Crenshaw (1983, p.17) beweer selfs in hierdie verband: "Verskillende seksdrange is die reël, nie die uitsondering nie."

Dit blyk dat die frekwensie van egpare se seksuele verkeer waarskynlik die hoogste is in die laat twintiger- en vroeë dertigerjare: met die uitsondering van Bird en Melville (1994) wat 1 tot 2 keer per week aandui, stem vroeë opnames soos dié van Hunt in 1972 (Theron, 1989) ooreen met latere opnames wat 2 tot 3 keer per week as normaal beskou vir hierdie stadium in egpare se huwelik (Benokraitis, 1996; Comfort, 1994). Met betrekking tot wie se behoeftes normaal is in die geval van 'n diskrepansie, beweer die opstellers van die DSM IV (American Psychiatric Association, 1994, p.496) dat daar "a lack of normative age- or gender-related data on frequency of sexual experiences" is en dat die een maat se "swak" behoefte ook kan dui op die ander se "sterk" behoefte of dat "both partners may have levels of desire within the normal range but at different ends of the continuum" (p.497).

Dit wil egter voorkom asof verskille tussen die twee geslagte geredelik aanvaar word. Daar is verwys na vroue se voorkeur vir meer emosionele intimiteit (sien 3.2.2), hulle neiging om seksueel geïnhibeerd te wees as hulle ontsteltenis beleef (Crenshaw, 1983; Gray, 1992), en 'n afname in seksuele behoefte na gelang van bepaalde stadia in hul menstruele siklus (sien 3.1). Hierteenoor word daar algemeen verwys na die feit dat

mans meestal sterker behoeftes in hierdie verband toon en dat hulle dikwels eerder deur middel van seksuele verkeer hulle liefde betoon (Brown, 1995; Christensen, 1988; Cronje, 1999; Fogarty, 1976; Gerdes, 1981b; Gottman, 1994a; Gray, 1992; Liberman *et al.*, 1980; Louw, 1983b; Mackey & O'Brien, 1995; Nicol, 1989; Renshaw, 1978a; Talmadge, 1985b; Wolf, 1996).

Daar is verskillende standpunte oor hoe die diskrepansie in behoeftes manifesteer by die jonger egpare. Sommige meen dat hulle ernstige probleme kan hê om dit te balanseer en dat dit dikwels hul huweliksgeluk bedreig (Comfort, 1994; Nicol, 1989; Renshaw, 1989; Van Staden, 1991). Nicol (1989) meen dat jonger mans groter dringendheid rondom seksuele bevrediging beleef as ouer mans en dat hulle moontlik te "robuust" kan optree vir die jonger vroue wat nog heelwat aanvoorwerk en teerheid nodig het voor hulle gereed is vir seksuele verkeer. Vroeër is ook aanvaar dat vroue eers teen ongeveer dertig jaar volkome responsief raak (Gerdes, 1981b; Morokoff, 1978). Verder meen Crenshaw (1983) dat die eise van die dubbelloopbaanhuwelik met voorskoolse kinders tans aanleiding gee tot die "supervrou en superma-sindroom" wat soveel energie vereis dat dit moontlik inhiberend inwerk op die vroue se seksuele behoeftes. Jonger vroue se veranderde houding oor die uitlewing van hul seksualiteit en hul aandrag op meer aandag aan die opwekkingsfase, sowel as jonger mans se toenemende erkenning van die emosionele aspekte en/of hul swakker aandrag op gereelde seksuele verkeer omdat die voorspel te veeleisend is, bring egter minder diskrepansies mee, maar kan ook aversie by die mans en onvervuldheid by die vroue meebring (Crenshaw, 1983; Giddens, 1992; Renshaw, 1978b; Talmadge, 1985a, 1985b).

Schwartz (1994) se vrees is dat die egalitêre stelsel te veel kameraadskap met te min romantiek sal meebring. Hierby aansluitend wil dit, in die lig van 'n paar bevindinge, voorkom asof juis 'n populasie egpare met hoër akademiese opleiding die verskille in die frekwensie van hul seksuele behoefte meer geredelik kan hanteer. Morokoff (1978) het byvoorbeeld Kinsey aangehaal wat reeds in die vroeë vyftigerjare gevind het dat hoër akademiese opleiding by vroue korreleer het met 'n beter vermoë tot orgasme, terwyl Benokraitis (1996) resultate aanbied wat daarop dui dat hoër opleiding by mans weer 'n

mate van afplatting in seksuele behoefte kan meebring. Vanuit die literatuur is dit dus nie duidelik tot watter mate die betrokke populasie egpare verskil met betrekking tot die frekwensie van seksuele verkeer nie. Die vroue mag enersyds vanweë die fisiese eise van hul dubbele werkslading minder kere geneë wees, maar hulle mag ook minder geïnhibeerde wees, terwyl die tipe huwelik, mans se hoër opleiding en die eise wat die emosionele aspekte van seksuele verkeer stel, groter gelykstelling kan meebring.

Gedrag wat pare se seksuele intimiteit kan verryk

In die lig van moontlike geslagsverskille en die eise wat jong egpare se huidige sosiale konteks stel, word algemeen aanvaar dat doelbewuste pogings vereis word om 'n seksueel bevredigende verhouding te behou (Beck, 1988; Clinebell & Clinebell, 1970; Corey, 1978; Nicol, 1989; Pittman, 1997; Renshaw, 1989; Schwartz, 1994; Treadway, 1993). 'n Aantal riglyne in dié verband word vervolgens kortliks bespreek.

Met betrekking tot die diskrepansie in die **frekwensie van seksuele behoeftes**, word die volgende voorgestel:

- Egpare moet besef dat die verskil normaal is (Gerdes, 1981b; Nicol, 1989; Renshaw, 1989), dat beide nie noodwendig elke keer ekstase hoef te beleef nie (Treadway, 1993) en dat een party dus sonder skade 'n "meespeler" kan wees (Crenshaw, 1983). Dit is egter onaanvaarbaar as dit altyd die vrou is wat die meespeler is en die egpaar nie moeite doen om ten minste haar periodieke meelewing te realiseer nie (Fourie, 1984).
- Versoeke om seksuele verkeer kan verbaal gerig en verbaal geweier word, verkieslik met opgaaf van redes (Wolf, 1996) of die onwillige maat moet betyds aandui dat algehele deelname nie moontlik is nie (Nicol, 1989).
- Alternatiewe metodes moet benut word om bevrediging te verskaf aan die maat wat wel seksueel wil verkeer (Comfort, 1994; Nicol, 1989).

Egpare word aangeraai om op die volgende maniere spesiale aandag aan hul seksuele verkeer te gee:

- Hulle behoort oor die algemeen doelbewus te beplan om meer tyd saam met mekaar deur te bring (Mol, 1981) meer te dink oor seksuele plesier en hulself dus oop te stel

vir meer sensuele en seksuele genieting en hul moet dikwels positiewe terugvoer gee oor hul interaksie en mekaar se begeerlikheid (Comfort, 1994; Crenshaw, 1983).

- Afwisseling in opwekkingstegnieke (Beck, 1988; Comfort, 1994) en deelname in ongewone sensuele ervarings en seksuele fantasieë kan verveling teëwerk (Gottman *et al.* 1976; Renshaw, 1989, 1991b).
- Die doen van romantiese dinge, die verskaffing van allerlei verrassings (Crenshaw, 1983; Renshaw, 1991b), die behoud van speelsheid en humor (Crenshaw, 1983; Renshaw, 1991a), die verwydering van druk om te presteer en 'n groter premie op blote bevredigende aanraking (Crenshaw, 1983; Renshaw, 1991b) kan meer ontspannend wees.

Met betrekking tot die moontlike geslagsverskille, in die mate wat dit by 'n egpaar relevant is, geld al die aanbevelings wat vroeër genoem is. Mans kan vroue meer emosionele intimiteit bied en vroue kan mans se neiging om ingeperk te voel in ag neem. Spesifiek ten opsigte van seksuele intimiteit kan gefokus word op meer nie-seksueel-georiënteerde verbale en nie-verbale liefdesbetuiging vir vroue en op seksueel-georiënteerde aksies vir mans. 'n Paar voorstelle vanuit die literatuur is die volgende:

♦ **Mans** word aangeraai om die verhouding oor die algemeen op die regte basis te hou deur 'n demokratiese magsverdeling te handhaaf (Giddens, 1992), deur hul vroue te help met die huistake (Gottman & Silver, 1994; Wolf, 1996), om spesiale aandag te gee aan hul genoemde sterk behoeftes aan verbale en nie-verbale liefdesbetuigings buite, maar ook binne konteks van seksuele gemeenskap (Comfort, 1994, Liberman *et al.*, 1980; Louw, 1993; Nicol, 1989; Renshaw, 1983a, 1984a) en om meer aandag te gee aan die atmosfeerskeppende en verrassende elemente van die hofmakery en opwekkingsfase (Comfort, 1994; Crenshaw, 1983; Cronje, 1999).

♦ **Vroue** kan volgens Liberman *et al.* (1980) hul mans af en toe verras met "'n vinnige aand", waartydens die vroue nie veel opwekking verwag nie. Hulle kan ook meer dikwels die proses inisieer en moeite doen met die verhasing van hul eie opwekking en met positiewe terugvoer oor wat aangenaam is, met meer begeleiding na "effektiewe aanraking" (Comfort, 1994), of hulle kan ter wille van hul mans doelbewus uitlokkend

aantrek (Mol, 1981). Uiteraard verhoog dit volgens Louw (1983b) die mans se plesier as hul vroue entoesiasies meedoen aan die proses.

Samevattend kan gestel word dat emosionele en seksuele intimiteit beide van deurslaggewende belang is vir 'n bevredigende huweliksverhouding. Dis verder duidelik dat egpare met die oog op beide vorme van intimiteit 'n positiewe houding, realistiese denke en doelbewuste pogings tot die verryking daarvan, nodig het. Alhoewel androgeniteit tot 'n sterk mate aanwesig mag wees by die huidige geslag jong werkende egpare, mag "geslagstipiese" voorkeure met betrekking tot intimiteit steeds tot 'n mindere of meerdere mate geld. Mans kan, met betrekking tot kameraadskap, gedeelde aktiwiteite soos gesprekke oor gevoelens verkies en hulle mag voorkeur gee aan seksuele verkeer as 'n uitingsvorm van hul hartstogtelike gevoelens. Vroue heg waarskynlik groter waarde aan die uitruiling van gevoelens oor 'n breë reeks onderwerpe ter wille van kameraadskap. Laasgenoemde, wat terugvoer oor hul voorkoms insluit, sowel as samesyn van 'n romantiese aard mag die vroue meer gereed maak vir die seksuele sy van haar *hartstogtelike* liefde vir haar man.

Vervolgens word gefokus op die hantering van onaangename affek, naamlik op die overte en koverte konflikthantering.

5.3 JONG EGPARE SE ONAANGENAME AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

5.3.1 DIE AARD VAN ONAANGENAME AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

In 5.1 is onaangename affektiewe funksionering gedefinieer as beide die onaangename (of negatiewe) gevoelens én die onaangename (of negatiewe) interaksie wat egliede jeens mekaar openbaar. Beck (1988) en Izard (1977) onderskei tussen "anger", die

woede wat intern beleef word, en "hostility", die vyandigheid wat verwys na die behoefte om die ander kwaad aan te doen; sowel as na die aanval wat fisiese of psigologiese skade aan die maat se selfkonsep kan doen. Die kousaliteit tussen woede en vyandigheid geniet wye ondersteuning (Atkinson, 1999; Davitz, 1969; Izard, 1977; Johnson, 1981; Louw, 1993; Van Staden, 1991). Izard (1977) skryf dit toe aan die bedreigende aard van woede-gevoelens, wat met 'n groot mate van impulsiwiteit en dringendheid ten opsigte van gedagtes en gedrag gepaard gaan en dus maklik lei tot die neiging om ekspressief te raak en die woede op iemand anders te rig. Woede word egter nie altyd ekstern geopenbaar nie: die vyandigheid kan ook verbloem word en die ontevrede eglied kan onttrek van die ander (Davitz, 1969; Jordaan *et al.*, 1975). Hierdie onttrekking beteken nie dat daar nie 'n vorm van onaangename interaksie is nie. Die definisie van onaangename affektiewe funksionering kan dus uitgebrei word. Dit kan gesien word as onaangename gevoelens wat van ontevredenheid tot woede kan wissel en wat gepaard gaan met die sogenaamde veg-of-vlug-reaksie (Izard, 1977; Jordaan *et al.*, 1975).

Gevoelens van hierdie aard skyn uiters negatief te wees in 'n verhouding. Soos wat dit in ander situasies die geval is, het ontevredenheid in die huwelik egter ook die funksie om die eglied wat op een of ander wyse bedreig voel, te beskerm (Nicol, 1989). Johnson (1981) meen dat die belewing van ontevredenheid met die ander eglied op die volgende wyses van waarde is vir die ontevrede eglied:

- die bewuswording van dit wat ontstellend of bedreigend is;
- sterker geloof in eie reg en oordeel;
- die beskerming teen oorweldigende angs en vrees;
- die mobilisering tot aksie;
- die fasilitering van die vermoë om onaangename gevoelens te kommunikeer en ontstellende insidente te bespreek;
- die bereidmaking om die ander te intimideer indien nodig.

In die eerste plek kan die belewing van ontevredenheid dus bydra tot die beskerming van die individuele egliede, maar indien dit reg gehanteer word in die gevolglike konflik met die maat, kan dit ook tot voordeel van die verhouding wees (sien 5.3.2.2).

Vervolgens word dan gefokus op die aard van die interaksieproses wat voortvloei uit die belewing van onaangename gevoelens, naamlik konflik.

5.3.2 DIE AARD VAN KONFLIK

5.3.2.1 Omskrywing van konflik

Pogings tot definiëring van die konsep *konflik*

Die verband tussen egpare se ontevredenheid en die gevolglike konflik, blyk uit die definisies van konflik. Cahn (1992, p.2) sê dat "essentially a conflict occurs when there is a disagreement, difference, or incompatibility", terwyl Wolf (1996, p.353) dit stel dat "conflict refers to the exchange of opposing messages." Vir Louw (1993) en Van Staden (1991) verwys konflik nie net na 'n *verskil* nie - dit is eerder 'n *geskil* aangesien dit met ontsteltenis en 'n negatiewe ingesteldheid gepaard gaan. Aansluitend hierby noem Nicol (1989, p.137) dit "'n geëlektrifiseerde verskil." Cahn (1992) onderskei verder tussen konflik as 'n eenmalige onaangename argument, teenoor konflik as 'n voortdurende proses wat gekenmerk word deur aanhoudende disfunksionele interaksie. Hier word volstaan met die siening dat konflik verwys na die kort- of langtermyn interpersoonlike proses wat voortspruit uit die ontevredenheid wat egliede jeens mekaar beleef.

Aspekte van konflik

'n Aantal wesenlike aspekte van konflik word hier onderskei:

- Die normaliteit van die voorkoms van konflik by egpare word allerweë gestel (Benokraitis, 1996; Berscheid *et al.*, 1984; Cahn, 1992; Forgas, 1998; Gerdes & Philips, 1976; Gottman & Silver, 1994; Johnson, 1981; Louw, 1983b, 1993; Mackey & O'Brien, 1995; Nicol, 1989; Van Staden, 1991). Fitzpatrick (1988b, p.245) sê onomwonde: "Conflict is inevitable in close relationships like marriage."
- Izard (1977) fokus op die moeilik beheerbaarheid daarvan: vanweë die intense emosionele impak van woede op die kennisies en gedrag van die betrokkenes is dit moeilik om 'n beheersde reaksie te hê, maar dit is nietemin moontlik.

- Mackey en O'Brien (1995) se respondente meen dat konflik min kere 'n neutrale effek het: dit het immer óf 'n deteriorerende óf 'n verbeterende effek gehad op hul verhoudings.
- Ackerman (1958) en Bowen (1976) verwys na die overte of koverte, sowel as na die bewustelike of onbewustelike aard van konflik.
- Konflik in die mees negatiewe vorm behels die doelbewuste benadeling van die maat. Dit kan in verbale vorm wees of dit kan volgens Cahn (1992) tydelike huisverlating, onbekostigbare besteding, weerhouding van seksuele betrokkenheid of selfs fisiese aanranding behels.
- Dis verder nie vanselfsprekend dat konflikte altyd opgelos kan word nie: Benokraitis (1996) en Wolf (1996) haal navorsing van Vuchinich (in 1987) aan wat daarop dui dat slegs 14% van alle konflikte met 'n kompromie wat beide se behoeftes ondervang, opgelos word. Meestal (61% van die kere) kom die egpare nie tot 'n vergelyk nie: hulle hervat gereeld die gevegte, een van die maats gee toe of hulle kan ook dadelik of mettertyd besluit om oor die onderwerp te verskil.

5.3.2.2 Die noodsaak van die effektiewe hantering van konflik

In die lig van beide die normaliteit én die potensieel verwoestende effek van konflik op die individuele egliede en hul huweliksverhouding, beklemtoon belangrike navorsers en huweliksterapeute die effektiewe hantering daarvan (Atkinson, 1999; Bird & Melville, 1994; Cahn, 1992; Christensen & Shenk, 1991; Gottman, 1994a; Green & Levenson, 1997; Jacobson & Margolin, 1979; Johnson, 1981; Maartens, 1990; Mackey & O'Brien, 1995; Mol, 1981; Nadelson & Paolino, 1978; Nicol, 1989). Fitzpatrick (1988b, p.160) sê: "The ability to manage interpersonal conflict and its accompanying negative affect is vital to relationship success" en Gottman glo: "If there is one lesson I have learned from my years of research it is that a lasting marriage results from a couple's ability to resolve the conflicts that are inevitable in any relationship" (Gottman & Silver, 1994, p.28). Sade en Notarius (1985) het insgelyks bevind dat wedersydse betoning van onaangename affek veel sterker as die betoning van aangename affek diskrimineer tussen gelukkige en ongelukkige huwelike.

Volgens Gottman en Levenson (1988) het gelukkige pare minder gereeld ernstige rusies (1,3 rusies teenoor die 3 per maand by ongelukkiges) en is dit van korter duur (0,52 uur teenoor 5,11 uur per keer by ongelukkiges). Swak hantering sal onder andere ontoereikende beheer oor onaangename emosies, afbrekende en minagtende gedrag jeens die ander en 'n onvermoë om tot 'n wedersyds bevredigende vergelyk te kom, insluit (Gottman & Levenson, 1999a, 1999b; Gottman & Silver, 1994; Guthrie & Noller, 1988; Schaap *et al.*, 1988; Weiss, 1978).

Die waarde van konflik binne egpaarverband, as dit effektief gehanteer word, word egter ook beklemtoon en kan afgelei word uit die werk van Berscheid *et al.* (1984), Bigner (1983), Du Toit (1987), Johnson (1981), Louw (1983b, 1993), Miller *et al.* (1975), Nadelson en Paolino (1978), Nicol (1989) en Wolf (1996):

- dit verlig daaglikse irritasies en opbouende stres;
- dit dra by tot volledige begrip oor die aard van probleme;
- dit verbeter selfbegrip en 'n beter perspektief oor elkeen se rol en behoeftes;
- dit dra by tot sinvolle besluite, betekenisvolle verandering en vernuwing;
- dit laat ruimte vir beide se uniekheid, maar ook vir die behoud van die verhouding;
- dit verdiep 'n paar se geloof in en hul verbintenis tot die huwelik;

Alvorens riglyne gegee kan word vir goeie konflikhantering, is dit nodig om 'n beeld te vorm van die redes vir huweliksconflik en van die faktore wat die hantering daarvan beïnvloed.

5.3.2.3 Redes vir konflik

Wanneer oor die redes vir konflik gepraat word, kan daar meestal onderskei word tussen die ooglopende, herkenbare **temas** waaromheen die verskille manifesteer en die onderliggende, dikwels onbewustelike **verhoudingsdinamika** wat saamhang met die betrokke egliede se eienskappe of die aard van die verhouding. Aandag word eerstens gegee aan die betrokke herkenbare temas en moontlike gepaardgaande dinamika, waarna die verklarings wat verskillende benaderings tot egpaarfunksionering vir dié dinamika aanbied, bespreek word. Aan die einde van hierdie deel sal ook aangedui

word hoe sekere faktore die invloed van die hipotetiese verklarings vir konflik kan beïnvloed.

Herkenbare konfliktemas

Etlike probleemareas, wat dikwels te make het met onderliggende behoeftes, kan geïdentifiseer word vanuit die werk van Beck (1988) Benokraitis (1996), Bird en Melville (1994), Brown (1995), Brown *et al.* (1997), Cahn (1992), Christensen en Shenk (1991), Corey (1978), Gray (1992), Goleman (1995), Gottman (1993, 1994a, 1994b), Guerin *et al.* (1987), Mackey en O'Brien (1995), Marks (1986), Mol (1981), Nadelson en Paolino (1978), Nicol (1989), Noller (1988), Pienaar (1991), Schaap *et al.* (1988) Smit (1995) en Smith (1994). Heelwat van hierdie probleme is geopper in hoofstuk twee waar die sosiale konteks van jong egpare bespreek is:

- Finansiële kwessies wat te doen kan hê met mag, behoeftebevrediging en samewerking.
- Kinderopvoeding wat te doen het met die vermoë om tot 'n kompromie te kom oor watter waardes oorgedra moet word, sowel as met die verdeling van aandag tussen die nuweling en gades.
- Interaksie met skoonouers wat grense en spanwerk vereis.
- Werksverdeling en veral roltoelading van die vrou, wat met regverdigheid en bedagsaamheid te doen het.
- Emosionele en seksuele intimiteit, spesifiek die tyd en energie wat daaraan gewy word, wat met behoefte-erkenning en mag te doen het.
- Verveling en mate van voorspelbaarheid wat te make het met te min doelbewuste pogings tot betrokkenheid en die "bederf" van mekaar.
- Intrapsigiese wanfunksionering/ontoereikende persoonlikhede.
- Kommunikasiepatrone en -inhoud word dikwels die hoofprobleem. Goleman (1995) glo selfs dat dit dikwels nie die temas (wat by alle huwelike voorkom), is wat soseer die huwelik verongeluk nie, "rather, it is how a couple *discusses* such sore points that matters more for the fate of their marriage" (p.133 - outeur se beklemtoning). Brown *et al.* (1997) se navorsing bevestig dat eksterne konflikte inderdaad moeiliker gehanteer word as egpare se interpersoonlike funksionering oneffektief is.

Benaderings tot die redes vir konflik

In hoofstuk twee is die rol van egpare se **sosiale konteks** in hul affektiewe funksionering bespreek. Uit die bespreking van die stressore wat jong werkende egpare met voorskoolse kinders moet hanteer, blyk dit dat dit besondere eise stel aan die egpare en dat hulle dikwels te min tyd, energie of vaardigheid het om dit te hanteer.

Daar is verder met betrekking tot hul **biologiese funksionering** in hoofstuk drie aangedui dat 'n hoë mate van outonome opwekking, maklik ontvlambare temperamente, hormonale skommeling, siektetoestande en medikasie hul toleransievermoë kan verminder en hul vlak van ontevredenheid kan verhoog sodat konflik gevolglik makliker volg. Moontlike verskille tussen die mans en vroue se oriëntasie en kommunikasie het ook geblyk potensieel problematies te wees. Die uitsprake oor hierdie verskille wat relevant is tot die ontstaan van konflikte, word onderskryf deur 'n hele aantal outeurs (Ball *et al.*, 1995; Beck, 1988; Brown, 1995; Cahn, 1992; Christensen, 1988; Christensen & Heavey, 1990; Christensen & Shenk, 1991; Gottman, 1993; Gottman & Krokoff, 1989; Gottman & Levenson, 1988; Gottman & Silver, 1994; Gray, 1992; Guthrie & Noller, 1988; Mackey & O'Brien, 1995; Sade & Notarius, 1985; Schaap *et al.*, 1988):

- Verskille tussen mans en vroue neem groter afmetings aan in ongelukkige as gelukkige huwelike.
- Egpare, en veral die mans, se aanpassing by die toenemend meer androgene rolle ten einde hul leefwêreld te kan hanteer, ontlok weerstand by die mans en ontevredenheid by die vroue.
- Groot diskrepansies tussen die mans en die vroue se behoeftes veroorsaak konflik of die onttrekking van die een of beide egliede.
- Vroue en mans se verskillende konflikstyle bemoeilik verder die oplossing van konflikte.

(Die effek van hierdie moontlike verskille op die hantering van konflik word in 5.3.2.4 bespreek).

In die lig van die eise vir goeie egpaarfunksionering wat afgelei is uit die bespreking van die verskillende **psigologiese raamwerke** in hoofstuk vier, word vervolgens kortliks gefokus op die moontlike oorsake vir konflik.

♦ Psigoanalities-georiënteerde verklarings

Uit die bespreking van hierdie benadering (sien 4.1) blyk dit dat aanvanklik gefokus is op individuele patologie en die effek daarvan op konflik in verhoudingsverband. Die volgende word ter verklaring van egpaarkonflik aangebied:

- Te veel onopgeloste intrapsigiese konflikte, die onvermoë om die id en superego te balanseer.
- Ontoereikende persoonlikheidsontwikkeling (waaronder onegtheid, selfgerigtheid, lae toleransiedrempel, swak beheer oor negatiewe gemoedstoestand en onvermoë tot empatie en die aanvaarding van die maat se eie individuasieproses).
- Gedwarsboomde behoeftes aan plesier en om pyn te vermy.
- Die projektering van eie onaanvaarbare behoeftes op die maat en aanvalle oor die veronderstelde teenwoordigheid daarvan.
- Die voortsetting van vroeëre konflikte met en behoeftes aan betekenisvolle figure.
- Onvermoë om maat se ware menswees te aanvaar as dit nie voldoen aan die argetipiese beeld wat hulle het van gades nie en die onregverdige eise as gevolg van hul vooropgestelde beelde.

♦ Behavioristiese verklarings

Na aanleiding van die bespreking in 4.3 word die behavioriste se siening vervolgens opgesom:

- Te veel pogings om die meeste belonings met die minste "koste" uit hul verhouding te kry.
- Konflik kenmerk die verhouding waar die "straf" veel meer is as die "beloning" wat toegedien word aan die maat of as een van hulle beleef dat hulle nie eweveel ontvang in terme van die kwaliteit en die kwantiteit van die belonings nie.
- Konflikstyle soos aangeleer in die gesin van oorsprong, word voortgesit in die huweliksverhouding en kan dwang en manipulasie insluit.

- Ontoereikende vaardighede om mekaar geluk te besorg (onder . andere in kommunikasie), veroorsaak dus konflik.

♦ Humanistiese verklarings

Die voorkoms van konflik sal deur die humaniste (sien 4.4) verklaar word in terme van die volgende gedagtes:

- Konflik mag voorkom wanneer een of albei egliede ervaar dat daar nie genoeg geleentheid tot selfaktualisering is nie.
- Die regte houding (onvoorwaardelike aanvaarding, empatie en voldoende positiewe of aangename "strokes") blyk konflik te verminder.

♦ Kognitiewe verklarings

Na aanleiding van die bespreking in 4.5, kan die volgende afgelei word oor die redes wat hierdie benadering aanvoer vir huwelikskonflik:

- Egliede betree die huwelik met afgeleide en dus vooropgesette, dikwels irrasionele idees ("shoulds") dat hulleself, hul maats en die verhouding "perfek" moet wees om te alle tye geluk te verseker.
- Nie-voldoening aan mekaar se verwagtinge bring konflik mee.
- Aangeleerde disfunksionele denkpatrone (byvoorbeeld tonnelvisie, gedagtelesery, oorveralgemening) benadeel huweliksinteraksie.
- 'n Neiging om verkeerde gedrag by hul maats te vertolk as dat dit gemik is op ongerief of pyn vir die maat aan die ontvangkant.
- Die gebrek aan verifiëring van persepsies lê onrealistiese oortuigings vas.

♦ Verklaring in terme van die Realiteitsbenadering

Glasser (4.6) meen dat ruimte vir egliede se individuele en egpaargeoriënteerde behoeftebevrediging, sowel as verantwoordelike optrede in belang van egpaarinteraksie konflikte kan voorkom.

◆ Sistemiese verklarings

Uit die bespreking van die Algemene Sisteemteorie, kommunikasieteorieë en die gesinsterapeutiese benaderings, wat daaruit voortspruit (sien 4.7), kan ook sinvolle verklarings verkry word vir die ontstaan van huwelikskonflik:

- Swak akkommodering van die uiteenlopende behoeftes van die sub sisteem (egliede) en die huweliksisteem as sodanig, bring konflik mee.
- Foutiewe interaksiepatrone, wat gebaseer kan wees op negatiewe motiewe (geringskatting of oorheersing) kan konflik ontlok.
- Die kubernetiese siklus, waardeur sisteme gereguleer word, hou deur die proses van homeostase oneffektiewe kommunikasiepatrone in stand - selfs al beteken dit dat egpare by herhaling dieselfde konflikte op dieselfde oneffektiewe maniere hanteer.
- In terme van Bowen se teorie weerspieël konflik die onaanvaarbare patrone van die egliede se gesinne van oorsprong. 'n Derde persoon of 'n skynbaar betekenislose kwessie word soms betrek in hul konflik sodat egpare nie die ware verwoestende onbevredigende patrone hoef aan te spreek nie.
- Minuchin meen dat nie-deurlaatbare grense tussen gesinslede onderling en met die omgewing, behoeftebevrediging benadeel en dat óf te min differensiasie en/of te min "nurturing" konflik meebring.
- Haley meen dat konflik ontstaan wanneer egpare in 'n magstryd gewikkel is oor werksverdeling en rolle.

Dis duidelik dat uiteenlopende verklarings aangebied word vir die voorkoms van egpaarkonflik. Daar is egter ook faktore wat die effek van hierdie hipoteses beïnvloed en wat vervolgens toegelig word.

5.3.2.4 Faktore wat die verklaringshipoteses beïnvloed

Verskillende faktore kan 'n invloed hê op die toepasbaarheid van die bespreekte hipotetiese verklarings vir konflik. Die rol van geslag, die egliede se ouderdom, die duur van die huwelik, die huidige paradigmas oor konflikhantering en die aard van die verhouding oor die algemeen, word vervolgens bespreek.

Geslag

Afhangende van die mate waarin androgeniteit by die egliede manifesteer, kan 'n aantal tendense met betrekking tot die redes vir en die hantering van konflik verwag word (Ball *et al.*, 1995; Beck, 1988; Brown, 1995; Christensen & Heavey, 1990; Gottman, 1994a, 1994b; Gottman & Levenson, 1988; Gray, 1992; Guthrie & Noller, 1988; Noller, 1988; Sade & Notarius, 1985; Schaap *et al.*, 1988)

♦ Vroue mag soos volg optree:

- Gereelde voorskrifte oor hoe hul mans moet optree, moontlik vanweë hul behoefte om te help en deel te wees van 'n ander se lewe, kan tot konflik aanleiding gee.
- Hulle mag meer gereeld konflik inisieer wanneer hulle voel dat die huweliksverhouding bedreig word.
- Vroue soek begrip en ondersteuning.
- Die vroue deel emosies en sorteer die probleem al pratende uit.
- Vroue stuur duideliker, maar meer negatiewe verbale en nie-verbale boodskappe en hulle kodeer ook hul mans se nie-verbale kommunikasie beter as wat die mans dit doen.
- Vroue soek oogkontak en reaksie.
- Vroue voel dikwels magteloos om mans te laat verstaan hoe hulle voel, aangesien die mans meestal die diepte van die bespreking beheer deur die probleme as minder ernstig te bejeen, hul vroue as emosioneel en onlogies af te kraak en prematuur oplossings te genereer.
- Vroue is dikwels geneig tot 'n "passiewe manipulasie"-styl: Hulle kritiseer, kla, teem en kry hulself jammer.
- Hulle kan hul ook wend tot "'kitchen-sinking' - bringing up all sorts of past and present complaints" (Gottman & Silver, 1994, p.153), ten einde hul mans te oortuig van hul erns.
- Vroue kan egter ook minder weerloos word en hul emosies so intens uitspel, dat hulle soos "wild women" word, as hul lank genoeg met "passive men" te make het en nie die gevoel kry dat hul mans hul begryp of hul gevoelens aanvaar nie.

♦ Mans mag soos volg optree:

- Hulle kan konflik veroorsaak, omdat hulle, selfs gouer as die vroue, geneig is om in die sogenaamde "Mr Fix-It"-rol te klim en dus dadelik onwelkome oplossings te genereer (Gray, 1992, p.15).
- Hulle inisieer konflik minder en probeer dit aanvanklik uitstel of vermy. In 85% van die konfliktsituasies wat hy ondersoek het, het die mans gebruik gemaak van sogenaamde "stone-walling" deur nie te antwoord nie, die gesprek te verander of selfs fisies die vertrek te verlaat (Gottman, 1994b).
- Dit kom voor asof die mans eerder die vrede wil bewaar, aanvanklik deur onbetrokkenheid, daarna deur 'n "ligte kontrolerende" styl (adviserend, rigtinggewend, oorredend en lerend) te gebruik.
- Hulle is geneig om meestal oogkontak te vermy.
- Die mans vertoon rasideel, afkeurend en selfs aggressief.
- Hulle verkies om op hul eie tot 'n besluit te kom voor hulle oor 'n saak praat.
- Mans kan egter ook baie aggressief raak tydens konfliktsituasies.

Met betrekking tot **konflikvermyding** is daar by die navorsers nie eenstemmigheid oor watter geslag se vermyding die noodlottigste is vir die huwelik nie. Sekere navorsing dui daarop dat dit op die lang termyn noodlottig is vir die huweliksverhouding as die vroue hulle gevoelens opkrop (Gottman, 1993; Gottman & Krokoff, 1989; Gross & Levenson, 1997). Hierteenoor het Heavey *et al.* (1993) bevind dat die vrou se onttrekking, as die verhouding na 'n jaar van dié soort gedrag geëvalueer word, beter is vir die huweliksverhouding as die mans se onttrekking. Rusting en Nolen-Hoeksema (1998) het eweneens bevind dat vroue hul aandag verplaas ten einde woede te verwerk, terwyl mans meer geneig is om te tob oor die onenigheid en sodoende hul woede in stand hou. Ook Gottman en Silver (1994, p.103) se navorsing dui daarop dat die mans mettertyd vaste "skemas" (oortuigings) vorm oor die onaangename deel van die verhouding: hulle "private thoughts become cast in stone." Dit is dus nie duidelik watter scenario beter is vir die behoud van die huwelik nie: die vrou of die man se onttrekking. Dit blyk dus dat mans en vroue geneig kan wees om konflik verskillend te hanteer en dat hulle dan moontlik moeilik tot 'n vergelyk kom.

Ouderdom van egpaar/duur van huwelik

Egpare se ouderdom en/of die duur van hul huwelik kan 'n rol speel in hul hantering van konflik. Cahn (1992) haal navorsing aan wat daarop dui dat jonger pare se konflikhantering meestal gekenmerk word deur meer openlike gevegte, die analisering daarvan en grappe daaroor. Heel aanvanklik mag hul konflik hanteer deur kleiner ver-sille te aanvaar en deur te hoop op die verbetering van die interaksie, maar wanneer daar meer verbintenis is, waag hul openliker konfrontasies. Markman *et al.* (1993) se navorsing dui egter daarop dat egpare se kommunikasie oor die algemeen na 'n ruk (in hul ondersoek ná ses jaar) verbeter en dat egpare moontlik die konfrontasies (wat waarskynlik wel meer openlik kan wees) meer effektief hanteer. Alhoewel konfrontasies heftig kan wees in hierdie fase, mag 'n hoë mate van verbintenis wat jong egpare nog kan beleef, dit draaglik maak (Gerdes, 1981b; Gerdes & Van Ede, 1990).

Uitgangspunt met betrekking tot konflikhantering

Vorige ervarings met konflikte, sowel as die heersende standpunte oor konflikhantering sal waarskynlik gereflekteer word in egpare se sienings en gedrag. In die sestigerjare is konflikvermyding en tradisionele rolgedrag, wat veral die vroue se insiklikheid vereis het, voorgeskryf (Bird & Melville, 1994; Wolf, 1996). Sedertdien was daar egter 'n betekenisvolle skuif van selfopoffering na selfekspresie, sodat die bespreking van konflikte tans as 'n krag en nie as net 'n bedreiging gesien word nie (Bray & Jouriles, 1995; Cahn, 1992; Du Toit, 1987; Gottman, 1994a, 1994b; Maartens, 1990). Navorsing dui op die negatiewe invloed van die onderdrukking van gevoelens in huweliksverband (Gottman & Krokoff, 1989; Gross & Levenson, 1997; Heavey *et al.*, 1993). Huweliksraadgewers is van mening dat konflikvermyding 'n aanduiding is van 'n oppervlakkige verhouding met beperkte behoeftebevrediging vir een of beide egliede en stagnasie in die verhouding (Nicol, 1989). Dit is dus mettertyd algemeen aanvaar dat verbale konfrontasie gesond is vir die huweliksverhouding (Beck, 1988; Du Toit, 1987; Jacobson & Margolin, 1979; Johnson, 1981; Miller *et al.* 1975; Van Staden, 1991).

Terselfdertyd word daar steeds baie voorskrifte gegee vir die korrekte wyse van verbalisering, sodat die konfrontasies nie net vir eie gewin geskied nie. So byvoorbeeld word selfondersoek, die bereidheid om self te verander en selfopoffering van Christene

verwag (Du Toit, 1987; Louw, 1983a, 1993; Smith, 1994), sowel as dat hulle immer rekonsiliasie moet soek (Butler & Harper, 1994). Verder is gevind dat vergifnis hulle konfliktoplossing fasiliteer (McCullough, Worthington & Rachal, 1997). Die huidige geslag jong egpare is waarskynlik ook die siening toegedaan dat verbale konfrontasie noodsaaklik is vir konflikresolusie en hulle mag deeglik op hoogte te wees van die voorwaardes vir effektiewe konflikhantering. Hulle mag egter minder bewus wees van die latere navorsing oor konflikstyle (sien 5.3.3.3) wat ook ander, relatief geslaagde metodes, openbaar.

Aard van die verhouding oor die algemeen

Soos wat die hoeveelheid stres wat die egpare beleef toeneem, neem die effektiwiteit waarmee hulle hul konflikte hanteer, af (Christensen & Shenk, 1991; Olson *et al.*, 1983; Wolf, 1996). In hoofstuk twee is aangedui dat jong egpare waarskynlik daagliks heelwat stres moet hanteer. Hierteenoor sal 'n aangename gees oor die algemeen konflikhantering fasiliteer (Berscheid *et al.* 1984; Brown, 1995; Cahn, 1992; Fitzpatrick, 1988b; Jacobson & Margolin, 1979; Liberman *et al.*, 1980). Die navorsing wat deur Gottman en sy medewerkers gedoen is, dui daarop dat, wat hulle 'n gesonde huweliksekologie noem (samesyn wat oor die algemeen vyf maal meer aangename elemente as onaangename elemente het - sien 5.3.3.3) konflikhantering betekenisvol vergemaklik (Chatterjee, 1999; Gottman, 1993, 1994a, 1994b; Gottman & Levenson, 1988, 1999a, 1999b; Gottman & Silver, 1994; Lebow, 1999).

Dit is dus duidelik dat die voorkoms van konflik in terme van die eise wat aan jong egpare in die huidige sosiale konteks gestel word, sowel as hul biologiese en psigologiese funksionering verklaar kan word. Veral die mate waarin verskille tussen mans en vroue manifesteer, maar ook die ouderdomme van die egpare, die duur van hul verbintenis, die standpunt wat hul handhaaf oor konflikhantering en die algemene gees wat in die huwelik heers, sal egter bogenoemde verklarings affekteer. Daar word vervolgens gefokus op die literatuur oor die aard van konflikhantering as sodanig.

5.3.3 JONG EGPAAR SE HANTERING VAN KONFLIK

Sedert die uitsprake in 1982 en 1984 wat Du Toit (1987) aanhaal, naamlik dat daar nie betekenisvolle navorsing gedoen is oor egpaar se onaangename affektiewe funksionering (konflikhantering) binne konteks van die huwelik nie, is daar belangrike werk gedoen deur veral twee groepe navorsers.

John Gottman en sy medewerkers se pennevrugte word baie benut in hierdie proefskrif. Hulle volg 'n eklektiese benadering: fisiologiese prosesse, sistemies-interaksionele gedragbeginsels en die rol van betekenis-toeskrywing word benut. In die navorsing wat hulle sedert 1974 doen, is honderde paar se emosionele uitruiling longitudinaal in detail bestudeer, sodat in een studie met 94%-presisie voorspel is watter huwelike in egskeiding sou eindig. Daar word met groot waardering verwys na die betrokke navorsing (Benokraitis, 1996; Cahn, 1992; Goleman, 1995; Wolf, 1996). "If anyone understands the chemistry of a good marriage, it's John Gottman" (Chatterjee, 1999, p. 13).

Patricia Noller van die Universiteit van Queensland en **Mary Anne Fitzpatrick** van die Universiteit van Wisconsin het na afloop van die *Second International Conference on Personal Relationships* in 1984, navorsing oor huweliksinteraksie bygebring. Hulle bydraes figureer ook sterk in hierdie proefskrif.

In die bespreking van jong egpaar se konflikhantering word ruim verwys na bogenoemde navorsing. In die proses word daar uiteraard rekening gehou met die eise van hierdie populasie se **sosiale konteks**, sowel as met die moontlike effek van beide egliede se **biologiese funksionering**. Teen die agtergrond van dié aspekte van die egpaar se funksionering word die rol van sekere komponente van die egpaar se **psigologiese funksionering** (houding, kennisies en gedrag) vervolgens bespreek.

5.3.3.1 Die rol van egpare se houding in konflikthantering

Vanuit die verskillende raamwerke vir psigologiese funksionering blyk dit dat 'n gesonde houding jeens die self, die maat en die huwelik nodig is:

Aanvaarding en erkenning

Hierdie gesindheid word deur die meeste raamwerke beklemtoon. Vir die psigoanaliste (4.1) en Bowen (4.7) is die aflegging van oneffektiewe rolle wat in die gesin van herkoms ontstaan het, sowel as die bereidheid om die ware menswees van die maat te ken en dié nie as 'n plaasvervangende betekenisvolle figuur uit die verlede te sien nie, nodig. In hierdie verband beklemtoon die feministe veral die vroue se regte: naamlik hul regte op gelyke behoeftebevrediging, op hulp om hul veranderde rolle in die dubbelloopbaanhuwelik te kan hanteer, en op hul tipiese wyse om konflik, anders as die mans, te hanteer. Die akkommodering van moontlike verskille tussen die twee geslagte, sonder om die ander as minderwaardig of as 'n bedreiging te beskou, is vanselfsprekend. Trouens, Gottman (1994a) het gevind dat minagting (waartoe mans en vroue ewe geneig is), betekenisvol korreleer met huweliksongeluk. Vir Ackerman (1958) impliseer aanvaarding selfs die toleransie van die moontlike onvolwasse behoeftestruktuur van die maat. Ook Beck (1988) maan teen onnodige "secret doubts" en gepaardgaande skuldgevoelens op grond van aangeleerde "shoulds" en die gepaardgaande onrealistiese aanname dat enige kritiek van die maat noodwendig 'n gebrek aan liefde en 'n aanval op die self impliseer. Andersyds vereis hy 'n realistiese evaluasie van beide se situasie, met aanvaarding van die ander se welwillendheid. Hierdie vertrouenselement, naamlik dat die maat anders kan optree as die vorige geliefdes en dit basies goed bedoel, word wyd beklemtoon (Gottman, 1994a; Guerin *et al.*, 1987; Guthrie & Noller, 1988; Louw, 1983a; Nicol, 1989).

Liefdevolle empatie

Die Humaniste (4.4) en Minuchin (4.7) vereis meer as blote ruimte vir mekaar - hulle vereis 'n houding wat daartoe sal bydra dat maats geliefd sal voel en dat hul eiewaarde versterk sal word. Beck (1988), Guerin *et al.* (1987), Izard (1977), Johnson (1981) en Wolf (1996) meen dat woede, sonder vyandigheid en afbrekende opmerkings, oorgedra

moet word. Uiteenlopende tipes navorsing dui daarop dat empatie en die reflektering van aanvaarding tydens die konfrontasieproses konflikhantering fasiliteer (Du Toit, 1987; Gottman & Silver, 1994; Liberman *et al.*, 1980; Luttig, 1993; Noller, 1984; Pretorius, 1986; Schaap, Buunk & Kerkstra, 1988; Venter, 1988). Atkinson (1999) meen dat die bewuswording van ook positiewe gevoelens (soos deernis) tydens 'n konflik moontlik makliker is as om summier spesifieke destruktiewe gedagtes te wysig.

Selfopenbaring

Naas die aanvaarding van beide se behoeftes aan selfaktualisasie (Humaniste, 4.4), word die verantwoordelikheid om behoeftes en griewe te openbaar en daaroor te onderhandel (Glasser, 4.6) gestel. Mol (1981), Satir (Hansen & L'Abate, 1982) en Wolf (1996) waarsku dat die nie-inagneming van eie behoeftes op die lang duur persoonlike en verhoudingsgroeï kortwiek en geen oplossing van verskille bied nie. Die kommunikasiekundiges (4.7) en outeurs van populêre publikasies oor huweliksinteraksie (Clinebell & Clinebell, 1970; Johnson, 1981; Louw, 1983a, 1993; Maartens, 1990; Mol, 1981; Nicol, 1989) beskou die duidelike kommunisering van standpunte en gevoelens, sowel as 'n oopheid vir die ander s'n, as voorwaarde vir enige gespreksvoering oor verskille.

Bereidheid tot kompromie

Bird en Melville (1994) kom tot die gevolgtrekking dat minstens hierdie gesindheid 'n voorwaarde is vir die oplossing van konflik. Daar moet dus, by implikasie, in die verhouding gewaak word teen veral 'n onderliggende magstryd (sien Haley, 4.7) wat tot uiting kom in onaanvaarbare konflikstyle. 'n Doelbewuste "wen-wen"-houding word van albei maats vereis. Onrusbarend is egter die genoemde navorsing van Vuchinich (sien 5.3.2.1) dat egpare meestal (61% van die konflikte) nie tot 'n wedersyds bevredigende kompromie kom nie. Die vermyding van selfbeheptheid teenoor selfondersoek met gepaardgaande eerlikheid oor hoe sterk elke maat oor 'n bepaalde kwessie voel, maar ook aanpasbaarheid en bereidheid om soms die maat se behoeftebevrediging en/of die voortgang van die sisteem as belangriker te ag as dié van die self, blyk nodig te wees (Beck, 1988; Cahn, 1992; Du Toit, 1987; Gottman & Silver, 1994; Guerin *et al.*, 1987;

Wolf, 1996). Guthrie en Noller (1988) glo dat maats ook gedurig hierdie goeie intensies (hul eie sowel as dié van die maat) moet beklemtoon.

Bereidheid tot versoening

Gottman en Silver (1994) onderskryf grootliks die riglyne met betrekking tot die regte houding, wat gestel word vir Christene met die oog op rekonsiasiasie en versoening (Butler & Harper, 1994; Du Toit, 1987; Louw, 1983a, 1993; McCullough *et al.*, 1997; Mol, 1981; Nicol, 1989; Smith, 1994):

- die behoud van *agapé*-liefde en dus die vermyding van 'n behoefte om seer te maak;
- 'n bereidheid om self te verander in belang van die ander en die huwelik;
- 'n gewilligheid om eie foute reg te stel;
- 'n voorneme om die maat in 'n positiewe lig te bly sien as maaksel van God wat die vermoë tot herskepping behou; die gee van onvoorwaardelike vergifnis.
- die gee van onvoorwaardelike vergifnis.

Ter samevatting kan Lederer en Jackson (Gottman, 1994a) se **drie basiese bestanddele** vir 'n gelukkige huwelik gestel word. Respek, verdraagsaamheid en konsentrasie op die sterk punte van die maat en die minimalisering van die swak punte, nie net jeens mekaar nie, maar ook jeens die self, moet deurgaans geld.

5.3.3.2 Die rol van egpare se kognitiewe funksionering in konflikthantering

In verskillende ondersoeke is bevind dat 'n positiewe ingesteldheid jeens mekaar en die huwelik gepaard gaan met 'n positiewe beeld van mekaar en dat dit egpare se vermoë tot konflikthantering fasiliteer (Christensen & Heavey, 1990; Eckhardt *et al.*, 1998; Fitzpatrick, 1988b; Gottman & Silver, 1994; McCullough *et al.*, 1997; Noller, 1988). Aandag word dus gegee aan die rol van bepaalde denkinhoude, maar ook aan dié van egpare se denkpatrone.

Denkinhoude

♦ Die bepaalde idees of paradigmas oor die teenoorgestelde geslag, die huweliksverhouding en ook konflikhantering waarmee egpare die huwelik betree, het 'n bepalende effek op hul hantering van hul huweliksinteraksie (sien 4.5). Die voorheen bespreekte huweliksmites kan, volgens die kognitiewe terapeute, "shoulds" en dus vaste voorskrifte, vir die egpare meebring. Noodlottig vir die huweliksverhouding is byvoorbeeld die verwagting dat hulself, hul maats en die verhouding perfek moet wees en dat konflik onafwendbaar egskedding impliseer. Verder kan die skemas wat in die gesin van herkoms gevorm is op grond van relasies met lede van die teenoorgestelde geslag (4.1), sowel as hul gesosialiseerde rolle met betrekking tot konflik (4.3) vooroordele meebring.

♦ Egpare word aangeraai om te aanvaar dat konflik normaal is en dat dit realisties is om te verwag dat daar botsende behoeftes sal wees (sien 4.7 en populêre handleidings: Louw, 1983a; Mol, 1981; Nicol, 1989). Die korrekte hantering daarvan kan wedersydse begrip en groeigeleentheid bewerkstellig.

♦ Verder moet die inhoud van skemas oor die teenoorgestelde geslag se relevansie vir die betrokke verhouding gekontroleer word. Brown (1995) en Goleman (1995) wys in hierdie verband daarop dat mans se differensiasieproses ten opsigte van hul moeders aanleiding gee tot die persepsies dat hulle steeds "vry" moet word. Gray (1992) waarsku dat mans steeds in die uitspreek van behoeftes kritiek kan hoor, terwyl hy vroue maan om nie in alles geringskatting te sien nie. Die jong vroue sal waarskynlik hul moeders se stryd om gelyke beregtiging en hul persepsie van mans as onemosioneel en onbetrokke by die huishouding, moet beëindig (sien hoofstuk 2). Selfanalise en oopheid vir gesprek oor mekaar se verwagtinge is nodig ten einde vooropgesette idees oor "tipiese" konflikgedrag te kelder.

♦ Skemavorming is 'n voortgaande proses en maats vorm dus deurentyd persepsies oor hul maats en oor hul verhouding. Met die oog op positiewe skemas, word 'n hoë premie gestel op die daarstelling van soveel moontlik goeie ervarings wat konflik kan

balanseer of dit meer draagbaar kan maak (Brown, 1995; Cahn, 1992; Gottman, 1994a, 1994b).

♦ Doelbewuste daargestelling van positiewe skemas oor die maat en die verhouding en die herdefiniëring van die situasie, word onder andere deur 'n kognitiewe terapeut soos Beck (1988), maar ook deur 'n behavioris soos Liberman *et al.* (1980), bepleit. Rusting en Nolen-Hoeksema (1998) het gevind dat toe oor konflikte woede versterk, terwyl Gottman en Silver (1994) sowel as McFarland en Buehler (1997) gewaarsku het dat veral mans geneig is om tot die vaste oortuigings te kom dat die verhouding gedoem is. Die mans word dus aangeraai om doelbewus vorige aangename persepsies op te roep ten einde 'n meer realistiese persepsie oor die oplossing van die huidige konflik te ontwikkel. Noller (1988) beveel verder aan dat mans ook die huidige konflik moet sien as 'n poging om die verhouding te verbeter en nie noodwendig as 'n poging van die vrou om beheer te verkry nie. Olson *et al.* (1983) het in hul ondersoek gevind dat die groep gelukkige jong getroudes met kinders inderdaad suksesvol gebruik maak van die metode om probleemsituasies te herdefinieer (*reframe*) sodat dit gesien word as geleenthede om hul interaksie te verbeter.

Denkpatrone

♦ Alle mense is volgens die kognitiewe terapeute (4.5) geneig tot onrealistiese denkpatrone wat in veral swak funksionerende huweliksisteme verkeerde kognitiewe skemas in stand hou (4.7). Effektiewe kommunikasie en buigsaamheid in kognitiewe styl word dus met die oog op die verifiëring van skemas en die herstel van foutiewe denkpatrone beklemtoon (Cahn, 1992; Eckhardt *et al.*, 1998; Forgas, 1998; Gottman, 1994a, 1994b; Goleman, 1995; Hansen & L'Abate, 1982; Louw, 1993).

♦ Egpare word ook aangeraai om doelbewus hul denke aan te wend om konfliktoplossing te fasiliteer. Rusting en Nolen-Hoeksema (1998) het aangedui dat egpare wat hulle aandag op iets anders verplaas, meer beheer verkry oor woede. Meestal egter word voorgestel dat egpare beheer moet verkry oor hul emosies deur die situasie op realistiese wyse te ontleed (Cahn, 1992; Gottman & Silver, 1994; Izard, 1977; Louw, 1993; Nicol, 1989; Noller, 1988). Volgens Beck (1988) kan enigeen

telkens op grond van die ernstigheidsgraad van die probleem, die moontlikheid van negatiewe motiewe en die potensiele herhaalbaarheid van die onaangename situasie, besluit of hulle wil optree.

5.3.3.3 Die rol van egpare se gedrag in konflikhantering

In hierdie gedeelte word ten aanvang gefokus op standpunte oor konflikstyle voordat die mees algemene riglyne vir die effektiewe hantering van 'n konfliksituasie, met inagneming van moontlike tersaaklike verskille tussen die geslagte, weergegee word en daar ten slotte gefokus word op die belangrike rol van deurlopende konflikbeheer.

Konflikstyle

Uit wat tot dusver oor konflik gesê is, kan afgelei word dat openlike verbale konfrontasie, wat aan spesifieke voorwaardes voldoen, die enigste aangewese metode van konflikhantering is. Bevestiging word verkry vir hierdie gedagte as verskillende outeurs se beskrywings van konflikstyle opgesom word. Daar sal egter aangedui word dat indringende navorsing oor die style ook ander lig werp op die gangbare hantering van konflikte.

♦ In die eerste plek word **onbeheersde gevegte** afgekeur en word verskillende benaminge gebruik om die betrokke onaanvaarbare gedrag te beskryf (Johnson, 1981: die haai- of forserende styl; Louw, 1993: die konfrontasiestyl; Mol, 1981: die wen/verloorstyl; Miller *et al.*, 1975: die kontrolestyl; Nicol, 1989: die negatiewe betrokke styl; Wolf, 1996: die aggressiewe styl). Al hierdie style het egter die volgende in gemeen:

- onderliggende magstryd en erkenning van net eie behoeftes;
- gebrekkige aanvaarding van eie aandeel aan die konflik;
- blamering, beskuldigings, vernedering deur byvoorbeeld "name-calling", die gee van opdragte en dreigemente, subtiele benadeling, sabotasietegnieke en manipulasie;
- gevolglike eskalasie van teenaanvalle.

♦ In die tweede plek word **passiewe onbetrokkenheid** verwerp. Nie Johnson (1981) se teddiebeer- of skilpad-styl, die ingee-styl (Louw, 1993), die vermydingstyl (Miller *et al.*, 1975; Mol, 1981) of die nie-assertiewe styl (Wolf, 1996) is aanvaarbaar nie. Dit behels volgens hulle:

- onbetrokkenheid by die maat en die huwelik;
- oordrewe insiklikheid en die verlies van eie identiteit waarmee die vermyder aanvanklik tevrede mag wees;
- die aanname dat hul maats hul gedagtes moet lees, hul behoeftes moet raai en spontaan daaraan moet voldoen;
- die passiewe troeteling van frustrasie en die opgaan van griewe;
- die kulminering van weerstand totdat die geringste irritasie lei tot 'n onbeheersde ontploffing.

♦ Teenoor die oor- of die onderbeklemtoning van eie doelwitte, staan **korrekte konfrontasie**, naamlik Mol (1981) se bedingingstyl (waar egpare tot 'n kompromie kom), die "wen/wen"-styl (waar maats tot konsensus kom), Nicol (1989) se positiewe betrokke styl en Satir (Hansen & L'Abate, 1982) se kongruente styl. Hierdie outeurs, sowel as Miller *et al.*, (1975) en Johnson (1981) stel dus die volgende voor:

- die inagneming van beide se menswaardigheid en geleentheid vir beide se behoeftestelling;
- pogings tot begrip en vergifnis;
- konstruktiewe kommunikasie waar die verbale boodskap ooreenstem met die betrokke emosies en dubbelbindinge vermy word.

♦ Die navorsing van die **twee groepe navorsers** waarna vroeër verwys is, naamlik Gottman en Fitzpatrick (en hul medewerkers) werp egter 'n effe gewysigde lig op konflikstyle. Gottman en sy medewerkers (Gottman, 1993, 1994a, 1994b; Gottman & Krokoff, 1989; Gottman & Silver, 1994) het naamlik gevind dat getroudes hulle bedien van veral vyf tipes style, waarvan twee afstuur op egskeiding en drie kenmerkend is van stabiele huwelike. Om 'n huwelik te klassifiseer kyk die betrokke navorsers na die frekwensie van die egpaar se gevegte, na hul gesigsuitdrukkings, na die intensiteit van

die fisiologiese reaksies wat albei egliede gedurende konfrontasie openbaar, na wat hulle sê en na hoe hulle dit sê.

♦ Die suksesvolle **stabiele egpare** kan verdeel word in die volgende drie tipes konflikstyle:

- Die valideerders, wat in ooreenstemming met die algemene voorskrifte, die verhouding hoog ag en dus gematigde kommunikasie het.
- Die onbestendiges, wat teen alle voorskrif in, individualiteit op prys stel en intense gevegte en "opmaak"-sessies het.
- Die konflikvermyders, wat ten spyte van die gevare van dié styl, outonomie verkies en ooreenkom om sonder gevegte te verskil.

Al hierdie egpare meen dat hulle wel hul verskille aanspreek, maar dis duidelik dat hulle bepaalde aanpassings maak om die verhouding te behou. Die navorsers dui aan dat al hierdie style gekenmerk word deur die "magiese 5:1-ratio" tussen *positiewe* (aangename) teenoor *negatiewe* (onaangename) aspekte in hul interaksie en samesyn. Afgesien van die vyf keer meer aangename as onaangename interaksiegeleenthede (soos gesprekke en aktiwiteite), word die ekspressie van minagting vermy. Dit blyk verder dat dit oënskynlik gevaarlik is as egpare nie op bepaalde styl kan besluit nie en komponente van verskillende style benut. 'n Heel onlangse berig oor Gottman en Levenson (1999b) se navorsing herbevestig die waarde van die 5:1-ratio tussen (wat hulle noem), *positiewe* en *negatiewe* interaksie as voorspellers van huwelikstabiliteit. In Tabel 5.5 word 'n vergelyking getref tussen stabiele en onstabiele konflikstyle.

Tabel 5.5 Konflikstyle, soos onderskei deur Gottman en medewerkers

STABIELE KONFLIKSTYLE	ONSTABIELE KONFLIKSTYLE
Tipes * Validerende styl * Onbestendige styl * Konflikvermyders Kenmerke * 5 keer meer positiewe as negatiewe aspekte * Vermyding van minagting	Tipes * Vyandig/betrokke styl * Vyandig/onbetrokke styl Kenmerke * 1 keer meer positiewe as negatiewe aspekte * Minagtende houding en gedrag

(Gottman, 1993, 1994a, 1994b; Gottman & Krokoff, 1989; Gottman & Silver, 1994).

- ♦ Die **onstabiele konflikstyle** blyk die volgende te wees:
 - Die vyandig/betrokke styl wat gekenmerk word deur afbrekende minagtende betrokkenheid by mekaar.
 - Die vyandig/onbetrokke styl wat gekenmerk word deur onbetrokkenheid en afbrekende, minagtende gedrag.

Dit is duidelik dat minagting en die behoefte om skade te berokken volgens Gottman en sy span altyd deel uitmaak van onsuksesvolle huwelikskommunikasie en dit blyk dat die ratio tussen aangename en onaangename elemente in die onstabiele huwelike minder as 1:0 is. Gottman en Silver (1994) beweer dat die resultate daarop dui dat nie net die konvensionele wysheid oor konflikhantering korrek is nie. Die algemene uitgangspunt, naamlik dat net die validerende tipe huwelik konflikte oorleef, is nie bevestig in hierdie jarelange navorsing nie. Dit wil voorkom asof ook "vegters" en "vermyders", as hul minagting vermy en verseker dat die genoemde hoë persentasie belonende elemente die konflikte balanseer, se huwelike kan oorleef en selfs gelukkig kan wees.

♦ **Fitzpatrick** (1988a, 1988b), die ander belangrike navorser op dié terrein, het 'n baie soortgelyke tipologie, onafhanklik van Gottman, ontwikkel. Sy bespreek in dieselfde trant die sogenaamde tradisioneles (wat soos die valideerders van Gottman funksioneer), die onafhanklikes (soortgelyk aan die bogenoemde onbestendiges) en die afsonderlikes (soortgelyk aan die konflikvermyders). Net soos wat dit die geval is met Gottman, het Fitzpatrick ook gevind dat al drie die tipes style gepaard kan gaan met betekenisvolle huweliksatisfaksie en beteken dié resultate dus ook dat nie net 'n rustige tegemoetkomende styl effektief kan wees nie.

Uit die voorafgaande is dit nou duidelik dat daar mettertyd verskillende voorskrifte was oor die hantering van konflik en dat die voorskrifte nie heeltemal klop met wat bogenoemde navorsers in praktyk gevind het nie. Hierdie "nuwe" navorsingsbevindinge kan uiteraard vir jong egpare in dubbelloopbaanhuwelike nuttig wees. In die lig daarvan dat hulle potensieel baie konflik kan ervaar en waarskynlik 'n hoë premie stel op individualiteit of selfs op outonomie kan die betrokke navorsers se voorskrifte met vrag geïnkorporeer word by die bestaande riglyne vir effektiewe konflikhantering.

Vervolgens word die proses van konflikhantering bespreek deur Gottman en sy medewerkers se riglyne as vertrekpunt te gebruik en ander bydraes daarby te inkorporeer (Atkinson, 1999; Beck, 1988; Benokraitis, 1996; Cahn, 1992; Catherall, 1992; Clinebell & Clinebell, 1970; Du Toit, 1987; Goleman, 1995; Gray, 1992; Guerin *et al.*, 1987; Johnson, 1981; Liberman *et al.*, 1980; Louw, 1983b, 1993; McFarland & Buehler, 1997; Miller *et al.*, 1975; Mol, 1981; Nicol, 1989; Rusting & Nolen-Hoeksema, 1998; Schaap *et al.*, 1988; Wolf, 1996).

Riglyne vir die hantering van 'n konfliktsituasie

'n Volledige uiteensetting van riglyne vir effektiewe konflikhantering, word as Bylae B ingebind. In die bylae sal uiteraard ook volledige verwysings na die betrokke outeurs verskaf word. Hier word kortliks verwys na die aspekte wat daar bespreek word, naamlik na verkryging van beheer, effektiewe konfrontasie- en luistergedrag, konflikresolusie, deurlopende beheer oor huwelikskonflik en riglyne vir die hantering van die verskille tussen die twee geslagte met betrekking tot konflikhantering. Die volgende stappe kan in die konflikhanteringsproses onderskei word:

♦ Stap 1: Verkryging van beheer oor emosies

Beide egliede word aangeraai om beheer te verkry sodat die pas bespreekte regte houding en kennisies kan manifesteer. Dit geskied deur:

- Herkenning en erkenning van hul eie gevoelens.
- Evaluasie van die situasie en beide se gereedheid tot konfrontasie.
- Onderbreking van gesprek as woede buite beheer raak.
- Wysiging van denkinhoude om positiewe ingesteldheid te bekom.
- Poging om maat se ervaring te sien en deernis te ervaar.

♦ Stap 2 Standpuntstelling

- Met betrekking tot probleemstelling word aanbeveel dat korrekte selfopenbaring gedoen word; dat positiewe aspekte van die situasie erken word; dat boodskappe geredigeer sal word, sodat minagting vermy kan word en dat effektiewe probleem-georiënteerde verbalisering gebruik word

- Met betrekking tot die regte luistergedrag word aanbeveel dat die egpare hulself doelbewus positief instel, aktiewe luistervaardighede en emosionele betrokkenheid openbaar.
- Met betrekking tot die regte respondering word aanbeveel dat aangedring moet word op beheerste gedrag; dat die spreker se gevoelens deurentyd gevalideer moet word; korrekte parafrasering gebruik word en dat eerlik gereageer word op die kwessie.

♦ Stap 3 Konflikresolusie

Ten einde die konflikproses af te handel, word voorgestel dat egpare:

- Hul eie aandeel erken en apologie aanteken;
- doelbewus meewerk tot die verkryging van 'n aanvaarbare kompromie of 'n alternatiewe oplossing;
- hou by ooreengekomde gedrag totdat daar later 'n herevaluasie gemaak kan word.

♦ Die akkommodering van verskille tussen die twee geslagte, indien hulle wel voorkom, is nodig in die lig van (sien 5.3.2.4):

- Mans se natuurlike neiging tot aanvanklike konflikvermyding en hul voorkeur vir rasionele gesprekvoering;
- vroue se natuurlike neiging om dikwels en gou kwessies wat die verhouding bedreig, te opper en dit op emosionele wyse te hanteer.

Spesifiek met betrekking tot pasgetroudes het Gottman (1994a) gevind dat by die stabiele egpare die vroue minder geneig was tot temerigheid en die mans meer gereeld hul maats se gevoelens gevalideer het. Hy beklemtoon dat veral laasgenoemde aspek, naamlik die mate van validering, by uitstek 'n betekenisvolle voorspeller van huwelikstabiliteit is.

Konflikbeheer

Indien egpare die voorgestelde vyf keer meer aangename as onaangename interaksie wil handhaaf en sodoende die potensiële verwyderende effek van konflik wil beperk, blyk dit net so belangrik om die voorkoms van konflik te beheer. Dit kan gedoen word deur:

- te verseker dat persoonlike stresstoleransie en selfbeheer ontwikkel;

- konflik doelbewus te vermy as dit nie die verhouding bedreig nie;
- vroegtydig beheerbare gesprekke te skeduleer as 'n konflik dreig; en
- die aangename aspekte van die verhouding deurgaans uit te bou.

5.4 SAMEVATTING EN INTEGRASIE VAN DIE LITERATUUR- GEGEWENS IN DIE BIOPSIGOSOSIALE MODEL VIR EGPAARFUNKSIONERING

Hoofstuk een het as oriëntering tot die navorsing gedien. Die kernbegrippe van die tema, naamlik affektiewe funksionering en jong werkende egpare is in dié hoofstuk omskryf. Daaruit het dit geblyk dat daar 'n verband is tussen affektiewe funksionering, hul biologiese en psigologiese funksionering en dat die sosiale konteks waarin hierdie groep jong egpare funksioneer ook 'n rol speel in die proses (sien Figuur 1.2).

In **hoofstuk twee** is aangedui dat die huidige sosiale konteks van jong egpare met voorskoolse kinders, wat in dubbelloopbaanhuwelike poog om volgens 'n egalitêre stelsel te funksioneer, omvangryke instrumentele take meebring. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat dié veeleisende take daartoe bydra dat hulle besondere verwagtinge koester van hulle affektiewe funksionering en dat laasgenoemde 'n betekenisvolle bydrae kan lewer tot bevredigende egpaarinteraksie en 'n vervulde lewe. Aan die einde van die hoofstuk is die verband tussen die egpare se sosiale konteks en hul affektiewe interaksie visueel voorgestel in Figuur 2.1.

In **hoofstuk drie** is die rol van egpare se biologiese funksionering in hul affektiewe funksionering bespreek en was dit duidelik dat neurologiese prosesse, hormonale balanse, siektetoestande, medikasie, sowel as moontlike verskille tussen mans en vroue se hantering van affek in ag geneem moet word. Ook hierdie wisselwerking is op die genoemde model aangebring in Figuur 3.1.

Hoofstuk vier is gewy aan die verskillende psigologiese benaderings tot egpaarfunksionering se perspektiewe op affektiewe funksionering. Daar is bepaal dat egliede se individuele houdings, kennisies, gedrag en affek met betrekking tot hulself, hul maats en die huwelik 'n rol speel in hul interaksie. Die verskillende verklarings is saamgevat in 'n visuele voorgestelling van die *ontluikende* Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering in Figuur 4.1.

In **hoofstuk vyf** is spesifiek aandag gegee aan die aangename en onaangename affektiewe funksionering van jong egpare. Saamgevat kan die volgende aspekte onderskei word:

Aangename affek verwys na die liefde wat egpare jeens mekaar ervaar en kom tot uitdrukking in hul aangename interaksie (emosionele en seksuele intimiteit).

Onaangename affek verwys na 'n mindere of meerdere mate van ontevredenheid wat egpare jeens mekaar beleef en wat meestal aanleiding gee tot onaangename interaksie (konflikhantering).

Deurentyd is aangedui dat die egpare se **biologiese** en **psigologiese funksionering** binne die bepaalde **sosiale konteks** waarin hulle hul bevind, in **wisselwerking** is met mekaar.

Aanbevelings is gemaak oor hoe egpare hul aangename en onaangename affektiewe interaksie (intimiteit en konflik) moet hanteer. Die volgende is nodig:


- 'n Positiewe **houding** jeens die self, die maat en die verhouding, wat individuele en verhoudingsgroeie sal verseker. In plaas van 'n minagterende houding en vernederende opmerkings, is 'n positiewe houding beklemtoon vir huwelikstabieliteit.
- Realistiese **denkinhoude** oor die self, die maat en die verhouding, sowel as korrekte denkpattone, wat haalbare verwagtinge en effektiewe probleemoplossing sal fasiliteer.
- **Gedrag** wat intimiteit soveel as moontlik sal bevorder en konflik soveel as moontlik sal beperk, maar dié konflik wat nodig is, effektief sal hanteer.

Die **Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering** word in Figuur 5.1 aangepas om al die relevante inligting oor spesifiek die affektiewe funksionering van jong, werkende egpare weer te gee. Hul sosiale konteks, hul psigologiese en hul biologiese funksionering word “omskryf” en daar word aangedui wat met aangename en onaangename affektiewe interaksie bedoel word.

Die doel van hierdie navorsing was om vas te stel hoe jong, werkende egpare se affektiewe funksionering daar uitsien. Tot dusver is literatuurgegewens in dié verband bespreek. Die volgende deel (Deel drie) handel oor die onderhawige navorsingsproses en die navorsingsbevindinge wat verkry is.

BIOPSIGOSOSIALE MODEL VIR EGPAARFUNKSIONERING

JONG WERKENDE EGPAAR SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING



Figuur 5.1 Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering soos benut vir die voorstelling van jong werkende egpare se affektiewe funksionering.

DEEL DRIE KWALITATIEWE ONDERSOEK

HOOFTUK 6 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN 'N KWALITATIEWE NAVORSINGSMETODE

HOOFTUK 7 IMPLEMENTERING VAN 'N KWALITATIEWE NAVORSINGSONTWERP

HOOFTUK 8 DEELNEMERBESONDERHEDE EN NAVORSINGS- BEVINDINGE

HOOFSTUK SES

MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN 'N KWALITATIEWE NAVORSINGSMETODE

In hierdie hoofstuk word aangedui waarom op 'n kwalitatiewe navorsingsmetode besluit is. Dit word gedoen deur die aard van dié metode, teenoor dié van kwantitatiewe metodes te bespreek. Die volgende aspekte geniet aandag:

- 6.1 Insidensie van kwalitatiewe navorsingsmetodes
- 6.2 Omskrywing van kwalitatiewe metodologie
- 6.3 Redes vir 'n kwalitatiewe metodologie
- 6.4 Kriteria waaraan kwalitatiewe navorsing moet doen

6.1 INSIDENSIE VAN KWALITATIEWE NAVORSINGSMETODES

Die empiries-analitiese benadering, wat gekenmerk word deur noukeurige kwantifisering, domineer die laaste drie tot vier eeue reeds die formele wetenskapsbeoefening (De Haan, 1995; Guba & Lincoln, 1994; Polkinghorne, 1989; Smaling, 1994). In aansluiting by dié algemene benadering is daar ook in Sielkunde tradisioneel eerder van die sogenaamde kwantitatiewe as van kwalitatiewe metodes gebruik gemaak (Brannen, 1992; Kvale, 1987; Van Vuuren, 1992; Visser & Van Staden, 1991).

Gedurende die twintigste eeu, wat gekenmerk is deur onder andere Dilthey en Husserl se herwaardering van die kwalitatiewe metodes, was daar heelwat konflik oor die sin en houdbaarheid van die gebruik van nie-kwantitatiewe metodes (Guba & Lincoln,

1994; Howe, 1988; Huysamen, 1996; Misiak & Sexton, 1973; Niemann, 1994). Die bestaande produkte van die ander sosiale wetenskappe - wat verkry is met behulp van kwalitatiewe tegnieke, is dus sterk bevraagteken deur oortuigde kwantifiseerders. Verslae oor kwalitatiewe navorsing is byvoorbeeld volgens Brannen (1992) minder aanvaar deur redakteurs van sosiaal-wetenskaplike publikasies. Vanaf 1989 tot 1994 was slegs tien van die 527 (of 1,9%) artikels in die *Journal of Marriage and the Family* kwalitatief van aard (Ambert, Adler, Adler & Detzner, 1995). Plaaslik het Visser en Van Staden (1991), wat 'n opname gemaak het oor die tipe navorsing waarvoor verslag gedoen is in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sielkunde*, ook gevind dat projekte van 'n kwantitatiewe aard die toneel 'n paar dekades lank oorheers het. Verder is daar slegs 'n paar kwalitatiewe studies in dié tydskrif opgeneem en meld hulle geen studies waarin daar van beide metodes gebruik gemaak is nie.

Ná ondersoek ingestel is na die aard, doel en implementering van die twee soorte metodes, is egter bepaal dat 'n ongestruktureerde metode - wat tradisioneel behoort tot kwalitatiewe navorsing – beter sal beantwoord aan die eise en behoeftes van die navorser en die studie.

6.2 OMSKRYWING VAN KWALITATIEWE METODOLOGIE

6.2.1 PROBLEME MET DEFINIËRING

In 'n poging tot definisie, bespreek Mouton en Marais (1989) die skynbaar eenvoudiger onderskeid tussen die positivistiese en die antipositivistiese benaderings tot navorsing en bring dan die skynbaar onversoembare twee soorte navorsingsmetodes in verband daarmee. Die positivistiese navorsingsproses of kwalitatiewe metodes word deur Guba en Lincoln (1994, p.106) opgesom as eerstens die opstelling van vrae en/of hipoteses, "most usefully stated as mathematical (quantitative) propositions or propositions that can be easily converted into precise mathematical formulas expressing functional relationships" (p.106). Daarna volg die empiriese toetsing van

die hipoteses terwyl veranderlikes, wat die proses op enige wyse kan beïnvloed, sorgvuldig gemanipuleer of gekontroleer word. Hierteenoor beskryf Mouton en Marais (1989, p.57) die *kwalitatiewe benadering* as 'n benadering "waarvan die prosedures nie so streng geformaliseerd en geëkspliseer is nie, terwyl die reikwydte meer grensloos is en op 'n meer filosofiese wyse te werk gegaan word".

Hierdie "filosofiese" aspek word op verskillende wyses omskryf, naamlik as *fenomenologies*, *hermeneuties* (Kvale, 1987), *humanisties* (Walker, 1985b) en as *interpreterend* (Cohen & Manion, 1995), teenoor die meer "normatiewe" fokus van kwantitatiewe navorsing. Engelbrecht (1988) wil hierdie verskillende benaminge ondervang deur dit die *realistiese*, teenoor die *positivistiese* benadering te noem. Die verskillende benaminge het volgens Huysamen (1993) ontstaan soos die metode in die onderskeie vakgebiede ontwikkel het en daar is volgens hom tans geen algemeen aanvaarde oorkoepelende naam vir die antipositivistiese metodes wat as kwalitatiewe navorsing getipeer word nie.

6.2.2 BEVRAAGTEKENING VAN DIGOTOMIESE TERMINOLOGIE

Dit blyk dat die digotomiese onderskeid tussen die positivisme en gepaardgaande kwantitatiewe metodes, teenoor die antipositivistiese paradigma wat met kwalitatiewe metodes geassosieer word, nie meer allerweë aanvaar word nie. By implikasie word die noodwendige identifisering van óf die een óf die ander paradigma met uitsluitlik een tipe ondersoekmetode, bevraagteken. Tans word aanvaar dat navorsers klaarblyklik nie meer telkens 'n *bekering tot 'n nuwe paradigma* nodig het as hulle 'n ander metode wil gebruik nie (De Haan 1995; Huysamen, 1993, 1996; Mouton & Marais, 1989; Mouton, 1988; Patton, 1990). Dit blyk dat die twee metodes selfs met groot vrug in dieselfde navorsingsprojek gebruik kan word (Beukes, 1994; Brannen, 1992; Brewer & Hunter, 1989; Cohen & Manion, 1995; Patton, 1990; Pretorius, 1990; Strauss & Corbin, 1990).

Verder is daar toenemend twyfel oor die houdbaarheid daarvan om die metodes wat voortgespruit het uit die genoemde paradigmas spesifiek as *kwantitatief* teenoor *kwalitatief* te tipeer (Guba & Lincoln, 1994; Huysamen, 1996). In hierdie verband kan

verwys word na die mate van kwantifisering wat volgens Mouton en Marais (1989) tóg in kwalitatiewe navorsing benut kan word wanneer die begrippe "meer of minder" nodig word. Daar behoort eerder sprake te wees van 'n kontinuum waarmee die mate van kwantifisering bepaal word (De Haan, 1995; Walker, 1985b). Tans is daar diegene wat, benewens die ekstreme *positivisme of antipositivisme*, op grond van die onderliggende paradigmas dié term verkies (Huysamen, 1996).

Vir doeleindes van hierdie navorsing word aangesluit by Mouton (1988, p.7) se siening, naamlik dat dit "kontekstueelgeldige beskrywings en interpretasies van menslike handelinge" is. Daar word dus van 'n induktiewe proses gebruik gemaak, ongestruktureerde metodes word benut en 'n tentatiewe teorie word op grond hiervan en die geraadpleegde literatuurstudie, ontwikkel. Die redes waarom hierdie werkwysse verkies is vir doeleindes van hierdie navorsing, word in die volgende gedeelte bespreek.

6.3 REDES VIR 'N KWALITATIEWE METODOLOGIE

6.3.1 DIE ROL VAN DIE NAVORSER

By die gebruik van gestruktureerde metodes moet daar rekening gehou moet word met die negatiewe impak wat die navorser kan hê, maar moet die navorser terselfdertyd ook kennis en vaardighede aanwend om die proses, en die moontlike gevolge daarvan, vir die deelnemers te vergemaklik (Brannen, 1992; Huysamen, 1993). 'n Belangrike oorweging by die keuse van hierdie metode was die navorser se respek vir die deelnemers wat elemente van hul diepste en mees private belewenisse moes openbaar. Die navorser het gehoop dat sy die deelnemers in persoonlike kontaksituasies van vertroulikheid sou kon verseker, maar ook dat die moontlike onaangename gevolge van gesprekke oor hulle huwelike sodoende ondervang sou kon word. Terselfdertyd is daar na aanleiding van Jones (1985b) en Kvale (1987, 1990) se waarskuwings gewaak teen subjektiwiteit en leidende vraagstelling en was die

navorser daarop ingestel om bedag te wees op selektiewe reflektering wat-net sekere response sou uitlok of versterk.

'n Verdere oorweging vir die keuse van hierdie metode was om die moontlikheid van oneerlike response te beperk. Hoewel oneerlikheid ook tydens onderhoude, soos met die invul van vraelyste, kon voorkom, dra die persoonlike kontak daartoe by om dit te minimaliseer (Smit, 1983; Cohen & Manion, 1995).

Die navorser kon met behulp van haar terapeutiese vaardighede as sielkundige die deelnemers moontlik dermate op hul gemak stel dat hulle egte, betekenisvolle en omvangryke data kon weergee.

6.3.2 DOEL EN STUDIE-OBJEK

"Die studie-objek is die wêreld soos gedefinieer, ervaar en gesien deur die deelnemers" (Niemann, 1994). Teenoor die generering van universele wette op grond van waarneembare gedrag, wat die doel is van hoogs gestruktureerde navorsing, is die ongestruktureerde metodes gerig op 'n vorm van "binnestaander-begrip" wat die navorser verkry deur blootgestel te word aan die deelnemers se innerlike belewenisse en die betekenis wat hulle daaraan heg (Mouton, 1988; Polkinghorne, 1989; Smaling, 1994; Strauss & Corbin, 1994). Paradigmaties het hierdie vertrekpunt die navorser geval, aangesien dit nie net gaan om die soeke na gemeenskaplikhede nie, maar dat uiteenlopende individuele ervarings ook bestudeer kan word. Volgens Cohen en Manion (1995) is een van die belangrikste redes vir die kritiek wat teen die positivistiese metode ingebring is, die meganistiese en reduksionistiese beeld van die werklikheid wat deur dié benadering veronderstel word. Die benutting van uitsluitlik laasgenoemde navorsings-ideologie kan die bestudering van die sosiale wetenskappe erg strem. Aannames kan nouliks gemaak word oor verhoudings slegs op grond van matematiese berekenings en ervaringe is nie statisties meetbaar nie (Huysamen, 1993; Mouton, 1988; Polkinghorne, 1989; Van Vuuren, 1992).

Kwalitatiewe metodes is volgens Kerlinger (1970) veral geskik wanneer die manipulerings/verifiëring van spesifieke veranderlikes nie die doel is nie. In hierdie induktiewe proses word geen bestaande hipoteses of teorieë met behulp van vraelyste

getoets nie. Die gekose metode het die navorser die geleentheid gebied om hipoteses of sogenaamde *Gegronde Teorie (Grounded Theory)* te ontwikkel op grond van die ingewinde "nuwe" data (Brewer & Hunter, 1989; Guba & Lincoln, 1994; Hammersley, 1992; Huysamen, 1996; Kvale, 1990; Mouton & Marais, 1989; Patton, 1990; Smit, 1983; Van Vuuren, 1992). Barney Glaser en Anselm Strauss, grondleggers van die Grounded Theory-metode, beklemtoon dat die deelnemers self bepaal wat vir hul belangrik is met betrekking tot die onderwerp (Jones, 1985a; Strauss & Corbin, 1994). Hiervolgens kan 'n navorser "begins with an area of study and what is relevant to that area is allowed to emerge" (Strauss & Corbin, 1990, p.23).

6.3.3 DATA-INSAMELING

Die kenmerkende aspekte van data-insameling met behulp van kwalitatiewe metodes was vir die navorser verkieslik bo dié met behulp van kwantitatiewe metodes.

Teenoor die duidelik geformuleerde navorsingsontwerp wat as vertrekpunt dien vir die kwantitatiewe benadering, word daar by die kwalitatiewe metodes met " 'n sogenaamde ontluikende ontwerp" (Huysamen, 1993, p.173), aan die navorser ruimte gelaat om onverwagte aspekte verder te ondersoek (Patton, 1990; Smaling, 1994; Strauss & Corbin, 1994). Voorts mag die wyses om inligting te bekom ook uitgebrei word met behulp hiervan. Dit het verder geïmpliseer dat die navorser nie net data moes bekom wat verband gehou het met bekende inligting nie, maar ook ontginde data kon versamel. In die lig van die feit dat hierdie navorsing handel oor 'n "nuwe" geslag se hantering van 'n aspek van hul verhoudings wat "nuwe" beklemtoning geniet, was 'n hipotese-vrye aanslag dus aangewese (Brewer & Hunter, 1989). Dit was nie nodig om moontlik uitgediende kriteria, handelwyses of prioriteite te evalueer nie en onduidelikhede kon opgeklaar word deur tydens die onderhoude of daarna navraag te doen (Smaling, 1994). Riglyne vir goeie onderhoudvoering, soos onder andere uiteengesit deur Fontana en Frey (1994), Huysamen (1993), Niemann (1994), Patton (1990) en Schurink (1988), moes egter in ag geneem word. By die bespreking van die data-insameling vir hierdie navorsing in 7.1 sal van dié riglyne bespreek word.

Deur ongestruktureerde onderhoude word die "waarheid" verkry tydens die interaksieproses tussen die deelnemers en die navorser (Guba & Lincoln, 1994; Smaling, 1994). In die proses geld die beginsels van 'n vertrouensverhouding tussen navorser en deelnemers, gekenmerk deur respek, erkenning van die deelnemers se siening en hulpverlening indien die proses dit noodsaak, en word rekening gehou met alle nie-verbale reaksies, die deelnemers se heersende geestestoestande, sowel as die kontekste waarin die onderhoude gevoer is (Fontana & Frey, 1994; Cohen & Manion, 1995; Jones, 1985d; Patton, 1990; Schurink, 1988). As sodanig bevredig hierdie werkwyse diegene wat paradigmatis aansluit by die positiewiste. Uiteraard beperk die aard van dié metode die aantal deelnemers wat betrek kan word en dus die moontlikheid om verkreeë resultate te veralgemeen (Cohen & Manion, 1995; Kerlinger, 1970; Strauss & Corbin, 1990). Die doel van die navorsing, naamlik nie veralgemening nie, maar beskrywing en spesifisering, kon egter die meer idiografiese werkwyse regverdig (Ambert *et al*, 1995; Layder, 1993; Strauss & Corbin, 1990; Walker, 1985b). Niemann (1994) haal outeurs aan wat meen dat een navorser kwalik 15 tot 20 gevalle kan hanteer, terwyl Smaling (1994) enersyds meen dat pragmatiese oorwegings (omvang van navorsing, hoeveelheid inligting, tyd en koste) die aantal deelnemers kan bepaal, maar dat die proses andersyds verkieslik moet voortgaan totdat 'n "teoretiese versadigingspunt" bereik is en daar dus nie meer nuwe data bekom word nie.

Die sogenaamde sneeubaltechniek (Huysamen, 1993) kon benut word om verwysings na potensiële deelnemers te verkry van dié wat reeds deelgeneem het.

Ekstreme voorstanders van antipositivistiese metodes se voorskrifte is dat navorsers sonder enige doelbewuste, bykomende bestudering van die relevante teorie die navorsingsproses moet betree en dat die resultaat daarvan outonoom verantwoordelik moet wees vir die daarstelling van 'n teorie (Strauss & Corbin, 1990). Hierteenoor laat latere aanpassings van die Grounded Theory-benadering ruimte vir die verrekening van relevante teorie. Teorie wat vooraf en/of agterna bestudeer word, "have the effect of stimulating innovative forms of theory either by using ideas or concepts as initial 'sounding boards', or as a retrospective means of establishing an explanatory pattern

on the data" (Layder, 1993, p.65). Die bestaande kennis van die navorser kon dus bydra tot 'n makliker begrip van deelnemers se response (Layder, 1993; Walker, 1985a) en nadat bevindings verkry is, kon verdere bestudering van die relevante literatuur die data-interpretasie rig, verryk en/of valideer (Layder, 1993).

6.3.4 DATA-ANALISE

Teenoor die statistiese ontledings van kwantitatiewe navorsing, word kwalitatiewe navorsing gekenmerk deur die ontleding en weergawe van patrone wat dikwels medegekontroleer word deur die deelnemers (Niemann, 1994; Smaling, 1992; Strauss & Corbin, 1990). 'n Stapsgewyse ontleding van die analiseproses volgens die beginsels van die *Grounded Theory* (Huberman & Miles 1994; Miles & Huberman, 1994) word vervolgens kortliks opgesom. Daar word gebruik gemaak van Niemann (1994) se riglyn vir die bespreking, maar ander outeurs se idees word ook benut.

Stap 1: Eerstevlak- kodering

Breë temas of kategorieë word toegeken aan verbandhoudende dele van die data wat van die respondente verkry is. Transkriberings van die teks kan onder andere gebruik word en daar word aanbeveel dat die kodes (byvoorbeeld afkortings), maar ook die navorser se eie opmerkings, idees of vrae in dié verband langs die betrokke gedeeltes aangebring word. Jones (1985a) herinner navorsers daaraan dat hulle oop moet wees om alle moontlike, onverwagte temas raak te sien en dus moet verhoed dat 'n vorm van 'n skema of spesifieke vrae sonder meer die enigste kategorieë word. Polkinghorne (1989) meen dat die gebruik van medenavorsers om kategorieë te bepaal die proses sal verbeter, terwyl Jones (1985a) en Patton (1990) daarop wys dat die deelnemers én die navorser se geestestoestand, sowel as ander kontekstuele veranderlikes se rol in ag geneem moet word wanneer response geëvalueer word. 'n Reeks basiese vrae (Wie? Wanneer? Waarom?) met betrekking tot elke aspek van die data en die ontleding van woorde, frases en sinne in terme van alle moontlike betekenis wat dit kan hê, kan waardevol wees (Strauss & Corbin, 1990). 'n Belangrike ontwikkeling op die gebied van data-analise is die feit dat spesiale rekenaarprogramme (waaronder die *NUD*IST*) beskikbaar raak vir die ontleding van

kwalitatiewe data (Miles & Huberman, 1994a; Richards & Richards, 1994). Jones (1985a) en Niemann (1994) dui egter aan hoe gewone woordverwerkingsprogramme die proses ook effektief kan fasiliteer.

Stap 2: Patroonkodering

Wanneer die stuk wéér deurgelees word, is die doel enersyds om die uitgesoekte breë temas verder in subtemas te verdeel, maar word verbande ook reeds gelê. Die data word nou ook in matrikse opgesom sodat die navorser makliker verbande kan raaksien.

Stap 3: "Making sense"

Met die matrikse voor die navorser is dit moontlik om vas te stel hoeveel response ooreenstem en verskil, of daar 'n tendens is met betrekking tot die tipe response, ooreenkomste of verskille en wat die redes vir die betrokke verband tussen die response kan wees. Direkte kousaliteit, wedersydse beïnvloeding en die rol van tussenkomende veranderlikes moet verreken word. Jones (1985a) stel vir hierdie stap die rangskikking van data in sogenaamde idee-kaarte ("*cognitive maps*") voor, sodat die navorser 'n geheelbeeld kan vorm van die wisselwerking tussen verskillende dele van die data. Strauss en Corbin (1990) vind weer die "*flip-flop*"-tegniek (oorweging van teenoorgestelde feite), sistematiese vergelykings van twee of meer stelle data en selfs vergesogte vergelykings tussen oënskynlik nie-verbandhoudende aspekte van die data handig om te verhoed dat die verkreeë data en bestudeerde literatuur net op vanselfsprekende wyses met mekaar in verband gebring word. Hulle dui verder aan dat interpreteerders gewaarsku moet word wanneer hulle in absolute terme afleidings wil formuleer: uitsonderings op die reël moet doeltrewus gesoek word.

Stap 4: Evaluering van bevindinge

Met hierdie stap bevraagteken Huberman en Miles (1994; Miles & Huberman, 1994) die hele proses en vra hulle na die effek van potensiële wysigings deur:

- te spekulêr oor hoe moontlike kenmerke of omstandighede van die deelnemers die bevindinge kan raak;
- die invloed van bepaalde kontekstuele veranderlikes (byvoorbeeld tydstop en plek van onderhoud) en die navorser self (persoon, kennis en vaardighede) te verreken;

- die betekenis van ekstreme uitsprake en negatiewe getuienis te ontleed;
- bykomende hipoteses oor oënskynlike verbande te ontwikkel;
- terugvoer van respondente oor bevindinge te verkry; en
- bevindinge in terme van bestaande teoretiese standpunte te verklaar.

Strauss en Corbin (1990) meen dat die skepping van 'n sogenaamde paradigmamodel ("*Paradigm Model*") (p.99) waarin die konteks en oorsake van die fenomeen, die veranderlikes en die voortvloeiende aksies en gevolge saamgebind word, sistematiese denke sal verbeter.

Stap 5: Dokumentering

Tydens dokumentering moet die vereistes met betrekking tot betroubaarheid en geldigheid in ag geneem word en moet die rapportering ondubbelsinnig geskied. Om begrip by die leser te fasiliteer, kan die volgende as riglyne dien:

- Die gebruik van matrikse, ideekaarte ("*cognitive maps*") (Jones, 1985a) of diagramme (Strauss & Corbin, 1990).
- Die insluiting van 'n gefokusde inleiding ("*focused introduction*") (Ambert *et al.*, 1995, p.889) waardeur die rykheid van die kwalitatiewe data minder ongestruktureerd sal voorkom.
- Die aanvanklike weergawe van slegs die bevindinge waardeur die lesers geleentheid kry om hul eie menings te vorm (Patton, 1990).
- Die gebruik van tabelle om bevindinge en literatuurgegewens waardeur die vorming van 'n geheelbeeld en gevolglike begrip gefasiliteer word (Niemann, 1994).

6.4 KRITERIA WAARAAN KWALITATIEWE NAVORSING MOET VOLDOEN

Standaardprobleme wat kritici met die kwalitatiewe metode kan hê, is byvoorbeeld bevooroordeeldheid, subjektiwiteit, leidende vrae en die manipulering van die data om voorkeurinterpretasies te pas (Huysamen, 1993, Jones, 1985a; Kvale, 1987, 1990).

Hoewel alle navorsing in terme van die eie bydrae tot die bestaande kennisbasis geëvalueer moet word, is daar "some universals that should apply to all field research" (Ambert *et al.*, 1995, p.883). Ten einde dus as bevredigende navorsing gereken te word, moes die gekose ontwerp voldoen aan die vereistes wat gestel word met betrekking tot objektiwiteit, betroubaarheid en geldigheid.

6.4.1 OBJEKTIWITEIT

Teenoor die kwantitatiewe navorsers wat 'n gedistansieerde objektiewe posisie inneem teenoor hul proefpersone, is kwalitatiewe navorsers deel van die werklikheid wat bestudeer word en is hulle as sodanig subjektief betrokke is by die navorsingsproses (Guba & Lincoln, 1994; Huysamen, 1993; Jones, 1985; Layder, 1993; Niemann, 1994; Patton, 1990; Smaling, 1994; Strauss & Corbin, 1990). Hul subjektiwiteit dien egter die doel van "kwalitatiewe" navorsing deurdat die navorsers emosioneel aansluit by die leefwêreld van die deelnemers: "we use ourselves as research instruments to try and empathise with other human beings" (Jones, 1985, p.48).

Verder is aangedui dat navorsers se bestaande kennis, en professionele en persoonlike ondervinding nodig is om onderhoudvoering te fasiliteer (Brannen, 1992; Huysamen, 1993). In terme van Smaling (1994, p.18 & p.77) se sogenaamde "Münchhausen"-beginsel, bly die doel van dié tipe navorsing dat die "objek self moet spreek" (p.18 & p.77) en daarom moet dié "spreke" so ver moontlik binne konteks en met die regte aksente aangebied moet word. Smaling (1994) en Miles en Huberman (1994) meen dat kwalitatiewe navorsing aanspraak kan maak op objektiwiteit. Smaling (1994) beklemtoon die noodsaak van die sogenaamde "*triadic openness*" (wat ook interne betroubaarheid en geldigheid bevorder), naamlik ontvanklikheid vir indrukke, eie openhartigheid (en selfs matige selfopenbaring) om deelnemers se selfontsluiting te fasiliteer, en dialogiese ontvanklikheid wat gelyke kanse tot kommunikasie vir beide navorser en deelnemer impliseer.

6.4.2 BETROUBAARHEID

Betroubaarheid verwys na die mate van konsekwentheid van resultate wat met behulp van dieselfde proses tydens verskillende geleenthede verkry kan word (Huberman & Miles, 1994; Huysamen, 1980; Miles & Huberman, 1994; Smaling, 1994; Walker, 1985a, 1985b). Ook by die gebruik van ongestruktureerde onderhoude moet verseker word dat die proses sodanig verloop dat die mees akkurate data ter wille van interne betroubaarheid bekom word (Niemann, 1994; Smaling, 1994). Om eksterne betroubaarheid te verseker, moet die proses op só 'n wyse beskryf word dat dit binne dieselfde konteks deur ander navorsers met dieselfde resultate herhaal kan word. 'n Aantal doelbewuste pogings word voorgestel om betroubaarheid te verhoog. Die volgende maatreëls kan geld (Huberman & Miles, 1994; Huysamen, 1996; Jones, 1985b; Layder, 1993; Miles & Huberman, 1984, 1994; Niemann, 1994; Patton, 1990; Smaling, 1994; Walker, 1985a):

Interne betroubaarheid

Met die oog hierop kan die volgende gedoen word:

- **Triangulasie:** Deur die fenomeen op ten minste twee maniere te bestudeer en wel deur byvoorbeeld verskillende databronne, metodes, teoretiese uitgangspunte en navorsers te benut. Die gedagte is dat die kwalitatiewe navorser in werklikheid telkens doelbewus sal soek vir "nuwe" inligting wat die reeds verkreeë data sal weerspreek. Schurink (1988) is van mening dat ongestruktureerde in-diepte onderhoude verkieslik deur die navorser self gevoer moet word.
- **Deelnemerkontrole:** Deur deelnemers te betrek by die beoordeling van die korrektheid van die resultate of by die evaluering van oënskynlik weersprekende gegewens uit ander bronne.
- **Resultatevergelyking:** Deur bevindinge in verband te bring met bestaande bevindinge van ander navorsers.
- **Ouditering:** Deur te verwys na die noukeurige proses van dataversameling, verslaghouding, bewaring van data en die beskikbaarstelling daarvan vir ander navorsers se beoordeling.

- **Tegnologiebenutting:** Deur oudio- of videokassette vir dataversameling te gebruik en/of deur data met behulp van rekenaarprogramme (byvoorbeeld *Nudist*) te verwerk.

Eksterne betroubaarheid

Hierdie aspek kan verhoog word deur:

- die definiëring van konsepte, soos gebruik deur die navorser;
- 'n akkurate beskrywing van al die elemente van die navorsingsproses (vanaf die motivering vir 'n bepaalde ontwerp tot by die wyse waarop die bevindinge met bestaande literatuur geïntegreer word) sodat ander navorsers die proses kan herhaal;
- alle relevante inligting omtrent die navorser (byvoorbeeld kennis, houding en vaardighede) en van die deelnemers, wat die proses kon beïnvloed, weer te gee.

6.4.3 GELDIGHEID

Geldigheid het te doen met "the degree to which the intended phenomenon is studied and not something else" (Smaling, 1994, p.20). Die navorsing moet dus bydra tot 'n outentieke beeld van die betrokke fenomeen (Huysamen, 1996; Miles & Huberman, 1994; Polkinghorne, 1989; Smaling, 1994).

Ten einde geldigheid te verseker, kan 'n aantal voorstelle oorweeg word (Cohen & Manion, 1995; Fontana & Frey, 1994; Jones, 1985a; Layder, 1993; Miles & Huberman, 1994; Patton, 1990; Polkinghorne, 1989; Schurink, 1988; Smaling, 1994; Strauss & Corbin, 1994; Walker, 1985a):

- **Noukeurige seleksie** van deelnemers wat behoort tot die teikengroep en wat die vermoë tot respondering het, sodat data wat betekenisvolle lig sal werp op die ondersoekvraag, ingewin kan word.
- **Versekering** van die deelnemers se heelhartige deelname aan die projek, met behulp van 'n vertrouensverhouding, gekenmerk deur inagneming, respek en aanvaarding van hul response se betekenisvolheid, sowel as deur te onderneem om agterna vir hulle 'n bondige verslag te stuur oor die bevindinge.

- Uitklaring van semantiese inhoude sodat deelnemers deurentyd dieselfde betekenis aan die betrokke konsepte heg.
- Literatuurintegrering om die verklaring van die bevindinge te verryk.
- Databehoud sodat 'n volledige beeld, insluitende weersprekende tendense, te eniger tyd verkry kan word.
- Verrekening van alle faktore wat die navorsingsproses en/of die data kon beïnvloed in terme van die interpretasie of verslaggewing daarvan.
- 'n Akkurate weergawe van die totale navorsingsproses sodat veralgemeenbaarheid moontlik is.

Samevattend kan dus verklaar word dat 'n induktiewe navorsingsproses met in-diepte onderhoude verkies is om beide paradigmadiese en pragmatiese redes. Pragmatiese oorwegings het te doen gehad met veral die voorgeskrewe beperkte omvang van die navorsing en die moontlike aanwending van die navorser se terapeutiese vaardighede om onderhoude te voer. Veel belangriker egter is die feit dat hierdie tipe navorsing aansluit by die navorser se fokus op individuele verskille en die behoefte dat die welsyn van die deelnemers tydens en na afloop van die onderhoude verreken word. Die navorser was verder oortuig dat 'n getroue beeld verkry sou word met behulp van hierdie metode, aangesien die deelnemers moontlik meer akkurate of eerliker response sou lewer.

In die volgende hoofstuk word aangedui dat daar gepoog is om te voldoen aan bogenoemde voorkrifte om die proses so effektief moontlik uit te voer.

HOOFSTUK SEWE

IMPLEMENTERING VAN 'N KWALITATIEWE NAVORSINGSMETODE

In hierdie hoofstuk word aangedui hoe die gekose induktiewe navorsingsontwerp geïmplimenteer is. Die proses word bespreek met behulp van die volgende indeling:

- 7.1 Data-insameling
- 7.2 Data-analise
- 7.3 Dokumentering van navorsingsproses

7.1 DATA-INSAMELING

7.1.1 AKTIWITEITE VOOR DIE ONDERHOUDE

By die beplanning van die navorsing het die navorser se ingesteldheid teenoor navorsingsmetodes en potensiële deelnemers, reeds 'n rol gespeel. Die pragmatiese en paradigmatische oorwegings, soos bespreek in punt 6.3.3, het gelei tot die besluit om ongestruktureerde onderhoude te voer. In belang van die eise om objektiwiteit (sien 6.4.1), betroubaarheid (6.4.2) en geldigheid (6.4.3) word die verwagte impak van die navorser op die insamelingsproses uitgeklaar. As sielkundige het sy oor 'n basiese kennis van onderhoudsvoering en van egpaarfunksionering, ook binne 'n dubbelloopbaanhuwelik, beskik. Daar is besluit om laasgenoemde kennisbasis uit te brei na afloop van die onderhoude in 'n poging om nog sterker te waak teen 'n vorm van selektiewe fokus op net sekere temas tydens die onderhoude. Verder is beskik oor die vaardighede om relevante gedrag en kontekstuele faktore in ag te neem tydens onderhoudvoering. Bestaande reflekeringsvaardighede sou ook benut kon word ten

einde te verseker dat die deelnemers "self sou spreek" (sien 6.4.1). Die navorser se respek vir ander se reg op privaatheid en die feit dat die deelnemers soveel persoonlike insette ter wille van hierdie studie moes lewer, het die navorser se vrymoedigheid om meer onderhoude te skeduleer, beperk. Slegs enkele deelnemers is, uit die aard van hul beroepe, self ook geïnteresseerd in die resultate van die navorsing. Die res van die egpare kon moontlik baat by die proses van selfondersoek, maar dit kon hulle ook ontstel. Die terugrapportering oor die navorsing geskied ongelukkig te lank ná die onderhoude om 'n spoedige verrykingseffek te hê.

'n Voorafondersoek is onderneem deur onderhoude te voer met twee jong werkende egpare, naamlik met 'n egpaar wat beide sielkundiges is en met kennisse wat nie geesteswetenskaplikes is nie. Hieruit het dit geblyk dat die navorsingsvraag verkieslik skriftelik aan die deelnemers gegee moet word, dat aanvanklik goed verduidelik moet word wat verlang word en dat hul response 'n unieke bydrae is en nie gemeet kan word aan bepaalde norme nie (sien 6.4.3).

Die name van potensiële deelnemers is verkry deur kollegas en vriende te vra na die name van egpare, wat voldoen het aan die gestelde kriteria (sien 8.1). Dit is beklemtoon dat die egpare liefers verskillende uitgangspunte en interaksiepatrone moes verteenwoordig en dus nie net deel moes uitmaak van die geraadpleegdes se vriendekringe nie (sien 6.4.3). Verder is van die sneeubaltechniek (Huysamen, 1993) gebruik gemaak om nog deelnemers te identifiseer. Deelnemers wat reeds deelgeneem het, het name verskaf van verdere potensiële deelnemers wat aan die gestelde kriteria voldoen het.

Potensiële deelnemers is telefonies genader om te bevestig of hulle wel voldoen aan die kriteria, hul samewerking te verkry en afsprake is gereël met tien egpare wat hul eie belewinge en funksionering sou bespreek, sowel as met tien egpare (voortaan "hul vriende" genoem), wat kommentaar sou kon lewer op die eersgenoemdes se funksionering. Net in drie gevalle het die eglied wat genader is, sondermeer ingestem. In die res van die gevalle is die ander egliede eers gekonsulteer en in twee gevalle het dit heelwat oorreding gekos om hulle te oortuig. Laasgenoemde is gedoen juis omdat

daar vermoed is dat dié betrokke egpare moontlik om bepaalde redes anders reageer as die res van die egpare en moontlik 'n ander perspektief sou kon verteenwoordig as die res van die deelnemers. Vertroulikheid is beloof, sowel as terugvoering oor die projek. Tydens die onderhoude het al die deelnemers egter wel hulle gereedheid tot deelname onomwonde verklaar (sien 6.3.3). Hulle wou egter nie te veel tyd aan die navorsing afstaan nie. Al die egpare het verder die versekering vereis dat hul response nie aan mekaar geopenbaar sou word nie en dat die navorsingsverslag nie hul identiteite sou verrai nie.

7.1.2 AKTIWITEITE TYDENS DIE ONDERHOUDE

Daar is aparte, ongestruktureerde, in-diepte onderhoude gevoer met die individuele egliede én met hul vriende ten einde omvangryke, maar getrianguleerde data te bekom (sien 6.4.2 en 6.4.3). Die egpaarbesoek is eerste afgehandel om bevooroordeeldheid wat kon spruit uit hul vriende se sienings, uit te skakel. Die onderhoude is in die deelnemers se huise afgeneem om hul koste, moeite en reëlins met hul kinders te spaar, maar ook om hulle in hul eie milieu waar te neem (6.4.2 en 6.4.3). Dié waarnemings is gedokumenteer en oudiobande is gemaak (6.4.2) van die onderhoude.

Gesamentlike onderhoude is aanvanklik gevoer met die egpare, waarna individuele onderhoude met die egliede gevolg het. Daar is doelbewus gepoog om 'n vertrouensverhouding daar te stel met behulp van aansluitingstegnieke, opmerkings oor gemeenskaplikhede en deur hul sienings te valideer. Hul bydraes as "mede-navorsers" is sterk bekleemon (6.4.3). In die proses is bepaal hoe hulle persoonlike en familie-agtergronde, sowel as hul daaglike gesins- en werksprogramme daar uitsien. Gedurende die gesamentlike onderhoude kon die egpare ook gewoond raak aan die gebruik van oudiobande en daar kon gekontroleer word of alles tegnologieë reg verloop, sodat deelnemers nie onderbreek sou moes word op sensitiewe stadiums nie. Verder is bepaal in watter gemoedstoestand elke eglied was en wat die emosionele klimaat in die gesin op daardie spesifieke stadium was (6.4.3). Een van die egliede

het daarna buite hoorafstand "verdwyn", terwyl die een wat verkies het om eerste deel te neem, agtergebly het.

Die navorsingsvraag is op 'n kaartjie aangebring ten einde seker te maak dat almal op presies dieselfde vraag reageer, maar ook om die deelnemers te help onthou watter aspekte ter sake was. Die vraag het soos volg gelui:

**WATTER AANGENAME EN ONAANGENAME GEVOELENS BELEEF
JY EN JOU MAAT IN JUL VERHOUDING MET MEKAAR EN HOE
HANTEER JULLE JUL GEVOELENS?**

Die genoemde vraag was afgestem op die affektiewe belewing van jong egpare binne 'n dubbelloopbaankonteks, maar het nie noodwendig die invloed van die dubbelloopbane as doel gehad nie (sien 1.3). Die effek wat die dubbelloopbaansituasie op die deelnemers gehad het, het egter duidelik uit die deelnemers se response geblyk (sien hoofstuk 8).

Onderhoudsvaardighede is doelbewus gebruik om alle temas wat vir hulle relevant was, te ontgin. Daar is egter doelbewus gewaak teen enige vorm van selektiewe eksplorering met die oog op die bevestiging van moontlike vae hipoteses wat by die navorser kon bestaan. Verder is gewaak teen die "tipies-terapeutiese" reflektering wat nie-relevante, omvangryke emosionele katarsisse sou kon ontlok. Deelnemers is telkens subtiel terug gelei na die navorsingsvraag. Uit die eerste oudiobande het geblyk dat selfs sterker gewaak moes word teen die tendens om leidende vrae te stel. Terselfdertyd het vorige onderhoude daartoe gelei dat temas wat reeds genoem is, ook vir latere deelnemers geopper kon word vir kommentaar. Gedurende die onderhoude is gelet op nie-verbale gedrag, is daarvan gebruik gemaak om temas te ontgin en is aantekeninge daarvan en van die gepaardgaande emosionele klimaat gemaak.

Aan die einde van die onderhoude is deelnemers se mede-navorserskap herbeklemtoon. Toestemming is gevra om onduidelikhede by hulle op te klaar en hulle is aangemoedig om enigiets wat kon bydra tot beter begrip van die tema, deur te gee.

Verder is gepoog om moontlike negatiewe gevolge van die onderhoude te hanteer. Leiding is gegee oor hulle hantering van hul natuurlike nuuskierigheid oor mekaar se response en oor die verwagte interaksie tussen die deelnemers en hul vriende na afloop van die onderhoude. Hulp is aangebied indien enige van dié aspekte probleme veroorsaak, of as die onderhoude die deelnemers se algemene interaksie as egpare benadeel het.

7.1.3 AKTIWITEITE NA AFLOOP VAN DIE ONDERHOUDE

Nadat response en kommentaar verkry is oor tien egpare se affektiewe funksionering is die onderhoude gestaak. Enersyds wou dit voorkom asof 'n versadigingspunt bereik is met betrekking tot die data, maar veral is besef dat die verwerking van meer as dertig stelle response waarskynlik buite die bestek van hierdie navorsing lê (sien 6.3.3).

Ongeveer twee weke ná die onderhoude is die deelnemers geskakel, hoofsaaklik om te bepaal hoe dit met hulle gaan ná die onderhoude, maar ook om navraag te doen oor enige bykomende inligting en om, in enkele gevalle, response uit te klaar.

Na ongeveer sewe maande is skriftelik kennis gegee dat al die onderhoude gevoer is, wat vervolgens sou gebeur, en is terugvoer en bystand met hul verhoudings weer beloof. Intussen het twee egpare, een waarvan die funksionering beskryf word, sowel as een van die egpare wat kommentaar gelewer het as vriende van 'n deelnemende egpaar, navraag gedoen oor huweliksterapie. Hulle is op toepaslike wyse gehelp.

7.2 DATA-ANALISE

Die data is op twee verskillende stadiums, met 'n geringe verskil in die werkwyses, analiseer. Die eerste analise is ongeveer 'n jaar voor die tweede en wel voor die literatuurstudie gedoen, terwyl laasgenoemde aan die hand van die temas wat uit die

literatuurstudie voortgekom het, geskied het. Die totale proses word stapsgewys bespreek.

7.2.1 TRANSKRIBERING

Nadat bepaal is dat 'n rekenaarvaardige assistent nie die onderneming van vertroulikheid kan of sal skaad nie, het sy al die onderhoude woordeliks met behulp van 'n woordverwerkingsprogram per rekenaar getranskribeer. Dié is vir volledigheid en korrektheid gekontroleer.

7.2.2 ANALISEPROSES

Eerste analiseproses

Eerstevlak-kodering: Ten einde die tipe gevoelens wat die deelnemers beleef het, te bepaal, is elke sin gekodeer met een of meer letters wat bepaalde emosies aandui. Al die response wat met 'n spesifieke emosie verband hou, is daarna byeengebring om nege kategorieë te vorm, wat dus met nege verskillende emosies (byvoorbeeld liefde, woede, dankbaarheid en hartseer) te doen gehad het. Telkens is aangedui wat elke eggenoot of eggenote oor hul eie en hul maats se hantering van die bepaalde emosie gesê het en hoe hul vriende dit beskryf het. Daar is van 'n woordverwerkingsprogram gebruik gemaak sodat elke sin by al die kategorieë waartoe dit moontlik kan behoort, gevoeg kon word. Die vrae en opmerkings van die navorser is ook aangebring.

Tweedevlak-kodering: Alle response met betrekking tot 'n bepaalde emosie is weer deurgelees en is gekodeer in terme van die tipe inligting wat daarvoor gegee is (byvoorbeeld aard van gevoel, verbandhoudende oorsake, wyse om te toon). Verder is besef dat die bevindinge saamgegroepeer kon word rondom vyf emosies. In die proses is vyf stelle response ten opsigte van elke aspek van vyf emosies onderskei: elkeen se eie gevoel en hantering, dit wat hulle oor mekaar se belewenis en hantering sê en hul vriende se gesamentlike siening van elke eglied se hantering van die betrokke emosie.

Derdevlak-kodering: Die eerste data-analiseproses is getermineer nadat die response met betrekking tot elkeen van die vyf kategorieë op matrikse aangebring is en 'n aantal vrae en moontlike idees geformuleer is oor die oënskynlike patrone, verbande en weersprekings.

Tweede data-analise

Ná afloop van die literatuurstudie is die oorspronklike transkriberings deurgelees en is gevind dat, sonder die verlies van enige data, dit gegroepeer kon word aan die hand van die basiese aangename en onaangename gevoelens (of kategorieë) wat onderskei is in die literatuurstudie. Die voordeel hiervan was dat die navorsingsbevindinge en literatuurgegewens op dié wyse sinvoller geïntegreer kan word. Die response is gevolglik met behulp van dieselfde proses wat aanvanklik tydens bogenoemde eerste analiseproses gebruik is, heringedeel as aangename of onaangename gevoelens en is verder verdeel in terme van die hantering daarvan. Daar is egter deurentyd doelbewus gesoek na onderlinge weersprekings of na data wat addisioneel was tot dit wat die literatuurstudie opgelewer het (6.4.2).

Interpretasie van navorsingbevindinge

Nadat al die bevindinge bespreek is en vergelyk is met die literatuurgegewens (6.4.2 en 6.4.3), is hipoteses geformuleer met betrekking tot die huidige geslag jong egpare se affektiewe funksionering.

7.3 DOKUMENTERING VAN NAVORSINGSPROSES

Met die oog op die bevredigende objektiviteit, betroubaarheid en geldigheid van die navorsing, is die proses volledig gedokumenteer (6.4.2). Met die oog op hierdie doel is die volgende gedoen:

- Volledige gegewens oor die navorser en die deelnemers word verstrekk (6.4.2). Dit word egter só gedoen dat hul identiteite beskerm word.

- Die bevindinge word eers weergegee sodat die leser 'n eie opinie kan vorm voordat die navorser se interpretasie aangebied word. In die proses word die deelnemers se eie woorde dikwels weergegee (6.3.4).
- Dieselfde struktuur word benut wanneer die verskillende emosies (of kategorieë) bespreek word ten einde begrip te fasiliteer.
- Die bevindinge word telkens, by die bespreking van elke aspek van die egpare se affektiewe funksionering, inleidend in kolomvorm opgesom, ten einde moontlike verwarring te minimaliseer (6.3.4).
- Die integrasie van literatuurgegewens en navorsingsbevindinge word, ter wille van 'n geheelbeeld, aangebied deur die twee stelle data in kolomvorm met mekaar te vergelyk.
- Alle oorspronklike bande, transkriberings en die opmerkings van die navorser word gehou met die oog op moontlike navrae (6.4.2 en 6.4.3).

Samevattend kan gesê word dat 'n induktiewe proses gebruik is, waartydens die deelnemers met 'n ongestruktureerde metode toegelaat is om self data wat vir hulle relevant was, te bepaal. Die teorie waaroor die navorser aanvanklik beskik het, is na afloop van die onderhoude aangevul en kon bevredigend benut word vir die strukturerings van al die verkreeë response in kategorieë. Deurentyd is gepoog om te voldoen aan die eise wat aan navorsing gestel word om bevredigend te wees. Vir dié doel is die proses so deursigtig moontlik beskryf, is 'n kritiese ingesteldheid veral gehandhaaf en is alle verbandhoudende aspekte in berekening gebring. Triangulasie is benut met betrekking tot die insameling van data deur verskillende bronne te gebruik, sowel as met betrekking tot data-analise deur uiteenlopende literatuurgegewens te benut om die navorsingsbevindinge aan te vul.

HOOFSTUK AGT

DEELNEMERBESONDERHEDE EN NAVORSINGS- BEVINDINGE

Die navorsingsbevindinge word aangebied aan die hand van die struktuur wat vir die literatuurstudie benut is, aangesien al die response op dié manier verreken kan word en die integrering van die bevindinge en literatuurgegewens sodoende vergemaklik word. Geen inligting wat teëgespreek is deur enige van die partye, te wete beide die egpare self of hulle vriende, is gebruik nie. Daar word uiteraard net gebruik gemaak van die egpare se eie response wanneer hul gevoelsbeleving bespreek word, terwyl hul vriende se response as kontrole gebruik is by die bespreking van die egpare se uitlewing van hul gevoelens. Die bevindinge word soos volg aangebied:

- 8.1 Deelnemerbesonderhede
- 8.2 Die aard van egpare se algemene gevoelens jeens mekaar
- 8.3 Egpare se beleving van hul sosiale konteks
- 8.4 Egpare se hantering van hul aangename gevoelens
- 8.5 Egpare se hantering van hul onaangename gevoelens
- 8.6 Samevatting oor die verband tussen egpare se hantering van hul aangename en onaangename gevoelens

8.1 DEELNEMERBESONDERHEDE

8.1.1 SELEKSIEKRITERIA

Die deelnemers wie se funksionering bespreek word, is geselekteer ooreenkomstig die volgende vereistes:

- Dit moes getroude egpare wees.

- Hulle moes nie ouer as 34 jaar oud wees nie.
- Hulle moes beskik oor 'n tersiêre kwalifikasie.
- Beide moes voltyds werk.
- Hulle moes ten minste een voorskoolse kind, ouer as drie maande, hê.
- Daar moes 'n ander egpaar beskikbaar wees wat bereid was om kommentaar te lewer oor hulle affektiewe funksionering.

Potensiële deelnemers is telefonies gekontak nadat enkele name verkry is van kollegas en die deelnemers die res voorgestel het (sien sneeubaltechniek 7.1.1). Meer spesifieke besonderhede word vervolgens verskaf. Die gegewens word so aangebied dat die onderneming van vertroulikheid gestand gedoen kan word.

8.1.2 BESONDERHEDE

Huwelikstaat

Al die pare was getroud en wel tussen drie en agt jaar lank.

Ouderdom

- Die mans se ouderdomme het gewissel van 25 jaar tot 34 jaar: een deelnemer van 25 jaar, drie van 28 jaar, twee van 29 jaar, een van 32 jaar, twee van 33 jaar en twee van 34 jaar.
- Die vroue se ouderdomme het gewissel van 25 jaar tot 32 jaar: een deelnemer van 25 jaar, een van 27 jaar, twee van 28 jaar, een van 30 jaar, een van 31 jaar en vier van 32 jaar.

Kwalifikasies

Almal het 'n vorm van naskoolse kwalifikasie: sewentien het grade en drie het tersiêre diplomas.

Voltydse werk

Almal het voltyds gewerk, maar nie noodwendig in die hoedanigheid waarvoor hulle

opgelei is nie. Nie een van die besigheidslui is spesifiek daarvoor opgelei nie en twee van die vroue benut nie tans hul opleiding nie.

- Die mans beklee die volgende poste: daar was 'n advokaat, drie sakemanne, 'n hoëvlak-bestuurder, 'n boer, 'n dosent, 'n geneesheer, 'n ingenieur en 'n predikant.
- Die vroue beklee die volgende poste: daar was 'n administratiewe beampte, 'n arbeidsterapeut, 'n sakevrou, 'n dagmoeder, twee dosente, twee onderwyseresse, 'n ontvangsdame en 'n sielkundige.

Voorskoolse kinders

Vier egpare het een, en ses egpare het twee voorskoolse kinders gehad. Die jongste was vyf maande en die oudste vyf jaar. Daar was in geen gesin minder as twee jaar verskil tussen die twee kinders se ouderdomme nie. Die moeders se ouderdomme by die geboorte van die eerste kinders het gewissel van 23 jaar tot 28 jaar en die vaders s'n van 23 tot 31 jaar.

Vriende wat kommentaar gelewer het

Die vriende, wat die egpare benoem het om oor hulle funksionering kommentaar te lewer, was op een egpaar ná, goed genoeg bekend met die egpare wie se funksionering ondersoek is, dat hulle volledig repliek kon lewer. Met die uitsondering van een egpaar waar familieleden verkies is, het al die egpare vriende gekies om as kommentators en dus as mededeelnemers op te tree.

8.2 DIE AARD VAN EGPARE SE ALGEMENE GEVOELENS JEENS MEKAAR

Al tien egpare het beide aangename en onaangename gevoelens jeens mekaar beleef, maar die ratio waarin die aangename gevoelens teenoor die onaangenames voorkom, is verskillend by die egpare en dit bepaal die atmosfeer wat oor die algemeen tussen hulle heers.

- **Gelukkige egpare:** Sewe egpare is deur hulself en hul vriende as lief vir mekaar en as gelukkig getroud bestempel. Dit blyk dat hul aangename gevoelens meer is as hul onaangename gevoelens.
- **Ongelukkige egpare:** Twee egpare word deur beide die egpare en hul vriende as ongelukkig beskou omdat hul onaangename gevoelens veel meer en hewiger is as die aangename gevoelens. Een van hierdie egpare, sowel as hul vriende, is egter nog redelik oortuig van die egliede se liefde vir mekaar, terwyl dit nie waar is van die ander egpaar nie. Daar bestaan tewens twyfel of die betrokke egpaar se huwelik sal oorleef.
- **'n Onseker egpaar:** Een egpaar kan as onseker gekategoriseer word. Hulle beleef, ondanks hul uitgesproke liefde vir mekaar, tans soveel eksterne druk as gevolg van onder andere die omstandighede waarin hulle hul bevind, dat die egpaar self en hulle vriende deurentyd in dieselfde asem van beide hulle aangename en onaangename gevoelens melding maak.

8.3 EGPARE SE BELEWING VAN HUL SOSIALE KONTEKS

Hoewel daar nie direk gevra is na hoe die egpare hul sosiale konteks beleef nie, het hulle spontaan in die aanvanklike gesamentlike gesprek verwys na die egalitêre huwelikstelsel waarbinne hulle leef en na die eise wat hulle dubbelloopbaansituasie en hul een of twee voorskoolse kinders stel. Hier word kortliks onderskei tussen dié aspekte van hulle konteks wat die egpare as negatief en as positief beleef. Die negatiewe aspekte word eerste beskryf aangesien die hoë egskeidingsyfer in hierdie populasiegroep aanleiding gegee het tot hierdie studie en daar dus ook in hoofstuk twee eers gefokus is op die probleme wat die sosiale konteks vir hierdie egpare meebring. Ten einde beter begrip van die omvangryke inligting te fasiliteer, word 'n tabel (Tabel 8.1) in hierdie geval vóór die bespreking weergegee. Daar word telkens aangedui hoe die drie groepe egpare (gelukkiges, ongelukkiges en die onseker paar) hulle sosiale konteks beleef.

Tabel 8.1 Egpare se belewing van hul sosiale konteks

Aspekte van sosiale konteks	Gelukkige egpare	Ongelukkige egpare	Onseker egpaar
Negatiewe Aspekte			
1. Oorbelading:			
• Beleef oor algemeen	7	2	1
• is periodiek erger	6 mans	1 man	1 man
• gepaard met onbetrokkenheid	1 man	1 man, 1 vrou	1 man
2. Te min tyd:			
• vir intimiteit (oor algemeen)	6	2	1
• deurentyd	2	1	1
• periodiek	5		
• om elders te ontspan	5	2	1
• vir seksuele intimiteit	3	2	1
3. Werk-gesin stresoordrag:			
• Beleef gereeld	3 man, 1 vrou	1 man, 1 vrou	1 (man +vrou)
• as gevolg van sakeonderneming	1 (man+vrou)		
• slagoffer onttrek	1 man	1 man, 1 vrou	1 man
• onttrekking ontlok irritasie		1 man, 1 vrou	1 vrou
• slagoffer: baie irritasie	1 man, 1vrou	1 vrou	1 vrou
• irritasie ontlok onttrekking		1 man	1 man
4. Vermeerderde konflik:			
• oor die algemeen	4	2	1
• as gevolg van man se werk (nie hulp/onttrekking/min intimiteit)	3	1	1
• as gevolg van vrou se werk (onttrekking/irritasie)	1	1	1
• as gevolg van verskillende ouerskapstyle	1	1	1
• as gevolg van grootouer-betrokkenheid	1		
Positiewe Aspekte			
1. Dubbelloopbaankhuwelik: beleef Positief	6	2	0
• Rede: ekstra inkomste	5		
• Rede: satisfaksie en kollega-kontak	3		
2. Egalitêre stelsel = positief (gelyke mag en take)	7	2	1
3. Voorskoolse kinders = positief (tevredenheid en vreugde)	6		
	4 mans, 3 vroue		

Aantal deelnemers: Tien egpare (N = 10).

8.3.1 ASPEKTE VAN DIE EGPAAR SE SOSIALE KONTEKS WAT AS NEGATIEF BELEEF WORD

8.3.1.1 Oorbelading

Aangesien beide lede van al die egpare werk, een of twee voorskoolse kinders het en tuis volgens 'n egalitêre huwelikstelsel funksioneer, verwys beide die vroue en die mans na die dubbele lading wat hul moet dra. Dit blyk dat die mans meestal veral help met die versorging van die kinders: daar word herhaaldelik genoem dat hulle doeke ruil, die kinders bad, aantrek en beurte neem om snags op te staan. Een man van die gelukkige egpare het selfs "by die ballet die naald en gare gegryp en die nodige verstellings gemaak".

Wanneer mans periodiek langer ure of elders moet werk, is hulle dikwels nog moeër en moet hul vroue 'n dubbele las dra. Dit gebeur by agt van die tien egpare: by ses van die gelukkige egpare, by die een ongelukkige egpaar en by die onseker egpaar.

Verdere eksamens veroorsaak dat drie van die gelukkige vroue al die eise alleen hanteer wanneer hulle mans verdere eksamens skryf. By die ongelukkige egpare onttrek die man van een van die egpare emosioneel van sy vrou en die vrou van die ander egpaar is veral seksueel, maar ook emosioneel, meer onbetrokke as gevolg van haar werkseise. Besondere werkseise, met gepaardgaande onttrekking van hul gades, is by 'n gelukkige en by die onseker egpaar ook 'n verswarende faktor. Hierdie vol programme gee verder aanleiding tot die meeste van die res van die egpare se probleme.

8.3.1.2 Te min tyd vir interaksie

Nege van die egpare (met een van die gelukkige egpare as uitsondering) beleef dat hulle werks- en gesinsverpligtinge een of meer vorme van hulle intimiteit benadeel. Twee van die gelukkige egpare, een van die ongelukkiges en die onseker egpaar berig

dat hulle deurentyd te min tyd het vir interaksie, terwyl vyf van die res van die egpare periodiek die belewenis het wanneer werksverpligtinge of eksamens buitengewone aandag van die betrokke mans vereis. Net een gelukkige egpaar het doelbewus hul program so gewysig dat hulle tans deurentyd genoeg tyd saam deurbring.

Op twee gelukkige egpare ná, vind almal dit veral jammer dat hulle te min as egpare elders kan ontspan. In die meeste gevalle het die ouers nie bevredigende oplossings vir die versorging van hul kinders nie.

Ses van die egpare, wat beide die ongelukkiges en die onseker egpaar insluit, beleef dat hul vol programme en/of die teenwoordigheid van hul kinders spesifiek hul seksuele interaksie benadeel.

8.3.1.3 Werk-gesin stresoordrag

Werksdruk en gepaardgaande stres benadeel sewe egpare se intimiteit: dis waar van vier gelukkige, die twee ongelukkige egpare en die onseker paar. Vyf mans en drie vroue vind dit moeilik om te veel van dié tipe oordrag te verhoed.

Veral onttrekking en irritasie benadeel die egpare se intimiteit. Een van die gelukkige mans en drie van die vroue, een uit elke groep, is vanweë die druk meer geneig tot te veel irritasie en min geduld met hul omstandighede. Een van die gelukkige mans onttrek dikwels, terwyl een van die ongelukkige mans en die vrou van die ander ongelukkige egpaar, sowel as die man van die onseker egpaar eerder op werksdruk reageer met te min emosionele en/of seksuele betrokkenheid by hul gades.

Daar is ook 'n wisselwerking tussen hierdie reaksies. In die een geval gee die man se onttrekking aanleiding tot sy vrou se irritasie en in 'n ander geval reageer die man met irritasie op sy vrou se onttrekking. By die onseker egpaar is die situasie erger aangesien die vrou irritasie het met haar huidige onbevredigende werksituasie en met nog meer irritasie reageer op haar man se voortdurende fisiese en emosionele afwesigheid.

8.3.1.4 Vermeerderde konflik

In sewe gevalle is daar 'n verband aan te dui tussen die egpare se sosiale konteks en hulle konflikte. By vyf egpare, naamlik by drie van die gelukkiges, een ongelukkige en die onseker egpaar, veroorsaak die mans se ekstra werkverpligtinge, gepaardgaande stres en dus onvoldoende tyd vir hulp en interaksie, aanleiding tot konflikte. Drie vroue toon sterk stresreaksies op hul werk: een van die vroue uit die gelukkige egpare en die vrou van 'n ongelukkige egpaar ervaar heelwat werksdruk, terwyl die vrou van die onseker egpaar nie werksbevreëdiging geniet nie. Een van die gelukkige mans wil graag sy vrou tuis hê en die egpaar ervaar soms konflik as gevolg hiervan, maar hy gun haar haar beroepsbevreëdiging.

Verskillende ouerskapstyle word deur een egpaar uit elke groep genoem as bron van onmin, terwyl grootouers se onaanvaarbare betrokkenheid konflik veroorsaak by nog 'n gelukkige egpaar. Die egpaar, wat onder andere hul té vroeë ouerskap moeilik hanteer, moet doelbewus hard werk aan kompromieë oor dissipline.

8.3.2 ASPEKTE VAN DIE EGPARE SE SOSIALE KONTEKS WAT AS POSITIEF BELEEF WORD

8.3.2.1 Aspekte met betrekking tot dubbelloopbaansituasie

Oor die algemeen word dit oënskynlik as vanselfsprekend aanvaar dat die vroue sal werk. Daar is in slegs die een genoemde geval vrae oor die aanvaarbaarheid van die vrou se beroepsbetrokkenheid, terwyl dit ook frustrasie veroorsaak by dié vroue wat ter wille van die res van die gesin se welwees te min werksbevreëdiging geniet.

Dit blyk dat faktore soos die ekstra inkomste en medeseggenkap daaroor, by vyf van die gelukkige egpare welkom is. Werksbevreëdiging skyn van deurslaggewende betekenis te wees vir dié reëling by drie van die vroue van die gelukkige egpare, terwyl dit, sowel as terugvoer van kollegas, vir die een ongelukkige vrou noodsaaklik is.

Behalwe vir die een vrou sonder beroepsbevrediging, beleef al die vroue, ten spyte van die dubbele eise wat dit meebring, dus hulle werkbetrokkenheid as relatief positief.

Die gepaardgaande egalitêre huwelikstelsel bring skynbaar verder in al die gevalle gelyke seggenskap en meestal 'n oënskynlik bevredigende werksverdeling vir beide partye mee.

8.3.2.2 Aspekte met betrekking tot voorskoolse kinders

Min respondente maak opmerkings oor spesifiek die positiewe uitwerking wat voorskoolse kinders op hul verhouding het.

Ses van die gelukkige egpare, meld self, en in sommige gevalle ook hul vriende, vier mans en drie vroue, hul tevredenheid met hul kinders se aanwesigheid en die vreugde wat hulle verskaf. Daar is verder deur al die egpare opmerkings gemaak wat dui op die aanvaarding van die verantwoordelikheid om die kinders goed te hanteer.

8.4 EGPARE SE HANTERING VAN AANGENAME GEVOELENS

Die volgende oorwegings het gegeld by die aanbieding van die response:

- In die vorige gedeelte oor die rol van die sosiale konteks (8.3) is die negatiewe aspekte eerste bespreek vanweë die hoë egskeidingsyfer wat wanfunksionering suggereer vir die betrokke populasiegroep. Daarteenoor word die hantering van **aangename gevoelens** nou voor die hantering van die onaangenames bespreek, omdat dit uit die literatuuroorsig geblyk het dat eersgenoemde die basis moet lê vir die effektiewe hantering van laasgenoemde en omdat egpare oor die algemeen veel meer aandag moet wy aan hul aangename interaksie.

- Hier word ter wille van logiese bespreking onderskei tussen die response oor emosionele en seksuele intimiteit, maar daar is dikwels **oorvleueling** wanneer deelnemers hul aangename gevoelens bespreek.
- Die **vriende** se response oor die deelnemers se waarneembare gedrag word meer dikwels benut as hul idees oor die deelnemers se houdings, kennisies en intiemer gedrag.
- Response met dieselfde strekking word **saamgegroepeer**. Die gevolg is dat twee aparte sinne (wat response van twee verskillende persone is) dikwels langs mekaar staan, maar met verskillende stelle aanhalingstekens onderskei word..
- Telkens word aangedui as daar response gelewer is wat dui op verskille tussen **mans en vroue** se hantering van die betrokke psigologiese komponent.
- Ter wille daarvan dat die leser ook 'n beeld moet kry van die atmosfeer en kultuurmilieu van die deelnemers, word die response meestal in hul **direkte woorde**, wat nie noodwendig "skryftaal" is nie, weergegee.
- Die response van die drie groepe egpare (sien 8.2) word telkens in tabelvorm vergelykenderwys aangebied ten einde 'n geheelbeeld te verkry en om integrasie te vergemaklik. Daar is nie eenvormigheid in die plasing van die **tabelle** nie. Enersyds is gepoog om die tabelle so ver as moontlik as 'n eenheid aan te bied en is dit dus soms nodig om die betrokke teks te onderbreek daarvoor. Andersyds is bepaal wat die mees sinvolle plek sal wees: Soms kan die tabelle bydra tot die oriëntering van die leser tot omvangryke data en word dit dus relatief vroeg in die bespreking van die betrokke komponent aangebied. In ander gevalle dien die tabel so ná aan die einde van 'n gedeelte as 'n opsomming.

8.4.1 EGPARE SE HANTERING VAN EMOSIONELE INTIMITEIT

8.4.1.1 Die rol van egpare se algemene houding ten opsigte van die hantering van hul emosionele intimiteit

Egpare se houdings tot hulself, hul gades en die huwelik word bespreek met verwysing na hul verbintenis, hul aanvaarding en erkenning, diensbereidheid en empatie. Ná

aan die einde van die bespreking van die response word dit opgesom in Tabel 8.2 sodat onderskei kan word tussen die gelukkiges, die ongelukkiges en die onseker egpaar se houdings.

Verbintenis en positiewe ingesteldheid

Enkele van die gelukkige egpare en die onseker egpaar maak melding van 'n positiewe en verantwoordelike ingesteldheid oor die algemeen, sowel as 'n definitiewe verbintenis tot hul maats se welwees en die behoud van die huweliksverhouding. Van hulle meld ook dat hulle oortuig is van hul maats se toewyding:

- "Ek voel jou man kom eerste." "Dit was 'n besluit wat ons albei geneem het: DIT SAL WERK!" (**Voorbeeld van verskillende persone se response van dieselfde aard**).
- "Ek voel baie positief - as mens negatief voel, werk 'n mens nie daaraan nie." "Ons glo ons kan nou net groei."
- "Ek weet dit sal goed gaan, hy het 'n vreeslike verantwoordelikebesef." "Ek besef dis my plig om haar in ag te neem."
- "Ons weet ons bedoel dit goed met mekaar."

Veral by die een ongelukkige huwelik, waar daar min sprake is van liefde en egskedding oorweeg word, verwys een lid van die egpaar na die feit dat hulle beide uit "troubled families" kom en dat hulle waarskynlik beide selfs aanvanklik min moed vir, en vertrou in, die huwelik gehad het.

Aanvaarding en erkenning

Die meeste gelukkige egpare lys spontaan hul gades se goeie eienskappe en meld hulle erkenning van beide se reg tot eie menswees en hul gelykheid as vennote:

- "Hy is regtig 'n goeie mens." "Ek kyk op na haar."
- "Ons aanvaar dat ons twee verskillende mense is."
- "Ons respekteer mekaar ... ons het baie plek vir mekaar se behoeftes." "Ek wil haar nie oordonder nie."

Voorts dui die gelukkige egpare aan dat hulle graag hul gades wil laat voel dat hulle gewaardeerd is en dat hulle hul doelbewus sal weerhou van enige vorm van afkraking of vernedering:

- "Dis vir my sleg as sy haarself afkraak."
- "Ek sal hom nooit in 'n geselskap reghelp nie."

Selfs die gelukkige egpare erken dat hulle verskille in hul persoonlikhede aanvanklik moeilik aanvaar het en, volgens hulle, verkeerdelik hul gades wou verander om hul interaksie te verbeter. Veral die onseker egpaar het probleme hiermee en hulle wil goed wees vir mekaar, maar slaag nie altyd daarin om mekaar se menswees algeheel te aanvaar nie. Die ongelukkige egpare noem veel makliker en meer negatiewe eienskappe van hul gades op, dui aan dat hulle moeilik hul onderlinge verskille aanvaar en beskuldig mekaar van geringskatting:

- "Dit is vir my moeilik om te aanvaar dat mens jouself dan (in "haar PMS-week") nie kan beheer nie."
- "Hy laat my baie keer soos 'n kind voel - so asof my oordeel nie goed is nie. Hy betwyfel ook baie goed wat ek sê."
- "Sy sal hom sommer aanvat in die geselskap" (vriende).

Dit blyk dat die vroue 'n hoë premie plaas op ruimte vir en die noodsaak daarvan om onderlinge gevoelens uit te spreek en so aanvaarding te ervaar, terwyl die mans hul vroue se ekspressie-behoeftes soms moeilik hanteer. Beide geslagte, veral in die geval van die gelukkige egpare, het egter aangedui dat hulle graag aanvaardend en met erkenning wil optree.

Diensbereidheid

Een of beide lede van al die gelukkige egpare en die onseker egpaar maak melding van die bereidheid om moeite te doen en mekaar te help. Opvallend baie kere word egter melding gemaak van die mans se pogings om hul vroue se lading met die huishouding te verlig of om hulle beter te laat voel, terwyl 'n paar vroue met hul mans se werksaktiwiteite help of bereid is om te help. Dié mans se houding spreek uit die volgende opmerkings:

- "Liefde is van doen vir mekaar."

- "Ek wys (dat ek omgee) deur haar te help en iets te doen wat haar sal opbeur."

Hoewel die ongelukkige egpare ook hul huishoudelike verpligtinge nakom, doen hulle dit nie as liefdesbetoning nie. Verder is hulle negatief oor die werksverpligtinge as dit emosionele onttrekking meebring en het hulle uiteraard nie behoefte daaraan om mekaar ekstra gunste te bewys nie.

[Die "houdingsresponse" word op hierdie punt ter wille van die eenheid van die tabel onderbreek vir Tabel 8.2.]

Tabel 8.2 Die rol van egpare se algemene houding ten opsigte van die hantering van hul emosionele intimiteit

1. Verbintenis en positiewe ingesteldheid	
Gelukkige en onseker egpare • Verbintenis tot maat en verhouding (ook onseker egpaar)	Ongelukkige egpare • Een egpaar verbind, een egpaar oorweeg egskedding
2. Aanvaarding /erkenning	
Gelukkige egpare • Lys goeie eienskappe • Erken menseregte • Erken gelykheid • Geneig tot waardering • Vermoë afkraking • Wou "negatiewe" eienskappe verander	Ongelukkige egpare en onseker egpaar • Lys negatiewe eienskappe • Geringskatting en afkraking Onseker egpaar: • Is baie positief ingestel • Sal soms afkraak
3. Diensbereidheid	
Gelukkige egpare en onseker egpaar • Hanteer huishouding saam • Bereid tot hulp en moeite	Ongelukkige egpare • Hanteer saam huishouding • Doen nie gunste nie
Mans • Sien hulp as liefdesbetoning	Vroue • Aanvaar verantwoordelikheid • Twee help mans met hul werk
4. Empatie	
Gelukkige egpare en onseker egpaar • Wil verstaan en akkommodeer	Ongelukkige egpare • Geen empatie

Empatie

Feitlik al die gelukkige egpare en die onseker egpaar verwys na hulle behoefte om mekaar se gevoelens te verstaan en te akkommodeer:

- "Ek probeer verstaan hoe sy voel, al kan ek nie voldoen nie."

- "Ons probeer mekaar verstaan." "Ons het nogal simpatie met mekaar." "Ons weet ons bedoel dit goed met mekaar."

Daarteenoor ontbreek empatie by die ongelukkige egpare:

- "Ek is jammer dat hy hard werk, maar gun hom nie alleen-tyd nie."
- "Ek het geen simpatie met haar as sy self iets veroorsaak nie. Ek sê dat sy kan huil ... maar laat dit vir haar 'n les wees."
- "Sy is baie besig met net haar eie wêreldjie."

8.4.1.2 Die rol van egpare se kognitiewe funksionering ten opsigte van die hantering van hul emosionele intimiteit

'n Opsomming oor hierdie gedeelte kan na afloop van die bespreking van die response in Tabel 8.3 gevind word.

Inhoud van kennisies

'n Siening wat al die egpare huldig, is die feit dat selfkennis en begrip van die ander die huweliksverhouding verbeter:

- "Dit was belangrik om mekaar eers te verstaan in sekere goed."
- "Dit help om te weet hy kom altyd weer terug."

Met die oog hierop dui al ses die gelukkige egpare en die onseker egpaar aan hoe belangrik dit is om ontvanklik te bly vir nuwe inligting oor hul gades. Die ongelukkiges assimileer egter nuwe inligting moeiliker.

Min egpare verwys na hul aanvanklike verwagtinge van hulself, hul gades en die huweliksverhouding. Twee respondente uit die gelukkige egpare meld wel dat hulle harde werk verwag het en drie ander uit hierdie groep het indringende verskille tussen die egliede verwag. Teenoor dié realistiese verwagtinge stel die een ongelukkige vrou dat sy verwag het om, soos haar ma, altyd op die hoogte te wees van haar man se doen en late. Die ander ongelukkige man het weer nie sulke erge gemoedskommeling (soos wat sy vrou openbaar in, wat hulle noem, "haar PMS-week"), verwag nie en glo dat almal hulself te alle tye moet kan beheer.

Die ontleding van hul eie optrede en die verband met beide se gesinne-van-herkoms dra by tot al die egpare se beter begrip van hul eie interaksie, hoewel nie noodwendig tot die beter hantering van hul eie gedrag of empatie met hul gades s'n nie. Só byvoorbeeld herhaal een van die gelukkige vroue haar ma se onaanvaarbare ontoereikende selfopenbaring, 'n ander haar ma se oorreaksie en verwyf nog 'n vrou haar man dat hy "net soos sy ma" optree en dus nie geleer het uit haar foute nie. Een van die ongelukkige mans besef dat hy soos sy pa te min positiewe terugvoer gee, maar poog, sonder sukses, om dit te verander. Vyf gelukkige egpare en die onseker egpaar meld spesifiek dat die feit dat hulle dieselfde standpunte handhaaf oor "belangrike sake", soos onder andere oor hul waardes, bydra tot hul gelukkige verhoudings. Hierteenoor verskil beide die ongelukkige egpare oor die aard van en die wisselwerking tussen emosionele en seksuele intimiteit.

Denkpatrone

Daar word eweneens min verwys na die betrokke egpare se spesifieke denkpatrone. Dit blyk wel dat die gelukkige egpare, meer as die ongelukkiges en die onseker egpaar, wat geneig is tot ongeregverdigde afleidings en veralgemenings, bereid is om hul afleidings oor gebeure en mekaar gereeld te verifieer. Geen betekenisvolle verskille wat verband hou met hulle geslag is aangedui oor die inhoud of die patroon van hul denke nie.

Tabel 8.3 Die rol van egpare se kognitiewe funksionering ten opsigte van hul emosionele intimiteit

1. Inhoud van kennisies	
Gelukkige egpare en onseker egpaar Almal glo: selfbegrip en gesinskennis nodig • Oop vir nuwe inligting van maat • 2 egpare verwag harde werk • 3 egpare verwag verskille • 5 egpare het ooreenstemmende kennisies oor waardes	Ongelukkige egpare Almal glo: selfbegrip en gesinskennis nodig • Onrealistiese verwagtinge • Assimileer moeilik nuwe inligting • Verskil oor intimiteit en konflikthantering
2. Denkpatrone	
Gelukkige egpare • Verifieer voor veralgemeen	Ongelukkige egpare en onseker egpaar • Onregverdigde afleidings en veralgemenings

8.4.1.3 Die rol van egpare se gedrag ten opsigte van die hantering van hul emosionele intimiteit

Ter wille van 'n geheelbeeld oor die verskillende **tipes** gedrag, word Tabel 8.4 in hierdie geval vóór die bespreking van die omvangryke response weergegee.

Tabel 8.4 Die rol van egpare se gedrag ten opsigte van die hantering van hul emosionele intimiteit

1. Selfopenbaring	
Gelukkige egpaar en onseker vrou - Almal, behalwe een vrou en onseker man deel "innerlike" - Deel veral oor belangrike sake	Ongelukkige egpaar en onseker man - Mans openbaar nie - Vroue: emosionele oorreaksie en weerhouding - Openbaar nie oor belangrike sake nie
Mans 7 hou aanvanklike gevoelens terug	Vroue Openbaar meestal uit die staanspoor
2. Ondersteuning	
Gelukkige egpare en onseker egpaar - Almal bied geleentheid vir ontlading oor kommer en bespreek probleme - Almal help mekaar - Vroue gee ruimte vir eie verwerking	Ongelukkige egpaar Het behoefte om te ondersteun, maar reageer met ongevraagde response en vermy dikwels gesprekke. Vroue sien mans se negatiwiteit.
Mans 1 man het behoefte aan meer ondersteuning 9 mans wil aanvanklik probleem alleen hanteer - Wil liever vroue help as net luister	Vroue 4 vroue het behoefte aan meer ondersteuning 3 vroue wil eers alleen probleme hanteer - Wil nie net raad of hulp hê nie, wil aandag en troos hê
3. Gedeelde aktiwiteite	
Gelukkige egpare en onseker egpaar - Almal soek gereelde geselskap - Funksionele en persoonlike data Gelukkige egpare: - Almal reël gesamentlike aktiwiteite 5 egpare doen take saam - Almal handhaaf balans: samesyn en afsonderlikheid	Ongelukkige egpare - Almal ongelukkig met kommunikasie - Slegs funksionele data Ongelukkige en onseker egpaar: 1 paar reël gereelde aktiwiteite, maar dis nie betekenisvol nie - Ontevrede met kwantiteit en kwaliteit van interaksie
Mans - Meer aktiwiteit-georiënteerd - Wil meer individuele sportaktiwiteit hê	Vroue Meer behoefte aan rustige samesyn en gesprekke

4. Doelbewuste pogings om intimiteit te bevorder	
Gelukkige egpare en onseker egpaar Almal wend pogings aan om te bederf, maar onseker egpaar kan nie tyd of geld bestee nie	Ongelukkige egpare Een paar probeer saam ontspan en die vrou probeer man bederf
Mans - Gee geskenke / kaartjies of doen take (huishoudelik, kindersorg en persoonlik) 5 mans gee nie blomme nie 2 komplimenteer vroue	Vroue - Gee geskenke / kaartjies, doen take (eetgoed, persoonlike hulp) - Wil graag blomme hê 7 komplimenteer mans

Selfopenbaring

Dis opvallend dat, met die uitsondering van dié egpaar waar die vrou "stil" is, en die onseker egpaar waar die man "altyd moeilik oor emosies praat", die res van die gelukkige egpare gereeld en baie gemaklik hul belewenisse, standpunte en diepste gevoelens op verbale en nie-verbale wyse aanmekaar openbaar:

- "Ek wys dit en sê dit." "Ons steek niks vir mekaar weg nie."
- "Dis so lekker om alles te deel." "Hulle praat oor alles" (vriende).

Die genoemde meer terughoudendes openbaar wel in belangrike sake wat hulle voel, terwyl die ongelukkiger egpare hul juis weerhou van dieper wedersydse openbaring oor belangriker sake. Oor die algemeen verwyf die ongelukkige egpare mekaar oor die mate en styl van selfopenbaring. Alhoewel twee mans van die gelukkige egpare onmiddellike selfopenbaring van hul vroue eis wanneer dié ontsteld is, is dit meestal die mans (by sewe egpare) wat aanvanklik gevoelens weerhou. Dit blyk dat die mans van die ongelukkige egpare hul vroue se oorreaksie wil vermy, terwyl die een ongelukkige vrou op haar man se ontoereikende openbaring reageer met haar eie stilsweye en die ander vrou haar siening weerhou omdat sy voel dat haar man nie haar menings na waarde skat nie.

Ondersteuning

Al die gelukkige egpare is van mening dat hulle hul mekaar ondersteun deur hulle geleentheid te gee om te praat oor hul ontsteltenis en om dan op verskillende maniere van hulp te wees:

- "Hy troos my en as hy weer 'af' is, beur ek hom weer op en probeer hom opbou."
"Hulle praat mekaar altyd moed in" (vriende).
- "Sy luister baie goed en reageer positief op my pogings om dinge tot stand te bring." "Hy motiveer my in alles."
- "Hy sal my kop regkry oor 'n probleem." "Hy ontloft die situasie vir my." "Sy gee goeie raad oor werksbesluite."
- "Sy doen klein dingetjies vir hom om hom te help" (vriende). "Ek help met haar take as ek sien sy kry swaar." "Ek probeer 'n grappie."

Die ongelukkige egpare het weliswaar behoefte om mekaar soms te ondersteun en in beide gevalle meen die mans dat hul vroue soms in staat is om te luister, maar dat hulle geneig is om ongevraagd en ook op ooremosionele en kritiserende wyse betrokke te raak.

- "Sy kan sommer vinnig 'n gemors maak van die 'probleemoplossingsproses'."

Die een ongelukkige vrou beleef insgelyks te veel teregwysing en afkeur - terwyl sy "wou hê dat hy my 'n bietjie vashou":

- "As hy moeilikheid het, vertel hy my niks nie. As hy my nie vertrou nie, praat ek ook nie met hom nie."

Verskille tussen mans en vroue met betrekking tot die mate en aard van die ondersteuning wat verlang word, manifesteer egter nie net by die ongelukkige egpare nie. Benewens die ongelukkige vroue het twee vroue teenoor en een man meer dikwels as hul gades behoefte aan ondersteuning. Soos die een ongelukkige vrou, vind 'n gelukkige vrou en die onseker vrou, wie se mans geneig is tot onttrekking, dit onaanvaarbaar as hul mans hul bloot van raad bedien en selfs die probleemoplossing "oorneem"; eerder as om hulle "uit te hoor", fisies vas te hou en/of te troos. Dié vroue beleef dat hul menswaardigheid dan aangetas word, terwyl hulle, wanneer hul mans hul ruimte gun vir eie probleemoplossing, selfs geredelik raad aanvaar. Een van die gelukkige mans verwoord sy verwarring oor die situasie soos volg:

- "Vir haar is dit nie aanvaarbaar as ek dié of daardie dieet of oefening voorstel vir haar gewigsprobleem nie - sy wil net hê ek moet verstaan en haar vashou, terwyl ek wil help!"

Nege van die mans en drie vroue verkies geleentheid om eers 'n "saak uit te woed" voor hulle oor hul probleme praat en wil meestal, veral die ongelukkiges, net praat as dit noodsaaklik is. Die gelukkige vroue gun hul mans gereedlik geleentheid vir hul individuele verwerking, terwyl die ongelukkige vroue dit as simptome van hul mans se negatiewe houding sien.

Gedeelde aktiwiteite

Al die gelukkige egpare en die onseker egpaar, ondersteun deur hul vriende, meld dat dit vir hulle belangrik en aangenaam is om gereeld met mekaar te **gesels**:

- "Ons kan ure lank op die stoep sit en gesels oor alles wat ons raak." "Ons praat lekker saam." "Ons is daarop gesteld om aan die einde van die dag 'n tydjie te maak om saam te gesels." "Ons sit spesiaal die TV af sodat ons 'n bietjie kan gesels."
- "Hulle praat gereeld oor alles." "Hulle luister mekaar uit" (vriende).

Hierteenoor het die ongelukkige egpare probleme om gemaklik te kommunikeer selfs as hulle periodiek wel die geleentheid het:

- "As ons wel uitgaan, weet ons nie wat om vir mekaar te sê nie."
- "En die tyd wat ons gehad het, het ons ook nie benut nie."

Al die egpare se gesprekke handel oor hul gemeenskaplike verantwoordelikhede, hul afsonderlike verpligtinge en alledaagse gebeure, maar sluit ook, meer in die geval van die gelukkige egpare, hul "drome, foute, frustrasies en dieper dinge" in. Net drie pare maak melding van 'n vorm van "ligtheid" in hul gesprekke.

Voorts is **gesamentlike aktiwiteite**, benewens gereelde gesprekvoering, vir al die gelukkige egpare, vir 'n man van een van die ongelukkige egpare en vir die onseker egpaar belangrik. Eersgenoemde wend doelbewuste pogings aan om ten spyte van beperkte tyd, tuis, en indien moontlik ook elders, saam iets te doen:

- "As ons dinge saam doen, voel ek baie naby aan hom." "Ek verkies om haar na die mees gesogte rugby-eindstryd saam te neem!"
- "Ons laai die kind af by sy ouma - ek voel jou man kom eerste en ons moet tye afknyp vir mekaar." "Ek doen Saterdagoggende my dinge sodat ek smiddae tyd het vir haar." "Ons gaan Dinsdagaande uit - al gaan drink ons net alleen êrens koffie."

Die man van die een ongelukkige egpaar wend wel **besondere pogings** aan sodat hulle ten minste twee keer elke maand kan uitgaan en twee keer per jaar alleen 'n naweek kan weggaan. As gevolg van hul basiese negatiewe houding en gepaardgaande oneffektiewe kommunikasie, is egter ook hierdie geleenthede nie bevredigend nie. Die ander ongelukkige egpaar ontspan feitlik nooit saam nie, aangesien die vrou "te skuldig voel om die kind by iemand te los," en omdat die man aanhoudend werk en eerder sport beoefen saam met sy vriende. Die man van die onseker egpaar se werk laat eweneens nie veel tyd vir ontspanning nie en hulle het ook nie 'n bevredigende oplossing vir die versorging van hulle kinders nie.

Vyf van die gelukkige egpare beskou ook hul **doelbewuste hulp** aan mekaar as 'n wyse om tyd saam te bestee. Hulle gee onder andere gesamentlik aandag aan die tuin, die kinders en/of voedselbereiding. Verder word tyd gewy aan stokperdjies, sport, televisie en fliek.

Die gelukkige egpare (soos besonder sterk beklemtoon is deur sewe egpare se vriende) is oor die algemeen tevrede met die **unieke balans** wat hulle as egpaar handhaaf tussen samesyn en die mate van afsonderlikheid wat hulle kan handhaaf as individue.

- Dis met 'n mate van verbasing dat van die mans beweer: "Hoe meer ons bymekaar is, hoe gelukkiger voel ons." "Ek is nog steeds vry, al is ek getroud."
- Die vroue verklaar: "Ons gee mekaar baie ruimte, maar kan nie lank sonder kontak bly nie. Ons bel mekaar tot vyf keer per dag." "Ons gee baie ruimte vir mekaar se behoeftes - hy kan maar laat TV kyk as hy wil."

Hierteenoor is dit duidelik dat beide die ongelukkige pare nie tevrede is met die hoeveelheid tyd, die aard van hul gesprekvoering of hul gesamentlike aktiwiteite nie. In vyf gevalle wil dit voorkom asof die mans graag meer gereeld aparte sportaktiwiteite wil hê, maar dat almal, behalwe die een ongelukkige man, aanvaar dat dit tans nie moontlik is nie. Hierteenoor verklaar al die vroue dat hulle graag hul mans die meeste van die tyd naby hulle wil hê.

Doelbewuste pogings om emosionele intimiteit te verseker

Al die gelukkige egpare dui aan dat hulle spesiaal energie, tyd en/of geld bestee om mekaar te bederf en sodoende te verseker dat beide emosioneel versorg voel. Die onseker egpaar wend ook pogings aan, maar beleef dit as onvoldoende. Die een ongelukkige egpaar, wat mekaar nog liefhet, wend eweneens periodiek die voorheen genoemde vrugtelose pogings aan, terwyl die ander ongelukkiges geensins doelbewus poog om mekaar gelukkig te maak of die verhouding te bevorder nie.

Die **vroue** toon hul positiewe gesindheid soos volg:

- "Ek maak graag vir hom lekker kos of bak 'n koek."
- "Ek besluit soms om hom te gun om iets lekkers te gaan doen."
- "Ek laai die kind af sodat ons gereeld alleen kan uitgaan."
- "Ek druk op die rekenaar vir hom goedjies uit."
- "Ek doen vir hom klein takies om sy lading te verlig."
- "Ek koop dan weer vir hom iets spesiaal vir die jagseisoen."
- "Sy vat die kinders weg sodat hy kan studeer" (vriende).

Die **mans** wend die volgende pogings aan:

- "Hy koop omtrent elke week 'n kaartjie, blomme of 'n geskenkie."
 - "Ek koop blomme, juwele of die meubels wat sy graag wil hê."
 - "Hy gee die geld wat oor is op die begroting vir my vir iets spesiaals."
 - "Hy bring vir my iets wat ek wel kan eet" (as sy op dieet is).
 - "Ek laat haar spesiaal voel deur haar te help."
 - "Hy sal voorstel dat ek 'n bietjie gaan slaap solank as wat hy na die kinders kyk."
- "Ek help haar om te wys ek gee om."

- "Hy sal vir my 'n bad warm water intap." "Daar gaan nie 'n dag om dat ek nie met haar by die werk praat nie."
- "Hy bied aan om na die kinders te kyk sodat sy iets lekkers kan gaan doen" (vriende).

Dit blyk dat die mans 'n neiging het om hul hulp en veral hul betrokkenheid by die versorging van die kinders, as 'n vorm van liefdesbetoning aan hul vroue te sien:

- "Dis 'n opvallende ding van ons generasie - die pa's is baie betrokke by die versorging van die kinders en die huishouding."
- "Hy help verskriklik met die kinders." "Ons doen alles 50/50."

Ses egpare meen dat blomme waarskynlik 'n goeie metode is om vroue te bederf en die vroue wat dit wel kry, geniet dit. Vyf mans verwys egter pertinent na die feit dat hulle "nou nie die blomme-en-geskenke-soort is nie." Hoewel twee mans meld dat hul vroue hul gereeld komplimente, heg meer vroue besondere waarde daaraan en komplimente sewe vroue van die gelukkige egpare hul mans dikwels. Vier vroue verlang na meer komplimente van hul mans se kant, naamlik beide die ongelukkige vroue, sowel as die onseker en die gelukkige vrou wie se mans tydens stres onttrek en die vroue se emosionele uitlewing afkeur.

8.4.2 EGPARE SE HANTERING VAN HUL SEKSUELE INTIMITEIT

Dis opvallend, maar waarskynlik begryplik vanweë die privaatheid van die inligting, dat slegs twee egpare en een van die vroue betekenisvolle inligting oor hul seksuele interaksie gedeel het met die betrokke vriende. Die res van die vriende reageer op 'n navraag in dié verband byna almal met die volgende sinsnede:

- "Hulle praat nie oor hulle seksuele lewe met ons nie" (vriende)

Die vriende spreek hul egter wel uit oor die wyses waarop die egpare in die openbaar hulle liefde verbaal en nie-verbaal aan mekaar toon. Hierdie opmerkings word dus geïnkorporeer by die weergawes van die egpare self oor die aard van hul liefdesbetoning. In die lig daarvan dat so min egpare egter spontaan in die onder-

houde na hul seksuele verkeer verwys het as 'n manier om hul aangename gevoelens oor te dra, is dikwels spesifiek gevra na hul seksuele interaksie. Vervolgens word die inligting wat wel bekom is oor egpare se hantering van die verbale en nie-verbale betoning van hul liefde vir mekaar, weergegee.

8.4.2.1 Die rol van egpare se algemene houding ten opsigte van die hantering van hul seksuele intimiteit

Die tabel (8.5) word hier eerste aangebied ten einde dit as eenheid in te pas.

Tabel 8.5 Die rol van egpare se algemene houding ten opsigte van die hantering van hul seksuele intimiteit

1. Aanvaarding, erkenning en diensbereidheid	
Gelukkige egpare en onseker egpaar • Oor die algemeen positief ingestel • Mans neem behoeftes met betrekking tot liefkosing in ag • Vroue se houding word gefasiliteer deur bevredigende emosionele intimiteit. Oor die algemeen tegemoetkomend.	Ongelukkige egpare • Ervaar houdingsprobleme • Mans minder bedagsaam en ontevrede oor vroue • Vroue se ontevredenheid met emosionele intimiteit vererger ontegenwoordigende houding oor seksuele intimiteit
Mans • 4 Vroue se voorkoms wek seksuele aangetrokkenheid by mans	Vroue • 1 vrou dui man se voorkoms as aantrekkingskrag aan

'n Algemene goeie houding jeens mekaar, bevorder deur bevredigende emosionele intimiteit, fasiliteer oënskynlik die vroue van die gelukkige egpare en die onseker vrou se bereidheid tot fisiese aanraking buite en binne die konteks van seksuele gemeenskap. Selfs wanneer hulle eie behoeftes aan seksuele verkeer minder is, is dié vroue meestal bereid om hul mans se behoeftes te akkommodeer. Hierteenoor is die ongelukkige vrou meestal ontevrede met hul emosionele intimiteit en ook minder bereid tot enige fisiese kontak. Terselfdertyd neem die gelukkige mans weer hul vrouens se behoeftes met betrekking tot die frekwensie van en tipe liefkosing meer geredelik in ag, terwyl die ongelukkiges ontevrede is oor hul vroue se onwilligheid om seksueel te verkeer. Vier mans het aangedui dat hul aangename gevoelens jeens hul

vroue gefasiliteer word deur laasgenoemde se fisiese aantreklikheid, terwyl ook een van die vrouens meen dat haar bewondering deel vorm van haar aangename gevoelens vir haar man.

8.4.2.2 Die rol van egpare se kognitiewe funksionering ten opsigte van die hantering van hul seksuele intimiteit

Tabel 8.6 gaan weer, ter wille van die eenheid van die tabel, die bespreking van die response vooraf.

Tabel 8.6 Die rol van egpare se kognitiewe funksionering ten opsigte van hul seksuele intimiteit.

1. Inhoud van kennisies	
Gelukkige egpare en onseker egpaar • Meeste glo: mans wil meer gereeld seksuele verkeer hê • Mans meen: fisiese moegheid inhibeer vrou se behoeftes • Vroue: hulle moet behoeftes akkommodeer	Ongelukkige egpare • Albei egpare glo: mans wil meer gereeld seksuele verkeer hê • Vroue glo, maar aanvaar dit nie • Mans bevraagteken vroue se motiewe vir ontegenwoordigende houding
2. Denkpatriere	
Gelukkige egpare • Verifieer aannames	Ongelukkige egpare en onseker egpaar • Maak onregverdigde afleidings

Inhoud van kennisies

Heelwat respondente glo dat mans meer gereelde seksuele verkeer as die vroue wil hê. Die gelukkige vroue glo dat hul verkieslik daaraan moet toegee:

- "Mans is altyd meer seksgeoriënteerd. My ma het altyd gesê 'n vrou moet haar man maar gelukkig hou in die bed."
- "Ons mans sal seker altyd sê dat ons meer wou gehad het."
- "Sy spot gereeld dat hy soveel vroue soos Salomo moes hê" (vriende)

Die gelukkige mans se aanvaarding daarvan dat hul vroue se moegheid hul deelname kan inhibeer, fasiliteer hul vroue se positiewe houding.

Denkpatrone

'n Hele aantal opmerkings dui op die waarde wat die gelukkige egpare en die onseker egpaar heg aan die verifiëring van afleidings sodat meer korrekte inligting oor mekaar se behoeftes en funksionering bekom kan word:

- "In die begin het dit my gepla - ek het gedink dit moet so en so wees. Nou ken ons mekaar en is dit beter."
- "Ons moes ook gesels oor die probleem dat die seksdaad so "stomp" eindig vir die vrou, voor ons dit reggekry het."

Die ongelukkige egpare is geneig om ongeregverdigde afleidings te maak oor optrede in hierdie verband.

8.4.2.3 Die rol van egpare se gedrag ten opsigte van die hantering van hul seksuele intimiteit

In die lig van die omvangrykheid van die response en met die oog op oriëntering tot die tipes egpaargedrag word Tabel 8.7 so na as moontlik aan die begin van die bespreking van die response weergegee.

Selfopenbaring

Aansluitend by die voorafgaande, dui al die egpare aan dat hul behoeftebevrediging afhanklik is van wedersydse openbaring. Dit is duidelik dat al die egpare inligting uitruil oor hul behoeftes aan die verbalisering van hul gevoelens, aan nie-seksueel georiënteerde aanraking en oor hulle seksuele belewenisse, maar dat die ongelukkiges se verbaliserings gepaard gaan met meer verwyte en afkeur.

Verbale betuiging van aangename gevoelens

Teenoor die ongelukkige vroue, meen die onseker vrou en al die gelukkige vroue dat hulle gereeld hul waardering, liefde, en/of dankbaarheid aan hul mans betuig. Ses van die gelukkige mans meld spontaan hul gereelde liefdesbetuiging, maar dis duidelik dat hulle meen dat dié gedrag ongewoon is vir die deursnee man. Een van die mans verwoord ook baie van die mans se sogenaamde siening:

Tabel 8.7 Die rol van egpare se gedrag ten opsigte van hul seksuele intimiteit

1. Selfopenbaring	
Gelukkige egpare en onseker egpaar • Openbaar behoeftes en gee terugvoer	Ongelukkige egpare • Openbaar behoeftes en gee terugvoer maar met meer verwyte en afkeur
2. Verbale betuiging	
Gelukkige egpare en onseker egpaar • Betuig oor die algemeen gereeld waardering en liefde • Die mans wat onttrek as gevolg van stres komplimente minder	Ongelukkige egpare • Betuig min aangename gevoelens • Mans meer spraaksaam tydens seksuele verkeer
Mans • Meen liefdesbetuiging is ongewoon vir mans – sal eerder gunste doen	Vroue • Wil liefdesverklaring en komplimente meer dikwels hê
3. Nie-verbale betuiging	
Gelukkige egpare • Almal, behalwe egpaar waar man onttrek: gereelde aanraking	Ongelukkige egpare en onseker egpaar • Min aanraking; mans net as seksuele interaksie die doel is
Mans • Kan minder geneig wees tot nie-seksueel-georiënteerde aanraking tydens werksdruk	Vroue • Wil graag meer nie-seksgeoriënteerde aanraking hê
4. Verskille in frekwensie van seksuele behoeftes	
Gelukkige egpare en onseker egpaar • Teverede met verskille ten opsigte van frekwensie van seksuele verkeer	Ongelukkige egpare • Ontevrede met verskil; onvermoë tot kompromieë
Mans • Behalwe 2 wat onttrek as gevolg van werksres, wil hoër frekwensie hê • Gelukkiges aanvaar weiering geredelik • Ongelukkiges verkwelik vroue • Reageer maklik op vroue se suggesties	Vroue • Sommige wil laer frekwensie hê (dié wie se mans onttrek, is bekommerd en soek toenadering) • Gelukkiges akkommodeer mans • Ongelukkiges vereis eers emosionele intimiteit • Inisiëer moeiliker seksuele verkeer
5. Doelbewuste verryking van seksuele intimiteit	
Gelukkige egpare en onseker egpaar • Doelbewuste programaanpassings • Kommunikasie verbeter interaksie • Aandag aan emosionele intimiteit en/of romantiese milieu	Ongelukkige egpare • Maak nie prioriteit • Kommunikasie eerder verwykend • Nie bevredigende emosionele intimiteit en kry nie effektiewe milieu geskep nie
Mans • 2 van die gelukkiges gee gereeld blomme, komplimente ens.	Vroue • Gelukkiges en onseker vrou se meelewing is goed • 4 doen moeite met voorkoms

- Ek weet mans is nou nie die beste uitdrukkers van liefde en sulke goed nie; maar ek sal vir haar sê dat ek haar liefhet."
- "Ek sê vir haar dat ek lief is vir haar - ek is nie skaam nie."
- "Dis nie van mekaar te sê nie - dis van doen vir mekaar."

Alhoewel een vrou aandui dat haar man meer dikwels "die woorde" (van liefde) wil hoor, is dit veral die vroue wat liefdesbetuigings wil hê. Ook terugvoer oor hul fisiese aanvaarbaarheid, is vir die vroue belangrik. Veral die ongelukkige vroue, sowel as dié twee vroue wie se mans geneig is tot ook seksuele onttrekking tydens werkstres, begeer meer komplimente. Drie van hierdie mans is wel daarvan bewus dat hul vroue goed lyk, maar hulle is nie daarop ingestel om dit vir hulle te sê nie.

- "Hy sê net mooi goed as ons seks het."
- "Dan sê sy dat sy wil hê dat ek moet sê as sy mooi lyk."
- "Dis soms vir my moeilik om dit te kommunikeer - dit kom swaar by my. As ek stilbly is dit asof ek my goedkeuring gee."

Slegs drie pare vriende maak melding van "liefdesnaampies" wat tussen die gelukkige egpare gebesig word.

Nie-verbale betuiging van aangename gevoelens

Afgesien van die twee ongelukkige egpare en twee egpare waar die mans geneig is tot emosionele en seksuele onttrekking tydens stres, dui al die gelukkige egpare sonder meer aan dat hulle mekaar gereeld aanraak om hul liefde te betoon:

- "Ons vat aan mekaar en soen mekaar en gee aandag aan mekaar."
- "Ek druk hom sommer elke dag - ek wil hom gedurig druk."
- "Ons sal mekaar baie druk of soen."

Hierteenoor meen die ongelukkige vroue dat hul mans alleen met die oog op seksuele verkeer aan hulle wil raak en erken hulle:

- "Ek sal nou nie fisies vir hom wys ek voel goed oor hom nie. Ek weet dit is geweldig belangrik vir hom, maar hy deel nie emosioneel met my nie."
- "Ek sukkel met die drukkies-en-soentjies-deel."

Ses pare vriende maak daarvan melding dat hulle subtiele verbale of nie-verbale wyses van liefdesbetuiging waarneem. Dis egter opvallend dat heelwat vriende die openlike vertoon van ten minste sekere vorme van liefde oënskynlik as onaanvaarbaar beskou:

- "Hulle sal nou nie liefie-liefie teenoor mekaar in die openbaar wees nie. Sy wys nou nie deur aan hom te klou of te hang nie, maar deur woorde."
- "Hulle is glad nie hangerig of vatterig nie. Hulle het 'n baie volwasse liefde. Daar is nie bynaampies of 'n gesnaaks-wees om ander te "impress" nie."
- "Hulle hang nie die hele dag aan mekaar nie."
- "Aan die begin het hulle meer soentjies en drukkies gegee."

Dit wil voorkom asof sommige van die vriende meen dat die betrokke egpare "seker al dié stadium ontgroeï het", of dat "hulle nie meer nodig het om te wys hulle het mekaar lief nie - hulle weet dit".

Verskille in die frekwensie van behoefte aan seksuele verkeer

Dit blyk dat al die gelukkige egpare en die onseker egpaar, selfs al begeer een van die partye - wat meestal blyk die mans te wees - 'n hoër frekwensie, oor die algemeen tevrede is met hul seksuele interaksie. Hul siening word verteenwoordig deur die volgende opmerking:

- "Sy bevredig my 100%. Ek het geen hunkering na 'n ander vrou of om 'n skelmpie te hê nie".

Die ongelukkige mans verkwalik egter hul vroue vir die laer frekwensie van hul seksuele verkeer:

- "Ek sou meer seks wou hê - dit voel vir my of ek na sulke toenadering soveel meer kan gee en soveel nader is aan haar."

Die betrokke vrou stel egter emosionele intimiteit as voorvereiste vir seksuele kontak en "slaap nie meer by hom nie, omdat hy nie gedurende die dag met my deel nie", terwyl die ander egpaar se frekwensie benadeel word deur die vrou se "PMS", haar werkstres en oorbelading, sy onbegrip vir haar behoeftes en hul talle konflikte.

Die twee vroue wie se mans geneig is tot onttrekking tydens werkstres voel dat die frekwensie van seksuele kontak soms te laag is. Een van hulle begeer egter nie

seksuele gemeenskap as sodanig nie, sy "wil sommer enige tyd van die dag vasgehou word", maar is bekommerd dat die laer frekwensie seksuele verkeer 'n aanduiding is van probleme in die verhouding. Beide hierdie vroue vind die inisiëring van seksuele verkeer moeilik, maar beleef dat hul mans geredelik reageer op aanduidings van behoeftes in dié verband. Beide die betrokke mans dui aan dat hulle seksuele gemeenskap geniet, maar dat die res van die verhouding ook belangrik is:

- "Tog is dit (seks) nie vir my die belangrikste nie ... ek dink 'n mens kan nog daarsonder klaarkom, as mens op ander maniere mekaar kan aanvul."

Wanneer van die vroue nie op 'n bepaalde tydstip geneë is tot seksuele gemeenskap nie, sê hulle dit en aanvaar hul mans dit meestal geredelik. Dit wil egter voorkom asof die meeste vroue aanvaar dat hulle verkieslik moet meedoen en hulle laat oorhaal:

- "Hy aanvaar soms en soms nie (as ek bietjie moeg of so is) - hy wen my maar na alle kante toe."

Doelbewuste verryking van seksuele intimiteit

Alhoewel die egpare min sê oor wat hulle doen om die romantiese en seksuele sy van hul verhouding te fasiliteer, maak enkele egpare wel opmerkings in dié verband. Veral die gelukkige egpare en die onseker egpaar maak aanpassings in die lig van hul eie moegheid en die kinders se programme. So byvoorbeeld, benut twee egpare oggendtyd vir seksuele gemeenskap, "want dan is mens vriendeliker en uitgerus". Hierteenoor laat die een ongelukkige egpaar, wie se "gaan slaap-tye" nie ooreenstem nie, hul kinders toe om soggens by hulle in te kruip en rangeer so ook die geleentheid tot "oggendintimiteit" uit.

Verder vind kommunikasie oor die aard van hul seksuele verkeer by die meeste gelukkige egpare en die onseker egpaar plaas, met meer tyd aan die voor- en naspel as uitvloeisel hiervan:

- "Ons spandeer baie meer tyd en die proses is langer en uitgerek. Dit is ook meer emosioneel: 'n nabyheid wat elke keer groei."

Ten minste vyf egpare (die gelukkiges en die onseker paar) se besondere emosionele intimiteit of hul skepping van 'n romantiese milieu, fasiliteer seksuele interaksie:

- "Albei doen spesiale dingetjies vir 'n lekker aand."
- "Ons doen romantiese goed vir mekaar."
- Televisie-uitsendings van prikkelende flieke word gekyk.

Vier vroue meld hul moeite met hul voorkoms ter wille van hulle mans, terwyl hul vroue se seksuele meelewing deur 'n paar mans van die gelukkige egpare en dié van die onseker egpaar, as winspunt in hul seksuele interaksie genoem word:

- "Dis baie aantreklik dat sy my altyd laat voel dat ek haar bevredig. Sy is glad nie koud nie."

In die lig van die algemene oortuiging van die mans dat hul hulp met die huishouding 'n wyse van liefdesbetoning is en afgesien van etlike mans se verwysing na die waarde van komplimente, blomme en geskenkies, kry net twee gelukkige vroue laasgenoemde gereeld.

8.5 HANTERING VAN ONAANGENAME GEVOELENS

In hierdie gedeelte word konflikhantering bespreek. Daar sal, soos in die vorige afdeling (8.4), rekening gehou word met die genoemde oorwegings vir rapportering.

8.5.1 DIE ROL VAN EGPAAR SE ALGEMENE HOUDING TEN OPSIGTE VAN HUL KONFLIKHANTERING

Tabel 8.8 word so na as moontlik aan die einde van die bespreking van die response ter opsomming geplaas.

Wedersydse aanvaarding en erkenning van beide egliede se regte

Al die gelukkige egpare eien hulself die reg toe om standpunte in te neem. Die meeste aanvaar ook hul gades se kenmerkende wyse van konflikhantering, maar die egpaar van wie die mans tydens stres onttrek, keur mekaar se hanteringwyses af:

- "Ons is geneig om by mekaar verby te praat: sy raak emosioneel en ek raak rasioneel."
- "Soms beleef ek 'n stuk frustrasie as sy nie so taakgerig is nie en baie ingestel is op verhoudings."
- "Ek word kwaad, want dit voel asof hy nie verstaan nie."

Die ongelukkige egpare en die onseker egpaar erken dat hulle konflik verkeerd hanteer en verwerp hul gades se style. Veral een man erken dat hy:

- "'n manie het oor hoe sy haar humeur hanteer", en dat hy "haar net so kyk en vir haar lag en omdraai."

Die betrokke vrou beleef dan uiteraard minagting vir haar styl en verwoord wat die onseker vrou ook voel:

- "Dit voel asof ek nie in staat is om my eie lewe te lei nie. Hy laat my baie keer soos 'n kind voel."

Van die vriende sê met betrekking tot die een vrou dat sy soos 'n brullende leeu word as sy haar man in die teenwoordigheid van vriende konfronteer.

Empatie

Al die gelukkige egpare probeer nietemin om gedurende 'n konflik "mekaar uit te luister" en wil mekaar se behoeftes akkommodeer:

- "Ek dink hy neem nogal my gevoelens baie in ag."
- "Ons probeer beide begrip toon vir die verskille."
- "Ek wil haar nie oordonder nie."
- "Ek kry haar jammer as sy huil en maak dan op."

Hierteenoor erken die ongelukkige egpare en die onseker egpaar nie mekaar se siening nie en openbaar hul min tegemoetkoming gedurende konflikte:

- "Sy sien alles in 'n ander konteks as wat ek dit sien."
- "Ek wil hê hy moet partykeer hoor en aanvaar wat ek sê."

Selfopenbaring

Dis duidelik dat die gelukkige egpare en die onseker egpaar 'n hoë premie stel op die bespreking van bedreigende verskille en konflikvermyding dus afkeur:

- "Mens wil weet wat die ander een se mening is."
- "Ek wil weet hoe sy daaroor voel."
- "As ek nie sê wat ek wil sê nie, raak ek koel en koud."

Die ongelukkige egpare glo nie dat gesprekvoering meer moontlik of noodwendig effektief is vir konflikthantering nie:

- "Partykeer kan ons tot twee weke vir mekaar kwaad bly."
- "Hy praat nie regtig daaroor nie." "Ek hoop maar dit sal verbygaan."

Tabel 8.8 Die rol van egpare se algemene houding ten opsigte van hul konflikthantering

1. Aanvaarding en erkenning	
Gelukkige egpare • Beide het reg om standpunt in te neem • Die paar waarvan man onttrek tydens stres keur mekaar se style af	Ongelukkige egpare en onseker egpaar • Aanvaar nie mekaar se style of erken mekaar se regte nie • Beleef selfs minagting
Mans • Veral ongelukkiges en onseker man, meer rasideel ingestel	Vroue • Veral ongelukkige en onseker vrou soek meer validering
2. Empatie	
Gelukkige egpare • Wil luister na mekaar • Wil behoeftes akkommodeer	Ongelukkiges en onsekerde egpare • Weerstand om te verstaan • Min tegemoetkomend
3. Selfopenbaring	
Gelukkige egpare en onseker egpare • Hoë premie op bespreking van verskille • Weerstand teen totale vermyding	Ongelukkige egpare • Geloof in gesprekke verloor • Weerstand teen gesprekvoering
4. Bereidheid tot kompromieë en versoening	
Gelukkige egpare en onseker egpaar • Wil oplossing kry • Bereid tot selfverandering of –aanvaarding	Ongelukkige egpare • Veral vroue nie bereid tot versoening • Veral mans wil nie beredder

Bereidheid tot kompromie en versoening

Die gelukkige egpare en die onseker egpaar se bereidheid tot samewerking, om in die proses hulself te verander, mekaar te vergewe en/of die onveranderbare te aanvaar, blyk duidelik uit al die response:

- "'n Goeie ding omtrent ons is die feit dat ons bereid is om te verander en aan te hou tot ons 'n oplossing kry."
- "As mens besef daar kan nou niks aan gedoen word nie, moet mens dit aanvaar."

Veral die vroue van die ongelukkige egpare is minder geneë tot versoening, terwyl hul mans min pogings tot bereddering aanwend:

- "Ek is iemand wat moeilik sê dat ek jammer is."
- "Sy word nie maklik oortuig nie."
- "As daar 'n krisis kom, sorteer ons dit nie altyd uit nie."

8.5.2 DIE ROL VAN EGPARE SE KOGNITIEWE FUNKSIONERING TEN OPSIGTE VAN HUL KONFLIKHANTERING

Data oor hierdie response is opgesom in Tabel 8.9 en volg ná die bespreking van die response oor die *inhoud van die kennisies*.

Inhoud van kennisies

Die gelukkige egpare en die onseker egpaar besef dat doelbewuste konflikthantering nodig is en heg waarde aan 'n logiese analise van konfliktsituasies, terwyl die ongelukkige egpare nie meer seker is dat gesprekvoering effektiewe oplossing kan bring nie. Ses egliede wat deel uitmaak van die gelukkige egpare, die ongelukkige egpare en die onseker egpaar se kennis van mekaar se gesinne van herkoms dra by tot begrip van mekaar se behoeftes en konflikstyle - maar nie altyd tot verdraagsaamheid en beheer nie:

- "Sy sal nou vir my sê: Jy is nes jou ma."
- "Ek wil nie soos my ma maak nie."

Teenoor die ongelukkige egpare se teenoorgestelde neiging, verreken die gelukkige egpare en die onseker egpaar hul eie bydrae tot die konflikte, is hulle geneig om positiewe motiewe aan hul gades toe te dig en eksterne oorsake vir slegte buie te oorweeg:

- "Hulle kan enigiets sê - die ander een neem dit nie sleg op nie" (vriende).
- "Ek weet hy bedoel dit goed." "Ek weet hy dra my belange op die hart."

Ooreenstemmende waardes verminder in die geval van die gelukkige groep, asook by die onseker egpaar, die frekwensie van konflikte. Die egpare waar die mans geneig is tot onttrekking tydens werkstres, het heelwat konflik oor die hoeveelheid intimiteit wat nodig is, terwyl die ongelukkiges ook dikwels verskil oor die aard van hul intimiteit en oor hul wyse van konflikhantering.

Tabel 8.9 Die rol van egpare se kognitiewe funksionering ten opsigte van hul konflikhantering

1. Inhoud van kennisies	
Gelukkige egpare en onseker egpaar • Weet dié aspek en logika is nodig • Oorweeg gesin-van-herkoms se effek • Dig positiewe motiewe toe aan gades en hou rekening met ekstere oorsake vir buie • Ooreenstemmende waardes verminder konflikte (Die mans wat onttrek se siening oor verhoudings word bevraagteken)	Ongelukkige egpare • Betwyfel waarde van gesprekvoering • Oorweeg gesin-van-herkoms-temas • Vermoed negatiewe motiewe en aanvaar ekstere oorsake vir buie moeiliker • Verskillende oortuigings oor intimiteit en aard van konflikhantering benadeel oplossings
2. Denkpatrone	
Gelukkige egpare • Verifieer inligting voor afleidings • Bly oop vir nuwe inligting	Ongelukkige egpare en onseker egpaar • Veralgemening en onrealistiese afleidings • Deurentyd negatiewe beoordeling

Denkpatrone

Een van die gelukkige egpare verifieer gereeld hul aannames voordat hulle in konflikte betrokke raak:

- "Ons probeer om die relatiewe positiewe en negatiewe feite uit te sorteer. Ons moet weet waar ons met mekaar staan."

Hierteenoor antisipeer die ongelukkige egpare en die onseker egpaar maklik negatiwiteit en is hulle dus geneig tot veralgemening en onrealistiese afleidings:

- "Ons maak sommer verkeerde afleidings oor mekaar se gedagtes."

8.5.3 DIE ROL VAN EGPARE SE GEDRAG TEN OPSIGTE VAN HUL KONFLIKHANTERING

Tabel 8.10 word ter oriëntering tot die verskillende aspekte ter sake en vanweë die omvangrykheid van die response, so vroeg as moontlik tydens die bespreking van die response aangebied.

8.5.3.1 Konflikstyle

Hoewel sommige van die individuele gelukkige egliede soms konflik wil vermy en aanvanklik huiwer om tot gesprekke toe te tree, is nie een van die gelukkige *egpare* geneig tot konflikvermyding nie. Almal bespreek dus hul verskille: vier van die pare op betreklik gematigde wyse en drie egpare oënskynlik op 'n veel hewiger wyse (sien Bylae 4 vir al die style).

Gematigde styl

Al die egliede in die "**gematigde groep**" openbaar egter nie dieselfde hanteringswyse nie. Vier van die egliede (drie vroue en een man) verkies om redelik gou ná 'n probleem ontstaan het, die saak betreklik rustig te bespreek:

- "As daar 'n probleem is, probeer ons dit so gou as moontlik saam uitsorteer - nadat albei partye hul standpunte gestel het."
- "Ons is nooit afknouereg met mekaar nie."
- "Voor ons gaan slaap, sal ons ons stellings gelug en die probleem tot op die been bespreek hê."
- "Ek probeer dit (die griewe) so veel as moontlik op 'n grappende wyse hanteer, sodat dit nie so erg klink vir hom nie."
- "Ek voel gemakliker om daaroor te praat, anders kom daar 'n klomp ander negatiewe dinge by."

Tabel 8.10 Die rol van egpare se gedrag ten opsigte van hul konflikthantering

1. Konflikstyle	
Gelukkige egpare en onseker egpaar • Alle pare bespreek verskille • 4 egpare het gematigde styl; 3 egpare het hewige styl en onseker paar toon tekens van laasgenoemde en van ongelukkiges se styl • Gematigde groep se individuele verskille: 2 man + 1 vrou huiwer eers; 1 man + 3 vroue praat dadelik; 1 man reageer vinnig en hewiger • Hewige groep verskil intens, maar min kere, tas nie menswaardigheid aan nie	Ongelukkige egpare en onseker egpaar • Alle pare bespreek konflik • Albei pare (en onseker paar as druk toeneem) is vyandig en toon minagting • 1 egpaar is meer betrokke bymekaar as die ander paar: poog om kontak te hê • 1 egpaar is meer onbetrokke: stilstuipes is langer en pogings tot aangename kontak is minder • Onseker egpaar raak onder druk minagtend, het meer konflik, maar is nog betrokke bymekaar
Mans • 4 mans wil konflik vermy of uitstel • 5 mans reageer baie hewig (en redelik gou)	Vroue • 3 vroue wil konflik vermy of uitstel • 6 vroue reageer baie hewig en gou
2. Stappe in konflikthantering	
Gelukkige egpare Stap 1: Beheer • "Gematigdes" kry dit meestal reg • "Hewiges" kry dit min reg Beheer wel genoeg om konstruktief te wees	Ongelukkige egpare Stap 1: Beheer • Beide pare wil beheer • Het egter geen beheer • Swak beheer lei tot destruktiewe optrede
Onseker egpaar wil aanvanklik beheer; onsuksesvol – raak destruktief	
Stap2: Gesprekvoering • Almal bespreek – dikwels langdurig en in diepte Stap 3: Afhandeling • Handel gereeld af, maar nie noodwendig kompromie • 6 pare bevredigende besluit: - Kan besluit om te verskil - Kan gedrag wysig - Ware of onegte apologie	Stap 2: Gesprekvoering • Almal bespreek, maar ongelukkig/ onbetrokke groep stel afhandeling dikwels lank uit Stap 3: Afhandeling • Konflikte herhaal sonder oplossings • Hou nie by besluite nie
3. Konflikbeheer of – voorkoming	
• Vermy onnodige konflik • Projekteer nie eie frustrasie nie • Besluit om nie alle temas (bv. Vorige temas) te bespreek nie • Balanseer met bevredigende emosionele intimiteit	• Vermyding gepaard met opbouende woede • Bespreek nie effektief nie • Gee toe aan eie frustrasie • Te min emosionele intimiteit (onsekeres se houding verminder soms konflik)

Drie van die egliede van hierdie egpare (twee mans en 'n vrou) wag langer voor hulle probleme opper en moet dikwels aangepor word voordat hulle hul menings eweneens op beheerste wyse stel:

- "Ons praat dadelik as sy kwaad is. Ek sal nou nie sê dat ek 'n konflikvermyder is nie, maar mens moet genoeg daarbuite baklei... as ek dus weet dis my fout erken ek dit dadelik."
- "Hy is baie keer meer rustiger en geduldiger as ek."
- "Ek kry eers stilstupe, sodat hy die hele tyd vra wat fout is."

Een van hierdie "gematigde" egpare se manlike lid neig egter om soms aanvanklik vinniger, hewiger en met 'n mate van afkeur te reageer:

- Die egpaar se vriende verklank die egpaar se eie siening met hul opmerking: "Sy bly altyd kalmer, hy is iemand wat tot uitbarstings kom."

"Hittiger styl"

Alhoewel die ander drie gelukkige egpare oënskynlik hul konflikte op veel **"hittiger"** wyse hanteer, voeg al drie van die egpare, asook hul vriende, spontaan by dat dié hewige rusies baie min voorkom en nie mekaar se menswaardigheid aantast nie:

- "Ons gaan sit nie om 'n tafel en praat dit uit nie. As ons baklei, doen ons dit ordentlik hoor! Ek moet regtig sê, ons baklei baie, baie min." (Hul vriende sê dat hulle nietemin nog nooit gehoor het dat die paar mekaar in die proses "afbreek" nie en dat daar net "so een keer in twee maande" 'n geveg is.)
- "Sy sal huil of gil of raas met hom, maar sy het hom nog nooit geïgnoreer nie en luister altyd met aandag na hom." (Die man bevestig die vriende se siening dat hulle "niks terughou nie", maar dat sy vrou dit nie "lelik bedoel nie" en dat hulle "net so een maal in twee maande 'n ernstige rusie sal hê").
- "Ek raak maklik gefrustreerd en geïrriteerd en ek gee maklik uiting daaraan. Ek klim dan in en veroorsaak só 'n hewige konfrontasie. Sy sal kalmer wees, maar as sy die dag baklei, dan baklei sy sommer oor drie of vier goed gelyk. Dit gebeur gelukkig selde."

Die **onseker egpaar** wat besondere druk beleef, neem tot 'n mate 'n tussenposisie in. Hulle is meer gereeld en op hewiger wyse gedurende stresvolle tye in konflik gewikkel en is dan ook tot meer geniepsigheid - wat aan minagting grens, geneig:

- "Ek oordryf gewoonlik as ek kwaad is of sê goed wat ek nie bedoel nie. Ek sal sommer oor tien verskillende dinge 'n bohaai opskop en hom beledig sonder dat ek dit wil doen." Hoewel dié vrou se eggenoot kalmer probeer bly en dus soms vir 'n ruk onttrek, erken hy dat "die vonke spat" voor hul "opmaak".

Betrokke-vyandige styl

Die twee ongelukkige egpare se konflikte word by uitstek gekenmerk deur wedersydse vyandigheid wat met minagterende optrede gepaard gaan. Beide egpare is gedurende konflik geneig tot onttrekking, maar dié egpaar wat twyfel oor hul liefde vir mekaar, is waarskynlik baie meer onbetrokke bymekaar as die **betrokke-vyandige** egpaar wat hul konflik soos volg beskryf:

- "Ek sal sommer op hom spring vir niks nie. Ek kan baie lelike goed sê as ek kwaad is. Ek wil hom die hele tyd slaan." (Hierdie gedrag van haar kom veral voor tydens die weeklange periode waartydens sy, volgens haar, las van PMS het). "Sy raak aggressief kwaad en aanvallend. Nou begin ek haar ook al hoe meer aanval, want dit raak nou 'n onverskoonbare situasie. Sy kan bly wees sy is nie 'n man nie - anders het ek haar lankal platgeslaan. Ek is 'n vuil bakleier: ek sal haar net so kyk en vir haar lag en omdraai." Beide kry ook "stilstuipes" - sy tot drie dae toe!

Die **onbetrokke-vyandige** egpaar se "stilstuipes" duur baie langer en dit blyk dat hulle ook min moeite doen om hul probleme op te los:

- "Dit voel of ek die heeltid sluimerende aggressie het. Ek is sommer lus om sy oë uit te steek. Partykeer kan ons tot twee weke vir mekaar kwaad wees. Ek wil nie eers altyd moeite doen om uit te vind waaroor ons nou eintlik kwaad is nie. Maar dit voel my dit word al hoe meer en al hoe makliker om kwaad en lelik te wees." "Ek dink ons probleme word hanteer met uitbarstings. Ons het 'n woordewisseling en dan sal ek stilstuipe kry. Dis asof ek nie nog krag het om na iemand anders te luister nie."

Hul vriende bevestig dat die vrou haar man "soos 'n brullende leeu" invlieg voor ander, maar hulle glo ook dat hy waarskynlik dié gedrag ontlok met 'n hoë mate van onverskilligheid.

Hoewel al die gelukkige egpare se konflikte dus ook nie noodwendig gekenmerk word deur onmiddellike rustige gesprekvoering nie, ontbreek die vyandige minagting en hoë frekwensie onmin, wat tipies is van die ongelukkiges se konflikte, by hulle. Die onseker egpaar toon kenmerke van beide groepe en openbaar veral 'n neiging tot dié van die ongelukkige egpare wanneer hulle normale hoë druk selfs verder toeneem. Met betrekking tot die neiging om konflik te vermy, kan daar nie betekenisvolle verskille tussen mans en en vrouens aangedui word nie: Vier mans en drie vroue is geneig om konflik te wil vermy of minstens uit te stel. Vyf mans en ses vroue is geneig om feitlik onmiddellik en hewig te reageer. Die res hanteer konflik geredelik. Mans vind hewige emosionele reaksie uiters frustrerend terwyl vroue ontevrede is as die mans nie die vroue se gevoelens valideer nie.

8.5.3.2 Stappe in konflikthantering

Stap een: Verkryging van beheer

Die gelukkige "gematigde" egpare stel almal 'n hoë premie op die verkryging van beheer oor hul emosies voor hulle hul menings stel en hul kry dit ook - op een man ná, almal geredelik reg:

- "Ek hou my woede eers vir myself. Sy is ook minder kwaai."
- "My toleransie is hoog - ek kan baie vat voor ek uitbars."
- "Ek moet eers die saak vir myself uitmaak deur te vra of dit waarom ek kwaad geraak het vir hom, nou werklik sinvol is."
- "Ek sal later - wanneer ek wil, met hom praat oor wat fout was."

Tussen die egpare wat hulle konflikte hewiger hanteer, verkies een van die vroue en een van die mans om hul emosies te beheer, maar hulle slaag nie daarin wanneer hul gades sterk reageer nie:

- "Ek wil hom nie ontstel nie - ek werk myself uit daardie situasies uit." Onder provokasie "raak sy egter goed bitsig."

Dieselfde geld vir die onseker egpaar: die man sou selfbeheersing wou beoefen, maar vind dit moeilik:

- "As sy so opgewerk raak oor iets wil ek die mure uitklim. Soms kry ek dan sommer stilstupe." (Hy dui aan dat sodanige drie-uur-lange onttrekking soms meehelp om die konflik af te koel, of andersins dat "die vonke spat", tenspyte van dié onttrekking).

Die ongelukkige egpare verkies eweneens om beheer uit te oefen oor hul woede, maar beide hierdie egpare se konflikhantering word gekenmerk deur onbeheerste uitbarstings en/of onttrekking (of "stilstuipes"), wat nie as produktiewe beheer gesien kan word nie:

- "As dit styf draai, dan verloor sy kop. Dan word daar goed gesê wat nie lekker is nie."
- "Ek probeer regtig anders optree, maar ek kry dit nie reg nie en dit voel vir my asof hy die rusie die heeltyd wil vermy."

Stap twee: Gesprekvoering

Uit die voorafgaande blyk dit dat al die egpare, selfs die egpaar wat vir die langste tye stilstuipes handhaaf, uiteindelik hul verskille bespreek. Meer mans mag glo dat hulle konflik aanvanklik uitstel en dat hulle dit ook "meer rasioneel" hanteer, terwyl die vroue, volgens hul mans, 'n "meer emosionele" aanslag het. Ses van die vroue gun hul mans geleentheid tot nadenke, terwyl twee van die mans hul vroue "aanpor" om hul gevoelens uit te spreek:

- "Sy los my nogal uit dat ek dit eers self uitsorteer."
- "Hy sal die hele tyd vra wat fout is."

Dit wil verder voorkom asof drie van die ses vroue wat konflikte skynbaar op 'n hewige emosionele wyse hanteer, se mans besonder gefrustreerd is met hul vroue se reaksies. Hierteenoor kla die ongelukkiger vroue dat hul mans hulle "nie regtig hoor

nie", nie hulle gevoelens verstaan of aanvaar nie en hul ervaar dus dat hul mans nie ruimte het vir hulle nie:

- "Ek word kwaad, want dit voel asof hy nie verstaan nie. Ek raak heeltemal gefrustreerd omdat hy so kalm is oor die saak."
- "Tydens my PMS-week is ek baie ongelukkig. Ek vra hom dan om vir my ruimte te gee. Hy laat my baie keer soos 'n kind voel."

Die vriende van die betrokke egpare meen dat drie van die mans se houdings, hetsy koele onbetrokkenheid of uittarting, aanleiding gee tot die vroue se oorreaksie. Verder meen die vriende van vier gelukkige egpare dat die betrokke mans wel meer saakgeoriënteerd mag wees, maar dat hulle net soveel emosie toon wanneer hul kwaad is en na hul eie oordeel "meer logies" redeneer.

Stap drie: Afhandeling van konflik

Die gelukkige egpare handel hul konflikte egter, gereelder as die ongelukkiges, bevredigend af. 'n Eindresultaat word op verskillende maniere bereik. Vier gelukkige egpare moet soms "'n paar keer oor iets vassit" voor hul dit afhandel, terwyl ander 'n konflik "tot op die been" oopvlek en dit afhandel - al beteken dit vir vier van die gelukkige pare gesprekvoering tot "ounag" toe. 'n Kompromie word egter nie altyd bereik nie: ses gelukkige egpare kom wel meestal tot 'n bevredigende besluit en drie mans uit dié groep skryf dit daaraan toe dat hulle hul eie problematiese gedrag effektief kan wysig. By sewe pare teken ten minste een van die partye geredelik apologie aan. Twee pare toon egter 'n tendens om "maar te sê ek is verkeerd, al weet ek ek is reg." Die een egpaar bespreek die probleem ná die betrokke verskoning verder, maar die ander paar los moontlik nie werklik die probleem op nie. Een van gelukkige egpare meen dat 'n kompromie nie altyd moontlik is nie:

- "Ons kom ooreen dat ons sal verskil. Dis vir my 'n teken van volwassenheid."

Hierteenoor is die ongelukkige egpare en die onseker egpaar se konflikte immer herhalend van aard en handel hulle dit selde bevredigend af:

- "Dan praat ons en besluit ons goeters, maar dit hou nooit lank nie."

- "Ek wonder of dit ooit regtig afgehandel word. Hy sal dit op 'n seksuele manier wil opmaak, maar dan is ek nie reg daarvoor nie."

8.5.3.3 Konflikbeheer of –voorkoming

Die gelukkige egpare benut oënskynlik 'n aantal strategieë om die hoeveelheid konflik te beperk of om die verwoestende effek daarvan te minimaliseer. Drie egliede dui aan dat hulle konflik probeer verminder deur "nie ou koeie uit die sloot te grawe nie". Soms word onnodige konflik vermy:

- "Ons maak nie altyd 'n "issue" van 'n ding nie. Ons praat ook nie elke keer oor 'n ding nie." (Dis by ses egpare die geval).
- "Ek werk my uit frustrasie uit - 'n man hou nie daarvan as sy vrou die hele tyd klaerig is nie."
- "Ek waak daarteen om onnodig ongeduldig of kwaad te raak. Ons het ook al geleer dat 'n onnodige bakleiery niks help nie."
- "Ek probeer om nie 'n slegte bui op haar uit te haal nie."

Andersins tree hul betyds op wanneer doelbewuste hantering noodsaaklik is: hetsy deur 'n slegte bui voorkomend aan te kondig of deur 'n bedreiging te bespreek voordat woede buite beheer raak.

Verder blyk dit dat veral dié vyf gelukkige egpare wat doelbewus baie tyd en energie bestee aan bevredigende emosionele intimiteit, minder konflik en die meer effektiewe hantering daarvan, beleef.

Kenmerkend van die twee ongelukkige egpare en die onseker egpaar, is die ontoereikende aandag aan aangename interaksie, sowel as die feit dat hulle "stilstuipes" nie die verwerking van woedegevoelens ten doel het nie. Hulle het trouens swak beheer oor eie frustrasies. Konflikte kom deurentyd voor oor immer herhalende kwessies en hierdie egpare krop met toenemende vyandigheid hulle gevoelens op totdat dit op woede-uitbarstings uitloop:

- "Sy kan aanhoudend oor dieselfde probleem bly praat."
- "Ek hou dit vir myself as ek ongelukkig is oor iets totdat 'n woedebui ontstaan."

8.6 SAMEVATTING OOR DIE VERBAND TUSSEN DIE HANTERING VAN AANGENAME EN ONAANGENAME GEVOELENS

Ter samevatting word tendense in die egpare se hantering van hulle aangename en onaangename gevoelens geïntegreer, terwyl hul sosiale konteks, die mate van geluk wat hul beleef en relevante verskille tussen die twee geslagte ook hier verreken word. Homogene tendense en verskille word bespreek.

8.6.1 DIE VERBAND TUSSEN DIE EGPARE SE SOSIALE KONTEKS EN DIE HANTERING VAN GEVOELENS

Die sewe gelukkige en twee ongelukkige egpare deel tot 'n groot mate 'n soortgelyke sosiale konteks, terwyl die onseker egpaar waarskynlik te kampe het met die meeste interne en eksterne drukfaktore. Almal bevind hulle in dubbelloopbaanhuwelike, het een of twee voorskoolse kinders en volg 'n egalitêre huwelikstelsel met 'n skynbaar bevredigende werksverdeling. Al die egliede rapporteer funksionele oorbelading vir beide partye, dikwels 'n gebrek aan kinderoppassers en, tot 'n mindere of meerdere mate, te min tyd om doelbewus een of beide vorme van intimiteit uit te bou. Die gepaardgaande stres verhoog die frekwensie en swak hantering van konflikte. 'n Paar faktore kan hierdie egpare se emosionele en/of seksuele intimiteit verder benadeel en kan aanleiding gee tot 'n toename in konflikte en die swakker hantering daarvan, naamlik:

- Buitengewone werkseise, periodieke hoër eise as gevolg van tydelik meer veel-eisende werkladings of eksamens;
- sterk emosionele gebondenheid aan hul werk en 'n gepaardgaande neiging tot emosionele en seksuele onttrekking;
- gebrek aan werksbevrediging;
- bykomende druk van interne of eksterne aard wat verhoogde eise stel aan stres-weerbaarheid; en

- min ondersteuningsbronne.

8.6.2 VERBAND TUSSEN EGPAAR SE MATE VAN GELUK EN DIE HANTERING VAN HUL GEVOELEN

8.6.2.1 Ooreenkomste tussen die verskillende groepe egpare

Daar bestaan 'n aantal ooreenkomste tussen die drie groepe egpare se belewing en hantering van hul gevoelens.

Almal beleef beide aangename en onaangename gevoelens.

Almal bespreek wel hul verskille.

Al die egpare huldig die volgende idees:

- hulle aanvaar dat die regte inligting oor mekaar nodig is,
- dat interaksie van 'n aangename aard gereeld nodig is,
- dat die mans meer dikwels interaksie van seksuele aard wil hê,
- dat verskille bespreek moet word, en
- dat emosionele beheer nodig is vir effektiewe konflikthantering.

Al die egpare, behalwe dié wat onseker of ongelukkig is, wend pogings aan om gereeld 'n vorm van aangename interaksie, maar ook beheersde konflikthantering te hê.

8.6.2.2 Verskille tussen die verskillende groepe egpare

Die gelukkige egpare openbaar oor die algemeen veel meer aangename as onaangename gevoelens en hulle beleef dus bevredigende intimiteit en effektiewe konflikthantering. Hierteenoor is die omgekeerde die geval met die ongelukkige egpare en is laasgenoemde se intimiteit minder bevredigend, hul konflikte meer en die hantering daarvan minder effektief. Die onseker egpaar beleef weliswaar baie aangename gevoelens, maar hulle beleef ook sterk onaangename gevoelens. Ten spyte van 'n positiewe houding teenoor mekaar hanteer hulle egter hul onaangename gevoelens nie altyd ewe goed nie. Die egpare se houding jeens mekaar en hul

verhouding, die inhoud van hulle kennisies en hul denkpattone met betrekking daartoe, sowel as hul gedrag teenoor mekaar hou oënskynlik almal terselfdertyd verband met die mate van geluk wat die egpare beleef.

Die gelukkige egpare en tot 'n groot mate ook die onseker egpaar, openbaar oor die algemeen 'n meer positiewe empatiese **houding** jeens mekaar as die ongelukkige egpare. Hul verbintenis tot die verhouding, wedersydse aanvaarding, erkenning van hul eie en mekaar se behoeftes, gevoelens, standpunte en konflikstyle fasiliteer oënskynlik mekaar se emosionele en seksuele intimiteit. Verder bevorder hul bereidheid om oor verskille te praat en om tot 'n wedersyds bevredigende afhandeling van konflikte mee te werk, ook hul geluk. Afgesien van die ongelukkige egpare se weerstand om mekaar se menswees te akkommodeer en hul algemene neiging tot geringskatting, openbaar hulle tydens konflikte minagting, vyandigheid, sowel as minder tegemoetkoming en weerstand teen effektiewe gesprekvoering.

Gepaard met die bogenoemde houding is gelukkige egpare se **kognitiewe funksionering** fasiliterend vir bevredigende intimiteit en konflikthantering. Hulle is naamlik, meer as die ongelukkiges, bekend met mekaar se behoeftes, geneig om dieselfde standpunte as hul gades te huldig oor kernwaardes, positiewe optrede van hul gades te antisipeer, bereid om nuwe inligting oor hul gades se behoeftes te assimileer en hul aannames oor die ander se motiewe te verifieer voor hulle onjuiste afleidings maak. Die onseker egpaar deel wel tot 'n groot mate die positiewe kennisies wat die gelukkige egpare het, maar hul denkpattone stem meer ooreen met dié van die ongelukkige egpare.

Voorts is die gelukkige egpare, meer as die ongelukkiges en die onseker egpaar, geneig tot **gedrag** wat emosionele en seksuele intimiteit uitbou en konflikte minimaliseer of die hantering daarvan verbeter. Hulle interaksie van aangename aard word oor die algemeen gekenmerk deur meer en dieper selfopenbaring, ondersteuning wat meer in ooreenstemming is met wat hul gades nodig het, meer gedeelde aktiwiteite, gereelder verbale en nie-verbale liefdesbelyding, sowel as meer tevredenheid met hul seksuele interaksie. Ten spyte daarvan dat drie van die

gelukkige egpare se konflikthantering gekenmerk word deur periodieke hewige woordewisselinge en ses van hierdie egliede neig tot aanvanklike konflikvermyding, openbaar al die gelukkige egpare egter terselfdertyd veel minder vyandige gedrag jeens mekaar as die ongelukkige egpare. Oënskynlik fasiliteer die feit dat hulle meer tyd en energie investeer in aangename interaksie en hulle baie minder konflikte het as die ongelukkiges, hul meer effektiewe konflikthantering. Die vier ander gelukkige egpare openbaar tydens konflikte meer gematigde gedrag en het meer beheer oor wat hul kwytraak. Die gelukkige egpare benut egter ook hul stilswyes oor verskillende konstruktief. Die situasie word analiseer, emosionele beheer word verkry en/of gevoelens word verwerk sonder bespreking. Hierteenoor kan stilswyes eerder bydra tot opbouende vyandigheid by die ongelukkige egpare.

Alhoewel alle egpare uiteindelik wel hul konflikte bespreek, skyn die gelukkige egpare dit meer gereeld af te handel tot wedersydse bevrediging. Die tendens dat daar 'n verband bestaan tussen bevredigende intimiteit en minder konflikte, sowel as die beter hantering daarvan, word geïllustreer deur die onbevredigende resultate op die een ongelukkige man se pogings tot meer gedeelde aktiwiteite, terwyl die egpaar nie oor die gepaardgaande goeie houding, denkpatrone en kommunikasie beskik nie.

8.6.3 VERSKILLE TUSSEN MANS EN VROUE SE HANTERING VAN HULLE GEVOELENS

Enkele verskille manifesteer in egpare se **gedrag**, maar nie soseer met betrekking tot die **houdings- en kognitiewe komponente** van hulle affektiewe funksionering nie.

Sekere tendense kom voor ten opsigte van **selfopenbaring**. Dit wil voorkom asof die mans oor die algemeen aanvanklik meer huiwer om ontsteltenis te openbaar en dat sommige ook probleme het om woede uit te spreek. Die gelukkige vroue gun hul mans hul aanvanklike terughouding, terwyl dit wil voorkom asof die mans van die enkele terughoudende vroue hul gouer aanpor tot selfopenbaring.

'n Aantal mans keur volgens hul vroue ook die wyse af waarop hulle hul emosies hanteer en gee dan dikwels onwelkome raad in plaas van **emosionele ondersteuning** en luister nie op aanvaardende wyse tydens konflikte nie. In die lig daarvan dat die geraadpleegde vriende glo dat van die mans wat meen dat hulself konflikte meer "rasioneel" of "taakgerig" hanteer, eintlik eweneens uiters emosioneel reageer, word volstaan met die afleiding dat dit die mans se belewenis is dat die vroue meer emosioneel optree tydens konflik.

Met betrekking tot **liefdesbetuiginge**, meen die gelukkige vroue dat hul meer gereedlik hul gevoelens verbaliseer. Dit blyk dat twee meer vroue as mans van gereelde aanraking gebruik maak en hul wil meer hiervan, sowel as gereelde samesyn, van hul mans hê. Bogenoemde geld ook vir die ongelukkige vroue en dié twee wie se mans emosioneel en seksueel onttrek tydens stres en werksdrukte.

Meer mans as vroue meen dat hulle in gebreke bly om tasbare blyke van liefde te gee, maar hul wys baie gereeld op hul hulpverlening aan hul vroue as 'n vorm van liefdesbetoning. Alhoewel die gelukkige mans tevrede is met die aard en omvang van hul interaksie met hul vroue, bevestig meer mans as vroue hul behoefte aan 'n hoër frekwensie seksuele verkeer.

In die finale hoofstuk word hierdie bevindinge integreer met die inligting wat in die literatuuroorsig weergegee is oor jong egpare se affektiewe funksionering.

DEEL VIER SLOTPERSPEKTIEF

HOOFSTUK NEGE GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

9.1 TENDENSE IN JONG WERKENDE EGPAIRE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

9.2 KRITIESE BEOORDELING VAN DIE NAVORSING

9.3 AANBEVELINGS VIR DIE BENUTTING VAN DIE NAVORSING EN VIR VERDERE NAVORSING

HOOFSTUK NEGE

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Soos reeds aangedui, is hierdie navorsing onderneem in die lig van die negatiewe gevolge van die hoë insidensie van egskeidings by die huidige generasie jong egpare, wat meestal beide deel is van die beroepsmark. Verder is spesifiek op hierdie deel van hul funksionering gefokus, omdat beperkte inligting beskikbaar is oor hoe dié groep hul aangename en onaangename gevoelens hanteer. 'n Literatuurstudie is onderneem en response is van werkende jong egpare met een of meer voorskoolse kinders verkry oor die aard van hul affektiewe funksionering. In hierdie slothoofstuk word die literatuurgegewens en die response geïntegreer ten einde tendense in dié verband te bepaal. Die waarde van die verkreeë resultate, sowel as die doeltreffendheid van die navorsingsproses word beoordeel en aanbevelings word met betrekking tot beide die benutting van die bevindinge en verdere navorsing gedoen. Die hoofstuk word soos volg ingedeel:

- 9.1 Tendense in jong werkende egpare se affektiewe funksionering
- 9.2 Beoordeling van waarde en aard van die navorsing
- 9.3 Aanbevelings oor die benutting van die navorsingsbevindinge en verdere navorsing.

9.1 TENDENSE IN JONG WERKENDE EGPARE SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

Die literatuurstudie en die deelnemers aan die navorsing se response dui daarop dat:

- beide gelukkige en ongelukkige egpare aangename en onaangename gevoelens het, maar dat die ratio waarin dit voorkom die egpare se mate van geluk bepaal,


- aangename affektiewe funksionering te make het met egpare se aangename gevoelens (liefde) teenoor mekaar, sowel as met hul aangename interaksie (emosionele en seksuele intimiteit) wat daaruit voortspruit,
- egpare se onaangename affektiewe funksionering sluit hul onaangename gevoelens jeens mekaar (ontevredenheid) en hul onaangename interaksie (konflikhantering) in.

Na aanleiding van die literatuurstudie is tot die slotsom gekom dat jong werkende egpare se sosiale konteks, elke eglied se biologiese funksionering en sekere komponente van elkeen se psigologiese funksionering, 'n rol speel in hul affektiewe funksionering. Aan die einde van die literatuurstudie is 'n Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering saamgestel om die wisselwerking tussen die bio-psigo-sosiale aspekte van jong egpare se affek jeens mekaar en hul gepaardgaande interaksie aan te dui. 'n Visuele voorstelling van die model is in Figuur 5.1 weergegee. Met die oog op hierdie bespreking word dieselfde figuur as Figuur 9.1 aangebied om die wisselwerking tussen die genoemde aspekte van die egpare aan te dui. Die deelnemers aan hierdie navorsingsprojek het dienooreenkomstig verwys na die besondere eise wat hul sosiale konteks aan hulle stel en dit was duidelik dat dié eise, hul biologiese funksionering en komponente van hul psigologiese funksionering in wisselwerking met mekaar, 'n rol speel in die egpare se affektiewe funksionering.

Daar word van 'n indeling gebruik gemaak om die kompleksiteit van jong werkende egpare se affektiewe funksionering en die voortdurende wisselwerking tussen die genoemde bio-psigo-sosiale aspekte te bespreek. Dit sal deurentyd blyk dat daar 'n vervlegtheid bestaan met betrekking tot die inligting. Die rol van elkeen van die bogenoemde aspekte, naamlik dié van egpare se sosiale konteks en hul biologiese en psigologiese funksionering, word as vertrekpunt vir die bespreking gebruik.

BIOPSIGOSOSIALE MODEL VIR EGPAARFUNKSIONERING

JONG WERKENDE EGPAAR SE AFFEKTIEWE FUNKSIONERING



Figuur 9.1 Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering soos benut vir die voorstelling van jong werkende egpare se affektiewe funksionering.

Verder word die relevante inligting, met die oog op meer duidelikheid, sover moontlik geïntegreer in ses tabelle (9.1 tot 9.6). In die tabelle word die egpare se hantering van hul houdings, hul kennisies en hul gedrag, soos dit in wisselwerking verkeer met hul affektiewe funksionering, opsommenderwys weergegee. Dié inligting word egter deurentyd in verband gebring met die egpare se sosiale konteks en met verskille wat met geslag te doen kan hê. In die bespreking word daar dus telkens verwys na die tabelle wat die volgende inligting bevat:

- inligting wat geassosieer word met gelukkige egpaarinteraksie word vergelyk met dié wat meer kenmerkend is van die ongelukkige egpare se interaksie;
- die tendense met betrekking tot die egpare se aangename en onaangename affektiewe funksionering word gelyktydig aangebied en dus word verwys na egpare se aangename en onaangename gevoelens, sowel as na hul gepaardgaande intimiteit en konflikthantering;
- die literatuurgegewens, wat met 'n L aangedui word en die deelnemers aan die navorsing se response, aangedui met 'n R, word gesamentlik in elke tabel aangebied en
- verskille tussen mans en vroue se funksionering word met betrekking tot elke komponent in aparte tabelle aangedui.

Die tabelle word eers aangebied by die bespreking van die egpare se psigologiese funksionering (9.1.3) waarmee dit direk in verband staan, maar daar word reeds daarna verwys in die bespreking van die rol van die sosiale konteks en dié van egpare se biologiese funksionering.

9.1.1 DIE ROL VAN JONG WERKENDE EGPARE SE SOSIALE KONTEKS IN HUL AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

Die egpare met wie onderhoude gevoer is, deel almal tot 'n groot mate dieselfde sosiale konteks: in al die gevalle werk albei egliede, almal het een of meer voorskoolse kinders, almal handhaaf 'n egalitêre stelsel en almal is blootgestel aan die huidige paradigmas oor egpaarfunksionering (sien hoofstuk 2 en 8.3). Hierdie egpare maak

dus deel uit van die populasie waarvan die egskeidingsyfer onrusbarend hoog is en waarvan aanvaar word dat hulle moeilik die dubbele eise wat tans aan hul funksionering as egpare en werknemers gestel word, kan hanteer.

Die egpare het gevolglik almal aangedui dat die sosiale konteks hulle affektiewe funksionering benadeel in die lig van die volgende probleme: rolorbelading as gevolg van hul dubbelloopbane, periodieke ekstra werkverpligtinge en eksamens, min tyd vir interaksie en die gevolglik groter hoeveelheid stres wat soms hiermee gepaard gaan. Dit blyk dat veral hul beperkte tyd vir mekaar en meer stres die jong egpare se emosionele en seksuele intimiteit kan kortwiek en konflikthantering bemoeilik.

Dis egter opvallend dat die huidige sosiale konteks ook positiewe gevolge inhou vir die affektiewe funksionering van die gesin. Anders as wat sekere literatuurgegewens suggereer, is al die manlike respondente by die totaliteit van huislike verpligtinge en veral by al die aspekte van die kinders se versorging betrokke. Literatuurgegewens wat die tendens om egalitêre rolverdelings algeheel te aanvaar onderskryf, dui daarop dat sodanige tendens kan saamhang met die respondente se hoër ouderdom, albei egliede se beter akademiese kwalifikasies en hul gevolglike behoeftes aan beroepsbeoefening. Dit blyk dat die egpare se emosionele intimiteit tans ook baat by die feit dat hulle, vanweë hul beroepsbetrokkenheid, wedersydse ondersteuning kan bied en goeie gespreksgenote kan wees.

Uit die voorafgaande blyk reeds 'n vorm van wisselwerking tussen egpare se sosiale konteks en hul biologiese reaksies wat fisiese uitputting en hoë stres insluit. Daar is ook verwys na sommige vroue se gevolglik verminderde belangstelling in seksuele verkeer. 'n Aantal mans vind die inhiberende effek van hul vroue se fisiese uitputting op hul seksuele intimiteit moeilik om te hanteer. Dit blyk egter dat verskille tussen mans en vroue se hantering van hul sosiale konteks nie so groot is nie: daar is aanduidings dat beide geslagte emosioneel en seksueel kan onttrek en dat almal meer prikkelbaar kan raak as hul meer werkstres en minder ontspanning beleef. Dit mag egter wees dat vroue se behoefte aan ondersteuning oor die algemeen meer validering

mag insluit, terwyl die mans fisiese hulpverlening as aangewese steun sien (sien Tabel 9.6).

Dit is egter betekenisvol dat van die gelukkige egpare, wat selfs erger geraak word deur hierdie faktore as een van die ongelukkiger egpare, tog daarin slaag om gelukkiger interaksie te laat realiseer. Dit wil voorkom asof dit juis die gelukkige egpare se beter hantering van een of meer van die komponente van hul psigologiese funksionering is, wat daartoe kan bydra dat hulle hul fisies uitputtende en psigologies veeleisende situasie goed die hoof bied.

- ♦ Gelukkige egpare openbaar 'n positiewe, "ruimteskeppende" houding. Dit word gekenmerk deur 'n sterk verbintenis, die aanvaarding van onder andere mekaar se loopbaanbehoefte, empatie met mekaar se probleme en oënskynlik toenemende diensbereidheid by die mans met betrekking tot huishoudelike take en kinderversorging (sien Tabel 9.1 by 9.1.3.1).

- ♦ Gelukkige egpare se kennisies fasiliteer hul aanpassing by hul sosiale konteks. Hulle het positiewe verwagtinge van hul huwelike, het dieselfde werkswaardes en aanvaar dus die dubbelloopbaansituasie met 'n realistiese siening van egalitêre werkverdeling en hulle hou rekening met die effek van werkstres op hul gades se vermoëns tot bevredigende intimiteit en konflikthantering (sien 9.3 by 9.1.3.2).

- ♦ Gelukkige egpare se gedrag dra daartoe by dat hulle die negatiewe impak van die sosiale konteks meer kan uitkanselleer. 'n Egalitêre stelsel word toenemend algemeen aanvaar, hulle poog om tyd te maak vir ondersteunende en vriendskaplike gesprekke en vir seksuele interaksie. Hulle dui egter aan dat sommige vroue se moegheid wel seksuele intimiteit inhibeer en dat ongewone vermeerdering van werkverpligtinge besondere eise stel aan hul vermoëns tot konflikbeheer en -hantering (sien Tabel 9.5 by 9.1.2.3).

9.1.2 DIE ROL VAN JONG WERKENDE EGPARE SE BIOLOGIESE FUNKSIONERING IN HUL AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

Die literatuurstudie en die deelnemers se response werp lig op hoe aspekte van elke eglied se biologiese funksionering, in wisselwerking met die egpaar se sosiale konteks

en elkeen se psigologiese funksionering, jong werkende egpare se affektiewe funksionering kan beïnvloed.

Daar is reeds verwys na die verswarende effek wat fisiese uitputting het op jong egpare se positiewe en negatiewe affektiewe funksionering. Alhoewel in die literatuurstudie gewag gemaak is van siektetoestande en medikasie (onder andere voorbehoedmiddels) wat egpare se funksionering kan benadeel, het net een van die ongelukkige vroue ernstige probleme met PMS (premenstruele sindroom) en haar gepaardgaande prikkelbaarheid en algehele onttrekking van intimiteit, berig.

Soos reeds aangedui, is daar oënskynlik minder verskille tussen mans en vroue se rolbekleding en word daar toenemend androgeniteit met betrekking tot huishoudelike take openbaar. Dit wil egter voorkom asof sekere verskille in affektiewe funksionering, wat met geslag assosieer word, meer voorkom by ongelukkige egpare. Beide die ongelukkige egpare en die onseker egpaar is naamlik ontevrede met mekaar se wyse van ondersteuning, met die tipe vriendskapsaktiwiteite wat hulle deel, met die mate van romantiek en veral met die wisselwerking tussen hul emosionele en seksuele intimiteit. In dié ontoegeeflike atmosfeer poog die mans, sonder genoeg aandag aan die vroue se behoeftes aan emosionele intimiteit, om seksuele verkeer te bewerkstellig. Die vroue benodig egter ter voorbereiding vir seksuele verkeer eers bevestiging van hul mans se liefde, soos meer komplimente, gereelde samesyn en nie-seksueel-georiënteerde aanraking. Hul algemene houding jeens mekaar en soms ook onkunde oor mekaar se funksionering, irrasionele verwagtinge en mites oor seksuele interaksie benadeel verder geslaagde interaksie. Dit blyk dus dat komponente van die egpare se psigologiese funksionering ook weer in wisselwerking is met die biologiese funksionering van die egpare.

Afgesien van die negatiewe effek wat die verskille tussen die ongelukkige mans en vroue se denkprosesse en behoeftes op hul intimiteit het, kan hul konflikthantering ook daardeur benadeel word. Veral die ongelukkige egpare en die onseker egpaar se negatiewe houding teenoor die oplossing van konflikte wat te doen het met uiteenlopende "geslagtipiese behoeftes", onkunde oor die rasionaal van dié verskille, of irrasionele aannames oor gedrag wat sogenaamd tipies van mans en vroue is, sowel

as die gepaardgaande gedragsverskille, bemoeilik hul konflikthantering (sien Tabel 9.2, 9.4 en 9.6).

Hierteenoor blyk dit dat die gelukkiger egpare verskille wat moontlik met hulle geslag verband kan hou, makliker psigologies hanteer:

- ♦ Realistiese verwagtinge oor moontlike verskille met betrekking tot emosionele en seksuele behoeftes, sowel as met betrekking tot hul konflikthantering kan jong egpare se affektiewe funksionering fasiliteer. Daar word algemeen geglo dat die mans meer seksuele kontak en die vroue meer emosionele uitruiling wil hê, maar beide geslagte verwag ook dat hul gades nie altyd in hul behoeftes kan voldoen nie (sien Tabel 9.4 by 9.1.3.2).

- ♦ Gelukkige egpare se realistiese verwagtinge en hul houdings oor "geslagsverskille" (aanvaarding van verskillende behoeftes en diensbereidheid) fasiliteer hul intimiteit en hul konflikthantering. Die gelukkiger vroue aanvaar soms hul mans se seksuele attenties sonder dat hul self behoefte daaraan het en die gelukkige mans aanvaar meer geredelik as die ongelukkige mans hul vroue se moegheid en swak seksuele meelewing. Alhoewel die meeste vroue meer blyke van romantiese betrokkenheid wil hê en dit byvoorbeeld mis dat hulle mans te min kere vir hulle blomme gee, wil dit voorkom asof hulle minder probleme het met die afwesigheid van hierdie blyke as hul mans genoegsaam emosioneel en seksueel betrokke is by hulle, of fisiese hulp verleen (sien Tabel 9.2).

- ♦ Gelukkige egpare se gedrag met betrekking tot sogenaamde "geslagsverskille" blyk ook die impak daarvan op hul affektiewe funksionering te verminder. Hulle akkommodeer dikwels mekaar se verskillende "geslagstipiese" benaderings tot die lewe en hul gepaardgaande behoeftes meer geredelik. 'n Hele paar mans verkies weliswaar om meer dikwels elders te gaan ontspan en hulle wil meestal meer seksuele verkeer hê. Die mans luister nietemin genoeg na wat hul vrouens wil deel, hulle gee mekaar ook meer ruimte om op hul eie manier hul probleme te stel en vind mekaar se tipiese hulpgewing meer aanvaarbaar. Die gelukkige mans het nie aangedui dat hulle die beskikbare vorm van vriendskapsbeoefening, naamlik gesprekvoering,

onaanvaarbaar vind nie. Die vroue wil oor die algemeen meer gereeld intieme samesyn tuis wil hê. Verder is die gelukkige vroue meestal meelewende seksgenote (sien Tabel 9.6).

Dit wil voorkom asof verskille in hul benaderings en hanteringswyses nie gelukkige egpare se konflikthantering dermate benadeel nie. 'n Paar van die mans is soms geneig tot onttrekking vanweë die eise van die sosiale konteks waarin hulle verkeer en hulle luister soms, na hul vroue se oordeel, te min alvorens hulle taakgeoriënteerd en voorskriftelik raak. Hierdie gedrag gee wel aanleiding tot konflik.

Met betrekking tot die wisselwerking tussen sogenaamde "geslagstipiese" gedrag en hulle sosiale konteks moet ook die positiewe gestel word, naamlik dat die huidige beroepsarbeid van die vrou en die gepaardgaande paradigmas aanleiding gee tot meer androgene roltoeskrywing. Egpare mag toenemend die reg hê om as "mense" op te tree en gevolglik die "tipiese geslagsrol" te verwerp.

9.1.3 DIE ROL VAN KOMPONENTE VAN EGPARE SE PSIGOLOGIESE FUNKSIONERING IN HUL AFFEKTIEWE FUNKSIONERING

Uit die voorafgaande bespreking van die rol van die egpare se sosiale konteks en hul biologiese funksionering, is telkens aangedui van watter deurslaggewende betekenis sekere komponente van die egpare se psilogiese funksionering is vir bevredigende affektiewe funksionering. Uit die integrasie van die relevante inligting in Tabele 9.1, 9.3 en 9.5, blyk dit dat jong werkende egpare hulself as gelukkig beleef en dat hulle emosionele en seksuele intimiteit, sowel as hulle konflikthantering daarby baat as hulle:

- houding jeens hulself, mekaar en die huwelik positief is,
- realistiese kennisies koester oor hulself, hul eggenote en oor 'n huweliksverhouding en denkfoute vermy, en
- doelbewus ower- en koverte gedrag openbaar wat rekening hou met hul eie, hul eggenote en die verhouding se behoeftes.

Alvorens die wisselwerking tussen hierdie komponente van egpare se psigologiese funksionering met betrekking tot hul affektiewe funksionering bespreek word, word elke komponent se rolverband vervolgens bespreek.

9.1.3.1 Die rol van jong werkende egpare se houdings in hul affektiewe funksionering

Egpare se houding teenoor hulself, hul maats en hul huwelik beïnvloed hul aangename en onaangename affektiewe funksionering. In Tabel 9.1 word deelnemende gelukkige en ongelukkige egpare se houdings met mekaar vergelyk en word aangedui hoe dit verband hou met hul intimiteit en hul konflikthantering. Die response word met 'n R in Tabel 9.1 aangedui, terwyl die toepaslike bevindings uit die literatuur oor egpare se houdings met 'n L in dieselfe tabel aangebied word. Die tabel word as 'n eenheid aangebied op die volgende bladsy.

Uit die tabel blyk die volgende:

- ♦ Die gelukkiger egpare, en ook die onseker egpaar, in teenstelling met die ongelukkige egpare, se houdings word gekenmerk deur 'n sterker verbintenis tot mekaar en die huwelik se welwees. 'n Bereidheid tot moeite met hul intimiteit en konflikthantering volg dus hieruit.
- ♦ Gelukkige egpare openbaar meer diensbereidheid: hulle help mekaar met die huistake, met mekaar se persoonlike behoeftes en is bereid om mekaar se interaksiebehoeftes, hetsy gespreks- of seksuele behoeftes, te akkommodeer. So aanvaar selfs die man wat sy vrou tuis wil hê haar beroepsbehoeftes, en die vroue wat ook hul mans se nabyheid veel meer kere begeer, akkommodeer hul mans se periodieke groter verantwoordelikhede teenoor hulle werk of hul sportaktiwiteite.
- ♦ Die gelukkige egpare aanvaar dus tot 'n groot mate hul verantwoordelikheid vir die eise wat die huwelikslewe stel, sowel as hul eie en hul gades se behoeftes. Dis egter opvallend dat selfs die gelukkige egpare moeilik dié behoeftes en eienskappe wat die verhouding kan bedreig, aanvaar. 'n Aantal egpare dui aan dat hulle mekaar wou verander en verder dat té veel buite-aktiwiteite ook verwerp is.

Tabel 9.1 Tendense in jong egpare se affektiewe funksionering met betrekking tot hul houdings

Gelukkige egpare	Ongelukkige egpare
Verbintenis L: Verbintenis tot en moed vir die huwelik (2.3.3, 2.4.3; 5.2.3.1, 5.2.5.2) R: Neem verantwoordelikheid vir behoud van huwelik en vir welwees van maat (8.3.1.1, 8.4.1.1) Glo egpare moet positief bly, en glo in huwelik (8.3.1.1) Aanvaarding/erkenning L: Aanvaar eie menswees: regte, menings, gevoelens, beroeps-, ouerskap-, fisiese en seksuele behoeftes (2.3.3-4, 2.4.1+3; 4.1-2, 4.4-7; 5.2.3.1, 5.2.5.2, 5.3.3.1, 5.3.3.3) R: "Selftevredene"; gelyke vennootskap en reg tot eie behoeftebevrediging (8.3.1.1) Beskou as reg om seksuele behoeftes te stel (8.3.2.1) en op eie wyse konflik te hanteer (8.4.1.1) L: Aanvaar en erken maat se menswees: regte, menings, gevoelens, beroeps-, ouerskap-, fisiese en seksuele behoeftes (2.3.3-4, 2.4.1+3, 2.5.3, 2.5.4.2, 2.5.5; 4.1-2, 4.4-7; 5.2.2.2+3, 5.2.3.1, 5.2.5.2, 5.3.3.1, 5.3.3.3) R: Lys goeie eienskappe; respek en ruimte vir menings en behoeftes; maar aanvaar moeilik eienskappe wat verhouding benadeel (bv. Vroue se emosionaliteit) (8.3.1.1) L: Bereid tot tegemoetkoming, kompromie en vergiffenis (5.3.3.1, 5.3.3.3) R: Bereid tot fisiese kontak en tot inagneming van maat se behoeftes (8.3.2.1) Aanvaar mekaar se hantering van konflik (behalwe waar mans emosioneel onttrek weens stres) (8.4.1.1) Wil saamwerk, wil self verander of aanvaar of vergewe (8.4.1.1) Diensbereidheid L: Besorg en bereid tot opofferings en selfverloëning (2.3.3+4, 2.5.3, 2.5.4.2, 2.5.5; 4.1-7; 5.2.3.1, 5.2.5.2) Positiewe gesindheid teenoor eie take in terme van die egalitêre rolverdeling (2.3.3, 2.4.3, 2.5.3, 2.5.4.2, 2.5.5; 4.6-7; 5.3.2.1) R: Maat is hoër prioriteit as kind. Bereid tot moeite vir mekaar, toon liefde deur hulp te verleen (8.3.1.1) Sal ander in ag neem (8.4.1.1) Sal mekaar seksueel akkommodeer (8.3.2.1)	Swak verbintenis L: Hoë egskedingsyfers dui op min hoop vir huwelik en minder konformering by norme (1.1, 2.3.2.5, 2.5.1.2, 2.5.4.3) R: Nie-noodsaak om verhouding te behou (8.3.1.1, 8.4.1.2) Van begin af min hoop vir huwelik, wil nie meer probeer nie (8.3.1.1, 8.4.1.1) Nie-aanvaarding/erkenning L: Ontoereikende selfaanvaarding (2.3.2.3-5, 2.3.3.1, 2.4.3.1; 5.2.2.3, 5.2.4.3, 5.3.2.3, 5.3.3.1+3) R: Meld eie tekortkominge; is onseker oor hantering van intimiteit en konflik (8.3.1.1, 8.4.1.1) L: Huidige paradigmas oorbeklemtoon persoonlike bevrediging (2.2, 2.3.2, 2.2.4.2, 2.5.2-3; 5.2.2.3, 5.3.2.3, 5.3.3.1+3) Selfgesentreerdheid: sien maat as plaasvervangende ouer, erken nie maat se menswees nie (5.2.2.3, 5.3.2.3, 5.3.3.1+3) R: Lys reeks negatiewe eienskappe van maat, aanvaar moeilik verskille en ervaar geringskatting en minagting (8.3.1.1, 8.4.1.1) L: Verwag dat maat te alle tye hulp en emosionele en seksuele geluk sal verskaf (2.1, 2.2.2-3, 2.5.3; 5.2.2.3, 5.2.4.3, 5.3.2.3) R: Maat moet altyd emosioneel of seksueel beskikbaar wees (8.3.1.1, 8.3.2.1) Nie-tegemoetkomend m.b.t konflik- resoluie (8.4.1.1) Nie diensbereid nie L: Magstryd; nie bereid tot opoffering of ander se belang te soek nie (2.2, 2.3.2+3, 2.4.2, 2.5.4.3; 4.3, 4.6; 5.3.2.3, 5.2.4.3, 5.3.3.1) Nie bereid tot akkommodering van eise van sosiale konteks (2.3.2+3, 2.4.2, 2.5.4.3; 4.6-7; 5.2.4.3, 5.3.2.3) R: Een vrou wil nie gunste bewys nie, ander doen spesiale dinge (maar beskou as deel van huisvrourol) (8.3.1.1), beide vroue is seksueel ongeneë (8.3.2.1)

Aanvaar eise van maat se werk, deel take m.b.t huis- en kinderversorging (8.2.1.1, 8.3.1.1) Empatiese sensitiviteit • L: Oop vir bewuswording van maat se behoeftes en bereidheid om begrip te toon (2.3.3, 2.4.3, 2.5.4.2, 2.5.3, 2.5.5; 4.4, 4.7; 5.2.2.2, 5.2.3.1, 5.2.5.2, 5.3.3.1) • R: Wil mekaar verstaan en voldoen aan emosionele en seksuele behoeftes (8.3.1.1, 8.3.2.1) Bereid om te luister en te verstaan tydens konflik (8.4.1.1)	Ontevrede oor maat se absorpsie in werksverpligtinge, alle eggenote wel bereid tot hulp met huishoudelike take en kinderversorging (8.2.1.1, 8.3.1) Ontoereikende sensitiviteit • L: Onsensitief vir mekaar se praktiese, emosionele en seksuele behoeftes (2.2, 2.3.2+3, 2.4.2, 2.5.4.3; 4.4; 5.3.2.3, 5.3.3.3) • R: Algehele taak i.p.v mensgeoriënteerdheid (2.1.2, 2.3.2, 2.4.2; 5.2.2.3, 5.2.4.3, 5.3.2.3) Het nie deernis as maat probleme (8.3.1.1) of seksuele behoeftes het nie (8.3.2.1) Is ingestel op eie aktiwiteite (8.3.1.1), nie ruimte vir gevoelens of tegemoetkoming – fokus op probleme (8.4.1.1)
---	---

Nota: L = Literatuurgegewens R = Response van deelnemers

♦ Hulle openbaar dus gevolglik 'n meer empatiese ingesteldheid teenoor mekaar as die meer ongelukkige egpare.

♦ Dit wil voorkom asof die grootste verskil tussen gelukkige en ongelukkige egpare se hantering van hul negatiewe affek geleë is in die deurlopende betoning van respek en dus in die vermyding van enige vorm van minagting of vernedering. Dit blyk dat hulle meestal bereid is tot begrip en/of tegemoetkoming.

'n Balans word egter deur gelukkige egpare gehandhaaf met betrekking tot die twee egliede se behoeftebevrediging. Alhoewel die gelukkige egpare ingestel is op mekaar se geluk, blyk dit dat hulle ook deurentyd hul eie behoeftes en dit wat nodig is vir bevredigende emosionele en seksuele intimiteit, in ag neem. Hierteenoor sneeubal ongelukkiger egpare se gebrek aan empatie met mekaar tot die oordrag van minagting en geringskatting, minder diensbereidheid ten opsigte van persoonlike gunste en hulle akkommodeer hul maats se emosionele en seksuele behoeftes, sowel as hul konflikstyle, moeiliker.

Verskille tussen mans en vroue

Verskille tussen mans en vroue se houdings met betrekking tot hul affektiewe funksionering word in Tabel 9.2 aangebied. Verskille tussen literatuurgegewens en die response oor mans se betrokkenheid word aangedui. Daar word ook gewys op die

probleme wat selfs die gelukkige egpare wat aan die navorsing deelgeneem het (R) ondervind het met die mans se rasionele inslag, teenoor die emosionele benadering van vroue. Die literatuurgegewens in hierdie verband stem ooreen met die response.

Tabel 9.2 Verskille tussen die mans en vroue se affektiewe funksionering betrekking tot hul houdings

Mans se houding	Vroue se houding
• L: Mans aanvaar eise van egalitêre rolverdeling moeiliker, maar geneig tot blote spel met hul kinders (2.3.2, 2.4.2; 5.2.4.3, 5.3.2.3) R: Mans aanvaar egalitêre rolverdeling; totale versorging van kinders; sien hulp as vorm van liefdesbetuiging, vroue sien hulp as deel van hul verantwoordelikheid (8.2.1.1, 8.3.1.1, 8.3.1.3) • L: Mans erken moeilik vroue se "tipiese" behoeftes en optrede; sien hulle as te "emosioneel" en bejeën dit as minderwaardig (3.2.2+3; 5.2.2.3, 5.2.4.3, 5.3.2, 5.3.2.4) R: Mans erken vroue se behoeftes aan emosionele ekspressie m.b.t probleme en konflikte moeilik (8.3.1.1, 8.4.1.1)	• L: Werkende vroue verwag egalitêre stelsel; hul verbintenis minder as mans nie oorbelading verlig nie (2.3.2, 2.5.4.3; 5.2.4.3, 5.3.2.3) R: Verbintenis en egalitêre stelsel oor algemeen teenwoordig; een ongelukkige vrou wie se man wel help, bly in huwelik ten spyte van min verbintenis (8.2.1.1, 8.3.1.1) • L: Vroue erken mans se tipiese behoeftes en optredes moeilik: keur hulle "rasionele aanslag" af en ervaar dit as geringskatting (3.2.2+3; 5.2.2.3, 5.2.4.3, 5.3.2.4) R: Vroue keur die mans se taak-georiënteerdheid as geringskatting af (8.3.1.1, 8.4.1.1)

Nota: L = Literatuurgegewens

R = Response van deelnemers

Alhoewel in Tabel 9.2 aangedui word dat die rolbekleding met betrekking tot take waarskynlik tans makliker verloop, kan die verskille in mans en vroue se benadering 'n verswarende effek hê op hul intimiteit en konflikthantering. Wanneer mans se mate van rasionele benadering aanleiding gee tot hulle verwerping en geringskatting van hul vroue se emosionele ingesteldheid, skep dit weerstand by laasgenoemde. Vroue mag minder bevrediging put uit selfopenbaring en self ook met afkeer reageer op hulle mans se konflikstyle.

9.1.3.2 Die rol van jong werkende egpare se kognisies in hul affektiewe funksionering

Die inhoud van egpare se kognisies oor hulself, hul maats en die aard van en elkeen se regte met betrekking tot intimiteit en konflikthantering kan ook neerslag vind in hul denkpatrone. Die gelukkige en ongelukkige egpare verskil met betrekking tot beide die inhoud van hul kognisies en die aard van hul denkpatrone (soos blyk uit Tabel 9.3).

Tabel 9.3 Tendense in jong egpare se affektiewe funksionering met betrekking tot hul kognisies

Gelukkige egpare	Ongelukkige egpare
Realistiese kognitiewe inhoud • L: Realistiese verwagtinge m.b.t. eise van huidige huwelike (2.3.3, 2.5.4.2; 4.5; 5.2.3.2, 5.2.5.3, 5.3.1.1, 5.3.3.1-2) R: Aanvaar dat vroue sal werk, dat die mans medeverantwoordelikheid moet neem en dat kinders tyd sal vereis (8.2.1.1, 8.2.2.1+2) • L: Realistiese en ooreenstemmende sienings oor waardes, intimiteit en konflik (2.4.3.2; 5.2.3.2) R: Verwag harde werk en onderlinge verskille (8.3.1.1) Glo vroue moet toegee aan mans se sterker seksuele behoeftes (8.3.2.2) Verwag doelbewuste konflikthantering (8.4.1.2) Dieselfde waardes oor emosionele intimiteit (8.3.1.2) en konflikthantering (8.4.1.2) • L: Akkurate selfkennis en kennis van mekaar as basis vir onderhandeling oor intimiteit en konflikte (3.1; 4.1; 5.2.3.2, 5.2.5.3, 5.3.2.3) R: Aanvaar kennis van mekaar is nodig (8.3.1.2, 8.3.2.2, 8.4.1.2) Ontleed gesinne van herkoms en eie persoonlikhede (Insig alleen maak nie meer vaardig nie (8.3.1.2, 8.4.1.2) • L: Herroep positiewe herinneringe oor intimiteit en konflikthantering (3.1; 4.1, 4.5; 5.2.3.2, 5.2.5.3) R: Herinner self aan maat se goeie motiewe en vorige suksesse (8.3.1.2, 8.4.1.2) • L: Doelbewuste analise en herdefiniëring om intimiteit en probleemoplossing te fasiliteer	Negatiewe kognitiewe inhoud • L: Huldig mites en onrealistiese verwagtinge oor 'n emosionele hemel, perfekte seksuele en konflikvrye interaksie of glo nie aan houdbaarheid van huweliksverhouding nie (2.2, 2.5.3, 2.5.4.1; 4.5; 5.2.3.2, 5.2.4.3, 5.2.5.3, 5.3.2.3, 5.3.3.1-2) R: Een paar het wel realistiese, amper negatiewe verwagtinge, maar beide pare aanvaar moeilik optrede van maats wat verskil van dié van ouers (8.3.1.2) • L: Verskillende oortuigings oor aard en eise van verhouding (2.2, 2.3.3; 5.2.3.2) R: Konflikte oor aard van intimiteit en konflikthantering (8.3.1.2, 8.3.2.2, 8.4.1.2)

R: Analiseer interaksie en verreken ook ekstere oorsake van probleme (8.3.1.2, 8.3.2.2, 8.4.1.2) Korrekte denkpatrone • L: Vermoed denkfout: deur realistiese analise en verifiëring van aannames (4.5; 5.2.3.2) • R: Ontvanklik vir nuwe inligting en toets aannames (8.3.1.2, 8.4.1.2)	Verkeerde denkpatrone • L: Waninterpretasies, negatiewe evaluasies en veralgemening na ander situasies (4.5; 5.2.3.2, 5.2.5.3, 5.3.2.3) • R: Antisipeer negatiwiteit; negatiewe afleidings oor motiewe (8.3.1.2, 8.4.1.2)
---	--

Nota: L = Literatuurgegewens

R = Response van deelnemers

- ♦ Gelukkiger egpare se selfkennis, ingeligtheid oor mekaar en realistiese verwagtinge van hul interaksie bring blykbaar mee dat hulle hul afleidings oor mekaar se gedrag verifieer voordat hulle sonder meer verkeerde afleidings maak oor die ander se motiewe of katastrofeer oor die gevolge van die ander se gedrag. Met betrekking tot hulle intimiteit wil dit voorkom asof meer begrip van mekaar se behoeftes en hul doelbewuste fokus op die positiewe eienskappe van hul gades en/of op aangename aspekte van hul samesyn, meer manifesteer by gelukkige egpare.
- ♦ Ongelukkiger egpare se té rooskleurige of té negatiewe verwagtinge van mekaar en/of 'n huweliksverhouding hou moontlik verband met hul gereedheid om hul maats se houdings, kennisies en gedrag geredelik te interpreteer as kwaadwillig. Dit blyk dat afleidings oor die maat se gedrag, wat gegrond is op hul waarneming van die onderskeie gesinne van herkoms, almal se insig verbeter en moontlik meer deernis meebring by die gelukkige egpare, terwyl die ongelukkiges eerder die inligting teen mekaar gebruik tydens rusies.
- ♦ Veral met betrekking tot konflikthantering skep ongelukkiges se negatiewe verwagtinge van mekaar en hul verskillende waardes oor intimiteit saam met hulle geneigtheid om negatiewe motiewe by hul maats te antisipeer, ernstige probleme.

Verskille in mans en vroue se kennisies kan hul affektiewe funksionering negatief raak. Vanuit Tabel 9.4 is dit duidelik dat die literatuurgegewens (L) op meer verskille dui in mans en vroue se verwagtinge van mekaar se ingesteldheid en behoeftes as wat die geval is met die deelnemerresponse (R).

Tabel 9.4 Verskille tussen mans en vroue se affektiewe funksionering met betrekking tot hul kognisies

Mans	Vroue
• L: Mans verwag inperking t.o.v. beweging en spraak; is gereed tot weerstand (2.3.2.2) Egter ook behoefte om tradisionele rolle op te hef (3.2.1.1, 3.2.2.1, 3.2.3; 5.3.3.2) • R: Mans kon ingeperktheid verwag het, maar is tans tevrede met situasie (8.3.1.3) • L: Mans verwag meer seksuele inisiatief van die vroue, maar glo dat mans sterker behoeftes het as vroue (3.2.2.4; 5.2.5.3) • R: Mans meld sterker seksuele behoeftes, gelukkiges aanvaar egter vroue se laer frekwensie (8.3.2.2, 8.3.2.3)	• L: Vroue verwag meer van die huwelik en is meer ontevrede met interaksie (3.2.1.1) • R: Geen aanduidings van teleurstelling by net die ongelukkige vroue nie (8.2) • L: Vroue glo dat mans nie egalitêr gaan optree nie; strydvaardig om gelykheid te kry (3.2.2.1; 5.3.3.2) • R: Geen aanduidings van rusies om hulp te bekom (8.2.1.1) • L: Vroue verwag meer emosionele intimiteit van mans, maar glo nie dat hul dit kan gee nie – hulle glo mans sal meer seksueel betrokke wil raak (3.2.2.1; 5.2.5.3, 5.3.3.2) • R: Geen aanduidings dat vroue min emosionele intimiteit verwag nie, maar wel dat hulle meer seksuele aanspraak verwag (8.3.1.2, 8.3.1.3, 8.3.2.2, 8.3.2.3)

Nota: L = Literatuurgegewens

R = Response van deelnemers

9.1.3.3 Die rol van jong werkende egpare se gedrag in hul affektiewe funksionering

Die rol van die gedragskomponent sal met behulp van Tabele 9.5 en 9.6 bespreek word. In eersgenoemde tabel word die optrede van die gelukkige egpare eers vergelyk met dié van die ongelukkiges ten opsigte van die hantering van instrumentele eise en dan met betrekking tot hul aangename en onaangename funksionering. In Tabel 9.6 geniet die relevante verskille tussen die geslagte aandag.

Tabel 9.5 Tendense in jong egpare se affektiewe funksionering met betrekking tot hul gedrag

Gelukkige egpare	Ongelukkige egpare
Vul egalitêre rolle L: Wedersyds bevredigende egalitêre rolsverdeling; meestal mbt voorskoolse kinders beperk tot spel (2.3.3.1+3, 2.4.3.1+2, 2.5.3.1, 2.5.4.2, 2.5.5; 3.2.3; 4.1.2, 4.7.1; 5.2.3.3, 5.2.5.4) Effektiewe organisasie en stresshantering agv oorbelading en te min tyd vir intimiteit (1.2.4.1-3, 1.4.1.3-5, 1.4.2.2; 2.3.3.1, 2.4.3.1+2, 2.4.6.1, 2.5.5; 4.3.2+3, 4.6, 4.7.1; 5.2.3.3, 5.2.5.4, 5.3.2.4) R: Mans doen volle deel (ook met totale kinderversorging) as ekstra werk of eksamens nie tyd opeis (8.2.1.1, 8.3.1.3) Doen selfopenbaring L: Genoeg tyd vir en 'n aanvaarbare vorm van wedersydse selfopenbaring tov belewenisse, behoeftes en frustrasies Akkommodeer verskille in behoefte aan en aard van selfopenbaring (2.3.3, 2.4.2.3, 2.5.5; 4.4+7; 5.2.2.1, 5.2.3.3, 5.2.5.4, 5.3.3.1) R: Openbaar diepste belewenisse, behoeftes en frustrasies; vroue ongemakliker met seksuele behoeftes. Aanvaar meestal aanvanklike terughouding oor probleme of oor seksuele behoeftes Ligte aanmoediging as konflikthantering uitstel maar aanvaarding van style (Paar met baie ekstreme stres minder positief oor style) (8.3.1.3, 8.3.2.3, 8.4.1.3) Verskaf ondersteuning L: Wys betrokkenheid by mekaar se probleme Effektiewe luister- en responderingsvaardighede: validering meer as raadgewing, aanmoediging en hulp-aanbieding wanneer eggenoot gereed is (2.3.3, 2.3.4.2, 2.4.3, 2.5.3, 2.5.4.2, 2.5.5; 4.2-4, 4.6+7; 5.2.2.1, 5.2.3.3, 5.2.5.4, 5.3.3.1) R: Wil betrokke wees en glo dat hul mekaar ondersteun Meestal tevrede (selfs met raadgewing), behalwe pare met mans wat onttrek tydens stres en wie se vroue "oosname" of nie genoeg gevoelsvalidering beleef nie	Vul egalitêre rolle L: Afwesigheid van algehele egalitêre rolsverdeling en meer oorbelading van die vrou, man ook meer "huistake" (2.3.2.1, 2.4.2.1, 2.5.3.2, 2.5.4.3, 2.5.5; 5.2.2.3, 5.2.4.3, 5.3.2.3+4) Swak stresshantering en meer rolkonflik (2.3.2.2-6, 2.4.2, 2.5.3, 2.5.4.1+3, 2.5.5; 5.2.2.3, 5.2.4.3, 5.3.2.3+4) Onvermoë tot gesprekvoering en organisasie om huishouding te hanteer (2.3.2.3-6, 2.4.2, 2.5.4.1+3, 2.5.5; 5.2.2.3, 5.2.4.3, 5.3.2.3+4) R: Egpare funksioneer egalitêr – behalwe wanneer mans nie tyd beskikbaar het vir hulp met take nie (8.2.1.1) Onbevredigende selfopenbaring L: Te min openbaring van een of beide die eggenote se emosionele en seksuele behoeftes, hul standpunte en frustrasies, of op 'n wyse wat eggenoot of verhouding benadeel Dwang tot dieselfde hoeveelheid, tipe en tydstop van selfopenbaring (2.1, 2.3.2, 2.5.4.3; 5.2.5.3, 5.2.4.3) R: Weerhou diepste belewenisse en veral een paar ook behoeftes en frustrasies; ander paar stel verwykend Verwynt mekaar oor weerhouding en openbaringstyle (8.3.1.3, 8.3.2.3, 8.4.1.2) Weerhou ondersteuning L: Te min tyd en min bereidheid tot hulp of ondersteuning Ooneffektiewe luister- en respondering vaardighede; sonder dat maat gereed is; nie-validering (2.1+2, 2.3.2, 2.5.4.3; 5.2.4.3) R: Pare bereid tot ondersteuning Beleef nie begrip of ondersteuning nie, eerder geringskatting, teregwyding of oormatige emosionele reaksie, sowel as geen ruimte vir eiesoortige verwerking nie (8.3.1.3)

(8.3.1.3)

Deel aktiwiteite

- **L:** Beplan doelbewus vir verskillende tipes gesamentlike aktiwiteite en akkommodeer mekaar se voorstelle mbt ontspanning. Gefokusde aandag op mekaar tydens verskillende tipes gesprekke. Akkommodeer verskillende behoeftes mbt 'n bevredigende balans tussen saamwees en afsonderlikheid (2.3.4.3, 2.4.2.3, 2.4.3, 2.5.3+5; 4.3; 5.2.2.1, 5.2.3.3).
R: Gesels en ontspan saam tuis of elders. Betekenisvolle gesprekke oor funksionele en "persoonlike" temas – soms ligte trant. Tevrede met balans tussen gesamentlike en afsonderlike ontspanningsaktiwiteite – al wil van die mans meer sport beoefen (8.1.3.1).

Positiewe verbale terugvoer

- **L:** Komplimentering en verbalisering van waardering en aangetrokkenheid (2.5.3; 4.3+4, 4.6; 5.2.3.3, 5.2.5.4).
R: Betuig waardering, dankbaarheid, liefde en aangetrokkenheid en gee komplimente – minder by mans wat onttrek tydens werkstres (8.3.2.3).

Gereelde nie-seksuele aanraking

- **L:** Gereelde liefdesbetoning mbv stembuiging, flankering en verskillende tipes aanraking (5.2.5.3).
R: Baie gereelde aanraking, behalwe mans wat geneig is tot onttrekking; minder aanvaarbaar in openbaar (8.3.2.3).

Bevredigende seksuele verkeer

- **L:** Doelbewuste pogings om seksuele verkeer te laat realiseer. Bevredigende hantering van hofmakery; tevredenheid of afwesigheid van probleme met seksuele verkeer. Wedersyds bevredigende akkommodering van verskille tov frekwensie en aard van seksuele verkeer (2.4.2.3, 2.4.3.2, 2.5.4.2, 2.5.5; 5.2.4.1, 5.2.5.4).
R: Reël geskikte tyd vir seksuele intimiteit. Meestal bevredigende hantering van verskille in frekwensie; vroue van mans wat onttrek bekommerd oor moontlike probleme en vind self inisiëring moeilik (8.3.2.3).

Te min gesamentlike aktiwiteite

- **L:** 'n Onbevredigende hoeveelheid en/of tipe gesprekke en gesamentlike aktiwiteite. Min doelbewuste pogings om gesamentlik of op verskillende wyses te ontspan. Swak sinchronisasie van saamwees-behoeftes, een of beide se neiging tot simbiose of te veel afsonderlikheid (2.1, 2.2, 2.3.2; 5.2.2.3).
R: Min tyd, geokkupeerdheid met eie belange verminder geleenthede en te min betrokkenheid by mekaar maak saamwees onbevredigend. Een man reël wel vir saamwees; ander paar byna nooit saam ontspan. Nie aanduidings van behoefte aan simbiose, maar een vrou en man van ander paar eerder geneig tot te veel onttrekking (8.3.1.3).

Min positiewe terugvoer

- **L:** Te min komplimentering en verbalisering van waardering en aangetrokkenheid (5.2.4.3).
R: Min positiewe terugvoer of liefdesbetuiging (8.3.1.3).

Min nie-seksuele aanraking

- **L:** Te min aanraking en flankering; kan nie verskillende behoeftes tov nie-seksuele liefdesbetoning akkommodeer nie (5.2.4.3).
R: Min liefdevolle aanraking buite konteks van seksuele verkeer (8.3.1.3).

Onbevredigende seksuele verkeer

- **L:** Te min tyd en doelbewuste pogings om seksuele verkeer te realiseer. Onbevredigende hantering vanaf hofmakery tot afhandeling van seksuele interaksie. Kan nie verskille tov frekwensie en aard van seksuele verkeer wedersyds bevredigend akkommodeer (2.2, 2.3.2, 2.4.2.1; 5.2.4.3, 5.2.5.4).
R: Nie doelbewuste pogings om seksuele verkeer te realiseer. Min tot geen bevrediging met hofmakery en seksuele verkeer. Mans verkwalik vroue vir hul min seksuele betrokkenheid (8.3.2.3).

Integrasie van emosionele en seksuele intimiteit L: Poog doelbewus om emosionele en seksuele intimiteit te fasiliteer Wedersyds bevredigende akkommodering van verskillende behoeftes tov emosionele en seksuele intimiteit (2.5.3, 2.5.4.2; 5.2.3.3, 5.2.4.2, 5.2.5.4) R: Doelbewuste pogings deur mekaar te bederf met geskenke, hulp; deur die skepping van 'n romantiese milieu, seksuele meelewing en gereelde kommunikasie om positiewe interaksie te verbeter Akkommodering van behoeftes aan bevredigende emosionele intimiteit fasiliteer bereidheid tot seksuele intimiteit (8.3.1.3; 8.3.2.3) Gesonde konflikthantering en -beheer L: Doelbewuste aandag aan konflikte; wedersydse tevredenheid met hantering van konflikte (2.4.2.3, 2.4.3.1, 5.3.2.2) Openbaar 'n gesonde konflikstyl (validering, opponering, of vermyding, maar lae frekwensie en met geen minagting (2.4.2.3, 2.4.3.1, 5.3.2.2, 5.3.3.3) Verkry voldoende emosionele beheer: toon regte houding, benut denke en verbaliseer griewe reg Verskaf geleentheid vir wedersydse standpuntstelling mbv luister en responderingstegnieke Doelbewuste samewerking tot resolusie van probleem en tot herstel van positiewe interaksie; kompromie egter nie altyd moontlik Beperk voorkoms van konflik Akkommodeer verskille in wyse van konflikthantering (5.3.3.3, Bylae B) R: Tvrede met hantering van konflikte Hanteer konflik op validerende of opponerende wyse, maar lae frekwensie en geen minagting, behalwe een paar met besondere druk wat geneig is tot hoër frekwensie en 'n negatiewer houding Meeste verkies en poog om verskillende wyses en met wissellende sukses om beheer te verkry Ruimte vir wedersydse standpunt-stelling, maar geslagsverskille oor aard daarvan skep frustrasie Resolusie word meestal bereik, hoewel nie altyd deur kompromie nie Vermy onnodige konflik of bespreek bedreiginge betyds en verseker genoeg positiewe interaksie	Swak integrasie van emosionele en seksuele intimiteit L: Ontoereikende pogings om emosionele en seksuele intimiteit te fasiliteer Wedersyds onbevredigende akkommodering van verskillende behoeftes tov emosionele en seksuele intimiteit (5.2.4.3) R: Min doelbewuste pogings om mekaar te bederf met iets wat hul geliefd laat voel; of om seksuele askie te verbeter Ontoereikende akkommodering van verskillende behoeftes aan bevredigende emosionele intimiteit beperk bereidheid tot seksuele intimiteit (8.3.1.3, 8.3.2.3) Ongesonde konflikthantering L: Wedersydse ontevredenheid met hantering en katastrofies vir intimiteit (2.4.2.3, 2.4.3.1, 5.3.2.2) Openbaar ongesonde konflikstyl (vyandig-betrokke of – onbetrokke), onbeheersd, hoër frekwensie en met minagting (2.4.2.3, 2.4.3.1, 5.3.2.2, 5.3.3.3) Onbeheersde verbale en nie-verbale ekspressie; geen greep op houding, kennisie of gedrag Weerhou eie of voorkom ander se standpuntstelling deur op te krop of deur kommunikasiefoute Bereik geen bevredigende resolusie nie en herstel nie positiewe interaksie nie Min of geen vorm van beheer of voorkoming van onnodige konflik Akkommodeer nie verskille in konflikthantering nie (5.3.3.3, Bylae B) R: Beleef hantering as vrugteloos en negatief vir verhouding Betrokke- tot onbetrokke-vyandige styl met 'n hoër frekwensie onbeheersde uitbarsings tot korter of langer durende stilstuipes, gepaard met minagting Behoeftes, maar onvermoë tot beheer oor uitlatings Vyandige stilstuipes en afbrekende kontraproduktiewe response Geen finale resolusie of herstel van positiewe interaksie Geen doelbewuste pogings om onnodige konflik te voorkom of te beheer nie Onverdraagsaamheid met mate van emosionaliteit en met die validering van gevoelens (8.4.1.3)
---	--

Ruimte vir mans se aanvanklike huiwering, maar matige ongemak met mate van rasionaliteit versus emosionaliteit (8.4.1.3) Vermeerder positiewe interaksie doelbewus • L: Doelbewuste pogings sodat aangename interaksie onaangename oorskry (2.4.3) • R: Doelbewuste pogings tot effektiewe hantering van konflik of voorkoming van onnodige konflik (8.5.3)	Min aandag aan positiewe interaksie • L: Te min doelbewuste pogings om onaangename te oorskry (2.5.4.3) • R: Te min of oneffektiewe pogings tot aangename interaksie; te veel of oneffektiewe hantering van konflik (gepaard met te veel minagting) (8.5.2)
---	--

Nota: L = Literatuurgegewens R = Response van deelnemers

- ♦ Die hantering van **instrumentele take** word na Tabel 9.6 bespreek.
- ♦ Alle vorme van intimiteit vereis oënskynlik eerstens goeie **selfopenbaring** as basis en dit blyk dat almal - selfs die ongelukkige egpare, hulle behoeftes stel, maar dat laasgenoemdes se kommunikasiestyle nie altyd bydra tot die bevrediging daarvan nie.
- ♦ Soos wat in die literatuur aangedui word, manifesteer gelukkige egpare se **emosionele intimiteit** in beide 'n vorm van ondersteuning en in vriendskap (sien 5.2). Die volgende tendense geld ten opsigte van emosionele intimiteit:
 - Anders as wat algemeen aanvaar word, sluit ondersteuning vir sommige van die gelukkige egpare wel 'n vorm van raadgewing in.
 - Vriendskap behels by die meeste gelukkige egpare en by die onseker egpaar gesprekke oor 'n wye reeks onderwerpe en sluit ook dikwels gedeelde aktiwiteite in.
 - Meestal is dit egter moeilik om aktiwiteite buitenshuis te deel as gevolg van hul kinders en is die egpare aangewese op gesprekvoering tuis.
 - Dit wil egter voorkom asof die gelukkige egpare daarin slaag om 'n balans te vind tussen samesyn en afsonderlikheid - hulle vind meestal relatief baie samesyn aangenaam, of hulle aanvaar geredelik as werksverpligtinge laasgenoemde moeilik maak.
 - Dit blyk egter dat emosionele en seksuele onttrekking in stresvolle tye moeilik verwerk word. Die ongelukkige egpare vind dit nog moeiliker om onttrekking te hanteer en dit gee dus aanleiding tot verwyte en konflikte. Selfs by die gelukkiger egpare veroorsaak onttrekking onsekerheid en ongelukkigheid. Dié wat "afgeskeep" voel is geneig om voortdurend verbale bevestiging te vra van die ander se liefde.

- ♦ **Romantiese en seksuele** betrokkenheid manifesteer soos volg:
 - Gereelde bevestiging van wedersydse waardering vir wat beide doen, skyn oor die algemeen meer gereeld voor te kom by die gelukkiges. Daar is ook enkele gelukkige egpare wat gereeld kleiner geskenke of kaartjies as blyke van hul liefde gee.
 - Alhoewel daar nie veel gerespondeer is oor spesifiek die aard van hul seksuele omgang nie, het die gelukkiges, in teenstelling met die ongelukkiges, aangedui dat hulle tevrede is met hul seksuele interaksie.
 - By die meeste gelukkige egpare is daar gereelde fisiese kontak, terwyl die ongelukkiges se kontak meestal beperk is tot seksuele verkeer.
 - Die gelukkige egpare, oor die algemeen meer as die ongelukkiges, wend ook doelbewus pogings aan om hul seksuele intimiteit (wat romantiese geleenthede en seksuele verkeer insluit) te bevorder en sal dus onder andere ongewone tyd inruim vir seksuele verkeer.
- ♦ Ten opsigte van **konflikhantering** verskil die gelukkiger egpare se gedrag in belangrike opsigte van dié van die ongelukkiges:
 - Die gelukkige egpare het minder konflik as die ongelukkiges. Verskillende redes kan hiervoor aangevoer word. Sommige egpare besluit teen die bespreking van minder belangrike sake, terwyl probleme ook soms verhoed word deur dit betyds te bespreek. Sterk beheer word deur sommiges uitoefen oor woede en veral oor afbrekende opmerkings. In ander gevalle dra die veel meer aangename as onaangename interaksie daartoe by dat die gelukkiger egpare minder konflikte het en hul hantering daarvan as positief beleef.
 - Die ongelukkige egpare bereik moeilik resolusies, herhaal dikwels dieselfde gevegte en benut nie stilstuipes produktief om tot oplossings te kom nie.

In vergelyking met die verskille wat ten opsigte van mans en vroue se houdings en kennis aangedui is, is daar oënskynlik 'n groter onderskeid tussen dié oënskynlik geslagstipiese gedrag wat voortvloei uit hul gevoelens (sien Tabel 9.6).

Tabel 9.6 Verskille tussen mans en vroue se affektiewe funksionering met betrekking tot gedrag

Mans	Vroue
Hantering van egalitêre rolle • L: Mans moontlik tans meer hulp (maar meer spel as versorging van kinders) (2.3.2, 2.3.3, 2.4.2.2, 2.5.3, 2.5.4.3, 2.5.5; 5.2.4.3, 5.2.5.4, 5.3.2.3+4) R: Mans help meestal met alles (8.2.1.1, 8.2.1.2) • L: Mans ontevrede oor effek van oorbelading op vrou se seksuele onttrekking (2.4.2.1, 2.5.5; 5.2.4.3, 5.2.5.4, 5.3.2.3+4) R: Enkele mans en vroue beleef dat hul gades emosioneel en seksueel onttrek a.g.v. werkslading en vind beide vorme van onttrekking onaanvaarbaar (8.2.2, 8.3.2.3) Hantering van positiewe en negatiewe affek • L: Mans m.b.t. selfopenbaring oor probleme: aanvanklike nadenke; logiese analise; individuele verwerking Mans verkies meer afsonderlike aktiwiteite en beleef vroue se "saamwees-georiënteerdheid" as inperkend Mans wil meer aktiwiteite deel Mans openbaar seksuele gevoelens, behoeftes makliker Mans se aanraking is seksueel-georiënteerd Bevredigende konflikthantering moeilik: Mans is geneig om konflik uit te stel, tree outoritêr op, soek feite en keur emosionele reaksie af (3.2.2+3; 5.2.2.3, 5.2.5.1, 5.2.5.4, 5.3.2.4) R: Mans verkies wel geleentheid vir individuele verwerking Mans wil meer geleentheid tot sportaktiwiteite hê; gelukkige pare is tevrede met die balans tussen hul samesyn en hul vryheid tot individuele aktiwiteite Nie duidelike onderskeid nie, enkele mans wil meer seksuele aktiwiteite hê	Hantering van egalitêre rolle • L: Vroue beleef meer oorlading (2.3.2, 2.3.3, 2.4.2.2, 2.5.3, 2.5.4.3, 2.5.5; 5.2.4.3, 5.2.5.4, 5.3.2.3+4) R: Beleef wel soms oorlading, veral as mans weg is (8.2.1.1, 8.2.1.2) • L: Vroue ontevrede oor mans se onvermoë tot emosionele intimiteit (3.2.1.1; 5.2.2.3) R: Enkele mans en vroue beleef dat hul gades emosioneel en seksueel onttrek agv werkslading en vind beide vorme van onttrekking onaanvaarbaar (8.2.2, 8.3.2.3) • L: Vroue se hormonale skommeling benadeel hul emosionele belewenisse en ekspressie van positiewe en negatiewe gevoelens (3.1; 5.2.4.3) R: Een ongelukkige vrou het PMS (8.3.1.3, 8.3.2.3, 8.4.1.3) Hantering van positiewe en negatiewe affek • L: Vroue geneig tot verwerking tydens verbalisering van emosies oor probleme en verkies validering daarvan Vroue wil hul mans voortdurend by hul hê en beleef hul afsonderlikheidsdrang as verwerping Vroue wil meer gesels Vroue openbaar emosionele behoeftes makliker Vroue soek meer verbale en nie-verbale vorme van liefdesbetoning buite seksuele konteks Vroue inisier konflik gouer, soek gelykheid, wil gevoelens bespreek en beleef geringskatting en woede as mans dit nie valideer nie of afkeur (3.2.2.+3; 5.2.2.3, 5.2.5.1, 5.2.5.4, 5.3.2.4) R: Vroue verkies ekspressie en validering van gevoelens Vroue wil meer samesyn hê; gelukkige pare is tevrede met die balans tussen hul samesyn en hul vryheid tot individuele aktiwiteite Nie duidelike onderskeid nie, enkele mans wil meer seksuele aktiwiteite hê

Mans betuig liefde verbaal, en deur aanraking, mans gee min komplimente By ongelukkige pare groter neiging by mans om aanraking en liefdesbetuiging te beperk tot seksuele konteks Mans beskou hulself as rasioneel en keur vroue se emosionaliteit af, maar het ook uitbarstings (8.3.1.3, 8.3.2.3)	Vroue betuig liefde verbaal en deur aanraking; gee meer komplimente; enkeles het meer behoefte aan terugvoer oor voorkoms; paar vroue vind inisiëring van seks moeilik Vroue wil ook seksuele kontak hê; net ongelukkige vroue soek oor die algemeen min kontak (bang dit word seksuele verkeer) Vroue meer geneig tot emosionele reaksie en ontevrede met mans se min begrip vir die hantering van hul gevoelens (8.3.1.3, 8.3.2.3)
---	---

Nota: L = Literatuurgegewens R = Response van deelnemers

♦ Daar is reeds verwys na die **egalitêre** stelsel wat respondente toenemend volg. In die literatuur is daar ook, te midde van diegene wat die vroue se weerstand teen die mans se onbetrokkenheid uitwys, aanduidings dat die mans verantwoordelikheid neem vir hul deel van die instrumentele take in die huishouding. Teenoor die gedagte dat pa's net speel met hul kinders, is dit opvallend dat selfs die mans van die ongelukkige egpare betrokke is by die volledige versorging van hul kinders. Die mans se medebetrokkenheid word egter nie genoem as noodwendig fasiliterend vir intimiteit nie, maar dit blyk dat die mans se tydelike afwesigheid as gevolg van eksamens of verhoogde werksverpligtinge wel veral die vroue se mate van geluk en soms die egpare se intimiteit negatief raak.

♦ Hoewel daar uitsonderings is bespreek vroue meestal gouer hulle probleme, terwyl die mans geneig is om aanvanklik self hulle probleme te probeer verwerk.

♦ Hierteenoor is daar oënskynlik nie betekenisvolle verskille met betrekking tot die uitspraak van woede by die deelnemers nie. Daar is 'n hele aantal mans en vroue wat dadelik en heftig reageer.

♦ Daar word algemeen aanvaar dat mans gereelder seksuele omgang verkies. Vroue dui aan dat hulle meer mededelings en blyke van liefde sou wou hê. Die respondente blyk redelik tevrede te wees met die aard en hoeveelheid intimiteit wat hulle deel.

Vervolgens word aangedui hoe die betrokke komponente van hul psigologiese funksionering in wisselwerking met mekaar, sowel as in wisselwerking met hul sosiale konteks en hul biologiese funksionering, die egpare se intimiteit en konflikthantering beïnvloed.

9.1.3.4 Wisselwerking tussen die komponente van jong egpare se psigologiese funksionering met betrekking tot hul affektiewe funksionering

Wisselwerking met betrekking tot emosionele intimiteit

- ♦ Gelukkige egpare se positiewe **houding** (onder andere wedersydse aanvaarding van behoeftes en eienskappe, 'n empatiese ingesteldheid en diensbereidheid) word in stand gehou deur hul gesonde **kognitiewe funksionering** (realistiese verwagtinge, ooreenstemmende waardes met betrekking tot huweliksinteraksie in die huidige sosiale konteks en die verifiëring van afleidings). Die egpare beleef egter eers bevredigende nabyheid en emosionele uitruiling wanneer hulle doelbewus met die oog hierop **gedrag** soos ondersteuning, gesprekvoering of gedeelde aktiwiteite openbaar. Gelukkige egpare kan ook positiewe afleidings maak oor mekaar se positiewe houdings op grond van die hulp, tyd en aandag wat hulle aan mekaar gee.
- ♦ Hierteenoor is die ongelukkige egpare nie net negatief ingestel teenoor mekaar nie, hulle lei uit mekaar se soms goedbedoelde pogings, verkeerdelik af dat die ander nie werklik behoefte het aan samesyn nie. Verder word hul gebrek aan vrymoedigheid om ware selfopenbaring te doen, in stand gehou deur hul onwilligheid of onvermoë om ware ondersteuning te gee.

Dit blyk dat 'n **kombinasie** tussen al die komponente van die jong egpare se psigologiese funksionering dus hul belewing van intimiteit affekteer.

Wisselwerking met betrekking tot seksuele intimiteit

- ♦ Gelukkige egpare se gesonde **kognitiewe funksionering** (*realistiese verwagtinge* dat bevredigende intimiteit harde werk vereis in die huidige sosiale konteks; asook die

vermyding van verkeerde *afleidings*), gepaard met 'n positiewe **houding** (*diensbereidheid* en *aanvaarding* van verskillende behoeftes) gaan dikwels gepaard met doelbewuste **gedrag** (met die oog op die instandhouding van romantiek en bevredigende *seksuele* verkeer).

♦ Hierteenoor kan die ongelukkige egpare se neiging tot of onrealistiese hoë **verwagtinge**, of min hoop dat 'n huwelik kan slaag, saamhang met hul **houdings** jeens mekaar wat gekenmerk word deur minder aanvaarding, verbintenis, diensbereidheid en empatie. Hierdie egpare het uiteraard ook minder vrymoedigheid om romanties te raak in 'n atmosfeer wat meestal stroef is. Dit blyk verder dat ook ander **gedrag** in belang van aangename interaksie nie altyd suksesvol is nie. So het hul gewone swak kommunikasie een van die ongelukkige egpare se periodieke pogings om 'n "wittebroodsnaweek" te bewerkstellig, laat misluk.

Wisselwerking met betrekking tot egpare se konflikhantering

♦ Gelukkige egpare se goeie kognitiewe funksionering (*realistiese verwagtinge* van mekaar en met betrekking tot konflikte, die *vermyding van denkfoute* soos katastrofering en veralgemening), gepaard met 'n positiewe **houding** (verbintenis tot bevredigende oplossings, wedyersydse *aanvaarding* en *diensbereidheid* om in die huidige konteks huwelike te laat slaag) fasiliteer waarskynlik hulle effektiewe **gedrag** (konflikoplossende kommunikasie). Gelukkige egpare kan ook konfronterende en hewige style openbaar, maar hulle verskil van die ongelukkiges in twee belangrike opsigte.

♦ Ongelukkige egpare het oor die algemeen veel meer konflik of onverbiddelike stilstuipes as die gelukkige egpare en hulle is geneig tot 'n afkeurende houding wat weerspieël word in verbale en nie-verbale gedrag wat spreek van minagting. Die belangrikste verskille tussen die twee groepe egpare se konflikhantering is dus geleë in die kwantiteit en kwaliteit van hul konflik. Hulle is egter ook geneig om negatiewe motiewe te antisipeer en ongegronde *afleidings* te maak.

Dit blyk dus dat, beide met betrekking tot egpare se aangename en hul onaangename interaksie (hul bevredigende hoeveelheid en tipe intimiteit, sowel as effektiewe konflikhantering), die genoemde komponente van egpare se psigologiese funksionering

(hul houdings, kognisies en gedrag) in wisselwerking met mekaar, verband hou met die egpare se mate van geluk.

Dit wil voorkom asof egpare se psigologiese funksionering van deurslaggewende belang is vir hul bevredigende affektiewe egpaarfunksionering: ten spyte van 'n soortgelyke sosiale konteks en die feit dat hulle onderworpe is aan dieselfde biologiese faktore (wat in sommige gevalle sterk geslagsverskille en moegheid insluit), rapporteer die gelukkiger egpare meer aangename ervarings van intimiteit, sowel as minder en beter hanteerde konflikte. Dis nietemin waar dat jong werkende egpare dit psigologies makliker kan vind om in egpaarverband te funksioneer as hul sosiale konteks minder eise aan hulle stel en hul biologiese probleme kan akkommodeer.

In die voorgestelde Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering (sien Figuur 9.1) is gepoog om aan te dui dat al hierdie aspekte 'n rol speel in egliede se gevoelens vir mekaar en hul hantering van daardie gevoelens. Indien die bevindinge in belang van jong egpare se beter affektiewe funksionering benut moet word vir die verbetering van egpaarinteraksie, sal die wisselwerking in ag geneem moet word.

9.2 KRITIESE BEOORDELING VAN DIE NAVORSING

In hierdie gedeelte word die waarde van die navorsingsbevindinge en die aard van die navorsingsprosedure in terme van die doel waaraan dit moes beantwoord, beoordeel.

9.2.1 BEOORDELING VAN DIE WAARDE VAN DIE NAVORSINGS-BEVINDINGE

Teen die agtergrond van die kommer wat uitgespreek is in hoofstuk een oor die hoë insidensie van egskeiding by jong egpare binne die eerste vier jaar van hul getroude lewe, spreek dit vanself dat hierdie ondersoek beoordeel moet word in terme van die waarde daarvan met betrekking tot bogenoemde probleem. Daar moet dus bepaal

word watter bruikbare inligting verkry is uit die integrasie van die literatuurstudie en die deelnemers se response en hoe dié gevolgtrekkings waartoe gekom is in belang van die jong egpare aangewend kan word.

In die lig van die hoë premie wat jong egpare plaas op affektiewe bevrediging in egpaarverband, kan aanvaar word dat die verbetering van dié deel van hul interaksie moontlik egskedings kan afweer. Soos blyk uit die integrasie van die beskikbare literatuur en die response wat verkry is (sien 9.1) werp die navorsing wel lig op die aard van jong werkende egpare se bevredigende affektiewe funksionering. Die bevindinge kan dus bydra tot die fasilitering van gelukkiger egpaarinteraksie, die behoud van gelukkiger huwelike en die daargestelling van 'n gesonde milieu waarin kinders se potensiaal ook tot bevredigende verhoudings ontwikkel kan word.

'n Produk van die navorsing, naamlik die voorgestelde Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering, kan moontlik as raamwerk benut word om egpaarfunksionering te verbeter. In die model is die literatuurgegewens saamgevat en weerspieël dit dus die relevante positiewe en negatiewe aspekte van egpare se funksionering. Die model kan soos volg van waarde wees:

- Die komplekse wisselwerking tussen die jong egpare se sosiale konteks, hul biologiese en psigologiese funksionering kan met behulp van die model ontleed word. Die rol wat verskillende hulpverleners en ander rolspelers kan speel by die verbetering van die egpare se funksionering kan bepaal word.
- Die model kan benut word om psigo-opleiding te doen en om **terapeutiese ingrepe** vanuit verskillende psigologiese raamwerke vir egpaarfunksionering te integreer ten einde houdings, kennisies en gedrag aan te spreek.
- Die model verrek die feit dat 'n **gunstiger sosiale konteks** 'n positiewe effek kan hê op jong egpare se affektiewe funksionering. Verkeerde persepsies en paradigmas wat net die negatiewe impak van dubbelloopbaanhuwelike beklemtoon, behoort aangespreek te word. Pogings moet aangewend word om die fisies en psigies uitputtende effek van te veel verantwoordelikhede, te veel stres en te min tyd teë te werk en om geleenthede tot meer intimiteit (samesyn tuis en elders) te skep.

- Die model verreken verder die invloede van **biologiese** aard op egpare se affektiewe funksionering. Korrekte inligting oor die aard van verskille tussen mans en vroue, soos wat dit manifesteer by jong egpare, die insidensie en impak daarvan, sowel as wetenskaplik gefundeerde riglyne vir die hantering daarvan, blyk nodig te wees.
- Die model kan moontlik benut word as riglyn om egpare in alle stadia van ontwikkeling se funksionering te ontleed. Dieselfde aspekte, naamlik hul sosiale konteks, biologiese funksionering en hul psigologiese funksionering, sal waarskynlik ook ouer egpare se funksionering beïnvloed.

Die Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering (sien Figuur 9.1) bied 'n raamwerk om al die navorsingsbevindinge saam te vat. Die bevindinge kan, aan die hand van die model, in verskillende **kontekste** benut word om jong egpare se affektiewe egpaarfunksionering te fasiliteer.

- Ter **voorkoming** van huweliksproblematiek wat tot egskeidings lei en ter voorbereiding vir meer bevredigende egpaarfunksionering kan inligting via gemeenskapsinstellings (kerke, opleidingsinstansies) en die openbare media aan voornemende egpare of jonggetroudes deurgegee word en/of kan voorhuwelikse programme op grond van die verkreeë resultate aangebied word.
- Ten einde **ontwikkeling** te fasiliteer kan reeds getroude pare eweneens van inligting voorsien word of kan verrykingsprogramme aangebied word met die oog op beter affektiewe funksionering.
- **Huweliksterapeute** kan gebruik maak van die bevindinge, beide met die oog op die ontleding van die betrokke egpare se funksionering en om ingrepe op verskillende vlakke te rig.

Dit blyk dus dat die navorsing gelei het tot bruikbare inligting oor die betrokke egpare se funksionering en ook 'n model opgelewer het vir die samevatting van die komplekse inligting. Daar is ook aangedui hoe die navorsing moontlik egkeidings kan teenwerk en bevredigende funksionering kan bevorder.

9.2.2 BEOORDELING VAN DIE NAVORSINGSPROSEDURE

In hoofstuk ses is gemotiveer waarom 'n kwalitatiewe metode verkies is vir hierdie ondersoek (sien 6.3). Die navorser het 'n hoë premie gestel op die voldoening aan veral twee navorsingsbehoefte, waaraan oënskynlik bevredigend voldoen is.

- "Nuwe inligting" is verkry oor 'n *nuwe generasie* wat tans waarskynlik anders funksioneer as die vorige generasies met betrekking tot 'n nuwe *area-van-fokus* waarvoor skynbaar nie genoeg bekend is nie, naamlik die hantering van spesifiek gevoelens. Daar is dus gevorder met die proses om 'n sogenaamde "Grounded Theory" oor spesifiek affektiewe egpaarfunksionering daar te stel.
- Die respondente is sover moontlik geakkommodeer. Die persoonlike betrokkenheid van die navorser het oënskynlik vertroue ingeboesem sodat daar response van die deelnemers en die "kommentators" verkry is wat grootliks ooreengestem het. Verder kan die navorser toesien dat twee egpare wat skynbaar ontwig is deur die bespreking van hul diepste belewenisse, terapieus versorg is.

Moontlike tekortkominge van hierdie navorsing:

- Spoediger terugvoer oor die bevindinge aan die deelnemers kon die navorser se vrymoedigheid om by herhaling meer inligting (byvoorbeeld oor die egpare se seksuele funksionering) te bekom, bevorder het.
- Video-opnames kon gebruik word vir die vaslegging van ook nie-verbale response en die deelnemers kon betrek word by die beoordeling daarvan, sodat hulle eie sienings geïnkorporeer kon word.
- Egpare kon bykomend gekonfronteer word met ongestruktureerde take wat moontlik die hantering van hul gevoelens verder kon blootlê, of ander "blyke" van hul affektiewe funksionering soos kommunikasie kon bygevoeg word.
- Medenavorsers kon moontlik daartoe bygedra het dat die navorser met meer sekerheid response kon kategoriseer.
- 'n Ondersoek met kwantitatiewe en kwalitatiewe komponente kon meer bevredigend, maar waarskynlik té omvangryk vir hierdie tema gewees het.

Die implikasies van elkeen van die genoemde voorstelle sal egter ook verreken moet word alvorens dit geïmplementeer word.

Die navorser is egter tevrede dat die navorsingsprosedure aan die belangrikste doelwitte beantwoord het.

9.3 AANBEVELINGS VIR DIE BENUTTING VAN DIE NAVORSING EN VIR VERDERE NAVORSING

Uit die voorafgaande bespreking van die waarde van die bevindinge wat verkry is, volg dit dat dié inligting, aan die hand van die Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering, aangewend kan word op die velerlei wyses wat voorgestel is, om bevredigende affektiewe funksionering by die jong werkende egpare te fasiliteer. Die doel is steeds om die betrokke groep se egpaarfunksionering sodanig te verbeter dat hulle gelukkige, stabiele huwelike kan hê en ook in staat kan wees om hul kinders goed te versorg en voor te berei vir toekomstige suksesvolle egpaarfunksionering.

Verdere navorsing behoort gedoen te word oor hierdie onderwerp. Navorsing behoort te handel oor die bruikbaarheid van die verkreeë ondersoekbevindinge, die voorgestelde model en oor die benutting daarvan in die praktyk.

Met die oog daarop om enersyds die verkreeë bevindinge te bevestig, maar ook om dit uit te bou tot 'n netjies geformuleerde gegronde teorie oor egpaarfunksionering, kan verdere navorsing onderneem word:

- Soortgelyke of kwantitatiewe navorsing oor dieselfde onderwerp kan hierdie bevindinge bevestig, verder verfyn of weerspreek.
- Die relevansie van die aspekte wat in die Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering onderskei is, kan bepaal word.
- Daar is 'n tendens in resente navorsing om te fokus op die intrapsigiese beleving en die nie-kognitief-georiënteerde hantering van affek wat ontgin moet word met die oog op die verklaring en verbetering van egpaarfunksionering.

- Aspekte van hierdie tema (byvoorbeeld seksuele funksionering, waaroor min gerespondeer is) vereis verdere navorsing van kwantitatiewe, sowel as van kwalitatiewe aard.

Alhoewel die vroeë ontbinding van huwelike dui op ernstige probleme met die realisering van huweliksgeluk, dui die feit dat die meeste mense weer in die huwelik tree terselfdertyd op die behoefte aan 'n volgehoue betekenisvolle verbintenis. Die feit dat daar egpare is wat daarin slaag om hierdie ideaal te bereik, stel aan die Sielkunde die uitdaging om te bly soek na die **waarheid**.

When we ask enough questions, when we deeply and carefully observe the smallest piece of behavior, we find in the most apparently chaotic marriages an intricate, but ultimately predictable, web of patterns at work (Gottman, 1994b, p.48).

OPSOMMING

Die egskeidingsyfer onder blankes vir jong pare wat minder as vyf jaar getroud is, is in Suid-Afrika onrusbarend hoog. Die negatiewe gevolge van hierdie tendens maak navorsing oor die aard van egpaarfunksionering by die huidige jong generasie egpare nodig. 'n Fokus op spesifiek die aard van jong egpare se affektiewe funksionering word verder genoodsaak deurdat hierdie egpare se leefwêreld aansienlik verskil van dié van vorige generasies en dat hul oënskynlik 'n besondere premie plaas op die bevrediging van hul affektiewe behoeftes. Relatief min inligting oor veral positiewe affek en die verband daarvan met negatiewe affek, versterk verder die **behoefte aan navorsing** oor hierdie sy van egpaarfunksionering.

'n Nadere begripsomskrywing dui daarop dat dit kenmerkend is van jong egpare dat beide die mans en die vroue gewoonlik betrokke is by beroepsarbeid en dat hulle meestal ten minste een voorskoolse kind het. By die bestudering van hul affektiewe funksionering word gefokus op beide die affek wat die egliede jeens mekaar ervaar en die interaksie wat daaruit voortspruit. Daar word dus **gefokus** op egpare se positiewe gevoelens (liefde) en hul gepaardgaande positiewe interaksie (naamlik hul emosionele en seksuele intimiteit), sowel as op hul negatiewe gevoelens (ontevredenheid) wat uitloop op negatiewe interaksie (naamlik in konflikte).

Dit is verder duidelik dat egpare se **affek** in noue **wisselwerking** verkeer met die ander komponente van hul funksionering, naamlik met hul gepaardgaande **kognisies, gedrag**

en houdings. Voorts beïnvloed egliede se individuele biologiese funksionering en die sosiale konteks waarin egpare hulle bevind ook die aard van hul affektiewe funksionering. 'n Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering is ontwikkel om die kompleksiteit van die wisselwerking tussen die genoemde aspekte van egpare se affektiewe funksionering te vergestalt.

Kwalitatiewe navorsing is onderneem om tendense in jong egpare se affektiewe funksionering te bepaal. Gegewens vanuit 'n literatuurstudie is geïntegreer met dié wat verkry is uit onderhoude met tien jong egpare en hul vriende oor die betrokke respondente se gevoelens en oor hoe hulle dit in egpaarverband hanteer. Daar kon in die proses onderskei word tussen gelukkige en ongelukkige egpare se affektiewe funksionering en daar kon bepaal word hoe die biologiese, psigologiese en sosiale aspekte by hulle funksioneer.

Uit beide die literatuur- en deelnemergegewens het geblyk dat hul huidige **sosiale konteks** besondere fisiese en psigiese eise stel aan gelukkige en ongelukkige jong egpare en dat hulle hoë emosionele verwagtinge koester van die huwelik, maar dat hulle terselfdertyd nie noodwendig 'n besondere verbintenis tot die behoud daarvan openbaar nie. Met betrekking tot hul **biologiese funksionering** kan fisiese uitputting, meegebring deur kinderversorging en dubbelloopbaanhuwelike, sowel as moontlike tipiese verskille tussen mans en vroue se benaderings tot die lewe, hul behoeftes en voorkeurgedrag, egpare se intimiteit en konflikthantering benadeel. Sekere komponente van hul **psigologiese funksionering**, naamlik die egpare se houdings, kennisies en gedrag, blyk

egter van deurslaggewende belang te wees by hoe die jong egpare hul veeleisende sosiale konteks en moontlik verswarende biologiese funksionering hanteer.

Die grootste **verskille tussen gelukkige egpare en ongelukkige egpare** is daarin geleë dat die gelukkiger groep meer positiewe houdings openbaar jeens hulself, mekaar en die verhouding; dat hulle realistiese oortuigings in dié verband koester wat deur gesonde denkpatriene in stand gehou word, en dat hul doelbewus gedrag openbaar wat afgestem is op die verbetering van hul intimiteit en hul konflikthantering, sowel as op die vermindering van hul konflikte. Dit blyk dat die genoemde komponente van jong egpare se psigologiese funksionering, in onderlinge wisselwerking met mekaar en in wisselwerking met hul sosiale konteks en hul biologiese funksionering, grootliks bepalend is vir die mate van geluk wat jong egpare beleef.

Daar is aangedui dat die **Biopsigososiale Model vir Egpaarfunksionering** as riglyn benut kan word sodat meespelende faktore, en hul wisselwerking, in ag geneem kan word wanneer jong egpare se affektiewe funksionering ontleed en verbeter moet word. Werk kan met behulp van die model gedoen word op die voorkomende, ontwikkelende en terapeutiese vlak ten einde die hoë egskeidingsyfer teë te werk en veral om bevredigende affektiewe funksionering in die hand te werk. Daar word egter gehoop dat die genoemde model ook wyer benut kan word om ander aspekte van egpare uit alle ouderdomsgroepe se funksionering te ontleed en aan te spreek, indien dit nodig blyk te wees.

SUMMARY

The divorce rate of couples who have been married for less than five years is alarmingly high. The far-reaching negative effects of this trend necessitate research into the nature of the functioning of present generation of married couples. The fact that these couples' life worlds differ significantly from that of previous generations, as well as the high premium they place on the fulfillment of their affective needs place a specific focus on the nature of their affective functioning. Relatively limited information regarding positive affect and its relationship to negative affect is available. This increases the need for research into this aspect of married couples' functioning.

Closer investigation of the concept indicates that most young couples have at least one pre-school child and that both partners usually pursue careers. In studying their affective functioning the focus is on the affect the spouses experience towards each other, as well as the resultant interaction. The focus is thus on the married couples' positive feelings (love) and their corresponding positive interaction (emotional and sexual intimacy), as well as on their negative feelings (dissatisfaction) and the resulting negative interactions (conflicts).

Furthermore, it is clear that a close interaction exists between married couples' affect and other components of their psychological functioning, namely their corresponding cognitions, behaviours and attitudes. Spouses' individual biological functioning, as well as the social context within which they find themselves also impact on the nature of their affective functioning. A Bio-Psycho-Social Model for the Functioning of Married Couples

that embodies the complexity of the interaction between the biological, psychological and social aspects involved in the affective functioning of married couples was developed.

A qualitative study has been undertaken to determine trends in young married couples' affective functioning. Information from a literature study has been integrated with data obtained from interviews with ten young married couples and their friends regarding the respondents' emotions and how they are dealt with within the marital context. A distinction has been made between the functioning of happy and unhappy couples. A relationship between this distinction and various bio-psycho-social contexts has also been determined.

The information gained from the literature, as well as from the respondents, suggests that the current social context places heavy physical and psychological demands on both happy and unhappy young couples. Both groups have high expectations of the marriage, but simultaneously, they do not exhibit a particular commitment to the maintenance of the marriage. With regard to their biological functioning, it is possible that physical exhaustion, resulting from child care and dual career marriages, as well as possible differences between male and female views of life, needs and preferred behaviour, may be to the disadvantage of the couples' intimacy and conflict management. Certain components of the young married couples' psychological functioning, namely attitudes, cognition and behaviour, seem to be decisive in determining the manner in which they deal with their demanding social contexts and possible aggravating biological functioning.

The main differences between happily and unhappily married couples are that the happy group reveal more positive attitudes towards themselves, their spouses and their relationship. They also maintain healthier thinking patterns in this regard, resulting in more realistic convictions. They exhibit behaviour aimed at improving their intimacy and conflict management resulting in decreasing conflicts. It seems that the above-mentioned components of young couples' psychological functioning, in interaction with their social context and biological functioning, are major determinants in the degree of happiness they experience in their marital interaction.

It has been indicated that the Bio-Psycho-Social Model for the Functioning of Married Couples can be used as a guideline when the need arises to analyse and improve young couples' functioning. The model can aid prevention, development and therapeutic intervention aimed at countering the high divorce rates, and more specifically at the promotion of affective functioning.

This model may well be of assistance in the wider analysis and treatment of aspects related to the functioning of married couples of all ages.

BRONNELYS

- Ackerman, N.W. (1958). *The psychodynamics of family life: Diagnosis and treatment of family relationships*. New York: Basic Books.
- Adams, J.M. & Jones, W.H. (1997). Conceptualization of marital commitment: An integrative analysis. *Journal of Personality and Social Psychology*, **72**(5), 1177-1196.
- Adler, A. (1980a). Family influences. In A. Porter (Ed.), *What life should mean to you* (pp.120-155). London: George Allen & Unwin.
- Adler, A. (1980b). Love and marriage. In A. Porter (Ed.), *What life should mean to you* (pp.263-86). London: George Allen & Unwin.
- Adler, A. (1980c). The meaning of life. In A. Porter (Ed.), *What life should mean to you* (pp.25-48). London: George Allen & Unwin.
- Aidala, A.A. (1989). Communes and changing family norms. *Journal of Family Issues*, **10**(3), 311-338.
- Ambert, A., Adler, P.A., Adler, P. & Detzner, D.F. (1995). Understanding and evaluating qualitative research. *Journal of Marriage and the Family*, **57**, 879-893.
- American Psychiatric Association (1994). *Diagnostic and statistical manual of mental disorders* (4th ed). Washington, DC: APA.
- Anderson, C. (1982). The community connection: The impact of social networks on family and individual functioning. In F. Walsh, *Normal family processes* (pp.425-445). New York: Guilford.
-

- Arlow, J.A. (1979). Psychoanalysis. In R.J. Corsini (Ed.), *Current psychotherapies* (2nd ed., pp.1-43). Illinois: Peacock.
- Atkinson, B. (1999). The emotional imperative: Psychotherapists cannot afford to ignore the primacy of the limbic brain. *The Family Therapy Networker*, July/August, 22-33.
- Badenhorst, J.C.C. (1978). *Voorlopige ondersoek na die geldigheid van El Senoussi se huweliksvraelys as diagnostiese instrument*. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Bah, S. (1996). *The improvement of marriages and divorces statistics in South Africa: Relevance, registration issues and challenges*. Pretoria: Central Statistical Services.
- Ball, F.L.J., Cowan, P. & Cowan, C.P. (1995). Who's got the power? Gender differences in partners' perceptions of influence during marital problem-solving discussions. *Family Process*, 34(3), 303-319.
- Barling, J. (1990). *Employment, stress and family functioning*. Chichester: John Wiley.
- Baucom, D.H., Shoham, V., Mueser, K.T., Diauto, A.D. & Stickle, T.R. (1998). Empirically supported couple and family interventions for marital distress and adult mental health problems. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 66(1), 53-88.
- Beach, S.R.H. & O'Leary, K.D. (1985). Current status of outcome research in marital therapy. In L. L'Abate (Ed.), *The Handbook of Family Psychology and Therapy*, Vol.2 (pp.1035-1070). Chicago: Dorsey Press.

- Beck, A.T. (1988). *Love is never enough*. London: Penguin.
- Belsky, J. & Pensky, E. (1988). Marital change across the transition to parenthood. In R. Palkovitz & M.B. Sussman (Eds), *Transitions to parenthood* (pp.133-155). New York: Haworth Press.
- Benokraitis, N.V. (1996). *Marriages and families: Changes, choices, and constraints* (2nd ed.). New Jersey: Prentice Hall.
- Benson, M.J., Arditti, J., Reguero de Atilas, J.T. & Smith, S. (1992). Intergenerational transmission. *Journal of Family Issues*, 13(4), 450-464.
- Bernard, J. (1982). *The future of marriage* (2nd ed.). London: Yale Press.
- Berger, M. & Berger, S.D. (1985). Individual and family life-span development: A critique and assessment of current trends. In L. L'Abate (Ed.), *The handbook of family psychology and therapy*, Vol.1 (pp.143-175). Chicago: Dorsey Press.
- Berscheid, E., Gangestad, S.W. & Kulakowski, D. (1984). Emotion in close relationships: Implications for relationship counseling. In S.D. Brown & R.W. Lent (Eds), *Handbook of counseling psychology* (pp.435-476). New York: John Wiley & Sons.
- Beukes, R.B.I. (1994). *Die geestesgesondheid van swart hoërskoolleerlinge in die Oranje-Vrystaat*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
- Bigner, J.J. (1983). *Human development: A life-span approach*. New York: Macmillan.

- Bird, G. & Melville, K. (1994). *Families and intimate relationships*. New York: McGraw-Hill.
- Bjorksten, O. & Stewart, T.J. (1987). Family life in historical and sociological perspective. In I.D. Glick, J.F. Clarkin & D.R. Kessler (Eds), *Marital and family therapy* (3rd ed., pp.24-43). Orlando: Grune & Stratton.
- Borrello, G.M. & Thompson, B. (1990). A note regarding the validity of Lee's typology of love. *The Journal of Psychology*, **124**(6), 639-644.
- Boshoff, C.H. (1981). Die tagtigerjare: Die sosiale/morele era. *RSA 2000*, **3**, 68-75. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
- Botha, A., van Ede, D.M. & Piek, J.P. (1990). Die kleutertydperk. In D.A. Louw (Red.), *Menslike ontwikkeling* (2de uitg., pp.243-319). Pretoria: HAUM.
- Bowen, M. (1976). Theory in the practice of psychotherapy. In P.J. Guerin (Ed.), *Family therapy: Theory and practice* (pp.42-90). New York: Gardner Press.
- Brannen, J. (1992). Combining qualitative and quantitative approaches: An overview. In J. Brannen (Ed.), *Mixing methods: Qualitative and quantitative research*. England: Avebury.
- Bray, J.H. & Jouriles, E.N. (1995). Treatment of marital conflict and prevention of divorce. *Journal of Marital and Family Therapy*, **21**(4), 461-473.
- Brewer, J. & Hunter, A. (1989). *Multimethod Research: A synthesis of styles*. California: Sage.
- Bingle, R.G. & Byers, D. (1997). Intentions to seek marriage counseling. *Family Relations*, **46**(3), 299-304.
-

- Brody, L.R. (1997). Gender and emotion: Beyond stereotypes. *Journal of Social Issues*, **53**(2), 369-394.
- Brown, P.M. (1995). *The death of intimacy: Barriers to meaningful interpersonal relationships*. New York: Haworth.
- Brown, T.L., Graves, T.A. & Williams, S.A. (1997). Dual-earner families: The impact of gender and culture on this normative family structure and the implications for therapy. *Family Therapy*, **24**(3), 176-188.
- Burke, R.J. & Greenglass, E.R. (1987). Work and family. In C.L. Cooper, & I.T. Robertson (Eds), *International Review of Industrial and Organizational Psychology 1987* (pp.273-313). New York: John Wiley.
- Burke, R.J. & Weir, T. (1976). Relationship of wives' employment status to husband, wife and pair satisfaction and performance. *Journal of Marriage and the Family*, May, 279-287.
- Butler, M.H. & Harper, J.M. (1994). The divine triangle: God in the marital system of religious couples. *Family Process*, **33**(3), 277-286.
- Cahn, D. D. (1992). *Conflict in intimate relationships*. New York: Guilford.
- Catherall, D.R. (1992). Working with projective identification in couples. *Family Process*, **31**(4), 355-368.
- Central Statistical Service. (1998). Statistical Release P0307. Retrieved from the Web <http://www.statsa.gov.za>.
- Chambless, D.L. & Goldstein, A.J. (1979). Behavioral psychotherapy. In R.J. Corsini (Ed.), *Current psychotherapies* (2nd ed, pp.230-272). Illinois: Peacock.

- Chatterjee, C.C. (1999). The science of a good marriage. *Psychology Today*, 32(5), 13.
- Christensen, A. (1988). Dysfunctional interaction patterns in couples. In P. Noller & M.A. Fitzpatrick (Eds), *Perspectives on marital interaction* (pp.31-52). Clevedon: Multilingual Matters.
- Christensen, A. & Heavey, C.L. (1990). Gender and social structure in the demand/withdraw pattern of marital conflict. *Journal of Personality and Social Psychology*, **59**(1), 73-81.
- Christensen, A. & Shenk, J.L. (1991). Communication, conflict, and psychological distance in nondistressed, clinic, and divorcing couples. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, **59**(3), 458-463.
- Christensen, L.I., Russell, C.S., Miller, R.B. & Peterson, C.M. (1998). The process of change in couples' therapy: A qualitative investigation. *Journal of Marital and Family Therapy*, **24**(2), 177-188.
- Chusmir, L.H. & Koberg, C.S. (1990). Dual sex role identity and its relationship to sex role conflict. *The Journal of Psychology*, **125**(5), 545-555.
- Clinebell, H.J. & Clinebell, C.H. (1970). *The intimate marriage*. New York: Harper & Row.
- Cohen, L. & Manion, L. (1995). *Research methods in education* (4th. ed.). London: Routledge.
- Cohn, D.A., Silver, D.H., Cowan, C.P., Cowan, P.A. & Pearson, J. (1992). Working models of childhood attachment and couple relationships. *Journal of Family Issues*, **13**(4), 432-449.
-

- Coltrane, S. (1990). Birth timing and the division of labor in dual-earner families. *Journal of Family Issues*, 11(2), 157-181.
- Comfort, A. (1994). *Die nuwe vreugde van seks*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Cooney, T.M., Pedersen, F.A., Indelicato, S. & Palkovitz, R. (1993). Timing of fatherhood: Is "on-time" optimal? *Journal of Marriage and the Family*, 55(1), 205-215.
- Corey, G. (1978). *I never knew I had a choice*. Monterey: Brooks/Cole.
- Corey, G. (1996). *Theory and practice of counseling and psychotherapy* (5th ed.) New York: Books/Cole.
- Cowan, C.P. & Cowan, P.A. (1988). Who does what when partners become parents? Implications for men, women, and marriage. In R. Palkovitz & M.B. Sussman (Eds), *Transitions to parenthood* (pp.105-130). New York: Haworth Press.
- Crenshaw, T.L. (1983). *Jou gids tot 'n beter liefdeslewe*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Cronje, P. (1999). *Kursusmateriaal: Seksterapie*. Bloemfontein: UOVS, Departement Sielkunde.
- Dandeneau, M.L. & Johnson, S.M. (1994). Facilitating intimacy: Interventions and effects. *Journal of Marital and Family Therapy*, 20(1), 17-33.
- Davis, K. (1985a). The future of marriage. In K. Davis (Ed.), *Contemporary marriage: Comparative perspectives on a changing institution* (pp.25-50). New York: Russell Sage.

- Davis, K. (1985b). The meaning and significance of marriage in contemporary society. In K. Davis (Ed.), *Contemporary marriage: Comparative perspectives on a changing institution* (pp.1-21). New York: Russell Sage.
- Davis, K. (1985c). Preface. In K. Davis (Ed.), *Contemporary marriage: Comparative perspectives on a changing institution* (pp.ix-x). New York: Russell Sage.
- Davitz, J.R. (1969). *The language of emotion*. New York: Academic Press.
- Deal, J.E., Wampler, K.S. & Halverson, C.F. (1992). The importance of similarity in the marital relationship. *Family Process*, 31(4), 369-382.
- De Haan, J. (1995). *Goël met die werklikheid: Kwalitatiewe aspekte van kwantitatiewe navorsing*. Referaat gelewer by 'n samekoms van die Werkgroep vir Interdissiplinêre Gespreksgeleentheid oor Kwalitatiewe Navorsing, Universiteit van die Oranje -Vrystaat, Bloemfontein.
- Denes, M. (1982). Existential approaches to intimacy. In M. Fisher & G. Stricker (Eds), *Intimacy* (pp.127-140). New York: Plenum.
- De Waal, M. (1992). *Die verbintenis van blanke getroude persone tot die huwelik* (Verslag HG/MF-3). Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Doherty, W.J., Su, S. & Needle, R. (1989). Marital disruption and psychological well-being. *Journal of Family Issues*, 10(1), 72-85.
- Douvan, E. (1981) Capacity for intimacy. In A.W. Chickering, *The modern American College* (pp.191-211). San Francisco: Jossey-Bass.

- Dusay, J. & Dusay, K.M. (1979). Transactional analysis. In R.J. Corsini (Ed.), *Current psychotherapies* (2nd ed., pp.374-427). Illinois: Peacock.
- Du Toit, D. (1993). *Die professionele oriëntasie en gesinslewe van die werkende getroude vrou (HG/MF-5)*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Du Toit, H.D. (1987). 'n Vergelykende studie van verskillende vorme van huweliksverryking in die psigopastorale praktyk. Ongepubliseerde doktorsale verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
- Duvall, E.M. & Miller, B.C. (1985). *Marriage and family development*. New York: Harper & Row.
- Eckhardt, C.I., Barbour, K.A. & Davison, G.C. (1998). Articulated thoughts of maritally violent and nonviolent men during anger arousal. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, **66**(2), 259-269.
- Ellis, A. (1979). Rational-emotive therapy. In R.J. Corsini (Ed.), *Current psychotherapies* (2nd ed., pp.85-229). Illinois: Peacock.
- Ellis, A. (1982). Intimacy in rational-emotive therapy. In M. Fisher & G. Sticker (Eds), *Intimacy* (pp.203- 217). New York: Plenum.
- Ellis, A. & Harper, R.A. (1975). *A new guide to rational living*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall.
- Elloy, D. & Anderson, K.S. (1990). Burnout among dual career and single career families. *Journal of Organizational Change Management*, **3**(1), 57-64.
-

- Engelbrecht, S.W.H. (1988). Educational research in the RSA: Trends and perspectives. *Research Perspectives on Education*, **41**. Pretoria: Human Sciences Research Council (Institute for Educational Research).
- Entwisle, D.R. (1985). Becoming a parent. In L. L'Abate, *The handbook of family psychology and therapy*, **Vol.1** (pp.557-584). Chicago: Dorsey Press.
- Epstein, N.B., Baldwin, L.M. & Bishop, D.S. (1983). The McMaster Family Assessment Device. *Journal of Marital and Family Therapy*, **9**(2), 171-180.
- Epstein, N.B., Bishop, D.S. & Baldwin, L.M. (1982). McMaster model of family functioning: A view of the normal family. In F. Walsh (Ed.), *Normal family processes* (pp.115-140). New York: Guilford.
- Erickson, R.J. (1993). Reconceptualizing family work: The effect of emotion work on perceptions of marital quality. *Journal of Marriage and the Family*, **55**(4), 888-900.
- Espenshade, T.J. (1985) The recent decline of American marriage: Blacks and Whites in comparative perspective. In K. Davis (Ed.), *Contemporary marriage: Comparative perspectives on a changing institution* (pp.52-88). New York: Russel Sage.
- Fawcett, J.T. (1988). The value of children and the transition to parenthood. In R. Palkovitz & M.B. Sussman (Eds), *Transitions to parenthood* (pp.11-33). New York: Haworth Press.
- Feldman, L.B. (1982). Sex roles and family dynamics. In F. Walsh (Ed.), *Normal family processes* (pp.354-381). New York: Guilford.
-

- Fehr, B. & Perlman, D. (1985). The family as a social network and support system. In L. L'Abate (Ed.), *The handbook of family psychology and therapy*, Vol.1 (pp.323-355). Chicago: Dorsey Press.
- Finnegan, L. & Brown, P.M. (1995). Couples in therapy. In P.M. Brown, *Death of intimacy: Barriers to meaningful interpersonal relationships* (pp.169-168). New York: Haworth.
- Fischer, L.R. (1988). The influence of kin on the transition to parenthood. In R. Palkovitz & M.B. Sussman (Eds), *Transitions to parenthood* (pp.201-219). New York: Haworth Press.
- Fisher, B.L., Giblin, P.R. & Hoopes, M.H. (1982). Healthy family functioning: What therapists say and what families want. *Journal of Marital and Family Therapy*, July, 273-284.
- Fitzpatrick, M.A. (1988a). Approaches to marital interaction. In P. Noller & M.A. Fitzpatrick (Eds), *Perspectives on marital interaction* (pp.1-28). Clevedon: Multilingual Matters.
- Fitzpatrick, M.A. (1988b). Negotiation, problem-solving and conflict in various types of marriages. In P.Noller & M.A. Fitzpatrick (Eds), *Perspectives on marital interaction* (pp.245-270). Clevedon: Multilingual Matters.
- Fitzpatrick, M.A. (1988c). A typological approach to marital interaction. In P. Noller & M.A. Fitzpatrick (Eds), *Perspectives on marital interaction* (pp.98-120). Clevedon: Multilingual Matters.
- Fogarty, T.F. (1976). Marital crisis. In P.J. Guerin (Ed.), *Family therapy: Theory and practice* (pp.325-334). Gardner Press.

- Foley, V.D. (1979). Family therapy. In R.J. Corsini (Ed.), *Current psychotherapies* (2nd ed., pp.460-499). Illinois: Peacock.
- Follette, V.M. & Jacobson, N.S. (1990). Treating communication problems from a behavioral perspective. In R. Chasin, H. Grunebaum & M. Herzig, (Eds), *One couple, four realities: Multiple perspectives on couple therapy* (pp.229-245). New York: Guilford.
- Fontana, A. & Frey, J.H. (1994). Interviewing; The art of science. In N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Eds), *Handbook of qualitative research* (pp.361-376). California: Sage Publications.
- Forgas, J.P. (1998). On feeling good and getting your way: Mood effects on negotiator cognition and bargaining strategies. *Journal of Personality and Social Psychology*, **74**(3), 565-577.
- Forman, B.D. & Hagan, B.J. (1984). Measures for evaluating total family functioning. In *Family Therapy*, **XI**(1), 1-36.
- Forthofer, M.S., Markman, H.J., Cox, M., Stanley, S. & Kessler, R.C. (1996). Associations between marital distress and work loss in a national sample. *Journal of Marriage and the Family*, **58**(3), 597- 605.
- Fourie, M.C. (1984). *The training of sex therapists in South Africa: A multidisciplinary approach*. Unpublished doctoral thesis, University of Durban-Westville, Durban.
- Fowers, B.J., Montel, K.H. & Olson, D.H. (1996). Predicting marital success for premarital couple types based on Prepare. *Journal of Marital and Family Therapy*, **22**(1), 103-119.

Framo, J.L. (1990). Integrating families of origin into couple therapy. In R. Chasin, H. Grunebaum & M. Herzig (Eds), *One couple, four realities: Multiple perspectives on couple therapy* (pp.49-82). New York: Guilford.

Fredman, N. & Sherman, R. (1987). *Handbook of Measurements for Marriage and Family Therapy*. New York: Brunner/Mazel.

Gabbard, G.O. (1994). *Psychodynamic psychiatry in clinical practice: The DSM-IV edition*. Washington: American Psychiatric Press.

Gerdes, L.C. (1981a). Geslagsverskille. In L.C. Gerdes, R. Ochse, C. Stander & D. van Ede, *Die ontwikkelende volwassene* (pp.123-146). Durban: Butterworth.

Gerdes, L.C. (1981b). Die huwelik en gesin. In L.C. Gerdes, R. Ochse, C. Stander & D. van Ede, *Die ontwikkelende volwassene* (pp.149-182). Durban: Butterworth.

Gerdes, L.C. (1981c). Die sielkunde van die man en die vrou: Standpunte. In L.C. Gerdes, R. Ochse, C. Stander & D. van Ede, *Die ontwikkelende volwassene* (pp.105-122). Durban: Butterworth.

Gerdes, L.C. (1987). Family relationships: General perspective. In A.F. Steyn, H.G. Strijdom, S. Viljoen & F.J. Bosman (Eds), *Marriage and family life in South Africa: Research priorities* (pp.289-316). Pretoria: Human Sciences Research Council.

Gerdes, L.C. & Philips, J. (1976). *An introduction to marriage counselling*. Pretoria: Famsa.

- Gerdes, L.C. & Van Ede, D. (1981). Jeug en vroeë volwassenheid. In L.C. Gerdes, R. Ochse, C. Stander & D. van Ede, *Die ontwikkelende volwassene* (pp.275-294). Durban: Butterworth.
- Gerdes, L.C. & Van Ede, D.M. (1990). Volwassenheid. In D.A. Louw (Red.), *Menslike Ontwikkeling* (2de uitg., pp.473-547). Pretoria: HAUM.
- Gerson, R., Hoffman, S., Sauls, M. & Ulrici, D. (1993). Family-of-origin frames in couples therapy. *Journal of Marital and Family Therapy*, **19**(4), 341-354.
- Giddens, A. (1992). *The transformation of intimacy: Sexuality, love and erotism in modern societies*. UK: Polity Press.
- Gilligan, C. (1982). *In a different voice: Psychological theory and women's development*. London: Harvard University Press.
- Givelber, F. (1990). Object relations and the couple: Separation-individuation, intimacy, and marriage. In R. Chasin, H. Grunebaum & M. Herzig (Eds), *One couple, four realities: Multiple perspectives on couple therapy* (pp.171-190). New York: Guilford.
- Glasser, W. (1995). *Staying together*. New York: Harper Collins.
- Glasser, W. & Wubbolding, R. (1995). Realty therapy. In R.J. Corsini & D. Wedding (Eds), *Current psychotherapies* (5th ed., pp.293-321). Illinois: Peacock.
- Glasser, W. & Zunin, L.M. (1979). Reality therapy. In R.J. Corsini (Ed.), *Current psychotherapies* (2nd ed., pp.302-339). Illinois: Peacock.
- Glick, I.D., Clarkin & Kessler, D.R. (1987). *Marital and family therapy*. Orlando: Grune & Stratton.
-

- Goldenberg, I. & Goldenberg, H. (1996). *Family therapy: An overview* (4th ed.). Pacific Grove: Brooks/Cole.
- Goleman, D. (1995). *Emotional intelligence: Why it can matter more than IQ*. London: Bloomsbury.
- Gottman, J.M. (1979). *Marital interaction: Experimental investigations*. New York: Academic Press.
- Gottman, J.M. (1993). The roles of conflict engagement, escalation, and avoidance in marital interaction: A longitudinal view of five types of couples. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, **61**(1), 6-15.
- Gottman, J.M. (1994a). *What predicts divorce?* New Jersey: Lawrence Erlbaum.
- Gottman, J. (1994b). Why marriages fail. *The Family Therapy Networker*, **18**(3), 41-48.
- Gottman, J.M. & Krokoff, L.J. (1989). Marital interaction and satisfaction: A longitudinal view. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, **57**(1), 47-52.
- Gottman, J.M. & Levenson, R.W. (1988). The social psychophysiology of marriage. In P. Noller & M.A. Fitzpatrick (Eds), *Perspectives on marital interaction* (pp.182-200). Clevedon: Multilingual Matters.
- Gottman, J.M. & Levenson, R.W. (1999a). How stable is marital interaction over time? *Family Process*, **38**(2), 159-165.
-

- Gottman, J.M. & Levenson, R.W. (1999b). What predicts change in marital interaction over time? A study of alternative models. *Family Process*, **38**(2), 143-173.
- Gottman, J.M., Notarius, C., Gonso, J. & Markman, H. (1976). *A couple's guide to communication*. Illinois: Research Press.
- Gottman, J.M. & Silver, N. (1994). *Why marriages succeed or fail*. New York: Simon & Schuster.
- Gouws, L.A. (1989). Realiteitsterapie. In D.A. Louw (Red.), *Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag*. (pp.576-590). Johannesburg: Southern.
- Gray, J. (1992). *Men are from Mars Women are from Venus*. London: Thorsons.
- Green, R.J. & Werner, P.D. (1996). Intrusiveness and closeness-caregiving: Rethinking the concept of family "enmeshment". *Family Process*, **35**(1), 115-132.
- Gross, J.J. & Levenson, R.W. (1997). Hiding feelings: The acute effects of inhibiting negative and positive emotion. *Journal of Abnormal Psychology*, **106**(1), 95-103.
- Grunebaum, H. (1990). Toward a theory of marital bonds, or why do people stay married? In R. Chasin, H. Grunebaum & M. Herzig (Eds), *One couple, four realities: Multiple perspectives on couple therapy* (pp.305-336). New York: Guilford.
- Grunebaum, H. (1997a). Response to "Just in love". *Journal of Marital and Family Therapy*, **23**(3), 313-314.
- Grunebaum, H. (1997b). Thinking about romantic/erotic love. *Journal of Marital and Family Therapy*, **23**(3), 295-307.
-

- Guba, E.G. & Lincoln, Y.S. (1994). Competing paradigmas in qualitative research. In N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Eds), *Handbook of qualitative research* (pp.106-117). California: Sage.
- Guerin, P.J., Fay, F.F., Burden, S.L. & Gilbert Kautto, J. (1987). *The evaluation and treatment of marital conflict: A four-stage approach*. New York: Basic Books.
- Guerney, B.G. (1977). *Relationship enhancement*. London: Jossey-Bass.
- Guthrie, D.M. & Noller, P. (1988). Spouses' perceptions of one another in emotional situations. In P. Noller, & M.A. Fitzpatrick (Eds), *Perspectives on marital interaction* (pp.153-181). Clevedon: Multilingual Matters.
- Guthrie, D.M. & Snyder, C.W. (1988). Spouses' self-evaluation for situations involving emotional communication. In P. Noller & M.A. Fitzpatrick (Eds), *Perspectives on marital interactions* (pp.123-152). Clevedon: Multilingual Matters.
- Gurman, A.S. (1978). Contemporary marital therapies: A critique and comparative analysis of psychoanalytic, behavioral and systems theory approaches. In T.J. Paolino & B.S. McCrady (Eds) *Marriage and marital therapy* (pp.445-566). New York: Brunner/Mazel.
- Haley, J. (1973). *Uncommon therapy: The psychiatric techniques of Milton H. Erickson*. New York: W.W. Norton.
- Haley, J. (1976). *Problem-solving therapy: New strategies for effective family therapy*. New York: Harper & Row.
- Hansen, J.C. & L'Abate, L. (1982). *Approaches to family therapy*. New York: Macmillan.
-

- Hareven, T.K. (1982). American families in transition: Historical perspectives on change. In F. Walsh (Ed.), *Normal family processes* (pp.446-466). New York: Guilford.
- Hart, B. (1996). The construction of the gendered self. *Journal of Family Therapy*, **18**, 43-60.
- Heavey, C.L., Layne, C. & Christensen, A. (1993). Gender and conflict structure in marital interaction: A replication and extension. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, **61**(1), 16-27.
- Heller, P.E. & Wood, B. (1998). The process of intimacy: Similarity, understanding and gender. *Journal of Marital and Family Therapy*, **24**(3), 273-288.
- Hiller, D.V. & Philliber, W.W. (1982). Predicting marital and career success among dual-worker couples. *Journal of Marriage and the Family*, **44**(1), 53-61.
- Hoffman, L.W. & Manis, J.D. (1978). Influences of children on marital interaction and parental satisfactions and dissatisfactions. In R.M. Lerner & G.B. Spanier, *Child influences on marital and family interaction: A life-span perspective* (pp.165 - 213). New York: Academic Press.
- Hollis, J. (1998). *The Eden project: In search of the magical other*. Toronto: Inner City Books.
- Horwitz, A.V., White, H.R. & Howell-White, S. (1996). Becoming married and mental health: A longitudinal study of a cohort of young adults. *Journal of Marriage and the Family*, **58**, 895-907.
- Howe, K.R. (1988). Against the quantitative-qualitative incompatibility thesis. *Educational Researcher*, November, 10-16.
-

- Huberman, A.M. & Miles, M.B. (1994). Data management and analysis methods. In N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Eds), *Handbook of qualitative research* (pp.428-444). California: Sage Publications.
- Huysamen, G.K. (1993). *Metodologie vir die sosiale en geesteswetenskappe*. Pretoria: Sigma Pers.
- Huysamen, G.K. (1996). *Parallels between qualitative research and sequentially performed quantitative research*. Unpublished article, University of the Orange Free State (Department of Psychology), Bloemfontein.
- Hyde, J.S. (1998). Review of "She works/he works: How two-income families are happier, healthier and better off " by R.C. Barnett and R.C. Rivers. *Contemporary Psychology*, **43**(6), 420-421.
- Izard, C.E. (1977). *Human emotions*. New York: Plenum.
- Jacobson, J.D. (1988). *Three approaches to marital therapy: A comparative study*. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- Jacobson, N.S. (1978). A review of the research on the effectiveness of marital therapy. In T.J. Paolino & B.S. McCrady (Eds), *Marriage and marital therapy* (pp.395-444). New York: Brunner/Mazel.
- Jacobson, N.S. & Margolin, G. (1979). *Marital therapy*. New York: Brunner/Mazel.
- James, J.B. (1997). What are the social issues involved in focusing on difference in the study of gender? *Journal of Social Issues*, **53**(2), 213-232.
- Johnson, D.W. (1981). *Reaching out: Interpersonal effectiveness and self-actualization (2nd ed.)*. New Jersey: Prentice-Hall.

- Johnson, R. A. (1983). *We: Understanding the psychology of romantic love*. New York: Harper San Francisco.
- Johnson, S.M. & Talitman, E. (1997). Predictors of success in emotionally focuses marital therapy. *Journal of Marital Therapy*, **23**(2), 135-152.
- Jones, S. (1985a). The analysis of depth interviews. In R. Walker (Ed.), *Applied qualitative research* (pp.56-70). Hants (England): Gower.
- Jones, S. (1985b). Depth interviewing. In R. Walker (Ed.), *Applied Qualitative Research* (pp.45- 55). Hants (England): Gower.
- Jordaan, W.J., Jordaan, J.J. & Nieuwoudt, J.M. (1975). *Algemene sielkunde: 'n Psigobiologiese benadering*, Deel 2. Johannesburg: McGraw-Hill.
- Kaplan, H.I. & Sadock, B.J. (1988). *Synopsis of psychiatry: Behavioral sciences and clinical psychiatry* (5th ed.). Baltimore: Williams & Wilkins.
- Karney, B.R. & Bradbury, T.N. (1997). Neuroticism, marital interaction, and trajectory of marital satisfaction. *Journal of Personality and Social Psychology*, **72**(5), 1075-1092.
- Karpel, M. (1976). Individuation: From fusion to dialogue. *Family Process*, **15**, 65-82.
- Kast, V. (1986). *The nature of loving: Patterns of human relationship*. Illinois: Chiron.
- Katzev, A.R., Warner, R.L. & Acock, A.C. (1994). Relationship of child gender to marital instability. *Journal of Marriage and the Family*, **56**(1), 89-100.
-

- Kaufmann, Y. (1979). Analytical psychotherapy. In R.J. Corsini (Ed.), *Current psychotherapies* (2nd ed., pp.95-130). Illinois: Peacock.
- Kelly, E.L. & Conley, J.J. (1987). Personality and compatibility: A prospective analysis of marital stability and marital satisfaction. *Journal of Personality and Social Psychology*, **52**(1), 27-40.
- Kerlinger, F.N. (1970). *Foundations of behavioral research*. London: Holt, Rinehardt & Winston.
- Kerr, M.E. (1988). Chronic anxiety and defining a self. *The Atlantic Monthly*, September, 35-58.
- King, L.A. (1998). Ambivalence over emotional expression and reading emotions in situations and faces. *Journal of Personality and Social Psychology*, **74**(3), 753-762.
- Kinnunen, U. & Mauno, S. (1998). Antecedents and outcomes of work-family conflict among employed women and men in Finland. *Human Relations*, **51**(2), 157-175.
- Kolb, L.C. & Brodie, H.K.H. (1982). *Modern clinical psychiatry* (10th ed.). Philadelphia: W.B. Saunders.
- Kreppner, K. (1988). Changes in parent child relationships with the birth of the second child. In R. Palkovitz & M.B. Sussman (Eds), *Transitions to parenthood* (pp.157-181). New York: Haworth Press.
- Kring, A.M. & Gordon, A.H. (1998). Sex differences in emotion: Expression, experience, and physiology. *Journal of Personality and Social Psychology*, **74**(3), 686-703.
-

- Kroska, A. (1997). The division of labor in the home: A review and reconceptualization. *Social Psychology Quarterly*, **60**(4), 304-322.
- Kvale, S. (1987). Interpretation of the qualitative research interview. In F.J. van Zuuren, F.J. Wertz & B. Mook (Eds), *Advances in qualitative psychology: Themes and variations* (pp.25-39). Lisse: Swets & Zeitlinger.
- Kvale, S. (1990). *Ten standard responses to qualitative research interviews*. Paper presented at the Human Sciences Research Conference, Quebec.
- Kwawer, J.S. (1982). Object relations theory and intimacy. In M. Fisher & G. Stricker (Eds), *Intimacy* (pp.53-64). New York: Plenum.
- Ladner, J. (1982). Intimacy and sex therapy. In M. Fisher & G. Stricker (Eds), *Intimacy* (pp.219-230). New York: Plenum.
- Lamb, M.E. (1978). Influence of child on marital quality and family interaction during the prenatal, perinatal, and infancy periods. In R.M. Lerner & G.B. Spanier, *Child influences on marital and family interaction: A life-span perspective* (pp.137-163). New York: Academic Press.
- Langhinrichsen-Rohling, J., Smutzler, N. & Vivian, D. (1994). Positivity in marriage: The role of discord and physical aggression against wives. *Journal of Marriage and the Family*, **56**(1), 69-79.
- Layder, D. (1993). *New strategies in social research: An introduction and guide*. Cambridge: Polity Press.
- Lebow, J.L. (1999). Building a science of couple relationships: Comments on two articles by Gottman and Levenson. *Family Process*, **38**(2), 167-173.

- Lerner, H.G. (1989). *The dance of intimacy: A woman's guide to courageous acts of change in key relationships*. New York: Harper & Row.
- Le Roux, A. & De Beer, E. (1994). Eensaamheid en intimiteit by getroude studente in vroeë volwassenhed. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sielkunde*, **24**(2), 53-61.
- Lieberman, R.P., Wheeler, E.G., de Visser, L.A.J.M., Kuehnelt, J. & Kuehnelt, T. (1980). *Handbook of marital therapy: A positive approach to helping troubled relationships*. New York: Plenum.
- LoPiccolo, L. & Heiman, J.R. (1978). Sexual assessment and history interview. In J. LoPiccolo & L. LoPiccolo (Eds), *Handbook of sex therapy* (pp. 103-111). New York: Plenum Press.
- Lott, B. (1997). The personal and social correlates of a gender difference ideology. *Journal of Social Issues*, **53**(2), 279-298.
- Louw, D.J. (1983a). *Versoening in die huwelik - riglyne in die pastorale bediening*. Durban: Butterworth.
- Louw, D.J. (1983b). *Die volwasse huwelik*. Durban: Butterworth.
- Louw, D.J. (1993). *Liefde is vir altyd: 'n Huweliksgids vir verloofdes en getroudes*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Louw, D.A. & Louw, A.E. (1990). Die neonatale fase en babajare. In D.A. Louw (Red.), *Menslike ontwikkeling* (2de uitg., pp.157-237). Pretoria: HAUM.
- Louw, D.A., Schoeman, W.J., van Ede, D.M. & Wait, J. (1990). Die middelkinderjare. In Louw, D.A. (Red.), *Menslike ontwikkeling* (2de uitg., pp.325-388). Pretoria: HAUM.

- Low, N.S. (1990). Women in couples: How their experiences of relationships differs from men's. In R. Chasin, H. Grunebaum & M. Herzig (Eds), *One couple, four realities: Multiple perspectives on couple therapy* (pp.249-268). New York: Guilford.
- Lueptow, L.B., Guss, M.B. & Hyden, C. (1989). Sex role ideology, marital status, and happiness. *Journal of Family Issues*, **10**(3), 383-400.
- Luttig, E.M. (1993). *An evaluation of in-depth marital therapy with special reference to the psychodynamics and possible pathology of marital partners* (Report HG/MF-7). Pretoria: Human Sciences Research Council.
- Maartens, M. (1990). *Ons twee wil trou*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Mace, D. & Mace, V. (1974). *We can have better marriages if we really want them*. Nashville: Abingdon.
- MacEwen, K. & Barling, J. (1993). Type A behavior and marital satisfaction: Differential effects of achievement striving and impatience/irritability. *Journal of Marriage and the Family*, **55** (4), 1001-1010.
- Mackey, R.A. & O'Brien, B.A. (1995). *Lasting marriages: Men and women growing together*. London: Praeger.
- Mahrer, A.R. (1982). Humanistic approaches to intimacy. In M. Fisher & G. Sticker (Eds), *Intimacy* (pp.141-158). New York: Plenum.
- Markman, H.J., Silvern, L., Clements, M. & Kraft-Hanak, S. (1993). Men and women dealing with conflict in heterosexual relationships. *Journal of Social Issues*, **49**(3), 107-125.

- Marks, S.R. (1986). *Three corners: Exploring marriage and the self*. -Toronto: Lexington Books.
- Matthews, L.S., Conger, R.D. & Wickrama, K.A.S. (1996). Work-family conflict and marital quality: Mediating processes. *Social Psychology Quarterly*, **59**(1), 62-79.
- Matthews, L.S., Wickrama, K.A.S. & Conger, R.D. (1996). Predicting marital instability from spouse and observer reports of marital interaction. *Journal of Marriage and the Family*, **58**(3), 641-655.
- McCullough, M.E., Worthington, E.L. & Rachal, K.C. (1997). Interpersonal forgiving in close relationships. *Journal of Personality and Social Psychology*, **73**(2), 321-336.
- McFarland, C. & Buehler, R. (1997). Negative affective states and the motivated retrieval of positive life events: The role of affect acknowledgment. *Journal of Personality and Social Psychology*, **73**(1), 200-214.
- McGoldrick, M. & Carter, E.A. (1982). The family life cycle. In F. Walsh, *Normal family processes* (pp.167-194). New York: Guilford.
- Meador, B.D. & Rogers, C.R. (1979). Person-centered therapy. In R.J. Corsini (Ed.), *Current psychotherapies* (2nd ed., pp.131-184). Illinois: Peacock.
- Meissner, W.W. (1978). The conceptualization of marriage and family dynamics from a psychoanalytic perspective. In T.J. Paolino, & B.S. McCrady (Eds), *Marriage and marital therapy* (pp.25-88). New York: Brunner/Mazel.
- Melby, J.N., Ge, X., Conger, R.D. & Warner, T.D. (1995). The importance of task in evaluating positive marital interactions. *Journal of Marriage and the Family*, **57**, 981-994.
-

- Miles, M.B. & Huberman, A.M. (1994). *Qualitative data analysis*. (2nd ed.). London: Sage.
- Miles, M.B. & Huberman, A.M. (1984). *Qualitative data analysis: A sourcebook of new methods*. Beverley Hills: Sage.
- Miller, S., Nunnally, E.W. & Wackman, D.B. (1975). *Alive and aware: Improving communication in relationships*. Minneapolis: Interpersonal Programs.
- Minuchin, S. (1974). *Families and family therapy*. Massachusetts: Harvard University Press.
- Misiak, H. & Sexton, V.S. (1973). *Phenomenological, existential, and humanistic psychologies: A historical survey*. New York: Grune & Stratton.
- Mol, A. (1981). *Kom ons wen saam*. Kaapstad: Femina.
- Möller, A.T. (1989). Rasioneel-emotiewe terapie. In D.A. Louw, *Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag* (pp.557-575). Johannesburg: Southern.
- Möller, A.T. & Van Zyl, P.D. (1991). Relationship beliefs, interpersonal, perception, and marital adjustment. *Journal of Clinical Psychology*, **47**(1), 28-33.
- Mook, B. (1986). Changing patterns of family life: A historical perspective. *Psychotherapeia*, **43**, 22-26.
- Morokoff, P. (1978). Determinants of female orgasm. In J. LoPiccolo & L. LoPiccolo (Eds), *Handbook of sex therapy* (pp.147-165). New York: Plenum Press.
-

- Morrison, T.L., Goodlin-Jones, B.L. & Urquiza, A.J. (1997). Attachment and the representation of intimate relationships in adulthood. *The Journal of Psychology*, 131(1), 57-71.
- Mosak, H.H. (1979). Adlerian psychotherapy. In R.J. Corsini (Ed.), *Current psychotherapies* (2nd ed., pp.44-94). Illinois: Peacock.
- Moss, N.E., Abramowitz, S.I. & Racusin, G. R. (1985). Parental heritage: Progress and prospect. In L. L'Abate (Ed.), *The handbook of family psychology and therapy*, Vol.1 (pp.499-522). Chicago: Dorsey Press.
- Mouton, J. (1988). Die filosofie van kwalitatiewe navorsing. In M. Ferreira, J. Mouton, G. Puth, E. Schurink & W. Schurink, *Inleiding tot kwalitatiewe metodes*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Mouton, J. & Marais, H.C. (1989). Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe. In *RGN-studies in Navorsingsmetodologie*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Nadelson, C.C. & Paolino, T.J. (1978). Marital therapy from a psychoanalytic perspective. In T.J. Paolino & B.S. McCrady (Eds), *Marriage and marital therapy* (pp.89-164). New York: Brunner/Mazel.
- Newirth, J.W. (1982). Intimacy in interpersonal psychoanalysis. In M. Fisher & G. Stricker (Eds), *Intimacy* (pp.79-97). New York: Plenum.
- Newman, P.R. & Newman, B.M. (1988). Parenthood and adult development. In R. Palkovitz & M.B. Sussman (Eds), *Transitions to parenthood* (pp.313-337). New York: Haworth Press.
- Nicol, J. (1989). *Naak en naby*. Pretoria: HAUM.

- Nichols, W.C. (1988). *Marital therapy: An integrative approach*. New York: Guilford.
- Niemann, S.M. (1994). *Die bestuursoptrede van die Suid-Afrikaanse vrou as onderwysleier in die hantering van onderwysverandering*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
- Noller, P. (1984). *Nonverbal communication and marital interaction*. New York: Pergamon.
- Noller, P. (1988). Overview and implications. In P. Noller & M.A. Fitzpatrick (Eds), *Perspectives on marital interaction* (pp.323-344). Clevedon: Multilingual Matters.
- Noller, P. & Gallois, C. (1988). Understanding and misunderstanding in marriage: Sex and marital adjustment differences in structured and free interaction. In P. Noller & M.A. Fitzpatrick (Eds), *Perspectives on marital interaction* (pp.53-77). Clevedon: Multilingual Matters.
- Ochse, R. (1981). Werk. In L.C. Gerdes, R. Ochse, C. Stander & D. van Ede, *Die ontwikkelende volwassene* (pp.231-255). Durban: Butterworth.
- O'Donohue, W. & Crouch, J.L. (1996). Marital therapy and gender-linked factors in communication. *Journal of Marital and Family Therapy*, **22**(1), 87-101.
- Olivier, L. (1986). *Mites oor die huwelik (Nuusbrief 163)*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Olson, D.H., McCubbin, H.I., Barnes, H., Larsen, A., Muxen, M. & Wilson, M. (1983). *Families: What makes them work?* Beverley Hills: Sage Publications.

- O'Neil, R. & Greenberger, E. (1994). Patterns of commitment to work and parenting: Implications for role strain. *Journal of Marriage and the Family*, **56**(1), 101-112.
- Orbuch, T.L., House, J.S., Mero, R.P. & Webster, P.S. (1996). Marital quality over the life course. *Social Psychology Quarterly*, **59**(2), 162-171.
- Palm, G.F. & Palkovitz, R. (1988). The challenge of working with new fathers: Implications for support providers. In R. Palkovitz & M.B. Sussman (Eds), *Transitions to parenthood*, (pp.357-375). New York: Haworth Press.
- Papalia, D.E. & Olds, S.W. (1981). *Human development* (2nd ed.). New York: McGraw-Hill.
- Papp, P. (1990). The use of structured fantasy in couple therapy. In R. Chasin, H. Grunebaum & M. Herzig (Eds), *One couple, four realities: Multiple perspectives on couple therapy* (pp.25-48). New York: Guilford.
- Patton, M.Q. (1990). *Qualitative evaluation and research methods* (2nd ed.). London: Sage.
- Peck, M.S. (1978). *The road less travelled: A new psychology of love, traditional values and spiritual growth*. London: Arrow Books.
- Pendleton, B.F., Poloma, M.M. & Garland, T.N. (1982). An approach to quantifying the needs of dual-career families. *Human Relations*, **35**(1), 69-82.
- Phares, E.J. (1984). *Clinical psychology: Concepts, methods, and profession*. Illinois: Dorsey.

- Pienaar, H.J. (1991). *Die huweliksbehoefte van jong getroude studente*. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
- Pina, D.L. & Bengtson, V.L. (1993). The division of household labour and wives happiness. In *Journal of Marriage and the Family*, **55**(4), 901-912.
- Pistole, M.C. (1994). Adult attachment styles: Some thoughts on closeness-distance struggles. *Family Process*, **33**(2), 147-159.
- Pitman, E. (1984). *Transactional analysis for social workers and counsellors*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Pittman, F. (1997). Just in love. *Journal of Marital and Family Therapy*, **23**(3), 309-312.
- Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. (1988). *Psigologiewoordeboek*. Johannesburg: Lexicon.
- Polkinghorne, D.E. (1989). Phenomenological research methods. In R.S. Valle & S. Halling (Eds), *Existential-phenomenological perspectives in psychology* (pp.41-60). New York: Plenum Press.
- Pollock, A.D., Die, A.H. & Marriott, R.G. (1990). Relationship of communication style to egalitarian marital role expectations. *The Journal of Social Psychology*, **130**(5), 619-624.
- Pretorius, E. (1990). *Die rol en benutting van tradisionele helers in 'n swart woongebied in Bloemfontein*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

- Pretorius, H.G. (1986). *'n Psigo-opleidingsprogram vir huweliksvoorbereiding*. Lesing gelewer by die Vierde Nasionale Kongres van die Sielkunde Vereniging van Suid-Afrika, Johannesburg.
- Pretorius, G. (1988). *'n Evaluering van 'n huweliks-voorbereidingsprogram*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.
- Prince-Gibson, E. & Schwartz, S.H. (1998). Value priorities and gender. *Social Psychology Quarterly*, 61(1), 49-67.
- Prochaska, J. & Prochaska, J. (1978). Twentieth century trends in marriage and marital therapy. In T.J. Paolino & B.S. McCrady (Eds), *Marriage and Marital Therapy* (pp.1-24). New York: Brunner/Mazel.
- Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). (1972). *Egskeiding* (Nuusbrief 40). Pretoria: RGN.
- Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). (1973). *Die Werkende Moeder* (Nuusbrief 50). Pretoria: RGN.
- Rademeyer, G. (1989). Gesinsterapie. In D.A. Louw (Red.), *Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag*. Johannesburg: Southern.
- Rapoport, R. & Rapoport, R.N. (1969). The dual career family. *Human Relations*, 22(1), 3-27.
- Rapoport, R. & Rapoport, R.N. (1972). Further considerations on the dual career family. *Human Relations*, 24(6), 519-533.
-

- Rapoport, R. & Rapoport, R.N. (1990). Balancing work and family responsibilities: Gender-equity and organisational change. *The International Journal of Public Sector Management*, 3(1), 20-30.
- Renshaw, D.C. (1978). "I'm just not interested in sex, doctor". *Medical Aspects of Human Sexuality*, May, 32-41.
- Renshaw, D.C. (1978b). Sex and the female psyche. *Comprehensive Therapy*, May, 17-21.
- Renshaw, D.C. (1979). Sexual boredom. *Medical Aspects of Human Sexuality*, 13(6), 16-25.
- Renshaw, D.C. (1982). Sexual dysfunction: 10 queries on office practice pitfalls. *Modern Medicine*, 50(11), 171-184.
- Renshaw, D.C. (1983a). Communication in marriage. *Medical Aspects of Human Sexuality*, 17(6), 199-220.
- Renshaw, D.C. (1983b). Relationship therapy for sex problems. *Comprehensive Therapy*, 9(6), 32-39.
- Renshaw, D.C. (1984a). Intimacy and intercourse. *Medical Aspects of Human Sexuality*, 18(2), 70-76.
- Renshaw, D.C. (1984b). The ripple effect of a satisfying marital relationship. *Physician & Patient*, 3(6), 13-19.
- Renshaw, D.C. (1989). Short term therapy for sexual dysfunction: Libido differences. *Clinical Practice in Sexuality*, 5(1), 17-19.

- Renshaw, D.C. (1990). *Anger: A barrier or a bridge to intimacy?* Mediese Seksjoernaal, 1(1), 12-15.
- Renshaw, D.C. (1991a). Human sexuality 2: *Impotence*. Unpublished manuscript, Department of Obstetrics and Gynaecology, University of the Orange Free State, Bloemfontein.
- Renshaw, D.C. (1991b). *Human sexuality 3: Forgiveness*. Unpublished manuscript, Department of Obstetrics en Gynaecology, University of the Orange Free State, Bloemfontein.
- Rice, A.H. & Brown, P.M. (1995). Intimacy within the family: Developmental perspectives. In Brown, P.M., *The death of intimacy: Barriers to meaningful interpersonal relationships* (pp.15-38). New York: Haworth.
- Richards, T.J. & Richards, L. (1994). Using computers in qualitative research. In N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Eds), *Handbook of qualitative research* (pp.445-462). California, Sage.
- Rollins, B.C. & Feldman, H. (1970). Marital satisfaction over the family life cycle. *Journal of Marriage and the Family*, February, 20-28.
- Rollins, B.C. & Galligan, R. (1978). The developing child and marital satisfaction of parents. In R.M. Lerner & G.B. Spanier (Eds), *Child influences on marital and family interaction: A life-span perspective* (pp.71-105). New York: Academic.
- Rosin, H.M. (1990). Consequences for men of dual career marriages: Implications for organisations. *Journal of Managerial Psychology*, 5(1), 5-8.

- Roughan, P. & Jenkins, A. (1990a). A systems-developmental approach to counselling couples with sexual problems (Part 1). *The Australian and New Zealand Journal of Family Therapy*, **11**(3), 129-139.
- Roughan, P. & Jenkins, A. (1990b). A systems-developmental approach to counselling couples with sexual problems (Part 2). *The Australian and New Zealand Journal of Family Therapy*, **11**(4), 193-201.
- Rusting, C.L. & Nolen-Hoeksema, S. (1998). Regulating responses to anger: Effects of rumination and distraction on angry mood. *Journal of Personality and Social Psychology*, **74**(3), 790-803.
- Sade, J. E. & Notarius, C.I. (1985). Emotional expression in marital and family relationships. In L. L'Abate (Ed.), *The handbook of family psychology and therapy*, Vol.1 (pp.378-403). Chicago: Dorsey Press.
- Salkind, N.J. (1981). *Theories of human development*. New York: D. Van Nostrand.
- Schaap, C., Buunk, B. & Kerkstra, A. (1988). Marital conflict resolution. In P. Noller & M.A. Fitzpatrick (Eds), *Perspectives on marital interaction* (pp.203-244). Clevedon: Multilingual Matters.
- Schoeman, W.J., Nel, Z. & Wessels, S.J. (1983). *Die algemene sisteemteorie en kubernetika*. Ongepubliseerde manuskrip, Departement Sielkunde, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
- Schurink, E.M. (1988). Die metodologie van ongestruktureerde onderhoudsvoering. In M. Ferreira, J. Mouton, J.G. Puth, E. Schurink & W. Schurink, *Inleiding tot kwalitatiewe metodes: Module 3* (pp.136-160). Ongepubliseerde manuskrip, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria.

- Schwartz, P. (1994). Peer marriage. *The Family Therapy Networker*, **18**(5), 56-60.
- Segraves, R.T. (1982). *Marital therapy: A combined psychodynamic-behavioral approach*. New York: Plenum Press.
- Sentrale Statistiekdiens (SSD). (1992). *Verslag no. 03-07-01 van 1992: Huwelike en Egskeidings*. Pretoria: SSD.
- Sexton, R.E. & Sexton, V.S. (1982). Intimacy: A historical perspective. In M. Fisher & G. Stricker (Eds), *Intimacy* (pp.1-20). New York: Plenum.
- Shelton, B.A. (1990). The distribution of household tasks. *Journal of Family Issues*, **11**(2), 115-135.
- Sinclair, I. & McCluskey, U. (1996). Invasive partners: An exploration of attachment, communication and family patterns. *Journal of Family Therapy*, **18**, 61-78.
- Sloan, S.L. & L'Abate, L. (1985). Intimacy. In L. L'Abate (Ed.), *The handbook of family psychology and therapy*, Vol.1 (pp.405-429). Chicago: Dorsey Press.
- Smaling, A. (1994). *Course material for the qualitative methodology: Winter school*. Ongepubliseerde manuskrip, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria.
- Smit, G.J. (1983). *Navorsingsmetodes in die gedragswetenskappe*. Pretoria: HAUM.
- Smit, R. (1995). Stres in die dubbelinkomstegesin: Is daar hoop op verligting? *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie*, **26**(4), 134-142.

- Smit, R. (1996). Huweliksintegrasie en beroepsatisfaksie: Die aard van die ervaring van die vrou in die dubbelinkomstegesin. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie*, **27**(4), 135-143.
- Smit, R. & Steyn, A.F. (1996). Huweliksintegrasie en beroepsatisfaksie van die werkende getroude vrou: Die impak van biografiese veranderlikes. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie*, **27**(3), 106-112.
- Smith, A.M. (1994). *Die verband tussen stresmanagementstrategieë en huweliksaanpassing by jonggetroude studente-egpare*. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
- Spanier, G.B. (1976). Measuring dyadic adjustment: New scales for assessing the quality of marriage and similar dyads. *Journal of Marriage and the Family*, **38**, 15-28.
- Spanier, G.B. (1985). Cohabitation in the 1980's: Recent changes in the United States. In K. Davis (Ed.), *Contemporary marriage: Comparative perspectives on a changing institution* (pp.91-110). New York: Russell Sage.
- Spanier, G.B., Lerner, R.M. & Aquilino, W. (1978). The study of child-family interactions: A perspective for the future. In Lerner, R.M. & Spanier, G.B. (Eds), *Child influences on marital and family interaction: A life-span perspective* (pp.327-344). New York: Academic.
- Sprecher, S., Metts, S., Burleson, B., Hatfield, E. & Thompson, A. (1995). Domain of expressive interaction in intimate relationships. *Family Relations*, **44**, 203-210.
- Stanley, S.M., Markman, H.J., St. Peters, M. & Leber, B.D. (1995). Strengthening marriages and preventing divorce: New directions in prevention research. *Family Relations*, **44**, 392-401.

- Steinglass, P. (1978). The conceptualization of marriage from a systems theory perspective. In T.J. Paolino & B.S. McCrady (Eds), *Marriage and marital therapy* (pp.298- 365). New York: Brunner/Mazel.
- Steinmetz, S.K., Clavan, S. & Stein, K.F. (1990). *Marriage and family realities: Historical and contemporary perspectives*. San Francisco: Harper & Row.
- Stevens, A. (1990). *On Jung*. London: Penguin.
- Steyn, A.F. (1987). Summary and research proposals. In A.F. Steyn, H.G. Strijdom, S. Viljoen & F.J. Bosman (Eds), *Marriage and family life in South Africa: Research priorities* (pp.852-912). Unpublished manuscript, Pretoria: Human Sciences Research Counsel.
- Steyn, A.F. (1996). Values that support quality marital and family life. *South African Journal of Sociology*, 27(4), 143-148.
- Stone, A.A. (1985). Emotional aspects of contemporary relations from status to contracts. In K. Davis (Ed.), *Contemporary marriage: Comparative perspectives on a changing institution* (pp.395-413). New York: Russell Sage.
- Stratton, P.& Hayes, N. (1993). *A student's dictionary of psychology* (2nd ed.). London: Edward & Arnold.
- Strauss, A. & Corbin, J. (1990). *Basics of qualitative research: - Grounded theory procedures and techniques*. London: Sage.
- Strauss, A. & Corbin, J. (1994). Grounded theory methodology: An overview. In N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Eds), *Handbook of qualitative research* (pp.273-285). California: Sage.
-

- Strijdom, H.G. (1987). Analyses of South African marriage and divorce statistics. In A.F. Steyn, H.G. Strijdom, S. Viljoen & F.J. Bosman, *Marriage and family life in South Africa: Research priorities* (pp.446-473). Ongepubliseerde manuskrip, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria.
- Strongman, K.T. (1973). *The psychology of emotion*. London: John Wiley.
- Swensen, J.R. (1985). Love in the family. In L. L'Abate (Ed.), *The handbook of family psychology and therapy*, Vol.1 (pp.357-376). Chicago: Dorsey Press.
- Taljaard, J.J. (1985). *Die vereistes wat mans en vrouens aan 'n huweliksmaat stel: 'n Onderzoek met die oog op die ontwikkeling van huweliksvoorligtingsprogram*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Talmadge, W.C. (1985a). Introduction to sexuality. In L. L'Abate (Ed.), *The handbook of family psychology and therapy*, Vol.1 (pp.431-433). Chicago: Dorsey Press.
- Talmadge, W.C. (1985b). Marital sexuality. In L. L'Abate (Ed.), *The handbook of family psychology and therapy*, Vol.1 (pp.465-497). Chicago: Dorsey Press.
- Talmadge, W.C. (1985c). Premarital sexuality. In L. L'Abate (Ed.), *The handbook of family psychology and therapy*, Vol.1 (pp.433-463). Chicago: Dorsey Press.
- Theron, A. (1989). Seksuele versteurings. In Louw, D.A. (Red.), *Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag* (pp.303-340). Johannesburg: Southern Boekuitgewers.
- Thom, D.P. (1990). Adolesensie. In D.A. Louw (Red.), *Menslike ontwikkeling* (2de uitg., pp.393-472). Pretoria: HAUM.

- Thomas, G., Fletcher, G.J.O. & Lange, C. (1997). On-line empathic accuracy in marital interaction. *Journal of Personality and Social Psychology*, **72**(4), 839-850.
- Treadway, D. (1993). In a world of their own. *The Family Therapy Networker*, **17**(2), 33-39.
- Trümpelmann, M. (1998). *Die wonderpil is hier!* Rapport, 18 Oktober, p.9.
- Tydeman, J.F. (1989). Psigoanalitiese psigoterapie. In D.A. Louw (Red.), *Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag*. Johannesburg: Southern.
- Vaillant, C.O. & Vaillant, G.E. (1993). Is the U-curve of marital satisfaction an illusion? *Journal of Marriage and the Family*, **55**(1), 230-239.
- Van der Walt, S. (1986). *Die vrou in die werksituasie in die RSA: 'n verwysingsraamwerk* (Werkkragstudies 4). Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Van Ede, D. (1981). Ouerskap. In L.C. Gerdes, R. Ochse, C. Stander & D. van Ede, *Die ontwikkelende volwassene* (pp. 183-203). Durban: Butterworth.
- Van Staden, S. (1991). *Om heel te word: Huweliks- en egskeidingsberaad vanuit 'n gesinsperspektief - Teoretiese en praktiese riglyne om probleemverhoudings te hanteer*. Pretoria: De Jager-HAUM.
- Van Vuuren, R. (1992). *Die verhouding tussen kwaliteit en kwantiteit*. Referaat gelewer by 'n Werkwinkel oor Kwalitatiewe Navorsing, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

- Venter, C. A. (1988). *Die ontwerp en evaluering van 'n psigologiese voorhuwelikse verrykingsprogram*. Ongepubliseerde doktorsale tesis, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Visser, D. & Van Staden, F. (1991). *Comparison of methodology used in contributions to the South African journals of psychology, sociology and education*. Paper presented at the Ninth National Psychology Conference, Pretoria.
- Wallerstein, J.S. (1991). The long-term effects of divorce on children: A review. *Journal of the American Academy for Child and Adolescence Psychiatry*, 30(3), 349-360.
- Walker, R. (1985a). Evaluating applied qualitative research. In R. Walker (Ed.), *Applied Qualitative Research* (pp.177-195). Hants (England): Gower.
- Walker, R. (1985b). An introduction to applied qualitative research. In R. Walker (Ed.), *Applied Qualitative Research* (pp.3-26). Hants (England): Gower.
- Walker, L.S. & Wallston, B. (1985). Social adaption: A review of dual-earner family literature. In L. L'Abate, *The handbook of family psychology and therapy*, Vol.2 (pp.698-739). Chicago: Dorsey Press.
- Weiss, R.L. (1978). The conceptualization of marriage from a behavioral perspective. In T. J. Paolino & B.S. McCrady (Eds), *Marriage and marital therapy* (pp.165-239). New York: Brunner/Mazel.
- Welthagen, N. (1994). *Die effek wat premenstruele simptome op kommunikasie in die huwelik het*. Ongepubliseerde meestersgraadverhandeling, Universiteit van Pretoria.

- Weitzman, L.J. (1985). The divorce law revolution and the transformation of legal marriage. In K. Davis (Ed.), *Contemporary marriage: Comparative perspectives on a changing institution* (pp.301-346). New York: Russell Sage.
- White, J.M. (1992). Marital status and well-being in Canada. *Journal of Family Issues*, **13**(3), 390-409.
- Willi, J. (1997). The significance of romantic love for marriage. *Family Process*, **36**(2), 171-182.
- Wineberg, H. (1994). Marital reconciliation in the United States: Which couples are successful? *Journal of Marriage and the Family*, **56**(1), 80-88.
- Wolf, E.S. (1982). Self-theory and intimacy. In M. Fisher & G. Stricker (Eds), *Intimacy* (pp.65-77). New York: Plenum.
- Wolf, R. (1996). *Marriages and families in a diverse society*. New York: Harper Collins.
- Wood, W., Christensen, N., Hebl, M.R. & Rothgerber, H. (1997). Conformity to sex-typed norms, affect, and the self-concept. *Journal of Personality and Social Psychology*, **73**(3), 523-535.
- Worthington, E.L., Buston, B.G. & Hammonds, T.M. (1989). A component analysis of marriage enrichment: Information and treatment modality. *Journal of Counseling and Development*, **67**, 550-560.
- Wright, J. D. (1978). Are working women really more satisfied? Evidence from several national surveys. *Journal of Marriage and the Family*, May, 301-313.
-

Wynne, L.C., Jones, J.E. & Al-Khayyal, M. (1982). Healthy family communication patterns: Observations in families "at risk" for psychopathology. In F. Walsh (Ed.), *Normal family processes* (pp.142-163). New York: Guilford.

Zimmerman, J.L. & Dickerson, V.C. (1993). Separating couples from restraining patterns and the relationship discourse that supports them. *Journal of Marital and Family Therapy*, 19(4), 403-413.

BYLAE A

FOKUSVERSKILLE BY GESINSTERAPEUTE VANUIT VERSKILLENDE BENADERINGS

Terapeute wat vanuit die vroegste raamwerke aanvanklik individuele terapie gedoen het, se gesins- en huweliksterapie weerspieël steeds dié oorpronklike vertrekpunte terwyl latere gesinsterapeute primêr sisteembeginsels benut het.

- Die psigoanalities-georiënteerde **Ackerman** beklemtoon dat bepaalde persoonlikheidseienskappe en voorheen onbevredigde behoeftes aanleiding gee tot foutiewe en onbevredigende herhalende patrone in egpare se affektiewe funksionering (sien 2.4.1.6).
- Die behavioristies-georiënteerde **Liberman** wys op die rol van die versterkingsbeginsels in sirkulêre patrone van interaksie tussen egliede en op die noodsaak van die gedurige vermeerdering van aangename belewenisse (sien 2.4.3).
- Die humanisties-georiënteerde **Satir** sien in die kommunikasiestyl die egliede se selfsiening en hul basiese houding jeens mekaar en beveel die tipies Rogeriaanse aanvaardende houding sowel as korrekte kommunikasiopatrone aan (sien 2.4.4.3).
- **Bowen**, 'n sistemiese terapeut met psigoanalitiese vertrekpunte, bepleit selfdifferensiasie en die belangrikheid daarvan vir kognitiewe beheer oor ondeurdagde emosionele reaksies, sowel as vir die outomatiese herhaling van vorige onbevredigende interaksiepatrone in die pare se gesinne van herkoms (sien 2.4.7.1).
- **Minuchin**, 'n strukturele terapeut, fokus veral op egliede se respek vir duidelike, maar deurlaatbare grense wat die effek van verwarrende dubbelbindinge en

gebrekkige persoonlike groei verhoed, maar wat steeds die emosionele versorging van mekaar vereis (sien 2.4.7.2).

- **Haley**, 'n strategiese terapeut, dui aan dat pare se kommunikasie hul verhouding definieer en dat hulle hul interaksie met beter kommunikasie kan verbeter (sien 2.4.7.3).
- Die res van die **kommunikasiekundiges** het die aard en waarde van kommunikasie omskryf en het riglyne daargestel vir korrekte en meer bevredigende patrone wat affektiewe funksionering *per se* kan verryk.
- Die sogenaamde **geslagsensitiewe terapeute** of feministe fokus op beide die inagneming van psigologiese verskille en die noodsaak van "sosiologiese gelykmaking" met die oog op geslaagde egpaarfunksionering (sien 3.2.1.1).

BYLAE B

RIGLYNE VIR KONFLIKHANTERING

Die doel met hierdie Bylae is om breedvoeriger aandag te gee aan konflikhantering, naamlik aan die proses om 'n bepaalde konfliktsituasie bevredigend te hanteer, sowel as aan die wyse om dit oor die algemeen effektief te beheer of te verminder.

1 PROSES OM 'N KONFLIKSITUASIE EFFEKTIEF TE HANTEER

1.1 STAP EEN: VERKRYGING VAN BEHEER MET DIE OOG OP KONFRONTASIE

Woede, wat gepaardgaan gaan met fisiologiese opwekking, bring 'n outomatiese behoefte om te reageer, mee (sien hoofstukke 3.1 en 5.3.1.1). Daar word egter telkens aangedui dat seëviering van beide die intuïtiewe vlug- of aanvalsresponse kontraproduktief kan wees vir die oplossing van die probleem en/of vir die verhouding. Dit is duidelik dat dit algemeen aanvaar word dat 'n **vorm van beheer verkry moet word**, hetsy voor die konfrontasie begin of wanneer een of beide ervaar dat hulle beheer verloor (Atkinson, 1999; Beck, 1988; Izard, 1977; Gottman & Silver, 1994). Die doel daarvan is om seker te maak dat egliede se houding en hul kognitiewe skemas jeens hulself, hul maats en konflikhantering reg is, sodat hulle op die regte wyse kan kommunikeer.

Herkenning en erkenning van gevoelens

Daar word algemeen aanvaar dat beide eggenotes intakt moet kom met hulle eie gevoelens en behoeftes (Atkinson, 1999; Beck, 1988; Catherall, 1992; Goleman, 1995; McFarland & Buehler, 1997; Miller, *et al.*, 1975). Dis volgens Gottman en

Silver (1994) des te meer noodsaaklik vir die konflikvermyders, wat té dikwels geneig is om hulle gevoelens te ontken. Johnson (1981) sê dat hulle die gevoelens as natuurlik en normaal moet sien en moet aanvaar dat die ekspressie daarvan nie negatief hoef te wees nie.

Evaluasie van die situasie

Dit behels eerstens 'n eerlike selfondersoek om die eie onderliggende gedagtes, liggaamsresponse, gevoelens en motiewe te bepaal (Atkinson, 1999; Cahn, 1992; Johnson, 1981; Goleman, 1995; Guerin *et al.*, 1987; Liberman *et al.*, 1980; Louw, 1993; Nicol, 1989; Wolf, 1996). Tweedens moet gewaak word teen noodwendig negatiewe afleidings oor die gades se motiewe en moet met empatie geantisipeer word wat die maat mag ervaar (Beck, 1988; Du Toit, 1987; Gottman & Silver, 1994; Miller, *et al.*, 1975; Louw, 1993). Verder is die ideaal om te bepaal of die omstandighede en beide partye gereed is vir die konfrontering van die probleem en of dit gelaat moet word vir later (Johnson, 1981). Vooraf besinning oor die aard van die konfrontasie is ook sinvol (Izard, 1977; Liberman *et al.*, 1980).

Onderbreking van gesprek

Gottman en Silver (1994) se raad aan egliede wat uit die staanspoor té woedend is, of gedurende die rusie voel dat hul beheer verloor, is dat hulle die rusie moet onderbreek sodra hulle voel dat hul hartklop te vinnig is en ongeveer twintig minute moet wag, aangesien dit om en by so lank neem om weer rustig te raak. Outeurs stel voor dat egpare in die tussentyd hul aandag aflei ten einde hulle fisiologiese toestand te normaliseer en om hul gedagtes onder beheer te bring. Dit kan gedoen word deur 'n vorm van kreatiwiteit, ontspanningstegnieke, oefening of selfs 'n vorm van katarsis deur 'n kussing te slaan of te huil (Goleman, 1995; Gray, 1992; Johnson, 1981; McFarland & Buehler, 1997; Nicol, 1989; Rusting & Nolen-Hoeksema, 1998).

Wysiging van denkinhoude en gevoelens

In plaas van onrealistiese gedagtes wat stres verhoog, word egpare aangemoedig om voor die konfrontasie of tydens die verposing realistiese gedagtes oor hul basies goeie huwelik, aangename gebeurtenisse en oor hul maats se goeie eienskappe te dink en

om nie alles as op hulself gerig te sien nie (Beck, 1988; Goleman, 1995; Gottman & Silver, 1994; Johnson, 1981; Nicol, 1989). Die doel van hierdie stap is dus om 'n positiewe houding (aanvaarding, erkenning van ander se behoeftes en standpunte en bereidheid tot kompromie en versoening) te herstel. Atkinson (1999) beklemtoon die waarde daarvan om bewustelik te konsentreer op hoe die ander persoon sal voel tydens die konfrontasie.

1.2 STAP TWEE: STANDPUNTSTELLING

Voorwaardes vir goeie standpuntstelling

Uit die literatuurstudie het dit geblyk dat daar 'n paar voorwaardes is vir effektiewe konflikthantering:

- 'n positiewe houding (sien 5.3.3.1);
- realistiese denkinhoude en -patrone (sien 5.3.3.2);
- genoeg emosionele beheer om bogenoemde houding te kan openbaar en om kognisies reg te hanteer;
- die regte kommunikasievaardighede (5.3.3.4).

“Medium” van probleemstelling

Alhoewel Forgas (1997, p.565) sê: "face-to-face negotiation is perhaps the most common and constructive method for resolving differences between people."; beveel Gray (1992) aan dat pare sensitiewe kwessies wat maklik gemoedere kan opsweep ook per brief kan hanteer en het Mackey en O'Brien (1995) gevind dat heelwat van die vroue in hul ondersoek van dié metode gebruik gemaak het.

Metode van probleemstelling

Die ideale patroon om die probleem te stel, soos saamgestel uit die werk van verskillende outeurs word vervolgens weergegee (Beck, 1988; Benokraitis, 1996; Clinebell & Clinebell, 1970; Du Toit, 1987; Goleman, 1995; Gottman, 1979; Gottman *et al.*, 1976; Gottman 1994a; Gottman & Levinson, 1999a, 1999b; Johnson, 1981; Liberman *et al.*, 1980; Louw, 1983b; Mol, 1981; Nicol, 1989; Pretorius, 1986, 1988; Schaap *et al.*, 1988; Wolf, 1996; Wynne, Jones & Al-Khayyal, 1982). Daar word

egter rekening gehou met die feit dat die konflikvermyders en die "vegters" aanpassings sal moet maak om by hul style aan te pas.

- Erkenning van die positiewe; dui aan waarmee saamgestem word; maak 'n "omgee'-opmerking..
- Uitklaring van ander se motiewe vir die ontstellende situasie voor eie woede uitgespreek word
- Korrekte selfopenbaring (sien ook 5.2.3.3): stel eie gevoelens en behoeftes oor 'n bepaalde situasie op nie-verdedigende en hoflike wyse met behulp van "ek - boodskappe"; aanvaar verantwoordelikheid vir eie gevoelens - die ander "maak" mens nie kwaad nie.
- Gebruik van effektiewe probleem-georiënteerde verbalisering: gebruik "tydelike" terme, soos dat 'n mens tans kwaad is; stel probleem spesifiek, sonder enige veralgemening; bly taakgeïntereerd; bied maat betreklik gou geleentheid tot reaksie.
- Redigering van boodskappe sodat respek blyk en minagting vermy word (veral belangrik vir die "vegters"); vermy afbrekende konflikstyle en veral minagting; kla eerder as om te kritiseer of te blameer; vermy neiging om te bewys dat self reg is; hou rekening met effek op ander persoon.

Metode om te luister

Die ideale metode, soos aangebied deur bogenoemde outeurs, word ook met betrekking tot die luisteraspek in die konfrontasieproses gestel.

- Doelbewuste instelling om woede as normaal te aanvaar; luister nie-verdedigend na maat se probleemstelling of reaksie; aanvaar ander se perspektief van die saak, al verskil dit van die eie siening.
- Toon aktiewe luistergedrag: Stel jou doelbewus oop vir waarneming: let op maat se liggaamstaal en redigeer maat se opmerkings deur nie te reageer op 'n aanvaarbare gedrag nie, maar deur te konsentreer op die probleem en die gevoelens; vermy "gedagtelesery".
- Toon emosionele betrokkenheid: dra nie-verbaal empatie en bereidheid om te luister oor; waak teen niksseggende, afkeurende of minagtende liggaamstaal.

Metode om te respondeer

Naas korrekte luistergedrag stel bogenoemde outeurs ook spesifieke wyses om self toe te tree tot die gesprek, voor.

- Aandrang op afkoeling as die aangesprokene meen dat effektiewe gespreksvoering onmoontlik is, maar met inagneming van (meestal) vroue se tipiese emosionele stelswyse.
- Validering van maats se gevoelens: toon empatie met eggenotes se ongemak voor en tydens konflik; maak "bonding"-opmerkings vir doelbewuste binding met mekaar.
- Uitspreek van waardering vir maats en vir bemoeienis met die bepaalde kwessie in belang van die verhouding, asook vir positiewe aspekte van die huidige hantering van die rusie.
- Korrekte weergawe van maat se boodskap en navraag om beter te begryp.
- Eerlike selfopenbarende reaksie met inagneming van die maat se gevoelens en die vermyding van die "Four horsemen of the apocalypse" (Gottman & Silver, 1994, p.69). Hiermee bedoel hulle dat egpare die volgende moet vermy: 1) die dodelik gevaarlike minagting ("scorn"); 2) kritiek op die ander se menswees in plaas van die gedrag; 3) "stonewalling" of stilstuipe (gekenmerk deur afstand, superioriteit en afkeer) en 4) selfverdediging (soos ontkenning van verantwoordelikheid, verskonings, "ja-maar"-opmerkings, temery, kruis-klaery of aanhoudende herhaling). Verder word aanbeveel dat egpare kommunikasie-blokkeerders vermy, nie versteekte agendas moet koester nie en redes moet gee vir hul eie gedrag.
- Fasilitering van helpende atmosfeer deur die gebruik van humor en die uitspreek van positiewe gevoelens, wat ongeag die konflik tog aanwesig is en bevestig moet word.

1.3 STAP DRIE: KONFLIKRESOLUSIE

Die proses waardeur die spesifieke konflik opgelos word, is uiteraard vanaf stap een aan die gang. Hier word aangedui wat die genoemde outeurs voorstel ten einde die proses af te rond.

Hantering van eie aandeel

Elke eglied is verantwoordelik vir skulderkenning en die aanvaarding van verantwoordelikheid vir eie aandeel aan ontstellende gevoelens; die aanteken van apologie wanneer nodig; die verklaring van bereidheid om 'n oplossing te soek en die uitspraak van deernis met die maat se ervaring.

Werk mee tot 'n oplossing

Hiervoor word die volgende gedoen: gebruik metakommunikasie (kommentaar oor hul kommunikasie as sodanig); som punte van ooreenkoms en verskil op; verhoed opeenhoping en ineenskakeling van huidige en vorige konfliktemas; reduceer 'n reeks klagtes tot spesifieke oplosbare probleme; eksternaliseer die probleme tot 'n "dit" en bly as paar saam daarop gefokus; oorweeg 'n reeks uiteenlopende oplossings; besluit op die beste vorm van kompromie oor toekomstige optrede wat die minste nadele vir beide inhou; stel 'n kontrak daarvolgens op, of wysig bestaande kontrakte om nuwe gedrag te reguleer.

Resolusie van konflik

Hiervoor is die volgende nodig: onvoorwaardelike vergifnis aan maat; doelgerigte pogings om die besluite te implementeer; korttermyn herevaluering van die situasie; positiewe terugvoer oor die maat se sukses met die ooreengekome gedrag; weerstand teen die troeteling van kontra-produktiewe gedagtes en konsentrasie op die positiewe in die maat en die verhouding.

Aard van resolusie

Oplossings impliseer, soos vroeër aangedui (3.3.2.1), klaarblyklik nie altyd wedersyds bevredigende kompromieë nie. Alhoewel dit wel soms bereik word en beide maats dan in die proses iets prysgee en ook iets verkry, kan egpare ook ander vorme van "oplossings" kry. Hulle kan met sukses soms besluit om te verskil oor 'n saak en dan 'n gangbare alternatiewe werkwyse uitwerk of hulle kan om die beurt ruimte gee vir mekaar se behoeftes. In laasgenoemde geval is dit nodig dat dit nie altyd dieselfde "wenner" sal wees nie en dat die een wat toegee, tevrede moet wees met die toegewing en nie daaroor moet verwyte nie. Dis verder ook soms nodig om, as dit blyk

dat sekere behoeftes waarskynlik nie deur die maat bevredig kan word nie, self sekere aanpassings te maak ten einde dit bevredig te kry (Bird & Melville, 1994; Du Toit, 1987; Nicol, 1989; Hansen & L'Abate, 1982).

2 KONFLIKBEHEER

Alhoewel dit geblyk het dat periodieke konflik, hoewel onaangenaam, positief kan wees, waarsku Maartens, (1990); Berscheid, *et al.* (1984), Gottman en Levenson (1988, 1999b), sowel as Schaap, *et al.* (1988) teen die negatiewe effek wat volgehoue konflik het. Daar word aanbeveel dat dit lief, so dikwels as wat dit die verhouding nie op die lang termyn sal benadeel nie, voorkom moet word, of reg gehanteer moet word wanneer dit gebeur sodat dit nie onnodiglik herhaal hoef te word nie. Al die aspekte van konflik moet dus beheer word, sodat daar oor die algemeen 'n aangename gees kan heers. Forgas (1998, p.566) sê byvoorbeeld in hierdie verband: "People in a good mood also perform better on creative problem-solving tasks, demonstrate lower levels of anger and hostility, are more altruistic, optimistic, and flexible, and more inclined to be helpful." Dit kan enersyds gedoen word deur sekere stappe te neem met betrekking tot konflik as sodanig en andersyds deur te fokus op die res van die verhouding, sodat dit konflik beter kan akkommodeer.

Onskadelike konflikvermyding

Dit is wenslik om soms die maat se slegte bui te aanvaar en veral nie te reageer op die gepaardgaande stoomafblasery nie (veral as dit nie met die luisterende maat te doen het nie). Ruimte kan eerder geskep word vir die ontlading van stres en iets kan gedoen word wat normaalweg vir die maat aangenaam is (Lieberman *et al.*, 1980). Cahn (1992) meen dat pare gerus konflik kan vermy wanneer die kwessies van mindere belang is, of as daar nie veel of gereeld probleme is oor die betrokke aspek nie, of as die maat se behoeftes begryp en gewilliglik geakkommodeer kan word. Hy haal in dié verband navorsing aan wat suggereer dat daar diegene is wat konflik vermy deur die situasie op gesonde wyse te herkonseptualiseer as nie werklik bedreigend vir

die verhouding nie. Gottman en Silver (1994) maan in hierdie verband veral die "vegters" om minder belangrike irritasies te verduur ten einde die frekwensie konflik laer te kry. Atkinson (1999) meen dat dit veral belangrik is as die egpaar in 'n beperkte tyd baie stres moet hanteer.

Vroegtydig geskeduleerde gesprekke

Gottman en Silver (1994), sowel as Noller (1988) en Louw (1983b) waarsku egter ook dat egpare aan die ander kant nie kwessies wat tot groot konflikte kan lei, te lank moet uitstel nie en dit veral nie moet doen as dit met groot weerstand gepaard gaan nie. Beck (1988), Gottman en Silver (1994), Liberman *et al.* (1980), sowel as Miller, *et al.*, (1975) beveel skedulering van gereelde besprekings oor dreigende kwessies aan, voor dit kulmineer en met te veel woede gepaard gaan. Die stel van prioriteite sodat net die belangrikste kwessies bespreek word, word ook aanbeveel.

Uitbouing van die positiewe aspekte

In ooreenstemming met die eis dat die huweliksverhouding veel meer gekenmerk moet word deur positiewe aspekte as negatiewe aspekte, word 'n paar aanbevelings gemaak:

- Inligting moet bekom word oor egpaarfunksionering oor die algemeen en ook hul eie moet ontleed word (Chatterjee, 1999; Du Toit, 1987; Nicol, 1989; Pretorius, 1986; Venter, 1988).
- Daar moet voortdurend doelbewus positiewe gedagtes, aangename geleenthede en aktiwiteite in die verhouding ingebou word en besondere aandag moet gegee word aan al die riglyne wat met betrekking tot die fasilitering van intimiteit gegee is.
- Vaardighede moet ontwikkel word om probleme toenemend gouer en beter op te los (Cahn, 1992), kontrakte aan te gaan en doelbewus te onderhandel oor die uitruiling van aangename gedrag (Liberman *et al.*, 1980; Weiss, 1978).
- Daar moet van hulpbronne (soos kinderoppassers) gebruik gemaak word om te veel stres, wat konflikte vermeerder, uit te skakel en meer ontspanning in te bou.
- Daar moet betyds gebruik gemaak word van kundiges as die egpaar nie meer hul konflikte effektief kan hanteer nie (Gottman & Silver, 1994; Louw, 1983b).

3 AKKOMMODERING VAN VERSKILLE TUSSEN MANS EN VROUE

In die lig van die voorheen gestelde moontlike geslagsverskille en in ooreenstemming met wat reeds aanbeveel is ten opsigte van die hantering daarvan, word 'n aantal voorstelle met betrekking tot mans en vroue se hantering van konflik gemaak.

Mans word aanbeveel om:

- Hul ware gevoelens te beleef en hul kognitiewe ingesteldheid te kontroleer om beheer te verkry oor hul eie woede deur vir 'n rukkie af te koel; hul eie gevoelens en gedagtes te ontleed vir uitgediende spontane weerstand teen gewaande vroulike inperking of kritiek as behoeftes gestel word, of voorstelle gemaak word; hulself te herinner aan vorige aangename ervarings; vermyding van die oortuiging dat hulle noodwendig oplossings moet genereer vir hul vroue se probleme; bewuswording van hulle vroue se gevoelens en die ontwikkeling van deernis.
- Ekspresie te gee aan hul eie emosies (veral ook aan dié van nie-aggressiewe aard) soos eie ontredde of vrese.
- Groter verdraagsaamheid te toon vir hul vroue se emosionele ontlading as metode van probleemoplossing; doelbewuste benutting van passiewe en aktiewe luistervaardighede: "Embrace her anger", is Gottman en Silver (1994, p.159) se voorstel.
- Hul vroue dikwels te verseker van hul liefde en waardering uit te spreek vir die uitwys van probleme wat hul verhouding kan skaad.

Vroue word aanbeveel om:

- Hul ingesteldheid te kontroleer nadat gevoelens ontleed is; vooraf meer beheer te kry oor hul emosies sodat minder toepaslike elemente sover moontlik vermy kan word en verbalisasie kontroleer kan word.
- Rekening te hou met mans se behoefte aan outonome optrede en dus minder kritiek uitspreek, of "aanbevelings maak om iets beter te hanteer" en om, wanneer

hulle dit wel doen, Gottman en Silver (1994, p. 160) se raad te volg: "Confront him gently."

- Hul mans tyd en ruimte te gun as hulle eers emosionele beheer en kognitiewe uitklaring wil kry.
- Hul waardering uit te spreek vir alles wat hul mans reg doen tydens die konfrontasie en in die hantering van interaksie oor die algemeen.

Gottman (1994a) beveel aan dat jonggetroude mans spesiale aandag gee aan die validering van hul vroue se gevoelens. Jongmans se mate van validering is in sy navorsing onderskei as 'n betekenisvolle voorspeller van huwelikstabiliteit by jonggetroudes. Verder het hy gevind dat jong vroue dit behoort te vermy om temerig te wees.

Dit is duidelik dat beide die beheer oor die insidensie van konflik, sowel as die effektiewe hantering van konflik wanneer dit wel nodig is, noodsaaklik is vir die behoud van 'n aangename verhouding.

BYLAE C

GOTTMAN EN SY MEDEWERKERS SE SIENING VAN GESLAAGDE EN ONGESLAAGDE KONFLIKSTYLE

Drie tipes stabiele en twee tipes onstabiele huwelike is deur Gottman en sy medewerkers onderskei (Gottman & Silver, 1994).

1 KONFLIKSTYLE IN STABIELE HUWELIKE

1.1 DIE VALIDEERDERS

Die valideerders word gekenmerk deur die volgende:

- Hulle benut respekvolle, liefdevolle en gematigde kommunikasie.
- Hulle pas goeie beheer toe oor hul eie gevoelens.
- Hulle plaas 'n hoë premie op die "ons-heid" in hulle huwelik,
- maar hulle mag romanse en "selfhood" inboet ter wille van die vriendskap en saamwees.
- Dié styl word meestal in die meer tradisionele huwelike gevind.
- Hulle krag lê in die wete dat hul wedersyds na mekaar sal luister,
- en dat hulle dit dan maklik sal vind om 'n kompromie te bereik.

1.2 DIE ONBESTENDIGES

Die onbestendiges word gekenmerk deur die volgende:

- Hulle openbaar 'n hoë mate van betrokkenheid en warmte,
 - maar ook ernstige pogings om outonoom te wees en rusies te wen.
 - Hulle stel hul aangename en onaangename gevoelens openlik.
-

- Tydens hul hewige rusies is hul besonder uitgesproke en vertoon hulle intense gevoelens.
- Hulle versoening is egter eweneens hewig en intens.
- Hierdie styl figureer by die sogenaamde gelykes, wat glo dat elke eglied se individualiteit behou moet word.
- Androgeniteit kom tot 'n mindere of meerdere mate voor: die mans sien hulself as beide fisiese versorgers én as ekspressief en die vroue beskou hulself beide as broodwinners en as rasonale probleemoplossers.
- Die gevare van hierdie styl is dat die eggenotes, in hul pogings om self te oorleef, hul huweliksband kan beskadig en mekaar psigies of fisies kan seermaak.
- Die voordeel is egter dat, as hulle hul impulsiwiteit kan beheer, hulle waarskynlik die verhouding as opwindend kan beleef en dat hulle ruimte sal hê vir persoonlike vervulling.

1.3 DIE KONFLIKVERMYDERS

Die konflikvermyders word gekenmerk deur die volgende:

- Hulle vermy potensiële verskilpunte of kom ooreen om te verskil en mekaar nooit te probeer oortuig nie.
- In die proses tree hulle nie emosioneel ekspressief op nie.
- Hulle fokus op die positiewe in hul huwelik en bevestig hul liefde vir mekaar.
- Hulle glo in hul sterk huweliksband, sonder om te veel saam te doen: hulle bewaar elkeen se outonomie in die verhouding.
- 'n Gevaar is dat hulle nie met kleiner verskille oefening kry in konflikresolusie nie, te min selfopenbaring het en onervuld, eensaam en te verwyderd kan raak.
- Die onderskrywing van tradisionele waardes rugsteun waarskynlik hierdie pare se gedrag.

Uiters belangrik van al die bogenoemde style is die feit dat hierdie rusies wat voorkom veel minder is as die egpare se meestal aangename interaksie EN dat hul konflikte nooit met minagting jeens mekaar gepaard gaan nie.

2 KONFLIKSTYLE IN ONSTABIELE HUWELIKE

2.1 DIE VYANDIG/BETROKKE STYL

Die egpare met 'n vyandig/betrokke styl word gekenmerk deur die volgende:

- Hulle is meer gereeld in intense argumente gewikkel as wat hulle aangename interaksie het.
- Dit sluit beledigings, skeldname, afkrakery en sarkasme in en impliseer psigologiese mishandeling, sowel as die gevaar van fisiese geweld.

2.2 DIE VYANDIG/ONBETROKKE STYL

Die egpare met 'n vyandig/onbetrokke styl word gekenmerk deur die volgende:

- Hulle argumenteer ook gereeld op intense, minagtende, afkrakende wyse met die doel om mekaar te ná te kom.
- Hulle het ook veel meer onaangename as aangename interaksie.
- Hulle maak egter nie oogkontak nie, hulle luister nie na mekaar nie en kan vir lang tye van mekaar onttrek.
- Die atmosfeer word gekenmerk deur vyandige, negatiewe intensies.

Kenmerkend van die onstabiele huwelike se konflikstyle is dus dat hulle 'n minagtende (of geringskattende), vyandige houding handhaaf en dat hul onaangename interaksie hul aangename interaksie by verre oorskry.
